# DIE PSIGOLOGIE VAN SKULD EN SKULDGEVOELENS

# DIE PSIGOLOGIE VAN

# SKULD

# EN

# SKULDGEVOELENS

**W.F. du Plessis**

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M.A. (Psigologie) aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. onder leiding van prof. T.A. van Dyk

Potchefstroom

Junie 1972

# Inleiding

Skuld is een van die mees fundamentele vraagstukke waar= mee die mens gekonfronteer word. Dit is paradoksaal omdat die ergste skuldgevoelens dikwels nie op 'n kon= krete skuldhandeling berus nie, terwyl die teenoorgestelde ook waar kan wees: die mees skuldige individu mag juis gekenmerk word deur 'n algehele afwesigheid van skuld= gevoelens.

Waar die psigologie hom besig hou met die studie van die menslike persoonlikheid, speel die skuldproblematiek 'n belangrike rol as 'n fokuspunt van die ontwikkelings= psigologie, psigopatologie en psigoterapie. In die lig hier= van is skuld 'n onderwerp wat voortdurend die aandag van navorsers vereis. Die huidige studie word onderneem om die skuldproblematiek by wyse van 'n bronnestudie te ondersoek om daaruit 'n geïntegreerde skuldbeskouing saam te stel.

Omdat die psigologiese literatuur in verband met skuld en skuldgevoelens hoofsaaklik rondom twee teenoorstaande teorieë gebou is, naamlik dié van Freud en Mowrer, word hierdie beskouinge as hoekstene vir die studie gebruik.

# Dankbetuigings

Aan die volgende persone my opregte dank:

prof. T.A. van Dyk as studieleier en prof. W.J. de Klerk vir al hul wenke, aanmoediging en gees=drif;
prof. L.A. Gouws vir die voorsiening van artikels waarsonder hoofstuk drie nie geskryf sou kon word nie.

W.F. du Plessis

# Inhoud

Bladsy

HOOFSTUK I

ORIËNTERING

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 1 | Inleiding |
| 1 | 2 | Die etimologiese betekenis van die begrip „skuld" |
| 2 | 3 | Afbakening van die studieterrein ten aansien van die begrippe skuld en skuldgevoelens |
| 3 | 3.1 | Definisies en omskrywinge van skuld en skuldgevoelens |
| 3 | 3.1.1 | Omskrywinge met skuld as uitgangspunt |
| 3 | 3.1.1.1 | Skuld as ontologiese werklikheid |
| 4 | 3.1.1.2 | Skuld as teoretiese bousel |
| 4 | 3.1.1.3 | Skuld as religieus-gefundeerde toestand |
| 5 | 3.1.2 | Omskrywinge met skuldgevoelens as uitgangspunt |
| 5 | 3.1.2.1 | Skuld as skuldgevoelens |
| 5 | 3.1.2.2 | Skuld as minder beklemtoonde onderlaag in definisies van skuldgevoelens |
| 6 | 3.1.3 | Omskrywinge waarin beide skuld en skuld=gevoelens geïntegreer is |
| 7 | 3.2 | Afleidinge |
| 7 | 3.2.1 | Die begrip „skuld" |
| 9 | 3.2.2 | Die begrip „skuldgevoelens" |
| 10 | 4 | Afbakening van die studieterrein ten aansien van ander dissiplines wat ook op die skuld=problematiek fokus |
| 11 | 4.1 | Teologie en skuld |
| 12 | 4.1.1 | Skuld is gefundeer in die kern van menswees |
| 12 | 4.1.2 | Skuld is die resultaat van sonde en berus op 'n versteuring van die God-mensrelasie |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 14 | 4.1.3 | Die voorwaarde vir die oorkoming van skuld is die herstel van die verbroke God-mens=relasie |
| 15 | 4.2 | Letterkunde en skuld |
| 16 | 4.2.1 | Enkele voorbeelde van die literêre perspek=tief op skuld |
| 21 | 4.3 | Psigologie en skuld |
| 22 | 4.3.1 | Psigologiese dissiplines wat fokus op skuld |
| 24 | 4.3.2 | Strominge in die psigologie ten aansien van die studie van skuld |
| 25 | 4.3.2.1 | Freud se teorie |
| 25 | 4.3.2.2 | Mowrer se teorie |
| 26 | 4.3.2.3 | Eksistensieanalise |
| 26 | 5 | Navorsingsplan en -metode |
| 27 | 6 | Samevatting van hoofstuk |
| | | HOOFSTUK II |
| | | FREUD SE SKULDTEORIE |
| 29 | 1 | Inleiding |
| 30 | 2 | Historiese agtergrond van die skuldbeskouing |
| 35 | 3 | Die ontwikkeling van skuld en skuldgevoelens |
| 35 | 3.1 | Die ontwikkeling van solidêre skuld |
| 36 | 3.1.1 | Uitgangspunte en bespreking |
| 42 | 3.2 | Die ontwikkeling van individuele skuld as skuldgevoelens |
| 42 | 3.2.1 | Skuld en skuldgevoelens as funksie van per=soonlikheidsfunksionering |
| 42 | 3.2.1.1 | Die id |
| 43 | 3.2.1.2 | Die ego |
| 45 | 3.2.1.3 | Die oedipuskompleks |
| 46 | 3.2.1.4 | Die superego |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 50 | 3.2.2 | Skuld en skuldgevoelens as funksie van kulturele ontwikkeling |
| 55 | 3.3 | Kritiek teen Freud se skuldbeskouing |
| 55 | 3.3.1 | Besware teen die siening van solidêre skuld |
| 56 | 3.3.2 | Kritiek teen die siening van individuele skuld en skuldgevoelens |
| 62 | 4 | Skuld en skuldgevoelens as komponent van neurose |
| 63 | 4.1 | Beweringe en bespreking |
| 63 | 4.1.1 | Die verhouding tussen skuld en neurose is oënskynlik onbeduidend maar wesenlik bete= kenisvol |
| 65 | 4.1.2 | Die dinamika van neurotiese skuld en skuld= gevoelens is opgesluit in die dinamika van neurose |
| 67 | 4.1.3 | Neurose en neurotiese skuld berus op kwan= titatiewe relasies waaronder oordrewe streng superegofunksionering |
| 68 | 4.1.4 | Die skuldbelewinge in neurose is vals, on= werklik, irrasioneel |
| 69 | 4.2 | Kritiek teen Freud se beskouing van neuro= tiese skuld en skuldgevoelens |
| 69 | 4.2.1 | Kritiek teen die drifgefundeerde grondslag van neurose |
| 70 | 4.2.2 | Kritiek teen die rol van superegofunksione= ring in neurose |
| 70 | 4.2.3 | Bevraagtekening van die eksklusief patolo= giese basis van skuld en skuldgevoelens in neurose |
| 71 | 4.2.4 | Kritiek teen die verdraaide weergawe van moraliteit as onderliggende faktor in neurose en neurotiese skuld |
| 71 | 5 | Die terapeutiese proses met verwysing na skuld en skuldgevoelens |
| 72 | 5.1 | Diagnose van skuld en skuldgevoelens in neurose |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 74 | 5.2 | Die terapeutiese proses: implikasies vir skuld en skuldgevoelens |
| 74 | 5.2.1 | Aanvang van die terapeutiese proses: vestig= ing van die verhouding en vrystelling van verdronge materiaal |
| 75 | 5.2.2 | Interpretasie van die vrygestelde materiaal en analise van weerstande |
| 80 | 5.3 | Uitkoms van die terapeutiese proses ten aansien van skuld |
| 81 | 5.4 | Kritiek teen Freud se benadering tot die hantering van skuld |
| 81 | 5.4.1 | Besware teen die diagnostiese opsporing van die skuldprobleme |
| 82 | 5.4.2 | Besware teen die terapeutiese benadering tot skuld |
| 84 | 6 | Illustrasie van Freud se skuldbeskouing: die geval van Dostojewski |
| 85 | 6.1 | Uiteensetting |
| 86 | 6.2 | Kritiek |
| 87 | 7 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK III |
| | | MOWRER SE SKULDTEORIE |
| 89 | 1 | Inleiding |
| 90 | 2 | Historiese agtergrond van Mowrer se skuld= teorie |
| 94 | 3 | Die ontwikkeling van skuld en skuldgevoelens |
| 94 | 3.1 | Objektiewe skuld |
| 95 | 3.2 | Die ontwikkeling van subjektiewe skuld en skuldgevoelens |
| 96 | 3.2.1 | Psigososiale ontwikkeling |
| 102 | 4 | Skuld en skuldgevoelens as komponent van versteurde gedrag |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 105 | 4.1 | Stellinge en bespreking |
| 105 | 4.1.1 | Skuld is die kern van neurotiese en funk=sioneel-psigotiese toestande |
| 106 | 4.1.2 | Die manifestasies van skuld is op 'n werk=likheidsbasis gegrond |
| 108 | 4.1.3 | In neurotiese toestande word skuld nie nood=wendig as skuldgevoelens beleef nie |
| 110 | 4.1.4 | Geheimgehoude skuld lei uiteindelik tot persoonlikheidsdesintegrasie |
| 112 | 4.2 | Kritiek teen die beskouing van skuld en versteurde gedrag |
| 113 | 4.2.1 | Kritiek teen die skuldbegrip: ontologies gesien |
| 115 | 4.2.2 | Kritiek teen die skuldbeskouing spruitende uit die skuldbegrip |
| 116 | 4.2.3 | Kritiek teen die introspektiewe grondslag van die beskouing |
| 117 | 5 | Die terapeutiese aspek van skuld en skuld=gevoelens |
| 118 | 5.1 | Uitgangspunte vir terapie |
| 118 | 5.1.1 | Uitgangspunt in verband met die terapeutiese aanslag: die fokus op die veronderstelde egte skuld |
| 118 | 5.1.2 | Uitgangspunt in verband met die verloop van die terapeutiese proses |
| 120 | 5.1.3 | Uitgangspunt in verband met die uiteindelike doelwit van terapie: sosiale reïntegrasie |
| 120 | 5.2 | Die terapeutiese proses |
| 121 | 5.2.1 | Skepping van 'n vertrouensverhouding |
| 122 | 5.2.2 | Die belydenis van die kliënt |
| 123 | 5.2.3 | Regstelling van die skuldhandeling |
| 125 | 5.3 | Kritiek op Mowrer se siening van terapie |
| 125 | 5.3.1 | Integriteitsterapie getuig van 'n fiksasie op egte skuld |
| 126 | 5.3.2 | Belydenis en regstelling is nie universeel-geldige terapeutiese maatreëls nie |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 127 | 5.3.3 | Die kortpadmetode van belydenis en berou vlek die skuldsituasie nie altyd volledig oop nie |
| 129 | 5.3.4 | Sosiale reïntegrasie as einddoel van terapie mag moontlik skynoplossings in die hand werk |
| 131 | 6 | Illustrasie van Mowrer se skuldbeskouing: die „neurose", belydenis en genesing van 'n protestantse predikant |
| 131 | 6.1 | Uiteensetting |
| 134 | 6.2 | Kritiek |
| 134 | 6.2.1 | Besware teen die interpretasie van die „neurose" |
| 135 | 6.2.2 | Besware teen die terapeutiese benadering |
| 136 | 7 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK IV |
| | | EVALUERING VAN DIE SKULDBESKOU= INGE VAN FREUD EN MOWRER VANUIT PRINSIPIËLE GRONDSLAG |
| 137 | 1 | Inleidende opmerkings |
| 137 | 1.1 | Ten aansien van die maatstaf van evaluering |
| 137 | 1.2 | Ten aansien van die metode van evaluering |
| 140 | 2 | Evaluering van die skuldbeskouing van Freud |
| 140 | 2.1 | Psigoanalise binne die konteks van die Vic= toriaanse kultuur |
| 140 | 2.1.1 | Die kulturele milieu van die negentiende eeu |
| 140 | 2.1.1.1 | Algemene karakteristiek |
| 142 | 2.1.1.2 | Tipering van die spesifiek Weense Victori= aanse kultuur |
| 143 | 2.1.2 | Die heersende wetenskapsbeskouing |
| 145 | 2.2 | Die psigoanalitiese mensbeskouing |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 145 | 2.2.1 | Die persoonlikheidstruktuur |
| 147 | 2.2.2 | Die drifstruktuur |
| 147 | 2.2.3 | Kritiek teen Freud se mensbeskouing |
| 159 | 2.3 | Die psigoanalitiese skuldbeskouing |
| 159 | 2.3.1 | Uiteensetting volgens Freud se publikasies |
| 160 | 2.3.2 | Kritiek teen die skuldbeskouing |
| 168 | 2.3.3 | Die skuldbeskouing in kulturele konteks |
| 170 | 2.4 | Die psigoanalitiese benadering tot skuldtera= pie |
| 170 | 2.4.1 | Psigoterapie: deurwerking van die wortels van die mensbeskouing |
| 171 | 2.4.2 | Evaluering van die terapeutiese proses met toespitsing op die benadering tot neurotiese skuldgevoelens |
| 185 | 3 | Evaluering van die skuldbeskouing van Mowrer |
| 185 | 3.1 | Inleiding |
| 185 | 3.2 | Mowrer se mensbeskouing |
| 185 | 3.2.1 | Uiteensetting volgens Mowrer se geskrifte |
| 187 | 3.2.2 | Kritiek teen Mowrer se mensbeskouing |
| 192 | 3.3 | Die siening van skuld en versteurde gedrag |
| 192 | 3.3.1 | Kort samevatting van Mowrer se siening |
| 192 | 3.3.2 | Kritiek |
| 195 | 3.4 | Die siening van skuldterapie |
| 195 | 3.4.1 | Kort opsomming van Mowrer se beskouing |
| 195 | 3.4.2 | Kritiek |
| 200 | 4 | Samevattende gevolgtrekkings |
| 200 | 4.1 | Skuld as verbandhoudende fenomeen |
| 201 | 4.2 | Skuld as selfstandige fenomeen |
| 201 | 4.3 | Skuld as terapeuties-konfronteerbare fenomeen |

Bladsy

## HOOFSTUK V

## 'N GEÏNTEGREERDE SKULDBESKOUING


| | | |
|---|---|---|
| 202 | 1 | Inleiding |
| 203 | 2 | Skuld as verbandhoudende fenomeen |
| 203 | 2.1 | Differensiasie tussen skuld en verbandhou= dende fenomene |
| 203 | 2.1.1 | Differensiasie tussen skuld en angs |
| 208 | 2.1.2 | Differensiasie tussen skuld en skaamte |
| 213 | 2.1.3 | Differensiasie tussen skuld en minderwaar= digheid |
| 218 | 3 | Die skuldproblematiek as selfstandige feno= meen |
| 219 | 3.1 | Ontologiese skuld |
| 219 | 3.1.1 | Die Eksistensieanalitiese benadering |
| 221 | 3.1.2 | Die sieninge van Knight en Becker |
| 222 | 3.1.3 | Ontologiese skuld volgens prinsipiële grond= slag |
| 223 | 3.2 | Egte, normale skuld en skuldgevoelens |
| 224 | 3.2.1 | Die skuldhandeling as uitgangspunt vir egte skuld |
| 226 | 3.2.2 | Gewetensfunksionering as faktor in die ont= staan van egte skuldgevoelens |
| 227 | 3.2.3 | Egte skuld en skuldgevoelens as vermenging van egte en neurotiese komponente |
| 229 | 3.2.4 | Die totaliteitsbenadering waarin die oriën= tasie jeens die voorgaande prosesse beklem= toon word |
| 231 | 3.2.5 | Egte skuld en skuldgevoelens op prinsipiële grondslag |
| 231 | 3.3 | Neurotiese skuld en skuldgevoelens |
| 232 | 3.3.1 | Neurotiese skuld en skuldgevoelens as resul= taat van ongekonfronteerde, egte skuld en skuldgevoelens |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 236 | 3.3.2 | Neurotiese skuld en skuldgevoelens as resul= taat van ondoelmatige gewetensfunksionering |
| 239 | 3.3.3 | Neurotiese skuld en skuldgevoelens as 'n samestelling van egte en neurotiese skuld en skuldgevoelens |
| 240 | 3.3.4 | Neurotiese skuld en skuldgevoelens op prinsipiële grondslag |
| 240 | 4 | Die skuldproblematiek as terapeuties-konfronteerbare fenomeen |
| 244 | 5 | Samevatting van die hoofstuk |
| | | HOOFSTUK VI |
| | | FINALE INTEGRASIE |
| 246 | 1 | Differensiasie tussen „skuld" en „skuldge= voelens" |
| 247 | 2 | Die teorieë van Freud en Mowrer |
| 248 | 3 | Prinsipiële evaluasie |
| 249 | 4 | Geïntegreerde skuldbeskouing |
| 249 | 4.1 | Skuld as verbandhoudende fenomeen |
| 249 | 4.1.1 | Skuld en angs |
| 250 | 4.1.2 | Skuld en skaamte |
| 251 | 4.1.3 | Skuld en minderwaardigheid |
| 251 | 4.2 | Skuld as selfstandige fenomeen |
| 252 | 4.2.1 | Ontologiese skuld |
| 253 | 4.2.2 | Egte of normale skuld en skuldgevoelens |
| 255 | 4.2.3 | Neurotiese skuld en skuldgevoelens |
| 257 | 4.3 | Skuld as terapeuties-konfronteerbare fenomeen |
| 258 | 5 | Slot |
| 259 | | OPSOMMING |
| 261 | | SUMMARY |
| 263 | | BIBLIOGRAFIE |

HOOFSTUK I

# Oriëntering

## 1. Inleiding

As vertrekpunt vir die studie sal die begrippe skuld en skuldgevoelens in hierdie hoofstuk verduidelik word. Uit die definisies en omskrywings sal 'n aantal afleidings ge=maak word wat as riglyne vir die verdere ontleding van die skuldproblematiek sal dien. Om die studieterrein nie net in terme van begrippe nie maar ook ten aansien van ander dissiplines wat ook op skuld fokus af te baken, sal ook aandag gegee word aan die teologiese en letter=kundige perspektiewe op skuld.

## 2. Die etimologiese betekenis van die begrip „skuld"

Skuld is ontleen aan die Angel-Saksiese woord „gylt". McKenzie (1962, p. 21) skryf dat dit letterlik beteken „om te betaal". By implikasie word dus gesê dat daar 'n boete betaal moet word vir die uitdelging van 'n oor=treding wat die skuld ten grondslag lê.

Gee 'n mens aandag aan die Griekse grondbegrip vir skuld, tree 'n ander nuanse van dié betekenisryke be=grip na vore. In Grieks heet skuld „sphalma" en luidens Oden (1969, p. 56) dui dit op 'n verlies van balans, gevolg deur 'n val. Dieselfde outeur maak ook

die opmerking dat daar nie net in die Hebreeus-Christelike tradisie na die „val" van die mens in die paradys verwys word nie maar dat die spreektaal ook die intieme verband tussen „skuld" en „val" weerspieël.

Teen hierdie agtergrond meen hy dat skuld essensieel die bewustheid is dat 'n mens van sy troontjie (dit is sy ver=hewe, geïdealiseerde selfbeeld) afgeval het as gevolg van 'n bepaalde skuldhandeling.

'n Derde etimologiese wortel van die skuldbegrip is die Latynse benaming „noxia" en die Griekse woord „enochos" wat ook met „skuld" vertaal kan word. Die nuanse wat met die begrippe uitgedruk word, is dié van beskadiging van iets waardevols, oftewel iets wat kosbaar is, aldus Oden (a.w., p. 56).

Samevattend impliseer die etimologiese wortels van „skuld" dus 'n skuldhandeling in die sin van 'n beskadiging, sken=ding of oortreding, waardeur 'n waardevolle saak, persoon of objek geraak word. Dit gaan gepaard met 'n ineenstor=ting van die skuldige individu. Om van die skuld=handeling kwytgeskeld te word, moet 'n boete van een of ander aard betaal word.

3. Afbakening van die studieterrein ten aansien van die begrippe skuld en skuldgevoelens

Om die voorgaande insigte uit die etimologiese wortels van skuld verder uit te bou is dit nodig om te let op definisies en omskrywinge waarin bogenoemde beelde van „skending", „val" en „oortreding" verder verduidelik word.

## 3.1 Definisies en omskrywinge van skuld en skuldgevoelens

Om verwarring wat gepaard mag gaan met die talle uit= eenlopende opvattinge in verband met skuld en skuldgevoelens te beperk, kan die beskouinge oor dié sake in drie kategorieë verdeel word, nl.

- dié wat sentreer om skuld;
- dié wat sentreer om skuldgevoelens;
- dié wat 'n integrasie is van beide aspekte.

### 3.1.1 Omskrywinge met skuld as uitgangspunt

In hierdie groep kan eweneens drie beklemtoningspunte onderskei word, naamlik dié wat skuld op 'n ontologiese basis plaas; dié wat skuld vir empiriese doeleindes as eenheidsfenomeen beskou; en dié wat skuld op 'n religi= euse basis verklaar.

#### 3.1.1.1 Skuld as ontologiese werklikheid

Omskrywinge in hierdie kategorie is dié van die eksis= tensieanalitiese teoretici. Hulle fokus op die realiteit van skuld en nie soseer op skuldgevoelens nie, omdat hulle slegs ingestel is op blootlegging van die struktuur van die skuldproblematiek.

'n Belangrike verteenwoordiger van dié rigting is Boss. Hy omskryf skuld as 'n toestand wat met geboorte in= tree, aangesien die mens dwarsdeur sy lewe mislukkings ervaar in sy pogings om sy mandaat ter vervulling van al sy potensialiteite uit te voer (1963, p. 270).

Dis belangrik om daarop te let dat hierdie omskrywing alle mense insluit - dis dus die skuld van die mensdom as geheel.

3.1.1.2 Skuld as teoretiese bousel

Vir die empiriese studie van die skuldproblematiek is dit noodsaaklik om 'n bruikbare, kwantifiseerbare eenheidsfe= nomeen te implimenteer. Om hierdie oogmerk te verwesen= lik het Mosher skuld gedefinieer as 'n veralgemeende verwagting van selftoegediende straf (dit is negatiewe ver= sterking) as gevolg van die oortreding, of geantisipeerde oortreding van verinnerlikte gedragstandaarde, of die on= vermoë om daaraan te voldoen (1970, p. 23).

3.1.1.3 Skuld as religieus-gefundeerde toestand

Definisies van hierdie aard spruit veral uit die teologiese perspektief op skuld. 'n Voorbeeld is dié van Meehl. Hy skryf:

"... man's objective sinful and alienated relation to God, with its attendant effects upon his relation to his fellows, gives rise to a psychological state of valid guilt" ( Meehl, e.a. 1958, p. 221).

Ofskoon hierdie groep definisies onderlinge verskille van aansienlike omvang vertoon, weerspieël hulle een gemeen= skaplike element, naamlik dat skuld 'n toestand is waarin 'n persoon verkeer - al voeg Mosher ook by dat dit 'n toestand van verwagte straf is. Dit bring ons by die tweede groep omskrywinge.

### 3.1.2 Omskrywinge met skuldgevoelens as uitgangspunt

In hierdie groep is daar ook twee onderskeibare katego= rieë, naamlik dié wat skuld tot skuldgevoelens reduseer, vanweë die opvatting dat dit op 'n onwerklikheidsbasis berus, byvoorbeeld die psigoanalise; en dié wat skuld as werklikheid erken maar net in hul definisies nie so be= klemtoon soos die skuldgevoel-aspek nie.

#### 3.1.2.1 Skuld as skuldgevoelens

Aangesien Freud later volledig bespreek word, word slegs 'n definisie aangebied van twee ander psigoanalitiese skrywers, naamlik Whiting en Child. Hulle skryf:

„What we mean by guilt, then, is painful feelings of self-blame, self-criticism, or remorse which result from deviation (real of imagined) from proper behavior... This usage of the term guilt corresponds in the main with generally accepted usage in psychoanalytic writings" (In Mosher, 1970, p. 9).

#### 3.1.2.2 Skuld as minder beklemtoonde onderlaag in definisies van skuldgevoelens

'n Goeie voorbeeld van so 'n definisie is dié van Rümke. In teenstelling met die vorige beklemtoning erken hy die realiteit van skuld, maar in sy definisie kry mens die indruk dat skuldgevoelens meer prominent voorgestel word as die onderliggende skuld.

Die definisie lui as volg:

„Skuldgevoelens is die lyding onder 'n begane daad of gedagte wat as 'n verbode daad of gedagte erken word, op grond van 'n verbod wat deur die self of deur 'n erkende outoriteit gestel is." (1958, p. 137).

### 3.1.3 Omskrywinge waarin beide skuld en skuldgevoelens geïntegreer is

Die omskrywinge van Stein, Horney en Sullivan word weergegee. Die essensies van Stein (1969, p. 26) se uitvoerige beskouing kan as volg saamgevat word: skuld= gevoelens is 'n spesiale vorm van angs, oftewel 'n waarskuwende spanning, wat ervaar word wanneer 'n persoon, as lid van die samelewing, skuldig is, in die opsig dat hy 'n lewensbeginsel oortree het, 'n bepaalde kondisie van die samelewing verwerp het, van God ver= vreem is, of die sosio-spirituele realiteit geïgnoreer of te na gekom het.

Indien Stein se omskrywing nuttig is, omdat dit die skuldproblematiek in 'n bepaalde perspektief plaas, is Horney se omskrywing ewe bruikbaar, omdat sy die kul= turele bepaaldheid wat in Stein se omskrywing vervat is, nog meer eksplisiet stel. Sy skryf dat skuld 'n oor= treding is van 'n morele eis of verbod wat binne 'n bepaalde kultuur geldig is. Die skuldgevoel wat hierdeur opgewek word, is 'n pynlike bewustheid van oortreding (1947, p. 237).

Sullivan omskryf die skuld-skuldgevoelreaksie as volg:

„Guilt is a drop in euphoria due to our not having lived up to our most important convictions of what we

are good for and how we should live - and this drop in euphoria - this anxiety - is horribly unpleasant, and like all anxiety, practically always provoking in personal re= lations, real or fantastic." (In Hilton, 1970, p. 39).

### 3.2 Afleidinge

Uit die voorgaande blyk dat die skuldproblematiek vertolk kan word in terme van skuld (die eksistensieanalitiese en teologiese benadering); in terme van skuldgevoelens (veral die psigoanalitiese benadering); of as 'n kombina= sie van skuld en skuldgevoelens.

Omdat die huidige studie 'n teoretiese benadering is waarin die psigologiese insigte met aspekte van die teo= logiese fokus op skuld gekombineer gaan word, is dit duidelik dat beide begrippe (skuld en skuldgevoelens) gebruik sal moet word. Om te verseker dat die uiteen= setting logies en verstaanbaar sal wees, moet vervolgens kortliks stilgestaan word by dié begrippe, omdat hulle as gidse of leidrade vir die studie sal dien.

#### 3.2.1 Die begrip „skuld"

Skuld verwys uit die vermelde definisies en omskrywinge na 'n toestand van „skuldig wees". 'n Baie belangrike on= derskeid is egter dié tussen die omskrywing van die ek= sistensieanalise wat skuld as toestand van die mensdom voorhou, en dié van Mosher en Meehl waarin skuld aan 'n individuele skuldhandeling gekoppel word.

Uit hierdie onderskeid moet mens aflei dat die skuldfeno=

meen uit verskillende vlakke bestaan. Aangesien dié vlakke ten aansien van skuld en skuldgevoelens in hoofstuk vyf volledig onder die soeklig kom, is dit vir die moment voldoende om op die volgende afleidinge te wys:

Die skuldfenomeen word omskryf as

. 'n objektiewe toestand waarin die mensdom as geheel verkeer. Die realiteit van die toestand word algemeen erken maar verskillend vertolk. Die toestand word alter= nerend solidêre skuld (Brillenburg Wurth 1963, p. 131) of ontologiese skuld (May, e.a., 1958, p. 52) genoem.

. 'n subjektiewe toestand waarin 'n individu verkeer, op grond van 'n spesifieke skuldhandeling in die vorm van 'n woord, gedagte of daad, aldus die voorgaande omskrywinge.

Ofskoon dit nie soseer uit dié omskrywinge geblyk het nie, is dit noodsaaklik om aan te dui dat dié subjektiewe skuldtoestand eg of oneg kan wees.

. Die skuld van die individu is eg wanneer dit op 'n skuldhandeling soos byvoorbeeld morele ongehoorsaamheid (Büber, 1957, p. 117); onverantwoordelike waardenege= ring (Oden, 1969, p. 47); of verloëning van eie poten= sialiteite (May, 1967b, p. 180) berus; dit wil sê wanneer dit 'n oortreding is van die objektiewe waardes in die werklikheid, soos dit verinnerlik is deur die be= trokke individu. Egte skuld heet alternerend normale skuld (Oden, 1969, p. 67); reële skuld (Haigh, 1961, p. 125); of konstruktiewe skuld (Oden, ibid.).

• Individuele skuld kan ook oneg wees. 'n Skuldhande= ling wat objektief gesproke 'n oortreding konstitueer, hoef nie as 'n egte skuldtoestand beleef te word nie, terwyl 'n „skuldhandeling" wat nie 'n objektiewe oortreding is nie, wel as gevolg van oordrewe gewetensfunksionering as egte skuld verwerk kan word. Onegte skuld hou altyd verband met oordrewe gewetensfunksionering.

Wisselname vir onegte skuld: patologiese skuld (Zilboorg, 1950a, p. 746); neurotiese skuld (May, 1967b, p. 180) of destruktiewe skuld (Oden, 1969, p. 69).

### 3.2.2 Die begrip „skuldgevoelens"

Uit die definisies en omskrywinge straal die gedagte dat skuldgevoelens die resultaat is van gewetensfunksionering. Laasgenoemde (die gewete) is die setel van skuldgevoelens. en wanneer die gewete die skuld registreer, betree dit die affektiewe sfeer.

In ooreenstemming met egte en onegte skuld kan skuld= gevoelens ook eg of oneg wees. Alvorens dié aspek verder belig word, moet opgemerk word dat skuld, so= dra dit die gevoelsmatige sfeer betree, ook intiem ver= vleg raak met verwante belewinge, byvoorbeeld skaamte, angs en minderwaardigheidsgevoelens.

In hoofstuk vyf sal hierdie verbande verder nagespeur word.

• Egte skuldgevoelens is die bewuswording van 'n skuld= handeling. Dit is die onlusgevoel wat spruit uit die besef

dat daar 'n gaping is tussen wat mens is en wat mens behoort te wees, indien mens aan bepaalde verinnerlikte waardes en norme wil voldoen. Dié skuldgevoel is gewoon=lik bewus, en verdiep, indien dit konstruktief verwerk word, tot 'n meer omvattende skuldbesef, aldus Snoeck (1948, p. 211).

Ander benaminge vir egte skuldgevoelens: normale skuld=gevoelens, gesonde skuldgevoelens of realistiese skuldge=voelens.

• Onegte skuldgevoelens is 'n skuldvlak waaroor daar uiteenlopende menings bestaan. Om in hierdie stadium kortliks daarna te verwys kan gesê word dat dié skuld=gevoel omskryf kan word as buitengewoon intens en dat dit twee oorspronge kan hê: òf oordrewe gewetensfunk=sionering òf persoonlike onegtheid aan die kant van die individu wat 'n normale skuldgevoel nie konstruktief ver=werk het nie en steeds gekonfronteer word met die realiteit van die skuld wat nou in 'n veel intenser mani=festasie op die voorgrond tree.

Onegte skuldgevoelens (die benaming word ook gebruik deur Janse de Jonge, 1961, p. 135) word ook genoem: patologiese skuldgevoel, irrasionele, infantiele skuldge=voel (Tournier, 1969, p. 64) of fantasie-skuldgevoel (Becker in Belgum, red.,1967, p. 240).

4. Afbakening van die studieterrein ten aansien van ander dissiplines wat ook op die skuldproblematiek fokus

Omdat die skuldproblematiek fundamenteel en universeel is, is dit die knooppunt van verskeie dissiplines. Elkeen belig die saak egter uit 'n ander oogpunt. Ter wille van afba= keningsdoeleindes word kortliks gelet op die skuldperspek= tiewe uit die oogpunt van die teologie, letterkunde en die psigologie.

## 4.1 Teologie en skuld

'n Skuldlose teologie is ondenkbaar. McKenzie (1962, p.19) skryf dat dit die kernprobleem van die teologie vorm. Dink mens daaraan dat Christus in die Christelike teolo= gie die hoofmoment is en dat sy koms na die aarde juis gemotiveer is deur die skuldproblematiek, naamlik die sonde van die mensdom, is dit duidelik dat die teologie hom ten nouste met die skuldproblematiek sal identifiseer.

White onderstreep dieselfde gedagte as hy skryf dat die Christelike geloof en godsdiens, trouens die hele evange= lieboodskap van redding, en die sakramente van die kerk, betekenisloos is, indien daar nie op die skuldproblematiek gefokus word nie (in Mairet, red., 1956, p. 161).

Om binne die bestek van 'n paar bladsye 'n aanduiding te gee van die teologiese perspektief op skuld, word 'n aantal stellinge waaromheen verskillende argumente ont= wikkel word, geformuleer.

Volgens die teologiese perspektief is skuld

- gefundeer in die kern van menswees;

. die resultaat van sonde en 'n versteuring van die God-mensrelasie; en

. slegs oorkombaar deur herstel van die verbroke God-mensrelasie.

### 4.1.1 Skuld is gefundeer in die kern van menswees

Teologies beskou is skuld nie slegs 'n subjektiewe groot= heid wat as „skuldgevoelens" gemanifesteer word nie. Dis 'n objektiewe werklikheid (Brillenburg Wurth, 1963, p. 119), geleë in die wortel van menswees en kan dus nie van die mens se bestaan losgemaak word nie. Tillich sluit hierby aan as hy skryf dat die skuldproblematiek geleë is in die beperktheid, gebondenheid, sonde en tragedie wat kenmer= kend is van die menslike bestaan (in Hilton, 1970, p. 15).

Vanuit Rooms-Katolieke standpunt omskryf Houselander (in Lowe, 1970) die skuldvraagstuk weer as die onafwendbare menslike kondisie.

Met hierdie beklemtoning van skuld as deel van die diepste kern van menswees word onmiddellik beweeg na 'n tweede standpunt waarin die probleem verder ontbloot word, naamlik die feit dat skuld verband hou met sonde.

### 4.1.2 Skuld is die resultaat van sonde en berus op 'n versteuring van die God-mensrelasie

Teologies word die skuldproblematiek beskou as 'n resul= taat van sonde, dit is 'n verbreking van die verhouding

tussen God as Absolute en die mens as ondergeskikte skepsel. Die band tussen skuld en sonde berus op die veronderstelling van 'n morele orde in die werklikheid. Sodra hierdie orde versteur word, dui dit op 'n sondige daad en is die reaksie op dié daad 'n skuldbesef of skuldgevoel.

Omdat sonde, as oorsaak van skuld, altyd heenwys na die verbroke verhouding, is skuld vir die teoloog 'n ob= jektiewe aangeleentheid, vandaar dat die teologie van „objektiewe skuld" praat. (Vgl. Hilton, 1970, pp. 59-60).

In verband met objektiewe skuld skryf Torrance die volgende:

„Objective guilt goes down to the roots of man's exis= tence. His sin takes place within the life relation which he derives from God. He uses the very life and being which God gives him and maintains in him - even when he sins ..."(in Hilton, p. 62).

'n Ander outeur wat die relasie-aspek van skuld belig is Brillenburg Wurth. Hy skryf dat skuld altyd volgens die getuienis van die Bybel die karakter van relasie dra, naamlik 'n verwantskap met God. Teen hierdie agtergrond stel hy die skuldproblematiek dan as geskonde relasie - vanweë die verbreking van die verhouding met God (1963, p. 119).

Om die verband tussen skuld en sonde verder te belig word aangesluit by Hilton se studie van enkele kansel= uitsprake in dié verband. Een aspek is dat die sonde wat grondliggend is aan die skuldproblematiek, die resul=

taat is van morele ongehoorsaamheid (Hilton, 1970, p. 16). Fosdick, wat deur dié outeur aangehaal word, skryf dat alle menslike keuses en beslissinge op die aktiewe wil berus. Die mens is dus ten volle verantwoordelik vir sy skuldhandelinge. Hy doen sonde as hy moreel verkeerd kies, of andersyds, die moreel-korrekte handelinge nie uitvoer nie (in Hilton, p. 18).

'n Tweede tema in die prediking is dat skuld op die sonde van afgodery berus. Volgens hierdie standpunt kom die skuldige nie tot oorgawe aan God nie, maar kies hy ander „gode", of stel hy homself in die plek van God. Laasge=noemde word gemanifesteer in 'n houding van selfgenoeg=saamheid of selfverheffing, waardeur God uitgeskakel word uit die persoonlike lewe (Hilton, p. 23).

'n Derde oogpunt wat dikwels die sentrale moment van 'n preek vorm, is die standpunt dat alle skuld die resultaat is van die feit dat God vergeet word. In dié verband haal Hilton vir Barth aan. Laasgenoemde verklaar dat skuld die resultaat is van die mens se gebondenheid in 'n „gevangenis" wat ontstaan het uit sy onvermoë om sy afhanklikheid van God te erken (pp. 25-26).

### 4.1.3 Die voorwaarde vir die oorkoming van skuld is die herstel van die verbroke God-mensverhouding

Omdat die skuldproblematiek vir die teologie 'n objektiewe werklikheid is, is die oplossing van skuld ook nie moont=lik sonder versoening tussen God en sondaar nie.

In die verband kan twee stappe onderskei word, naamlik bewusmaking en uitdelging van skuld.

Bewusmaking van skuld is noodsaaklik om vir die skulde=naar aan te toon dat sy verhouding met God nie juis is nie. Hierdie aspek toon die groot verskil in die benade=ring tot skuld wat daar tussen die teologie en psigologie heers.

McKenzie skryf:

„Whereas the task of the psychotherapist is to reduce the intolerance of the Super-ego, that is the intensity of guilt feelings, the more evangelical theologians and preachers aim to produce the 'conviction of sin' by stimulating guilt feelings" (1962, p. 124).

Die tweede stap is die uitdelging van die skuld deur die aanvaarding van Gods genade en vergewing van die sonde. Hieroor skryf Brillenbrug Wurth dat die mens alleen tot skulderkenning en opregte berou kan kom, indien hy in geloof onder die indruk van die ontfermen=de aanvaarding van Christus kom (1963, p. 134). Omdat skuld egter deel van menswees is, kan dit nie letterlik "uitgedelg" word nie. Onder invloed van berou word die sondaar egter van veroordeling gevrywaar en op hierdie wyse van die destruktiewe aspek daarvan ver=los (Vgl. Tournier, 1969, p. 160).

## 4.2 Letterkunde en skuld

Omdat alle aspekte van menswees ook in die letter=kunde verwerk en weerspieël word, is dit logies dat die

skuldproblematiek, as een van die mees basiese menslike konflikte, ook in verhaalkarakters vergestalting sal vind. Die skuldproblematiek word veral uitgebeeld in terme van waardekonflikte tussen die verskillende karakters. Volgens Oden (a.w., p. 30) is die waarde van so 'n onregstreek=se kommunikasie van kernwaarhede van die menslike be=staan opgesluit in die feit dat die leser op dié wyse in aanraking met die skuldfenomeen gebring word.

Omdat skuld inherent deel van menswees is, en dus deur die eeue deur die mensdom ervaar is, kan verwag word dat die inkorporering hiervan in die letterkunde ook nie net tot 'n sekere tydsgewrig beperk sou wees nie. Die geldigheid van die aanname blyk sodra 'n mens na ge=skikte voorbeelde van „skuldwerke" begin soek.

In 'n studie getiteld A phenomenology of guilt bespreek Morano (1970) 'n aantal werke waarin dit duidelik word dat skuld inderdaad in talle eras 'n prominente plek in die letterkunde beklee het. Om meer konkreet te wees word enkele gedagtes na aanleiding van sommige van die werke bespreek.

### 4.2.1 Enkele voorbeelde van die literêre perspektief op skuld

Die werke waarna verwys word is: Oedipus Rex van Sophocles, Macbeth van Shakespeare, Crime and Punishment van Dostojewski en The Trial van Kafka.

#### 4.2.1.1 Oedipus

Hierdie drama is volgens Morano (a.w. p. 2) tipies van die skuld van Klassieke Griekeland, in dié opsig dat Oedipus skuldig is as gevolg van onwetendheid (die feit dat hy vadermoord gepleeg en bloedskande begaan het sonder die wete daarvan), en as gevolg van die oorkoepe= lende dominansie van 'n onweerstaanbare noodlot (die „mag" waardeur sy lewenslot beslis is).

4.2.1.2 Macbeth

In hierdie werk is die tipiese skuldproblematiek van die mens van die Renaissance-tydperk belig. In Macbeth se handelinge en ervaringe sien mens naamlik die skuld van 'n persoon wat sy outonomie herken maar nogtans godde= like hulp benodig in sy stryd teen bose versoekinge, aldus Morano se interpretasie.

Macbeth is nie soos Oedipus vasgevang in 'n onafwend= bare noodlot nie. Hy is vry, en sy skuld lê juis in sy vrye keuse van die verkeerde moontlikhede. Die waarde= negering wat hieraan ten grondslag lê word op 'n be= sondere wyse uitgebeeld, deurdat Macbeth se keuses nie in isolasie plaasvind nie. Hy swenk voortdurend heen en weer tussen verskillende moontlikhede en kom byna tot 'n belydenis van skuld as hy die volgende woorde tot die geneesheer rig:

„Canst thou not minister to a mind diseased,
Pluck from the memory a rooted sorrow,
Raze out the written trouble of the brain,
And with some sweet oblivious antidote
Cleanse the stuff'd bosom of that perilous stuff
Which weighs upon the heart?" (Vyfde bedryf, tweede toneel).

Ten spyte van die amperse verlossing sak hy egter, soos Morano dit stel, geleidelik al dieper weg in sy afwaartse pad as gevolg van 'n gevoel van onuitdelgbare skuld (p. 15).

### 4.2.1.3 Raskolnikov

Met hierdie karakter beeld Dostojewski die skuldbele=winge van die moderne gealiëneerde mens uit, luidens Morano se vertolking. Die hele werk (<u>Crime and Punish=ment</u>) spreek van 'n instelling van vervreemding van die sosiale konteks en 'n gepaardgaande gevoel van self=verheffing bokant die moraliteit van die gemeenskap, wat op 'n wetsbeheerde orde berus.

In ooreenstemming met die titel handel die verhaal oor 'n moord wat Raskolnikov pleeg om homself te probeer oortuig dat hy vry en ongebonde is ten opsigte van die sosiale reëls en samelewingsnorme. Na die moord word hy egter gedurig deur 'n soort skuldgevoel gepla, in die sin van 'n ondraaglike „beskuldigende" soort eensaamheid. Die onhoudbaarheid van dié situasie word baie konkreet uitgebeeld in die volgende aanhaling soos verskaf deur Morano:

„But although he had almost always been by himself of late, he had never been able to feel alone. Sometimes he walked out of the town on the high road, but the lonelier the place was the more he seemed aware of an uneasy presence near him. It did not frighten him, but greatly annoyed him, so that he made haste to return to the town, to mingle with the crowd, to enter restaurants and taverns, to walk in busy thoroughfares ... Yet he felt that that was not the only cause of his

uneasiness; there was something he could not clearly understand or put into words. It was a hopeless tangle" (in Morano, p. 25).

Opvallend van Raskolnikov se skuldbelewinge is egter dat hy nie egte berou gehad het nie - hy was hoogstens ontevrede met homself vanweë sy voortdurende beheptheid met die moord, aldus Morano (p. 25). Die tragiese ele= ment van die verhaal is dat Roskolnikov, soos Morano dit stel, nie met die moord daarin slaag om homself volkome van die sosiale norme en beperkinge te bevry nie, maar dat hy juis daardeur tot die ontdekking moes kom van sy onlosmaaklike verbondenheid aan die sosiale orde (p. 27).

4.2.1.4 Joseph K.

In hierdie roman (The Trial) beeld Kafka 'n kosmiese skuldgevoel uit, wat gewortel is in 'n verlies van an= kers. Laasgenoemde is weer terug te voer na 'n wêreld sonder stabiliteit. Dit bring mee dat die skuld= gevoel waarvan daar in dié werk sprake is, eerder getipeer kan word as „angs" (Morano, a.w., p. 3).

Joseph K., 'n doodgewone bankklerk, hoor skielik een oggend dat hy sonder enige motivering of verduideliking onder arres geplaas is, al word hy toegelaat om sy gewone lewe en werk voort te sit. Die res van die verhaal bestaan uit sy pogings om vas te stel waarvan hy beskuldig word. Die vae beskuldigings intensiveer egter geleidelik, maar as K uiteindelik aan 'n meswond beswyk, wonder hy steeds waarvan hy beskuldig is.

Opvallend van die skuldsituasie wat in dié werk verbeeld word, is die oënskynlike skuldloosheid, vandaar die on= vermoë om die gronde van die beskuldiginge te bepaal. Uleyn (1969, p. 150) beweer egter dat Kafka met hierdie verhaal uitdrukking gee aan die skuld van die mens wat God „vergeet" het maar nog steeds rekening moet hou met die Goddelike heerskappy oor die werklikheid. Omdat die skuldbelewing met 'n vergeetproses verband hou, is dit slegs 'n belewing van 'n vae, vloeibare, skynbaar on= gemotiveerde angs. Dieselfde outeur beweer verder dat dit 'n verhaal is van 'n mens wat in sy toestand van vervreemding van God en samelewing, nie meer weet teenoor wie hy verantwoordelik is nie, en dus ook nie 'n skerp omlynde besef van oortreding en skuld kan ont= wikkel nie.

In verband met K skryf Uleyn:

„And because he does not know and does not want to recognize his guilt, that guilt progressively condenses" (p. 150).

Die tragedie is nie dat K se beskuldigings vaag en ge= heimsinnig bly nie, al is die rede hiervoor die feit dat sy eksistensieel-religieuse skuld in elk geval nie eties of wetlik definieerbaar kan wees nie. Dit is eerder ge= leë in die feit dat hy sy skuld nie wou konfronteer nie. Daarom kon hy sy sonde ook nie herken en bely, waar= deur hy vergewing sou kon ontvang nie, aldus Uleyn (p. 150).

Uit die voorgaande voorbeelde kan dus afgelei word dat die letterkunde inderdaad, soos Hamilton dit stel, 'n baro=

meter is wat die geestelike klimaat van die tyd weerspieël (in McKenzie, 1962, p. 13).

### 4.3 Psigologie en skuld

Vanuit psigologiese perspektief is skuld 'n fenomeen met vele fasette. Gevolglik word skuld op 'n wye verskeidenheid maniere en in 'n wye verskeidenheid situasies gemanifesteer. Om hierdie stelling toe te lig word 'n aantal psigologiese studies genoem waarin skuld die fokuspunt is.

Rosenman: The paradox of guilt in disaster victim populations (1956).
Jenkins: The sense of guilt in its relation to treatment work with offenders (1942).
Weiss: Illness guilt, inadequacy guilt and rehabilitation therapy (1968).
Gardner: The guilt reactions of parents of children with severe physical disease (1969).
Abrams en Finesinger: Guilt reactions in patients with cancer (1953).

In weerwil van dié diversiteit van skuldstudies kan enkele dissiplines binne die psigologie egter uitgesonder word waarin die skuldproblematiek sistematies bestudeer word, naamlik ontwikkelingspsigologie, psigopatologie en psigoterapie.

Kyk 'n mens verder na die standpunte wat ten opsigte van skuld in dié drie dissiplines gehuldig word, blyk dit dat daar veral twee teoretiese strominge bestaan,

naamlik die teorieë van Freud en Mowrer. 'n Derde stro=ming wat ook genoem kan wórd, is die Eksistensieanalise.

Vervolgens 'n kort bespreking van dié dissiplines en strominge.

### 4.3.1 Psigologiese dissiplines wat fokus op skuld

#### 4.3.1.1 Skuld as faset van ontwikkelingspsigologie

Hierdie dissipline is gemoeid met die ontwikkelingsfases van menswees. Gevolglik word die skuldproblematiek ook bestudeer vanuit die oogpunt van ontwikkelingsfases. Sen=traal in dié studies is die verband tussen skuld en ge=wetensfunksionering. Voorbeelde van sulke studies is: Gilen: Das Gewissen bei Fünfzehnjährigen (1965) en Häfner: Schulderleben und Gewissen (1956).

In ander studies word skuld geplaas teen die agtergrond van die besondere opvoedingspatrone. Vergelyk byvoor=beeld Stein: Guilt as a composite emotion: the relationship of child-rearing variables to superego response (1970).

Hoewel slegs 'n paar voorbeelde van studies genoem word, wat in die kader van ontwikkelingspsigologie ge=plaas kan word, is hierdie dissipline baie belangrik vir die bestudering van skuld, aangesien die skuldreaksie altyd resultaat is van die gewetensfunksionering, en laasgenoemde nou verbonde is aan opvoedingspraktyke, en ook nie losgemaak kan word van die ouer-kindverhouding, wat 'n belangrike aspek van dié dissipline is nie.

4.3.1.2 Skuld as faset van psigopatologie

Teoretici stem in die algemeen saam dat skuld in verskil= lende vorme van versteurde gedrag 'n belangrike rol speel. Ingrypende verskille kom egter voor ten opsigte van die rol van skuld as oorsaak of simptoom van ver= steurde gedrag.

Meer spesifiek blyk uit die literatuur dat die skuldpro= blematiek nou verband hou met die volgende:

4.3.1.2.1 Neurose

Dit is veral waar in die geval van obsessiewe neurose. Verskeie outeurs beklemtoon die belangrikheid van skuld in dié verband. Benda (1967, p. 425) gaan selfs so ver as om te praat van die „neurose van die gewete".

Weisner en Riffel (1960) belig 'n ander aspek van skuld in obsessiewe gedrag, naamlik skrupulositeit, as die voortdurende bewustheid van en vrees vir skuld.

4.3.1.2.2 Psigose

Omdat skuld ook in dié vorm van versteurde gedrag ge= manifesteer word, het hieroor ook reeds studies verskyn. Een voorbeeld is dié van Shave: Guilt in Schizophrenia (1967), 'n artikel waarin die etiologie van skuld vanuit 'n psigodinamiese oogpunt blootgelê word.

4.3.1.2.3 Psigosomatiese toestande

Dis verrassend dat skuld selfs in hierdie vorm van pato= logie 'n plek beklee. Outeurs wat hieroor skryf is Drake= ford (1967, p. 23) en Monsour: Migraine: Dynamics and

choice of symptom (1957).

4.3.1.2.4 Spraakprobleme

Volgens die empiriese studie van Sheehan, Cortese en Hadley in verband met skuld, skaamte en spanning in grafiese projeksies van hakkel (1962), is dit duidelik dat die skuldproblematiek selfs hier 'n rol speel.

### 4.3.1.3 Skuld as faset van psigoterapie

Omdat skuld in versteurde gedrag 'n belangrike plek in= neem, word dit ook in psigoterapie betrek. In oor= eenstemming met die interpretasie van skuld in versteurde gedrag, heers daar ook ten opsigte van die psigotera= peutiese hantering van die skuldproblematiek 'n wye ver= skeidenheid standpunte. Laasgenoemde wissel tussen die pole eliminasie en integrasie van die skuld in die selfkonsep. Hoe die interpretasie ook al sy - elke psigoterapeutiese stelsel huldig 'n spesifieke opvatting in verband met skuld en die psigoterapie daarvan, byvoor= beeld Psigoanalise, Individuaal-Psigologie, Eksistensieana= lise, die Holistiese benadering van Horney, ensovoorts.

### 4.3.2 Strominge in die psigologie ten aansien van die studie van skuld

Omdat die twee hoofstrome, naamlik die teorieë van Freud en Mowrer, die padwysers vir die huidige studie is, is dit gewens om elk kortliks te omlyn en ook te wys op die derde stroming, naamlik Eksistensieanalise, wat 'n belangrike brug tussen die twee teorieë slaan.

#### 4.3.2.1 Freud se teorie

Met die uitbouing van sy psigoanalitiese stelsel het Freud die eerste psigologiese perspektief op skuld gelewer. Ofskoon sy beskouing vandag skerp gekritiseer word, lê die waarde daarin dat dit 'n grondslag voorsien het vir latere studies waarin die geldigheid van sy bevindinge verder ondersoek kon word.

Omdat Freud die skuldproblematiek uit 'n ontwikkelingspsi= gologiese, psigopatologiese en psigoterapeutiese oogpunt be= nader het, het sy skuldteorie geleidelik gegroei, sodat dit aan die einde van sy lewe 'n integrale deel van psigoanalise gevorm het. Onder sy belangrikste publikasies in verband met skuld tel: Civilization and its Discontents (1957a); Totem und Tabu (1913) en The economic problem in masochism (1924).

#### 4.3.2.2 Mowrer se teorie

Hierdie beskouing het ontstaan as regstreekse, persoon= like reaksie op die werk van Freud. Op elk van die drie fokuspunte in die psigologiese studie van skuld ver= skil Mowrer radikaal van Freud. Hy grond die ontstaan van die gewete as setel van skuldgevoelens byvoorbeeld nie in die psigoseksuele ontwikkeling nie maar in die psigososiale ontwikkeling.

Wat patologiese gedrag betref, glo hy ook nie dat die skuld in neurose vals en infantiel is nie, maar huldig hy die teenoorgestelde standpunt: die skuld is vir hom

eg en berus op daadwerklike oortredinge. In psigoterapie probeer hy ook nie om skuld te elimineer nie, maar om dit konstruktief te hanteer deur die kliënt tot belydenis en regstelling van sy skuldhandeling te lei.

Mowrer se basiese werke: The Crisis in Psychiatry and Religion (1961) en The New Group Therapy (1964).

#### 4.3.2.3 Eksistensieanalise

In hierdie stroming is daar 'n verskeidenheid onderlinge verskille, maar wat skuld aanbetref, word die beskouinge tot 'n eenheid saamgebundel, aangesien die fokus op die struktuur van die skuldproblematiek gestel is.

Die Eksistensieanalise word nie as 'n afsonderlike „teorie" bespreek nie, maar in die loop van die uiteensetting sal verwys word na standpunte van die voorstanders van die benadering.

Belangrike figure en werke is onder andere: May, e.a.: Existence (1958), Boss: Psychoanalysis and Daseinsana=lysis (1963), Caruso: Existential Psychology (1964) en Keen: Three faces of being (1970).

## 5. Navorsingsplan en -metode

Daar is reeds gesê dat die studie ontwerp word rondom die teorieë van Freud en Mowrer. Nadat elke teorie in 'n afsonderlike hoofstuk krities bespreek is, word beide in 'n volgende hoofstuk vanuit Christelike standpunt geë=valueer.

Om die leemtes wat uit hierdie evaluering sal blyk, aan te vul, word 'n volgende hoofstuk gewy aan die ontwerp van 'n skuldbeskouing waarin die idees van genoemde outeurs, asook ander skrywers tot 'n saamgestelde beskouing geïntegreer word. Die slothoofstuk bied 'n finale integrasie.

Die metode wat vir die navorsingsplan gebruik word, is die van bronnestudie. Relevante gegewens sal deur middel van induksie en deduksie, analise en sintese tot 'n ge= heel gegiet word, betreffende die besprekings van Freud en Mowrer. Die geïntegreerde skuldmodel sal ook uit hierdie metodes saamgestel word, asook deur empatiese skouing, introspeksie en retrospeksie en eksistensieel-fenomenologiese analise.

## 6. Samevatting van hoofstuk

. Die skuldproblematiek dui op 'n komplekse begrip wat vanuit psigologiese perspektief verdeel kan word in skuld en skuldgevoelens.

Skuld kan verdeel word in:

.. Die skuld waarin alle mense deel het, naamlik ontologiese, objektiewe of solidêre skuld.

.. Die skuld van die individu, as gevolg van 'n skuldhandeling, in terme van objektiewe of subjektiewe (verinnerlikte) waardes, en dit heet individuele of sub= jektiewe skuld. Die skuld kan eg (normaal) of oneg (neuroties) wees.

Skuldgevoelens spruit uit die registrasie van 'n skuld= handeling in die gewete en dit kan verdeel word in egte (normale) en onegte (neurotiese) skuldgevoelens.

Skuld en skuldgevoelens kan egter nie as eksklusief egte of onegte entiteite beskou word nie.

- Omdat die skuldproblematiek 'n multi-dimensionele vraagstuk is, kan 'n teoretiese studie daarvan, selfs al word dit uit die oogpunt van die psigologie onderneem, nie slegs met psigologiese konsepte werk nie. Dit nood= saak gebruikmaking van bydraes van verwante dissiplines, byvoorbeeld teologie. In dié studie word gepoog om aan te sluit by die Christelike teologie, deur inkorporasie van 'n Christelik-gefundeerde mensbeskouing as basis vir die evaluering van die werk van Freud en Mowrer en vir aanvullings by die geïntegreerde skuldbeskouing.

- Aangesien die psigologiese perspektief op skuld sen= treer om die ontwikkeling, psigopatologie en terapie daarvan, sal dié raamwerk ook die grondslag vorm vir die be= spreking van die skuldbeskouinge van Freud en Mowrer.

HOOFSTUK II

# Freud se skuldteorie

## 1. Inleiding

Die bestudering van die skuldproblematiek vanuit psigolo=giese oogpunt is ingelui deur Freud se waarneminge en afleidinge in verband met die werking en implikasies van skuld en skuldgevoelens.

Hiermee word reeds 'n aanduiding gegee van die belang=rike rol wat dié onderwerp in die Freudiaanse denke gespeel het. Gedagtig daaraan dat alle neurosevorme volgens Freud gebaseer is op die nie-oplossing van die oedipuskompleks, wat ten diepste rondom skuld sentreer, kry mens 'n aanduiding van die belangrike plek wat die skuldproblematiek in die psigoanalise inneem.

Freud se skuldteorie word as volg uiteengesit:

. die historiese wortels van die skuldteorie;
. analise van solidêre en individuele skuld en skuld=gevoelens;
. implikasies van skuld en skuldgevoelens vir neuro=tiese steuringe;
. terapeutiese benadering tot die skuldproblematiek;
. illustrasie van die Freudiaanse skuldbeskouing.

## 2. Historiese agtergrond van die skuldbeskouing

Die belangrikheid van die skuldproblematiek het nie onmid=dellik onder Freud se aandag gekom nie. Namate sy teorieë egter, as gevolg van toenemende kliniese materiaal, omvattender geword het, het hy 'n steeds groter wordende rol daaraan toegeken. Die doel van dié afdeling is om aan te dui hoe Freud telkens, binne die raamwerk van sy ander teorieë, 'n nuwe ontdekking gedoen het wat bygedra het tot die uitbouing van die skuldteorie.

Die wortels van die skuldbeskouing is reeds sigbaar in die publikasies van die vorige eeu. In 1894 het Freud naamlik reeds die belangrikheid van skuld in sy pasiënte raakgesien, aangesien hy in daardie jaar 'n artikel ge=skryf het, waarin melding gemaak is van obsessiewe self=beskuldiginge, wat Freud toe „skuldgevoelens" genoem het (Collected Papers, Bd. 1, 1940, p. 96).

Twee jaar later verskyn 'n verdere artikel in verband met „neuropsigose" waarin Freud eweneens op die bestaan van 'n <u>selfkritiserende, selfbestrawwende funksie</u> van die persoonlikheid wys, wat tot sekere patologiese toestande aanleiding kan gee (Freud, 1896, kyk Collected Papers, Bd. 1, 1940, p. 162). In dié artikel spreek hy ook die me=ning uit dat obsessies gesien moet word as strafmaatreëls wat teen die self gerig word, na aanleiding van verbode infantiele seksuele lusbelewinge.

Aangaande die verband tussen skuld en moraliteit het Freud ook reeds aan die end van die vorige eeu 'n stand=punt gestel. Uit vroeë korrespondensie met Wilhelm Fliess

blyk byvoorbeeld dat skuld in die vorm van die gewetens=funksie ook tydens die ontwikkeling van moraliteit by sowel die individu as die gemeenskap 'n belangrike rol speel. In 'n sekere brief van 1895 skryf hy byvoorbeeld dat die mora=liteit van die adolessent ontwikkel na aanleiding van lusge=voelens, spruitende uit herinneringe aan infantiele seksuele ervaringe (of fantasieë in verband daarmee), wat aanleiding gee tot verdringing van die onaangename herinneringe (Freud, 1957c, p. 127).

Vroeg in die huidige eeu (1907) het die verband tussen skuld en verdringing van seksuele herinneringe vir Freud in die oog gespring en het hy 'n artikel gepubliseer in verband met die rituele wat voortdurend deur die obses=sionele neuroot uitgevoer moet word, ter vermyding van 'n ernstige angstoestand. Hierdie toestand het Freud „gewetenswroeging" genoem (Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 27).

In dieselfde publikasie maak hy ook eksplisiet melding van die rol van skuld. Hy skryf naamlik dat die oor=sprong van die obsessies, verbiedinge en vrees vir die gewete toegeskryf moet word aan 'n „onbewuste skuldge=voel". Omdat dié gevoel onbewus is, kan die selfkriti=serende funksie, dit is die gewete, ook onbewus wees, hoewel dit nie noodwendig die geval hoef te wees nie. Dit is ook opvallend dat die gewete volgens Freud nie net aktief is na 'n daadwerklike verbode handeling nie maar ook in die geval van 'n impuls tot 'n verbode handeling. (Dit is duidelik dat hierdie opmerking baie ooreenstem met die eienskappe van wat later as die superego bekend sou staan).

Gedurende 1908 verskyn 'n verdere artikel in verband met instinkte en hierin is die klem geplaas op die sogenaamde nie-seksuele instinkte. Laasgenoemde is toe as "aggres= siewe" neigings bestempel, wat ook gesien moet word as 'n betekenisvolle ontwikkeling, aangesien die verband tussen skuld en aggressie veral na die Eerste Wêreld= oorlog baie sterk in die Freudiaanse denke gefigureer het en uiteindelik 'n integrale deel van die skuldteorie sou vorm (Freud, Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 82).

Hoewel daar reeds in bogenoemde artikel melding gemaak is van wat later as die ego-ideaal bekend sou staan, is dié aspek eers volledig toegelig in 'n publikasie van 1911. Turiell (1967, p. 121) verklaar dat Freud hierin reeds aanduidings gee van die aard van die ego-ideaal, maar dat dit eers in 'n lesing oor narsisme (in 1914) was dat hy 'n onderskeid gemaak het tussen die ego en ego-ideaal. Laasgenoemde ontwikkel uit idealisering van die vader deur die kind en dit dien telkens as maatstaf waaraan die ego die gedrag van die individu meet. Die ego-ideaal omvat egter nie net 'n vaderbeeld nie; dit huisves ook die etiese en kulturele standaarde wat via die vader= beeld in die kind geïnkorporeer is (Freud, 1914, kyk Collected Papers, Bd. 4, 1946, p. 52).

Hierdie omskrywinge van die ego en ego-ideaal is be= langrik, omdat dit dui op aspekte wat later grond= strukture in Freud se skuldteorie sou vorm, in soverre dat die ego-ideaal later aan die superego gelykgestel sou word, waardeur laasgenoemde die mag sou verkry vir die opwekking van skuldgevoelens.

'n Volgende belangwekkende publikasie was die analise van die ooreenkomste tussen die psigiese lewe van neurote en die primitiewe gemeenskap. Hierdie psigologiese studie (Totem und Tabu, 1913) was vir die uitbouing van die skuldteorie van fundamentele belang, omdat dit alles wat tot op daardie stadium oor die onderwerp geskryf is, in een geheel saamgevoeg het, in dié sin dat dit 'n grond=slag geskep het waarvolgens die kollektiewe skuld van die mensdom verklaar kon word, asook die fundamentele oorsprong van alle vorme van individuele skuld en skuld=gevoelens.

'n Intensiewe analise van bogenoemde werk volg aanstons, en vir die huidige is dit voldoende om aan te dui dat Freud uit bogenoemde studie van primitiewe kulture af=gelei het dat die solidêre skuld van die mensdom terug te voer is na 'n oermoord, en dat alle neurotiese skuld=gevoelens , oftewel die sogenaamde onbewuste behoefte aan straf, die gevolg is van konflikte tydens die oedi=pusfase, wanneer die kind die begeerte koester dat die ouer van dieselfde geslag moet sterf.

Uit dieselfde werk lei Freud ook 'n verklaring af vir die ontstaan van die gewetensfunksie. Die groot oor=eenkoms tussen die taboes of verbiedinge van die pri=mitiewe gemeenskap en die gewete het hom naamlik tot die gevolgtrekking laat kom dat beide op dieselfde wyse ontstaan het.

Vervolgens is die skuldteorie aangevul met die bespre=king van 'n aantal gevallestudies waarin die skuldvraag=

stuk andermaal eksplisiet na vore gebring word. In die artikel (1915) herinner Freud andermaal daaraan dat die onbewuste skuldgevoel ontleen is aan die kragtige impulse van die oedipuskompleks en dat die skuldgevoel soms so indringend kan wees dat dit op misdaad kan uitloop.

Freud beweer selfs dat die skuld van misdadigers wat soms oortredings begaan, sodat hulle deur middel van die vergelding verligting vir hul skuldgevoelens kan verkry, aan die nawerking van die oedipuskompleks toegeskryf moet word (Freud, 1915, kyk Collected Papers, Bd. 4, p. 342).

Hierna het Freud die persoonlikheidstruktuur uitgebou in 'n publikasie van 1923 Das Ich und das Es (The Ego and the Id, 1962). Dit is van besondere betekenis vir die skuldteorie, aangesien dit alle onduidelikhede in verband met die superego, die setel van skuldgevoelens, uit die weg geruim het. Verder verskaf dit ook 'n ge=heelbeeld van die wyse waarop skuldgevoelens gevorm word.

'n Belangrike aspek van skuld, naamlik die manifestasie daarvan in neurose, wat in bogenoemde werk aangeraak is, is verder uitgebou in 'n publikasie van 1924. Hier=in bespreek Freud die sogenaamde „ekonomiese probleem in masochisme" en toon hy aan dat die manifestasie van skuld in neurotiese steuringe verband hou met 'n sadis=tiese superego teenoor 'n masochistiese ego en dat die proses geïntensifiseer word deur 'n heraktivering van die verdronge oedipuskompleks (Freud, 1924, kyk Collected Papers, Bd. 2, 1957 b, p. 266).

Die laaste fundamentele toevoeging tot die skuldteorie is die publikasie van 1930 (Civilization and its Discontents), waarin Freud skuld voorhou as die prys wat betaal moet word vir kulturele vooruitgang.

In dié werk word 'n sentrale plek toegeken aan aggressie, aangesien Freud daarin verduidelik hoe die superego 'n nuwe bron van krag bekom in die vorm van aggressie wat geïnternaliseer word om dan teen die ego gerig te word as skuldgevoelens. Laasgenoemde word beleef as 'n spanningstoestand tussen die ego en superego, en dit word gemanifesteer as 'n behoefte aan straf (Freud, 1957a, p. 105).

Met die voorgaande aanduiding van die verskillende hoogtepunte in die ontwikkeling van sy skuldteorie as agtergrond, kan vervolgens gelet word op Freud se beskouing in verband met die ontwikkeling van skuld en skuldgevoelens.

## 3. Die ontwikkeling van skuld en skuldgevoelens

Om te onderskei tussen individuele skuld en skuldge= voelens en dié van die mensdom as geheel, sal gepraat word van solidêre teenoor individuele skuld.

### 3.1 Die ontwikkeling van solidêre skuld

Aangesien alle gestaltes van individuele skuld en skuld= gevoelens, bewus of onbewus, afgelei word van, of ontleen word aan solidêre skuld, en die grondslag daarvan

vorm, is dit noodsaaklik om die herkoms en ontstaan daarvan na te gaan. Vir die doel van die uiteensetting word hoofsaaklik gebruik gemaak van Freud se uiteenset= ting in Totem and Taboo, die genoemde studie van pri= mitiewe kulture.

Om Freud se uiteensetting sinvol weer te gee, stel skrywer vier uitgangspunte waarvolgens Freud se rede= nasie begryp kan word.

### 3.1.1 Uitgangspunte en bespreking

- Die psigiese lewe van neurote (wat gekenmerk word deur intense skuldervaringe) stem grootliks ooreen met dié van die primitiewe mens.
- Die vroegste samelewingsvorm waarheen die primi= tiewe „kulture" teruggevoer kan word is die oerhorde.
- Die sogenaamde oermoord is die sleutelinsident in die oerhorde, want dit het aanleiding gegee tot die solidêre skuld van die mensdom.
- Die instrument waarmee die solidêre skuld oorgedra is na daaropvolgende geslagte is die sogenaamde „massa= psige".

#### 3.1.1.1 Ooreenstemming tussen die psigiese lewe van neurote en die van die primitiewe mens

Uitgaande van die veronderstelling dat neurose intiem vervleg is met onopgeloste seksuele probleme van infan= tiele aard, en dat die neuroot gekenmerk word deur 'n ongekende vrees vir bloedskande en die blote gedagte

daaraan, het Freud gevind dat hierdie probleem ook sen= traal gestaan het in die lewe van die primitiewe volkere en dat talle taboes en verbiedinge ingestel is om 'n moont= like bloedskendige daad te voorkom.

Uit 'n studie van die Australiese Inboorlinge, as tipiese voorbeeld van 'n primitiewe kultuur, het Freud bevind dat hulle geen wonings gebou, voedsel verbou of selfs kul= tuurgoedere soos pottebakkery aangeleer het nie. Nie= teenstaande hierdie primitiewe lewenswyse het dié oergroep egter die strengste moontlike maatreëls getref om bloed= skande te voorkom (Freud, 1965, p. 2).

Die kultuur van die groep word beskyf as 'n totemkul= tuur en volgens Freud behels dit die volgende: die gemeenskapslewe as geheel sentreer om 'n bepaalde dier of plant wat as heilig beskou word en dus nie gedood of aangeraak mag word nie. 'n Besondere kenmerk van dié kultuur is die reeds genoemde verbod op bloedskande. Dit word gereël deur 'n stelsel van eksogamie, waar= volgens 'n lid van een gemeenskap verbied word om te trou, of geslagsgemeenskap te beoefen met 'n lid van dieselfde gemeenskap of totem (p. 6).

Uit sy analise van die totemkultuur maak Freud die ge= volgtrekking dat die gevoel van afsku by die gedagte aan bloedskande essensieel infantiel is en dat dit baie ooreenstem met die psigiese gesteldheid van neurote. Die ooreenkoms bestaan daarin dat die neuroot, net soos die primitiewe mens, in sy psigiese lewe gepre= okkupeer is met die vraagstuk van bloedskande. Hy openbaar dus 'n vorm van psigiese infantilisme, soos

Freud dit stel, en dit spruit uit die onvermoë om hom=self te bevry uit die oedipale psigoseksuele toestand van sy kinderjare, of dit word veroorsaak deur 'n regressie na die psigoseksuele toestand van die vroeë kinderjare (p. 17).

Die betekenis van dié verwantskap tussen die psigiese lewe van neurote en die primitiewe mens is daarin geleë dat dit Freud gebring het op die spoor van 'n dieper=liggende ooreenkoms, naamlik dié tussen die primitiewe taboes en die gewetensfunksie by neurote. Hierdie oor=eenkoms is van groot belang, aangesien die teorie aangaande objektiewe skuld sy beslag daarin gekry het.

Na die mening van Freud is taboes die oertydse ver=biedinge en beperkinge wat deur 'n bepaalde outoriteit op die mens van die primitiewe tyd afgedwing is. In alle gevalle was dit gerig teen die sterkste begeerte waaraan die primitiewe mens onderworpe was, naamlik bloedskande en die vernietiging van die totemkultuur en totemobjek.

Die kern van die saak is dat taboes ingestel is om oortredinge te voorkom in alle aangeleenthede in verband waarmee daar 'n ambivalente houding bestaan het, naam=lik die drang tot bloedskande en die skending van die totemobjek.

Die verband tussen taboe en gewete blyk uit Freud se bewering dat daar ook gepraat kan word van 'n taboe=skuldgevoel (p. 67). Kortliks bestaan die ooreenkoms

daarin dat die gewete, net soos die taboes, uit ambiva=
lensie ontwikkel het. In die geval van die taboes was die
ambivalensie gerig teen die vader of priester wat in die
weg gestaan het van die bloedskendige wense, maar tog
ook liefdesgevoelens ontlok het. Parallel hiermee moes die
gewetensfunksie ook ontstaan het uit konflikterende begeer=
tes of houdinge te wete die liefde vir die ouer van die
teenoorgestelde geslag. Die gewete is dan die produk van
die oorwinning van die ambivalensie, naamlik die oplos=
sing van die oedipuskompleks.

### 3.1.1.2 Die „oerhorde" as vroegste samelewingsvorm

Om die derde uitgangspunt, naamlik die „oermoord", te
begryp, is dit noodsaaklik om te onthou dat die oerhorde
wat hierbo beskryf is, volgens Freud die eerste vorm
van samelewing was, waaruit alle latere kultuurgroepe
gespruit het.

Die begrip is ontleen aan die sogenaamde „primal horde"
- 'n benaming wat Freud oorgeneem het by Darwin, na
aanleiding van laasgenoemde se studie van die oorsprong
van die menslike samelewing.

### 3.1.1.3 Die oermoord as katalisator van solidêre skuld

Uit die ooreenkoms tussen die psigiese lewe van neu=
rote en die primitiewe mens, asook die feit dat die
moderne beskawing teruggevoer kan word na die oer=
hordestadium, het Freud afgelei dat die skuldproblema=
tiek (tesame met die vrees vir bloedskendige gedagtes)

wat so kenmerkend is van die neurotiese persoon, gefun=deer moet wees in 'n gebeurtenis uit die dae van die oerhorde, naamlik die sogenaamde oermoord.

Ten tyde van die moord het die primitiewe mense in relatief klein groepies saamgewoon. Binne die patriargale groepies is alle gesag gedra deur die jaloerse, heers=sugtige vader - gewoonlik was dit die oudste en sterkste man. As gevolg van die jaloesie van die vader is die seuns verdryf sodat die vrouens almal sy eiendom ge=wees het.

Op 'n dag het die verdrewe seuns byeengekom en hul vader vermoor. Ofskoon die vermoorde vader selfs deur die seuns geëet is, ten einde volledig met hom te kon identifiseer en dus sy krag te kon absorbeer, moes hulle volgens Freud dieselfde teenstrydige gevoelens ervaar het wat so kenmerkend is van die ambivalente vaderkompleks van jong kinders en neurote (p. 143).

Hul wraakgedagtes jeens die vader is wel bevredig deur die moord, maar omdat hulle hom desondanks ook lief=gehad het, moes dié verdronge liefdesgevoelens hulself ook laat geld. Dit het die vorm aangeneem van <u>berou</u>. Freud skryf dat die skuldgevoel wat as gevolg van die moord beleef is, saamgehang het met die gevoel van berou wat dwarsdeur die groep ervaar is. Dit is ge=manifesteer in die vestiging van 'n taboe-objek wat as substituut vir die vermoorde vader moes dien. Die vrug van die moord, naamlik die vrouens, is eweneens afge=wys, aangesien die seuns hulle van die vrouens wat nou hul eiendom was, onthou het. Op dié wyse het die skuld=

gevoel, spruitende uit die vadermoord, aanleiding gegee tot die vestiging van die twee fundamentele taboes van die totemstelsel, naamlik moord en bloedskande.

Dat daar 'n duidelike band bestaan tussen die oermoord en die probleme van die moderne samelewing, blyk volgens Freud uit die feit dat genoemde twee basiese taboes ook ooreenstem met die verdronge begeertes van die oedipus= kompleks.

3.1.1.4 Die oordrag van dié skuldgevoel na daaropvolg= ende geslagte

Ofskoon Freud erken dat hy geen bevestiging daarvoor het nie, lei hy uit die ooreenkoms tussen die psigiese lewe van neurote en die primitiewe mens af dat die oorspronklike skuldervaring, waardeur die ganse mens= heid skuldig geword het, na die daaropvolgende geslagte oorgedra moes gewees het, en vir die doel van dié oordrag maak hy die aanname van die sogenaamde „massapsige" waardeur insidente oorgedra kan word na volgende geslagte (1965, pp. 157 - 158).

Opsommend bestaan die teorie van die ontstaan van objektiewe skuld dus daarin dat sekere aspekte van die psigiese lewe van neurote dermate ooreenstem met dié van primitiewe mense dat die ontstaan van skuld en gewete teruggevoer kan word na die oermoord wat uitgeloop het op die instelling van eksogamie en taboes, ter voorkoming van bloedskande, aangesien dit die skuldlas sou beperk.

## 3.2 Die ontwikkeling van individuele skuld as skuld=gevoelens

Waar die analise van solidêre skuld 'n studie van die primitiewe kultuur genoodsaak het, veronderstel die onder=soek na die herkoms en uitwerking van individuele skuld en skuldgevoelens 'n studie van twee aspekte:

- die ontwikkeling van die persoonlikheidstruktuur; en
- die ontwikkeling van kultuur.

### 3.2.1 Skuld en skuldgevoelens as funksie van persoon=likheidsfunksionering

Gedurende die twintigerjare van die huidige eeu was die skuldproblematiek vir Freud gesetel in die persoonlik=heidstruktuur. Aangesien die probleem van skuld en skuld=gevoelens verband hou met elke aspek van die persoon=likheidstruktuur, moet volledig hieraan aandag gegee word, asook aan die oedipuskompleks, wat 'n belangrike gebeur=tenis is tussen die fases wanneer die ego en superego ontwikkel.

#### 3.2.1.1 Die id

Dit verteenwoordig al die impulse waarmee die kind gebore word, dit wil sê ook die seksuele dryfveer wat reeds vanaf die vroegste lewensjare verantwoordelik is vir die ambivalensie, dit is die botsing tussen konflikterende be=hoeftes en gevoelens wat tot skuldgevoelens aanleiding gee.

Omdat die ego en superego in die klein kinderjare nog nie funksioneer nie, streef die baba of jong kind na totale uitlewing van behoeftes. Vir die doel van behoeftebevre= diging word hy primêr gemotiveer deur die id, wat volgens Freud geen waardes besit nie, en eerder getipeer moet word as die reservoir van instinktiewe gedrag (Freud, 1962, p. 54 en 1949b, p. 99).

Implikasies vir die ontstaan van skuldgevoelens: die id wat al die drifte, drange en seksuele begeertes huisves, bevat die grondstof vir alle skuld en skuldgevoelens. Mens kan dus beweer dat die id-impulse wat vir die oermoord verantwoordelik was, (die seuns wou die vader immers uitskakel om die vrouens te bekom ter wille van drifbe= vrediging) in elke individu opnuut die krag is wat aan= leiding gee tot seksuele begeertes en gedrag, waardeur die skuldopwekkende meganisme, dit is die superego, ge= aktiveer word om tot die registrasie van skuldgevoelens aanleiding te gee.

### 3.2.1.2 Die ego

Namate die kind ouer word, dit wil sê tussen twee en drie jaar, ontwikkel uit die id 'n tweede aspek van die persoonlikheid, naamlik die ego. Hierdie ontwikkeling ge= skied deurdat 'n gedeelte van die id deur die invloed van die eksterne omgewing verander word. Dit vind plaas deur die opvoeding waartydens sekere waardes aan die kind oorgedra word om sodoende die lusbeginsel van die id te vervang met die realiteitsbeginsel van die ego (Freud, 1962, p. 15).

Die onderskeid tussen die ego en id is daarin geleë dat eersgenoemde die georganiseerde gedeelte van die persoon=likheid vorm, terwyl die id 'n amorfe massa van ongeor=ganiseerde impulse is. Op 'n stadium het Freud die ego beskryf as die georganiseerde gedeelte van die id (1936, p. 30).

Implikasies vir skuld: die intrede van egofunksionering loop nie outomaties op die ervaring van skuldgevoelens uit, indien 'n oortreding begaan is nie, aangesien die superego dan nog nie gevorm is nie. Egofunksionering kan slegs tot sosiale angs aanleiding gee - 'n aspek wat her=haaldelik deur Freud beklemtoon is, byvoorbeeld Freud (1957a, p. 107).

Die klein kind beleef skuld dus nie dadelik as skuldge=voelens nie, omdat die gewete nog nie ontwikkel is nie. Gevolglik word enige oortreding ervaar in terme van 'n vrees vir die verlies van die ouerliefde. Hierdie vrees is 'n funksie van die kind se onselfstandigheid en totale afhanklikheid van sy ouers. Omdat hy nog nie as volle=dige mens funksioneer nie, is hy nie in staat om te onderskei tussen reg en verkeerd nie, en is sy enigste kriterium dus die vrees vir liefdesverlies. Dié vrees (oftewel sosiale angs) word nie net ervaar na 'n daad van oortreding nie maar volg selfs op 'n moontlikheid van 'n liefdesverlies.

'n Baie belangrike ontwikkeling wat plaasvind gedurende die tydperk waarin die ego sy funksionering bekom, is die intrede van die <u>oedipuskompleks</u>, wat uiteindelik tot gewe=

tensvorming aanleiding gee en daardeur die egte skuldme= ganisme in werking stel. Omdat mens uit Freud se teorie kan aflei dat die oedipuskompleks gedurende hierdie ont= wikkelingsfase die herlewing is van die oermoordsituasie van ambivalensie jeens die ouer van dieselfde geslag, is dit uiters betekenisvol vir sover dit die impli= kasies daarvan vir individuele skuldgevoelens aanbetref. Gevolglik is dit noodsaaklik om dié kompleks volledig te analiseer.

### 3.2.1.3 Die oedipuskompleks

Wat in dié fase plaasvind is dat die kind sy libido (innerlike drifkrag, volgens Van den Berg, 1970a, p. 111) vir die eerste keer op 'n eksterne objek begin rig, naam= lik die ouer van die teenoorgestelde geslag. So ontwikkel die seun dus 'n libidinale gerigtheid op die moeder. As gevolg van dié erotiese aangetrokkenheid tot haar raak hy baie jaloers op die vader en begin hom selfs haat (Freud, 1962, p. 21).

Soos tydens die oermoord koester die seun nou bloed= skendige wense jeens die moeder, en omdat die vader 'n struikelblok vorm wat bevrediging van hierdie wense ver= hoed, ontwikkel daar intense vyandigheidsgevoelens jeens hom. Dit neem selfs die vorm van doodswense aan.

Te midde van die ambivalente houding jeens die vader besef die kind egter sy afhanklikheid van hom en word hy ook gemotiveer deur sy kastrasieangs (Freud, 1962, pp. 47 -48 ; en 1949a, pp. 57 - 59).

Vir ons doel is dit egter belangrik om daarop te let dat die doodswense teen die vader 'n outomatiese herlewing is van die oorspronklike skuldsituasie (die oervadermoord) en dat die skuldbesef wat hiermee gepaard gaan, kragdadig verdring word in die proses van identifikasie met die vader.

Ofskoon die oedipussituasie veel ingewikkelder kan wees as wat hier uiteengesit is, is die resultaat van die daar= opvolgende verdringing en identifikasie met die vader altyd die vorming van 'n presipitaat in die ego en dit heet die superego. Freud verklaar dat dit neerkom op 'n wysiging van die ego, waardeur die superego-gedeelte die ego voortdurend met bepaalde verbiedinge konfronteer ten einde die optrede daarvan te beheer (1962, p. 24).

Indien die ego, via die superego, die oedipuskompleks volledig verdring het, behoort daar geen patologiese skuldgevoelens in die latere lewe te ontstaan nie, maar indien die verdringing slegs gedeeltelik geslaag het, vorm die onopgeloste oedipuskompleks die kern van 'n latere neurotiese toestand.

Dit bring ons by die derde faset van die persoonlikheid, naamlik die superego, oftewel setel van skuldbewussyn.

3.2.1.4 Die superego

Dit is die resultaat van die introjeksie (internalisasie of verinnerliking) van die waardes en norme wat deur die ouers via die opvoeding op die kind oorgedra is. Waar

die ego betrekking het op die realiteit, in teenstelling met die id wat blindelings na drifbevrediging streef, is die superego gerig op 'n ideaal - vandaar ook die wisselnaam, ego-ideaal, dit wil sê die ideaal waarna die ego streef.

Die eerste probleem in verband met superegofunksionering is die vraag of dit as die „gewete" vertolk mag word, met ander woorde of dit sinoniem is daarmee. Volgens Freud se geskrifte blyk dit dat die twee wel vir alle praktiese doeleindes gelykgestel kan word, indien die term in verband gebring word met die registrasie van skuldge=voelens.

Freud skryf egter dat die superego streng gesproke dié afgeleide instansie is wat onder andere die gewetensfunk=sionering huisves (1949b, p. 82). Dus: gewetensfunksio=nering is 'n funksie van die superego. Die ooreenkoms tussen die begrippe superego en gewete blyk egter uit die volgende aanhaling:

„The sense of guilt, the severity of the super-ego, is therefore the same thing as the rigour of conscience" (1957a, p. 129).

Omdat daar 'n intieme verband bestaan tussen superego=vorming en die deurwerking van die oedipuskompleks, word ook die volgende aanhaling verskaf, waaruit die verband duidelik blyk. Freud skryf:

„The broad general outcome of the sexual phase governed by the Oedipus complex may, therefore, be taken to be the forming of a precipitate in the ego, consisting of these two identifications in some way combined together. This modification of the ego retains its special position; it stands in contrast to the other constituents of the ego in the form of an ego-ideal or superego" (Freud, 1962, p. 24).

Omdat die superego so 'n invloedryke faset van die per=soonlikheid is, moet stilgestaan word by die funksies daarvan. Dit kan onder die volgende hoofde saamgevat word:

### 3.2.1.4.1 Die beherende funksie

In 'n positiewe sin verskaf die superego die riglyne waar=volgens die ego die gedrag van die individu moet rig. Hierdie funksie is ontleen aan die feit dat die superego die opvolger van die ouers is, aangesien dit die plek van die ouers in die lewe van die kind ingeneem het betref=fende die wyse waarop hy moet optree (Vgl. bv. Freud, 1949a, p. 77; 1962, p. 48, en p. 24).

### 3.2.1.4.2 Die bestrawwende funksie

Dit is ontleen aan die feit dat die superego 'n alwetende karakter bekom (aldus Freud, 1957a, p. 129). Hierdeur is dit in staat om nie net die daadwerklike oortredinge van die ego-ideaal (dit is die ideaalbeeld wat die indivi=du opgebou het uit die interaksie met sy ouers en ander opvoeders en wat die doel is waarna hy strewe) nie, maar ook fantasiegedagtes in verband met oortredings raak te sien en te straf. Die bestrawwende funksie van die superego is dan die skuldgevoelens waarmee die ego gepynig word.

Die bestrawwende funksie is dus drieledig:

- dit dwing die noodsaaklikheid van verdringing van seksuele impulse op die ego af;
- dit beperk die aktiwiteite van die ego deur die talle

verbiedinge en strafmaatreëls teen die ego; en

. dit veroorsaak voortdurende spanninge tussen ego en superego, aangesien dit nie net oortredinge straf nie, maar ook intensies tot oortreding (Freud, 1949a, p. 52).

Ofskoon die bestrawwende funksie van die superego ook positiewe waarde het, kan die positiewe funksie later oorskadu word deur negatiewe intensifikasies van die be=strawwende funksie. Dit kan veral aan die oedipuskompleks, en spesifiek die tempo waarteen dit verdring is, gekoppel word. Hieroor laat Freud homself soos volg uit:

„The more rapidly the Oedipus complex was and the more rapidly it succumbed to repression (under the in=fluence of discipline, religious teaching, schooling and reading) the more exacting later on is the domination of the superego over the ego in the form of conscience or perhaps of an unconscious sense of guilt"(Freud, 1962, pp. 24 - 25; 1949a, p. 78).

Die toenemende dominansie van die superego kan selfs só erg word dat die sadistiese superego 'n masochisme in die ego in die hand kan werk, indien die verdronge oedipuskompleks geheraktiveer word. In sulke gevalle word die skuldgevoel beleef as 'n onbewuste behoefte aan straf. In neurotiese toestande is dit 'n algemene verskyn=sel (Freud, 1924, kyk Collected Papers, Bd. 2, p. 266).

In aansluiting by die bespreking van die ego waar ge=meld is dat daar nog slegs sprake is van sosiale angs wanneer die ego begin funksioneer, verander die koms van die superego die belewing van sosiale angs na skuldgevoelens. Freud skryf dat die manifestasies van

die gewete as't ware na 'n hoër vlak verskuif, omdat die aanvanklike vrees vir die verlies van die ouerliefde ver= ander na 'n vrees vir die gemeenskap, naamlik 'n vrees dat die eie gedrag deur die gemeenskap verwerp sal word en dat straf vir verkeerde dade sal volg.

Opsommend: die oedipuskompleks dien as 'n katalisator waardeur die predisposisie tot skuld (die reste van die oervadermoord) geheraktiveer word en op die wyse tot die ontstaan van individuele skuldgevoelens aanleiding gee, hoewel dit slegs as sosiale angs ervaar word. Eers wanneer die superego ten volle funksioneer kan daar van skuldgevoelens in die ware sin van die woord gepraat word.

### 3.2.2 Skuld en skuldgevoelens as funksie van kulturele ontwikkeling

Die feit is reeds genoem dat Freud veral as gevolg van die verwoesting van die Eerste Wêreldoorlog intens bewus geword het van die rol van aggressie as een van die determinante van menslike gedrag.

Die gevolg hiervan was dat Freud sy drifteorie sodanig gewysig het dat hy in sy laaste werke van twee teen= oorstaande drifte begin praat het, naamlik die lewensdrif (eros) teenoor die doodsdrif (thanatos).

Dié wysiging van die drifteorie moes uiteraard implika= sies vir die persoonlikheidstruktuur inhou en gevolglik ook invloed uitoefen op die skuldteorie. Dié implikasies kan as volg geformuleer word:

3.2.2.1 Die groter klem op aggressie bring mee dat skuld ook gesien word in terme van instinktiewe aggressie

Waar Freud voorheen geskryf het dat skuldgevoelens ont= staan as gevolg van verdronge drifte, word in die gewysig= de superegobeskouing melding gemaak van „instinktiewe aggressie" wat geïntrojekteer of geïnternaliseer word en daardeur in werklikheid teruggestuur word na die plek van oorsprong, naamlik die ego. Sodra dié herversending van aggressie plaasvind, word dit deur 'n deel van die ego oorgeneem wat homself van die res van die ego onderskei. Hierdie nuwe deel heet die superego en dit oefen dieself= de onredelikheid op die individu uit as wat laasgenoemde teen ander individue sou uitoefen (Freud, 1957a, p. 125).

Ons moet dus aflei dat enige instinktiewe handeling ook komponente van aggressie bevat en dat die rol van laas= genoemde met dié wysiging van die superegobeskouing sterker beklemtoon word. Die spanning tussen ego en superego wat as skuldgevoel beleef word, moet kragtens dié wysiging vertolk word as aggressie wat teen die self gerig word.

„The aggressiveness is introjected, 'internalized'; in fact, it is sent back where it came from, i.e. directed against the ego. It is there taken over by a part of the ego that distinguishes itself from the rest as a superego, and now, in the form of 'conscience', exer= cises the same propensity to harsh aggressiveness against the ego that the ego would have liked to enjoy against others" (Freud, 1957a, p. 105).

Ten opsigte van die ontstaan van skuld behels dié nuwe superegobeskouing dus die volgende: dis nie die verdring= ing van seksualiteit op sigself wat tot skuldgevoelens aan=

leiding gee nie. Verdringing daarvan aktiveer die aggres= siewe komponent van seksualiteit en omdat dié aggressie ook verdring moet word, lei dit tot skuldgevoelens.

"..... the thwarting of the erotic gratification provokes an access of aggressiveness against the person who inter= fered with the gratification, and then this tendency to aggression in its turn has itself to be suppressed. So then it is, after all, only the aggression which is changed into guilt, by being suppressed and made over to the super-ego" (Freud, 1957a, p. 131).

3.2.2.2 Hoewel skuld aan aggressie gekoppel word, ver= ander dit nie die siening in verband met die rol van die oedipuskompleks nie

Selfs na dié wysiging van die superegobeskouing het Freud nog voet by stuk gehou in verband met die belangrikheid van die oedipuskompleks. 'n Nuwe kwalifikasie van die oer= moord as grondslag van die oedipuskompleks is egter by= gevoeg. Dit lui dat die aggressie tydens die oermoord= situasie nie onderdruk is nie maar uitgeleef is. Die feit dat skuldgevoelens in die daaropvolgende geslagte voorge= kom het in die afwesigheid van 'n eksplisiete vadermoord, moet dus teruggevoer word na die alwetende kenmerk van die superego wat sy ontstaan te danke het aan die oer= moord. Omdat dit geen onderskeid maak tussen uitgevoerde aggressie en intensie tot die daad van aggressie nie, word beide belewinge oor dieselfde kam geskeer en loop altwee dus uit op skuldgevoelens.

'n Tweede kwalifikasie waardeur die oedipuskompleks vir Freud sy betekenis behou, is dat die oermoord ook ge= sien moet word in terme van ambivalente belewinge. Die

moordenaarseuns het die oervader liefgehad maar terselfdertyd gehaat. Gevolglik het hul liefdesgevoelens, nadat die haatgevoelens bevredig is, tot uitdrukking gekom in berou voor die laakbare daad. Hierdie berou is moontlik gemaak deur die superego wat ontstaan het uit die identifikasie met die gestorwe vader. Hierdeur het die superego die mag van die vader bekom om alle aggressiewe neigings te straf, net soos die vader self gedoen het.

Omdat die aggressiewe neigings jeens die vader in die daaropvolgende geslagte herhaal is, het ook die gepaardgaande skuldgevoelens bly voortbestaan en is hulle telkens versterk wanneer die aggressie opnuut onderdruk en aan die superego oorgemaak is.

3.2.2.3 Vanuit die oogpunt van kulturele voortbestaan vervul skuld en skuldgevoelens 'n positiewe funksie in die sin van voorkoming van aggressie

Om hierdie stelling te begryp moet mens onthou dat Freud die skuldproblematiek uiteindelik vertolk het as resultaat van die konflik tussen eros en die doodsinstink (1957a, p. 121).

Sodra die mens gekonfronteer word om met sy medemens saam te leef, word die konflik aangewakker, aldus Freud. Binne die gesinsverband kom dit tot uiting in die oedipuskompleks, waardeur die ontwikkeling van die gewete gestimuleer word en die eerste „skuldgevoelens" (sosiale angs) ervaar word.

Sodra die mens in 'n wyer samelewingsverband moet leef, word dieselfde konflik herhaal en geïntensiveer, waardeur 'n verdere versterking van die skuldgevoel plaasvind. Omdat die kultuur die mens as 'n organiese eenheid saam=bind, moet dit ook die middele voorsien waardeur die voortbestaan van die mens verseker word. Dit is volgens Freud slegs moontlik mits die bestaande skuldgevoelens vererger word op die grondslag van die interne konflik van ambivalensie, dit is die ewige stryd tussen liefde en die destruktiewe of doodsinstink (pp. 121 - 122). Die skuldgevoel wat altyd erger word, staan dus in diens van die voortbestaan van die mensheid.

#### 3.2.2.4 Die verband tussen skuld en kultuur lei tot 'n nega=tiewe interpretasie van skuld en skuldgevoelens

Vanuit psigoanalitiese perspektief is die verband tussen die skuldproblematiek en kulturele vooruitgang intiem vervleg. Hoe onlosmaaklik die twee gekoppel is, blyk uit die volgende aanhaling:

"... the price of progress in civilization is paid in forfeiting happiness through the heightening of the sense of guilt"(Freud, 1957a, p. 123).

As sodanig suggereer hierdie aanhaling nie 'n negatiewe evaluering van die waarde van skuld nie. Soos dit egter duidelik sal blyk as die probleem van neurotiese skuld bespreek word, asook die terapeutiese benadering tot die skuldproblematiek, het Freud, vanweë sy antagonisme jeens die heersende kulturele milieu van sy tyd, deur=gaans 'n negatiewe evaluering van skuld gehandhaaf.

## 3.3 Kritiek teen Freud se skuldbeskouing

### 3.3.1 Besware teen die siening van solidêre skuld

Omdat die kern van Freud se beskouing in verband met solidêre skuld geleë is in die primêre skuldhandeling, naamlik die oermoord, word slegs hierteen kritiek inge= bring.

Die belangrikste kritiekpunt is dat die oerhorde-hipotese wat Freud regstreeks oorgeneem het by die Skot, William Robertson Smith (laasgenoemde in navolging van Darwin), nie op aanvaarbare gronde berus nie, en dat die hele argument in verband met die oermoord daardeur in duie stort. Slegs twee argumente teen dié hipotese word aan= gehaal.

- Die veronderstelling dat die vader van die oerhorde deur sy seuns vermoor is, is 'n blote vermoede (Kroeber, in Allers, 1948, p. 211).

- Die totemistiese offer aan die totemobjek, wat so 'n belangrike deel van Freud se argument uitgemaak het, is onder etnoloë 'n onbekende verskynsel - dit is dus ook nie 'n volledig bewese feit nie (Allers, 1948, p. 211). (Vergelyk ook Tiebout, 1958, p. 344).

Met hierdie gegewens voor oë moet mens dus aflei dat Freud nie daarin geslaag het om 'n aanvaarbare verkla= ring vir die skuld van die mensheid daar te stel nie. Dit bring ons by die kritiek teen die beskouing van indi= viduele skuld en skuldgevoelens.

### 3.3.2 Kritiek teen die siening van individuele skuld en skuldgevoelens

Die eliminasie van Freud se teorie in verband met die oermoord as grond vir die skuld van die mensheid, im= pliseer dat sy beskouing van individuele skuld ook be= vraagteken moet word. Dit is immers gefundeer in die oedipuskompleks wat ook ontleen is aan die oermoord. Ter wille van die logiese ordening word verskillende argumente egter genoem. Die argumente sentreer om drie aspekte, naamlik:

- die bestaan en interpretasie van die oedipuskompleks;
- die voorstelling van die gewete as superego;
- die weergawe van moraliteit in verband met super= egofunksionering.

#### 3.3.2.1 Besware teen die oedipuskompleks

##### 3.3.2.1.1 Besware teen die inhoud en tydstip waarop dit ontstaan

Binne die psigoanalitiese kringe is daar heelwat besware teen sekere aspekte van die oedipuskompleks. Een sodanige beswaar is dié van Melanie Klein (1928, p. 167). Sy beweer dat die kompleks reeds gedurende die eerste lewensjaar ontwikkel en dat dit eerder spruit uit die intieme dinamika van die moeder-kindverhouding as uit die drieledige vader-moeder-kindrelasie, soos deur Freud ge= stel.

3.3.2.1.2 Besware teen die universaliteit van die oedi=puskompleks

Verskeie etnologiese ondersoeke het bevindinge gelewer waardeur die geldigheid van die oedipuskompleks as 'n universele verskynsel ernstig bevraagteken is. Die drie belangrikste ondersoekers in dié verband is: Malinowski, Margaret Mead en Ruth Benedict. Van den Berg, (1970a, pp. 222 - 225) som hul bevindinge soos volg op:

Malinowski het bevind dat die oedipuskompleks slegs binne 'n patriargale samelewingsverband voorkom.
Ruth Benedict het gekonkludeer dat enkeling en samele=wing nie antagoniste is, soos Freud beweer het nie; en Margaret Mead het vasgestel dat die psigiese bestaan van die enkeling in hoë mate bepaal word deur die be=wuste, sowel as die nie-geformuleerde (dit wil sê onbe=wuste) norme van die samelewing.

Uit hierdie bevindinge is een aspek duidelik, naamlik dat die oedipuskompleks nie 'n universele verskynsel was, soos Freud gemeen het nie.

'n Ander kritiekpunt in die verband is dié van Karen Horney. Omdat sy 'n kultureel-gewortelde benadering tot neurose gehad het, het sy kennis gedra van bogenoemde etnologiese navorsing. In een van haar publikasies (Horney, 1937,pp. 16-17) word hiervan melding gemaak. Uit haar agtergrondkennis, tesame met haar eie kliniese bevindinge, het Horney tot die konklusie gekom dat die oedipuskompleks nie universeel kon wees nie. Sy wys

byvoorbeeld daarop dat Freud die verskynsel slegs by neurotiese persone aangetref het, en op grond daarvan die verskynsel tot 'n universeel geldige fenomeen veralge= meen het (Horney, 1937, pp. 82 - 83).

3.3.2.1.3 Besware teen die interpretasie van die oedi= puskompleks

Drie besware word bespreek, naamlik:

. Die onwaarskynlikheid dat die kind in so 'n seksueel= gekleurde verhouding met die ouers betrokke kan raak dat dit tot neurotiese steuringe kan lei.

Freud se beskouing dat die kind die potensiaal besit om 'n erotiese betrokkenheid op die ouer van die teenoorge= stelde geslag te ontwikkel, word volgens die beswaar be= vraagteken, aangesien die leer van infantiele seksualiteit verwerp word as 'n projeksie van volwasse seksualiteit op die lewe van die kind (Vergelyk Wijngaarden, 1969, pp. 173 - 174; en Horney, 1937, p. 84).

. Die oedipuskompleks is nie die produk van 'n be= paalde eroties-gekleurde verhouding nie maar 'n bepaalde opvoedingspatroon.

Vanuit 'n sosiaal-georiënteerde beskouing meen Adler dat die oormatige binding tussen ouer en kind die resultaat is van 'n oorbeskerming waardeur die kind moedergebonde bly, omdat sy egosentriese eise nie summier vanuit die sosiale omgewing gehoorsaam word nie (Adler, in Progoff, 1956, p. 66).

. Waar die oedipuskompleks wel voorkom is dit 'n simp= toom van onopgeloste seksuele konflikte by die ouers van die kind.

Verteenwoordigers van dié standpunt meen dat alle gevalle van 'n oorintieme binding tussen ouer en kind 'n weer= spieëling is van 'n ongesonde verhouding tussen die ouers en selfs van neurotiese trekke by laasgenoemde. In stede van 'n oorgawe aan die huweliksgenoot stort die ouer van die teenoorgestelde geslag sy aandag en liefde op oordrewe wyse op die kind uit.

Horney stel dit as volg:

„... I know of no case in which it was not neurotic parents who by terror and tenderness forced the child into these passionate attachments, with all the implica= tions of possessiveness and jealousy described by Freud" (1937, p. 84).

3.3.2.2 Besware teen die superego

3.3.2.2.1 Besware teen die begrip as sodanig

Ausubel (1952, p. 8) vra die vraag of die begrip „superego" enigsins nodig is vir 'n begrip van skuld, indien die ego alle verantwoordelikheid het ten opsigte van realiteitstoetsing en die verdringing van alle sosiaal-onaanvaarbare elemente van die id. Onder dié omstandig= hede is dit syns insiens beter om te volstaan met die begrip „gewete".

#### 3.3.2.2.2 Besware teen die voorstelling van die gewete as „superego"

Die essensie is dat die begrip „gewete" nie vereenselwig kan word met die voorstelling daarvan in die geskrifte van Freud nie. Daarvoor is die „superego" te eensydig uitgebeeld. Skrywer is daarvan bewus dat Freud „gewete" slegs as een van die funksies van die superego voorge=hou het, maar selfs dit kanselleer nog nie die eensydige, negatiewe uitbeelding van die superego uit nie.

Tussen die argumente wat aangehaal word, bestaan slegs nuanseverskille. Ter wille van sistematiek word hulle egter puntsgewys vermeld.

. Die uitbouing van die gewete as superego is nie aanvaarbaar nie, omdat dit volgens Fromm (1971b, p. 144) slegs een fase van gewetensontwikkeling verteenwoordig, naamlik die fase van kompulsiewe gehoorsaming van ouer=like norms en verbiedinge (Vergelyk ook Tournier, 1969, p. 63).

. Die struktuur en funksies van die superego, soos dit deur Freud uitgebou is, kan hoogstens as 'n biolo=giese metafoor vir „gewete" dien. Gesien in dié lig is die superego dus 'n verengde weergawe van die gewete (Vergelyk Caruso, 1964, p. 24).

. Omdat die skuldproblematiek nie slegs kultureel-bepaald is nie, kan die gewete of superego nie slegs voorgehou word as „geïntrojekteerde ouerlike waardes en verbiedinge" nie, ofskoon Freud hierdie mening gehuldig het.

• Maslow (1968, p. 194) en Tkacik (1964, p. 77) opper feitlik dieselfde beswaar. Hulle beweer dat die ge= wete nie slegs 'n neerslag van eksterne sanksies kan wees nie. In die vorming daarvan kan die ouerlike waar= des en norme naamlik 'n wysiging ondergaan, omdat die inhoud van die gewete uiteindelik 'n samestelling is van beide ouerlike waardes en die subjektiewe modifikasie daarvan, op grond van die andersheid en uniekheid van die individu.

• Benda stel die saak nog die duidelikste. Sy skryf as volg:

„The super-ego is not only an incorporated inhibiting force which interferes with the free expression of sexual needs, conscience represents the having of values, order, the sum total of evaluations in which the relationship to the world is experienced" (1968, pp. 243 - 244).

Met bogenoemde kritiek word nie beweer dat Freud slegs negatiewe funksies aan die superego toegeken het nie. Freud het onder andere ook gepraat van die ego-ideaal, as teken dat 'n persoon 'n positiewe ideaal nastreef. In dié verband is die superego dus 'n motiveerder om die ideaal te kan verwesenlik. Freud het selfs so ver gegaan om 'n artikel oor humor te skryf wat hy in verband ge= bring het met die superego. As sodanig weerspieël dit ook 'n positiewe faset van die superego. Die probleem is egter dat die negatiewe, bestrawwende funksies so oor= heersend uitgebeeld is, dat dit as 'n veralgemeende konsep van die superego vertolk word.

### 3.3.2.3 Besware teen die verdraaide voorstelling van moraliteit

Freud se gewetensbeskouing kan nie losgemaak word van sy siening van moraliteit nie. Die probleem is egter dat hy moraliteit verwar het met die hiperstrenge afdwinging daarvan deur sommige Victoriaanse ouers, aldus Lehrmann (in Mowrer, 1967c, p. 170).

Gevolg hiervan was die voorstelling van die gewete as 'n hiperkritiese instansie wat slegs ingestel is op bestraw= wing van die ego. (Die beskermende, koesterende funksies van die gewete is met ander woorde te swak uitgebeeld.)

Horney (1950, pp. 72 - 73) huldig dieselfde argument met haar bewering dat die superego geensins 'n weerspieëling is van moraliteit in algemene sin nie.

Die waarde van Freud se skuldbeskouing is geleë in sy beklemtoning van die determinerende faktore uit die vroeë kinderjare. Sy poging om alle skuldervaringe aan een sentrale gebeurtenis, die oedipuskompleks, te koppel, is egter onsuksesvol, omdat dit nie 'n universele verskynsel is nie. Verder is die gewetensbeskouing ook eensydig, om= dat dit nie vir enige positiewe waarde of implikasies in verband met skuld voorsiening maak nie.

## 4. Skuld en skuldgevoelens as komponent van neurose

Freud se grootste bydrae tot die studie van die skuld= problematiek is waarskynlik geleë op die gebied van psigopatologie. Om 'n saamgestelde beeld te gee van wat Freud in dié verband geskryf het, maak skrywer vier be= weringe wat bespreek word.

## 4.1 Beweringe en bespreking

### 4.1.1 Die verhouding tussen skuld en neurose is oënskyn=lik onbeduidend maar wesenlik betekenisvol

Bewuste en onbewuste skuldervaringe het, psigoanalities gesien, nie dieselfde manifestasies nie. Eersgenoemde gaan gepaard met berou, aldus Freud (1957a, p. 129). Die on=bewuste skuldervaring word egter nie primêr as 'n skuld=belewing gemanifesteer nie. Freud skryf telkens dat dit die vorm aanneem van 'n behoefte aan straf. As gevolg van dié oënskynlike skuldloosheid van die onbewuste skuld=ervaring, wil dit voorkom asof die skuldproblematiek nie verband hou met neurose nie.

Freud verseker egter telkens dat dit nie die geval is nie. Enkele aanhalings om die punt te staaf:

„It seems as though this factor, the unconscious need for punishment, plays a part in every neurotic disease" (Freud, 1949b, p. 140).

„In the course of our analytic work we have found to our surprise that perhaps every neurosis masks a certain amount of unconscious sense of guilt, which in its turn reinforces the symptoms by exploiting them as punishment" (Freud, 1957a, p. 132).

Uit bogenoemde aanhalings blyk dat skuld wel 'n belang=rike element van neurose uitmaak, ofskoon dit nie as „skuldgevoelens" beleef word nie. Word hierdie neuro=tiese skuldbelewinge geanaliseer, blyk dit dat skuld regstreeks verband hou met neurose vir sover dit die gevalle van morele masochisme betref. In 1924 skryf

Freud byvoorbeeld dat neurotiese skuldgevoelens 'n herle= wing is van die gedeseksualiseerde, verdronge oedipus= kompleks.

Kenmerkend van dié gevalle van morele masochisme is dat dit gepaard gaan met 'n behoefte om geslaan te word. Laasgenoemde is simbool van die begeerte om met die vader gemeenskap te hê, aldus Freud:

„Conscience and morality arose through overcoming, desexualizing, the Oedipus-complex; in moral masochism morality becomes sexualized afresh, the Oedipus-complex is reactivated, a regression from morality back to the Oedipus-complex is under way" (Freud, 1924, kyk Col= lected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 226).

Benewens bogenoemde geval van morele masochisme, is die skuldproblematiek ook prominent in talle gevalle van obsessiewe neurose. Reeds in 1895 het Freud aan Fliess geskryf dat obsessionele neurose die gevolg is van pre= seksuele lusgevoelens wat omgesit is in skuld (Freud, 1957b, p. 127).

Nadat hy in 1923 die versekering gegee het dat die skuldgevoel in sekere vorme van obsessionele neurose „oormatig luidrugtig" is, kwalifiseer hy hierdie opvatting in 1930 verder as hy die volgende bewering maak:

„... even in the obsessional neurosis there are people who are not aware of their sense of guilt or who per= ceive it only as a tormenting uneasiness or kind of anxiety ..." (Freud, 1957a, p. 125).

In die geval van neurotiese fobieë is die skuldelement minder sigbaar, omdat dit via verdringing en verplasing

onherkenbaar geword het. In dié verband beweer Hart (1947, p. 271) dat beide meganismes ingespan word om die pynlikheid van die skuldsituasie te verminder.

'n Goeie voorbeeld uit die Freudiaanse literatuur is die geval van „klein Hans". In sy geval is die doodswense jeens die vader, wat 'n geweldige bron van skuldgevoelens vir Hans was, draagliker gemaak deur dit te verdring en te verplaas na 'n perd, aldus die interpretasie van Hart.

### 4.1.2 Die dinamika van neurotiese skuld en skuldgevoelens is opgesluit in die dinamika van neurose

Uit die voorgaande is afgelei dat daar beslis 'n verband is tussen skuld en neurose. Die band word reeds gelê tydens die oedipusfase wanneer die instinktiewe kragte verdring word uit vrees vir kastrasie. Verdringing van die kompleks vorm dus die grondslag van neurose en neurotiese skuld.

Op verskillende plekke skryf Freud dat neurose die resultaat is van verdringing van instinktiewe kragte (byvoorbeeld Freud, 1949a, p. 35). In dieselfde werk skryf hy dat neurotiese simptome eksklusief as substituutbevredigings vir sekere seksuele impulse dien, of andersins, as maatreëls ter voorkoming van sodanige bevrediging. In die reël is die simptome 'n kompromie tussen dié twee stelle strewinge (Freud, 1957a, p. 132).

Omdat die ego die instinkte van die id egter slegs kan afweer ten koste van sy eie organisasie en beheer oor

die persoonlikheid, beteken die beheer oor die id terself= dertyd 'n afbreek van die kontrole van die ego (Freud, 1961, p. 70).

Sodra die verdronge impuls nou sy aanval en eise om bestaansreg in die ego hernu, swig die ego onder die geweldige druk, en loop die abdikasie van die ego uit op simptoomvorming, dit wil sê 'n neurotiese toestand.

Binne die raamwerk van die neurotiese toestand moet die probleem van neurotiese skuld en skuldgevoelens gesien word as deel van die angsreaksie wat sentraal is in die neurotiese toestand. Angs is immers die eerste teken dat die ego bedreig word. Die bedreiging uit die eksterne wêreld heet realiteitsangs; dié uit die id is neurotiese angs; en dié uit die superego is morele - of skuldangs.

Freud stel dit soos volg:

„When the ego is forced to acknowledge its weakness, it breaks out into anxiety; reality anxiety in face of the external world, moral anxiety in face of the super-ego, and neurotic anxiety in face of the strength of the passions in the id" (1949b, p. 104).

Dis opvallend dat Freud neurotiese skuld koppel aan die angsreaksie. Hy skryf:

„... at bottom the sense of guilt is nothing but a topographical variety of anxiety ..." (1957a, p. 125).

Omdat angs vir Freud die fundamentele verskynsel en belangrikste probleem in neurose is (1961, p. 58), is dit ook die voorwaarde vir simptoomvorming. Sodra die angs=

reaksie intree, kan daar dus eers van neurotiese skuld=gevoelens sprake wees - in die sin van 'n onbewuste behoefte aan straf.

### 4.1.3 Neurose en neurotiese skuld berus op kwantitatiewe relasies, waaronder oordrewe streng superegofunksionering

Op verskeie plekke beklemtoon Freud dat neurose 'n probleem is wat op kwantitatiewe relasies berus. Hiermee het hy bedoel dat neurose ook bepaal word deur die relatiewe sterkte van id-impulse, asook die sterkte van die superego (Freud, 1949a, p. 48).

Wat laasgenoemde betref is dit opvallend dat die superego in neurose altyd buitengewoon streng optree (Freud, 1961, p. 30).

Die strengheid van die superego word veral gesien in die gevalle van „morele masochisme". Dit is 'n toestand van buitengewone streng superegofunksionering, wat gepaard gaan met 'n masochisme aan die kant van die ego. Die verklaring hiervoor is dat die verdronge oedipus=kompleks geheraktiveer en gereseksualiseer word (Freud, 1924, kyk Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 266).

Die beste voorbeelde van hiperstrenge superegofunksionering is die obsessionele neurose waar die superego die ego straf deur allerhande strafmaatreëls in die vorm van oordrewe netheid, stiptelikheid, en konsensieusheid. Die probleem in dié geval is dat die ontwikkeling van die

superegofunksionering verder gevoer is as in die normale gevalle (Freud, 1961, p. 29). Dit moet ook gekoppel word aan die defusie van instinkte tydens die oplossing (ver=dringing) van die oedipuskompleks, waardeur die erotiese komponent nou nie meer beheer uitoefen oor die destruk=tiewe komponent nie en die superego dus toegelaat word om buitengewoon hoë eise aan die ego te stel (Vergelyk Freud, 1961, pp. 29 - 30; 1962, p. 44).

4.1.4 Die skuldbelewinge in neurose is vals, onwerklik, irrasioneel

Na skrywer se wete het Freud hierdie standpunt nooit eksplisiet gestel nie. Uit die algemene konteks van sy publikasies moet die afleiding egter gemaak word dat die sogenaamde „neurotiese skuldgevoelens" fiktief is. Om die afleiding toe te lig kan genoem word dat die „skuld=handeling" waarvan daar in die geval van neurotiese skuldgevoelens sprake is, nie 'n daadwerklike oortreding is nie. Dis slegs 'n fantasie of impuls tot oortreding. Vergelyk die volgende aanhaling van Freud.

„After this, (vorming van die superego) the omniscience of the super-ego robbed the distinction between intended aggressions committed of its significance; a mere inten=tion to commit an act of violence could then evoke a sense of guilt ..." (1957a, p. 129).

Ook funksioneer die superego hiperstreng in die gevalle van neurotiese steuringe (Freud, 1949b, p. 83). Hierdie feit is betekenisvol, aangesien 'n normale skuldgevoel slegs deur 'n normaal-funksionerende gewete geregistreer kan word.

Dit wil voorkom asof die grens tussen beoogde aggressie en uitgeleefde aggressie net dowwer word. Gevolglik word die onderskeiding by die neuroot van wat werklik en „onwerklik" is, vaag. Die resultaat hiervan is dat 'n blote neiging of intensie by die neuroot feitlik 'n „daad" word. 'n Mens kan egter nie beweer dat die neuroot nooit by die daad (reële aggressie) uitkom nie. Waar hy wel 'n daadwerklike skuldhandeling begaan, sal dit egter met <u>bewuste</u> skuldgevoelens gepaard gaan.

### 4.2 Kritiek teen Freud se beskouing van neurotiese skuld en skuldgevoelens

#### 4.2.1 Kritiek teen die drifgefundeerde grondslag van neurose

Dit mag voorkom asof kritiek teen die neuroseleer nie noodwendig kritiek teen die skuldbeskouing impliseer nie, maar omdat die twee intiem vervleg is, sal alle kritiek teen die neuroseleer ook implikasies vir die skuldbe= skouing dra. Slegs 'n paar beskouinge word weergegee.

Adler, wat veral die sosiale dimensie van menswees sterk beklemtoon het, kritiseer Freud vanweë die oor= weldigende rol van seksualiteit as etiologiese faktor in neurose en neurotiese skuldgevoelens. Volgens Tournier (1969, p. 65) se interpretasie van Adler, vertolk laas= genoemde die skuldproblematiek eerder in terme van 'n onwil om die persoonlike minderwaardigheid te aanvaar.

Jung, wat 'n meer mistiese beskouing huldig, sien skuld

en neurose ook nie slegs as oortredinge van die ego deur die drifte van die id en die eise van die superego nie, maar as 'n onvermoë om die konflikte van die hede die hoof te bied. Sy beswaar teen Freud se neuroseleer is dus die oormatige toespitsing op die verlede, naamlik die gedetermineerdheid deur drifte, aldus Van den Berg (1970a, p. 171).

Jung se skuldbeskouing is ook nie op seksualiteit en aggressie gefikseer soos dié van Freud nie. Tournier skryf dat hy skuld koppel aan die onwil om die self vol= ledig te aanvaar en ook die inhoud van die sogenaamde „skaduwee" in die bewussyn te integreer (1969, p. 65).

### 4.2.2 Kritiek teen die rol van superegofunksionering in neurose

Die belangrikste segsman in dié verband is Mowrer. Hy ontken ten sterkste dat neurotiese skuld en skuldgevoelens op oordrewe gewetensfunksionering berus en skryf dat die teenoorgestelde eerder waar is. Ter ondersteuning van sy argument haal hy 'n aantal ander outeurs aan, waaronder Stekel (in Mowrer, 1961, p. 22). Mowrer se teorie word volledig in hoofstuk drie bespreek.

### 4.2.3 Bevraagtekening van die eksklusief patologiese basis van skuld en skuldgevoelens in neurose

Andermaal is Mowrer hier die voorste kritikus. Tans kan net genoem word dat hy alle skuld in neurose interpreteer as egte skuld en skuldgevoelens - dus presies die teen=

oorgestelde standpunt as Freud (Mowrer, 1961, p. 82).

### 4.2.4 Kritiek teen die verdraaide weergawe van morali= teit as onderliggende faktor in neurose en neuro= tiese skuld

Freud het 'n uiters negatiewe siening van moraliteit ge= handhaaf. Dit was volgens hom oorstrenge maatreëls wat gehandhaaf is om menslike geluk te verwoes, weens die eis op verdringing van seksualiteit. Lehrmann beweer egter dat Freud die uiters strenge toepassing van mora= liteitsmaatreëls in die opvoeding verwar het met morali= teit self, en as gevolg daarvan albei verwerp het (in Mowrer, 1967c, pp. 169 - 170).

Runestam (in Adler, 1964, p. 292) beweer dat neurose nie die resultaat is van oormatige moraliteit nie maar van 'n verslapte moraliteit. Na sy mening hou 'n verwerp= ing van die morele inslag 'n verdringing van religie in. Klaarblyklik is die neurotiese toestand van spanning en angs dan 'n reaksie op die verdringing van religie.

## 5. Die terapeutiese proses met verwysing na skuld en skuldgevoelens

Drie aspekte word in die afdeling bespreek, naamlik:

. diagnose van skuld en skuldgevoelens;
. terapeutiese hantering daarvan;
. uitkoms van terapie ten aansien van die skuldpro= blematiek.

## 5.1 Diagnose van skuld en skuldgevoelens in neurose

Omdat die skuldelement in neurotiese steuringe altyd onbe= wus is vanweë die verdringing daarvan, kan dit nooit uit die vrye assosiasies van die pasiënt afgelei word nie. Onbewuste skuld kan dus nie gediagnoseer word aan die hand van regstreekse manifestasies daarvan nie.

Onregstreeks blyk dit egter uit die onbewuste behoefte aan straf, wat in die algemeen gemanifesteer word in 'n „negatiewe terapeutiese reaksie" (Freud, 1949b, p. 140, en 1962, p. 39).

Betreffende die ontstaan van die onbewuste behoefte aan straf meen Freud dat dit voorkom asof dit gevorm word deur 'n verlenging van die gewete na die onbewuste. Dit het ook dieselfde oorsprong as die gewete, in dié sin dat dit ooreenstem met 'n hoeveelheid geïnternaliseerde aggressie wat deur die superego oorgeneem is. Hieraan voeg hy toe:

„If only words were less incongruous, we should be justified, for all practical purposes, in calling it (die onbewuste behoefte aan straf) 'an unconscious sense of guilt'" (Freud, 1949b, p. 141).

In weerwil hiervan kan beweer word dat Freud nogtans, ten spyte van die nie-kongruensie ten opsigte van woorde, vir alle praktiese doeleindes geen onderskeid tref tussen die onbewuste skuldgevoel en die onbewuste behoefte aan straf nie. Slegs een bladsy verder praat hy naamlik weer van diegene waarin „hierdie onbewuste skuldgevoel dominant is" - verwysende na die onbewuste behoefte aan straf.

Ook in Civilization and its Discontents (1957a) praat Freud ook regstreeks van skuldgevoelens wat gemanifesteer word as 'n onbewuste behoefte aan straf (p. 105).

Na hierdie uiteensetting in verband met die ooreenkoms tussen die onbewuste behoefte aan straf en die onbewuste skuldgevoel, kan die uiteensetting in verband met diagnose van skuld voortgesit word.

Die onbewuste behoefte aan straf word volgens Freud in die algemeen vergestalt in die sogenaamde „negatiewe te= rapeutiese reaksie" (Freud, 1949b, p. 140; 1962, p. 39).

Dié reaksie hou in dat die gedrag van die pasiënt tydens terapie op 'n heeltemal teenstrydige wyse verloop as wat normaalweg verwag kan word. Freud skryf dat waar 'n pasiënt minstens tydelik van 'n simptoom ontslae kan raak wanneer 'n oplossing daarvoor verskaf word deur die terapeut, die negatiewe terapeutiese reaksie gekenmerk word deur 'n onmiddellike intensifikasie van die simptoom.

„It often needs only a word of praise of their behaviour during the cure, the utterance of a few words of hope as to the progress of the analysis, to bring about an unmistakable aggravation of their condition" (Freud, 1962, p. 40).

Hierdie verslegting van die toestand kan ook gesien word as 'n weerstand, naamlik 'n weerstand teen verbetering. Dis baie belangrik dat Freud 'n kragtige assosiasie bou tussen die onbewuste skuldgevoel en die begrip „weerstand", want in terapie het dit die implikasie dat die skuld oor= win kan word deur dié weerstand op te los.

## 5.2 Die terapeutiese proses: implikasies vir skuld en skuldgevoelens

Om die psigoanalitiese hantering van die skuldproblematiek nie uit verband te ruk nie, moet dit geplaas word in die konteks van die algemene verloop van die terapeutiese proses. Vir dié doel kan die proses in twee fases ver=deel word, naamlik:

. die aanvang van die proses en die vestiging van die terapeutiese verhouding; en

. die fase van interpretasie van vrygestelde materiaal en die analise van weerstande.

### 5.2.1 Aanvang van die terapeutiese proses: vestiging van die verhouding en vrystelling van verdronge materiaal

In hierdie fase staan die pasiënt in die voorgrond en neem die terapeut 'n minder belangrike rol in. Die klem val primêr op die uitlatinge van die pasiënt, aangesien hy nou, onder die sogenaamde fundamentele reël van psigo=analise, alles wat in sy bewussyn opkom aan die terapeut moet meedeel.

Ofskoon die beginfase nie regstreekse implikasies vir die hantering van skuld het nie, is dit in die kader van die Freudiaanse terapie belangrik, aangesien daar 'n baie goeie verhouding tot stand moet kom tussen terapeut en pasiënt alvorens die interpretasies gedoen kan word. Dit spreek vanself dat die interpretasies van die terapeut

summier verwerp sal word indien laasgenoemde nie vir die pasiënt 'n aanvaarbare figuur is nie, en om hierdie kwalifikasies te verwerf moet die terapeutiese verhouding bevredigend wees.

In dié verband het Freud ook gepraat van rapport, ofte=wel oordrag, dit wil sê die oordrag van gunstige emo=sionele konnotasies op die terapeut.

Dus: die terapeutiese verhouding is belangrik, omdat dit die voorwaarde is vir die vrystelling van inligting deur middel van vrye assosiasie. Die oorgang tussen dié fase en die volgende een word bereik wanneer die oordragsituasie in diens gestel word van die sogenaamde weerstande, aldus Freud (1913, kyk Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 360). 'n Weerstand kan omskryf word as 'n onbewuste verset van die kant van die ego, waardeur die terapeutiese verhouding bedreig word en die pasiënt nie meer in staat is tot vrye assosiasies nie.

### 5.2.2 Interpretasie van die vrygestelde materiaal en analise van weerstande

In hierdie fase waarin 'n verskeidenheid weerstande na vore tree, staan die hantering van die skuldproblematiek voorop, aangesien dit ook as 'n weerstand beskou word. Freud gaan selfs so ver as om dit as die belangrikste struikelblok in die weg van genesing te beskryf (1924, kyk Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 262).

Altesame vyf weerstande kan onderskei word: hiervan is drie in die ego gesetel. Onderskeidelik heet hulle die volgende: verdringing as weerstand; oordrag as weerstand; en 'n derde weerstand wat spruit uit die voordele wat die neurotiese toestand inhou. Laasgenoemde is die resul= taat van die assimilasie van die simptoom in die ego, aldus Freud (1961,p. 74). 'n Vierde weerstand spruit uit die id, maar die weerstand wat vir ons doel die be= langrikste is, is die een wat sy ontstaan in die super= ego het. Dit is hier waar die skuldproblematiek hom ten volle laat geld.

Oor hierdie obskure en dikwels kragtige weerstand skryf Freud die volgende:

„It seems to originate from the sense of guilt or the need for punishment; and it opposes every move towards success, including, therefore, the patient's own recovery through analysis" (1961, p. 74).

Omdat Freud van die standpunt uitgaan dat weerstande negatiewe reaksies of struikelblokke in die weg van ge= nesing is, is dit die taak van die terapeut om die weerstande te oorkom, sodat die pasiënt weer ontvanklik kan wees vir die voortgang van die terapeutiese proses.

Die aksieplan waarmee die weerstand gehanteer word, kan onderskei word in twee aspekte, hoewel Freud dit nie eksplisiet so stel nie. Een aspek is die bewusmaking van die onbewuste oorsprong van die negatiewe terapeu= tiese reaksie waarin die skuldproblematiek verskuil is; en die ander aspek is die tempering van die oordrewe super= egofunksionering wat met die negatiewe terapeutiese reaksie gepaard gaan.

5.2.2.1 Bewusmaking van die onbewuste skuldgevoel

Omdat die skuldproblematiek in neurose 'n onbewuste kwessie is, wat slegs langs omweë na vore kom as 'n negatiewe terapeutiese reaksie, wat weer berus op 'n onbewuste behoefte aan straf, kan dit slegs gehanteer word deur die wortels daarvan te analiseer en die skuld=belewing in 'n bewuste skuldgevoel te verander. Freud stel dit so:

„Nothing can be done against it (die skuldproblematiek) directly, and nothing indirectly but the slow procedure of unmasking its unconscious repressed roots, and of thus gradually changing it into a conscious sense of guilt" (1962, p. 40).

Die ontmaskeringsproses waarvan hier sprake is, geskied deur interpretasie van die vrygestelde materiaal, waar=deur alle simptome (dit wil sê ook die onbewuste behoefte aan straf) terugherlei word na die instinktiewe impulse wat as motivering van die simptome dien, aldus Freud (1919, kyk Collected Papers, Bd. 2, p. 393).

Freud maak die volgende betekenisvolle stelling:

„The patient's symptoms and pathological manifestations, like all his mental processes, are of a very elaborately organized nature; their elements at bottom consist of motives, of instinctual impulses" (ibid.).

Freud koppel hierdie stelling nie spesifiek aan skuld nie, maar die afleiding kan wel gemaak word dat dit van toe=passing gemaak kan word op die interpretasie en deur=werking van skuld, in dié opsig dat die motiewe, oftewel

instinktuele impulse waarvan daar in die aanhaling sprake is, ook in die geval van skuld aangetoon moet word.

Dus: die pasiënt moet tot dié insig kom dat sy onbewuste behoefte aan straf (wat gemanifesteer word in die negatiewe terapeutiese reaksie) die resultaat is van 'n herlewing van die verdronge oedipusproblematiek, te wete die aggressie as gevolg van die verdringing van seksuele impulse jeens die ouer van die teenoorgestelde geslag (Vergelyk Freud, 1957a, p. 131).

Ofskoon die onbewuste skuldgevoel baie moeilik begrypbaar is vir die pasiënt, kan die interpretasies daarvan slaag, indien dit blyk dat die skuldgevoel „geleen" is, dit wil sê indien dit die produk is van 'n identifikasie met 'n ander persoon wat vantevore die objek van 'n erotiese binding was. In sulke gevalle, beweer Freud, is die onbewuste skuldgevoel dikwels die enigste oorblyfsel van die versaakte liefdesverhouding. As sodanig is dit egter baie moeilik herkenbaar (Freud, 1962, p. 40).

'n Baie insiggewende opmerking wat Freud oor die terapie van skuld maak, is dat die sukses daarvan miskien afhang van die terapeut se bereidheid om die pasiënt toe te laat om hom (die terapeut) in die plek van sy ego-ideaal te stel. In Freud se oog is die gevaar hiervan egter dat die terapeut in die versoeking kan kom om die rol van verlosser en profeet te speel - wat lynreg teen die reëls van psigoanalise indruis (Freud, 1962, p. 40).

5.2.2.2 Tempering van die oorstrenge superego

Op bladsy sewe-en-sestig is aangetoon dat oordrewe super=egofunksionering 'n gereelde meeganger van die ernstige neurotiese steuringe is. As sodanig is dit dus belangrik om aandag aan dié saak te gee. Dit geskied in die vorm van 'n tempering van die superego.

Hieroor laat Freud homself as volg uit:

"....in our therapy we often find ourselves obliged to do battle with the super-ego and work to moderate its demands" (Freud, 1957a, p. 139).

Freud beweer dat daar vanuit twee standpunte kritiek teen die superegofunksionering ingebring kan word:

. die feit dat die gewete of superego so streng op=tree dat dit te min besorg is voor die welsyn van die ego; en

. die onvermoë daarvan om in te sien hoe moeilik dit vir die mens is om aan die eise daarvan te vol=doen - veral vanweë die instinktiewe drange in die id en die moeilikhede in die eksterne omgewing (1957a, p. 139).

Op grond van bogenoemde besware teen die oordrewe funksionering van die superego is die terapeutiese proses dus gedeeltelik ingestel op 'n tempering van die funksio=nering daarvan.

## 5.3 Uitkoms van die terapeutiese proses ten aansien van skuld

Omdat die skuldproblematiek vanuit Freud se oogpunt onder die kategorie „weerstande" ressorteer, sal die uitkoms van terapeutiese pogings in dié verband afhang van die sterkte en intensiteit van die skuldgevoel as weerstand. Onder sekere omstandighede mag die skuld=gevoel naamlik so sterk wees, so waarsku Freud, dat daar nie genoeg teenkragte kan wees om die weerstand (die skuldgevoel) teen te werk nie (1962, p. 40).

Aan die ander kant kan 'n ernstige neurose, waarin geen terapeutiese verbetering teweeggebring kan word nie, skielik tot genesing kom, indien die neuroot deur 'n ramp oorval word, 'n ernstige siekte ontwikkel of 'n ongelukkige huwelik aangaan. In sulke gevalle beteken dit dat die onbewuste behoefte aan straf bevredig is, of aldus Freud, tot so 'n mate bevredig word, dat die vlak van lyding konstant gehou word, deurdat een vorm van lyding plek gemaak het vir 'n ander (Freud, 1924, kyk Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 263).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat geslaagde terapie tot 'n groter mate van bewustheid aanleiding gee en dat die ego dus herstel word in sy hoedanigheid as uit=voerende beampte van die persoonlikheid.

Verder het geblyk dat die totale terapeutiese proses gebaseer is op analise en nie op doelbewuste sintese nie. Omdat dié oënskynlik eensydige benadering egter

gekritiseer is, verklaar Freud dat 'n psigosintese onnodig is, aangesien die simptome, sodra dit in hul instinktiewe elemente opgelos is, onmiddellik weer begin sintetiseer, en in dié opsig tot 'n opbou van die ego lei.

„The psycho-synthesis is thus achieved during analytic treatment without our intervention, automatically and inevitably. We have created the conditions for it by dissolving the symptoms into their elements and by re=moving the resistances" (Freud, 1919, kyk Collected Papers, Bd. 2, 1957b, p. 395).

Omdat hierdie standpunt verteenwoordigend is van Freud se algemene terapeutiese benadering, het dit ook impli=kasies vir die benadering tot skuld. Dit beteken dat die elemente van skuld, sodra dit gereduseer is tot die verdronge oedipuskompleks en die problematiek van die vroeë kinderjare, veronderstel is om vanself te verdwyn en in die plek daarvan 'n groter persoonlikheidsinte=grasie te laat verrys.

## 5.4 Kritiek teen Freud se benadering tot die hantering van skuld

Twee areas waarin kritiek uitgespreek word, word be=trek, naamlik die diagnose van skuld en die terapie daarvan.

### 5.4.1 Besware teen die diagnostiese opsporing van die skuldproblematiek

In die verband is die vernaamste kritiek dié wat gerig is teen die gelykstelling van die begrippe „onbewuste

skuldgevoel" en „onbewuste behoefte aan straf". Nunberg (1934, p. 596) beklemtoon byvoorbeeld dat daar wel 'n verskil is tussen die begrippe. Skuldgevoel verwys volgens hom na 'n vrees vir liefdesverlies en dit word opgevolg deur die neiging tot herstel van die verbroke liefdesverhouding, of die bedreigde liefdesverhouding. Hierteenoor dui die behoefte aan straf weer op die aggressiewe neiging wat 'n werklike - of skyn-uitdelging van 'n liefdesobjek teen die ego herhaal.

Sy konklusie hieruit is dat die skuldgevoel dus in diens van eros staan, terwyl die onbewuste behoefte aan straf as dekmantel vir die doodsinstink dien en herhaaldelik teen die ego uiting gee aan sy destruktiewe impulse.

Reich (1926, p. 389) onderskryf ook die standpunt van Nunberg en grond sy bewering op kliniese verskynsels waarin dit duidelik blyk dat die behoefte aan straf en skuldgevoelens nie identies hoef te wees nie.

Hierby kan skrywer byvoeg dat die verwarring tussen skuldgevoel en onbewuste behoefte aan straf waarskynlik nog 'n rede is waarom Freud geglo het dat skuld slegs op een wyse gehanteer kon word, naamlik deur dit met wortel en tak uit die ego te elimineer. As skuld immers slegs sulke negatiewe konnotasies soos 'n behoefte aan straf gehad het (vir Freud), is dit nie snaaks dat hy die skuldproblematiek so eensydig gehanteer het nie.

### 5.4.2 Besware teen die terapeutiese benadering tot skuld

5.4.2.1 Kritiek teen die relatief passiewe benadering tot skuld

Hierdie standpunt word nie eksplisiet as kritiek teen Freud gestel nie, maar die feit dat byvoegings tot sy metode gedoen word, impliseer 'n ontevredenheid met die Freudi= aanse benadering.

Die woordvoerder hier is Jokl en hy beweer dat die skuld= problematiek veel hanteerbaarder kan wees indien die on= bewuste skuldgevoel gemobiliseer kan word, dit wil sê deur aktiewe ingryping van die kant van die terapeut na die bewussyn gebring kan word (1927, p. 485).

Onder dié omstandighede lei die felle bewustheid van skuld by die pasiënt tot 'n belydenis in verband met on= aanvaarbare instinktuele ervaringe aan die terapeut. Ge= volglik kan die skuldproblematiek as weerstand teen gene= sing makliker geïnterpreteer en verwerk word, aldus Jokl.

5.4.2.2 Besware teen die terapeutiese negering van die realiteit van skuld

Hierdie beswaar word gekoppel aan die tempering van die superegofunksionering, omdat dit 'n ontkenning van die egtheid van skuld impliseer. Mowrer beweer dat dié benadering die onverantwoordelikheid van die pasiënt sal vergroot en uiteindelik tot psigopatisering aanleiding kan gee (Mowrer, 1961, pp. 239 - 240; en 1964, p. 192). Vergelyk ook Tomkins (in May, 1970, p. 194) se bewering dat psigoanalise neerkom op „sistematiese opleiding in be= sluiteloosheid."

'n Tweede kritiekpunt is dat Freud se metode van vrye assosiasie, bewusmaking van die onbewuste en analise van weerstande nie voldoende is om die egtheidskomponent van die skuldproblematiek op te los nie. Egte skuld kan slegs op een manier opgelos word, aldus Mowrer, en dit is deur die skuldhandeling te bely, om die skuldgedrag te verander en op dié wyse die skuldgevoel deur te werk (1964, p. 228).

#### 5.4.2.3 Kritiek teen die morele onderbou van die skuld= problematiek

Uit Freud se benadering tot skuld het geblyk dat hy hom nie enigsins gesteur het aan die implikasies van morele waardes nie. Hieroor skryf Salzman (in Mowrer, 1964, p. 193) dat Freud vanweë sy begeerte om 'n wetenskap= like „Weltanschauung" daar te stel, nie aan moraliteit 'n plek in die raamwerk kon toeken nie. (Dit sou waar= skynlik die wetenskaplikheid daarvan verlaag).

Hierdie instelling is die verklaring vir die feit dat Freud die realiteit van skuld ontken het en dit as ge= volg daarvan op so 'n eensydige wyse gehanteer het.

Horney (1947, pp. 296 - 297) maak ook hierteen be= swaar en verklaar dat morele neutraliteit in terapie nooit 'n werklikheid kan wees nie.

## 6. Illustrasie van Freud se skuldbeskouing: die geval van Dostojewski

Ofskoon hierdie outeur nie 'n kliënt van Freud was nie, kan sy lewe as 'n soort gevalsgeskiedenis beskou word, indien daar op sekere fasette ingegaan word.

## 6.1 Uiteensetting

As uitgangspunt vir so 'n studie, getiteld Dostoevsky and Parricide (1928, kyk Collected Papers, Bd. 5, 1950, pp. 222 - 241) noem Freud dat dié skrywer as neuroties getipeer kan word vanweë sy epileptiese toe= valle, asook vanweë sy besondere behoefte aan selfstraf, wat veral gemanifesteer is in 'n obsessionele beheptheid met dobbel, tesame met sy gerigtheid op vadermoord as tema van sommige van sy werke.

Freud skryf dat die genoemde epileptiese toevalle tekens is van neurotiese steuringe. Die doel hiervan was die afreagering van spanning wat nie op psigiese basis ge= hanteer kon word nie. Die betekenis hiervan is geleë in die feit dat dit aanvanklik uit minder ernstige simp= tome bestaan het, maar na die moord op sy vader skielik in intensiteit toegeneem het. Die aanvanklike simptome het die vorm aangeneem van 'n geweldige doods= vrees, asook 'n toestand van semi-doodsheid. Laasgenoemde is deur Freud geïnterpreteer as 'n identifikasie met 'n dooie persoon.

Die implikasie hiervan is volgens Freud dat die jong Dostojewski in die oedipussituasie, wat die oergrond van alle skuld en skuldgevoelens is, sy vader doodgewens het en as gevolg van die daaruitspruitende skuldgevoel,

telkens gestraf is deur 'n vrees vir die dood.

Na die dood van sy vader (dit wil sê toe sy onbewuste doodswense jeens die vader vervul is) het dié aanvank= like simptome tot 'n volwaardige epileptiese toestand ge= ïntensiveer. Freud skryf dat dit 'n bewys is dat die selfstraf as gevolg van die vergrote skuldgevoel nou intensiewer moes word om dit te kon hanteer.

'n Belangrike aspek van die skuldteorie wat ook goed geïllustreer word, is die implikasies van biseksualiteit. In die geval van Dostojewski moes daar volgens Freud 'n baie sterk biseksuele komponent gewees het, en moet dit as 'n belangrike voorvereiste tot neurotiese skeef= trekking gesien word.

Ten opsigte van Dostojewski se dobbelmanie merk Freud op dat dit in werklikheid maar net 'n ander vorm van selfstraf gewees het. Omdat hy homself verag het weens sy doodswense jeens sy vader, moes hy, buiten die epileptiese toevalle, sy skuld ook probeer afwerk deur dié ervaring wat altyd 'n groot vernedering moes gewees het, aangesien hy nie opgehou het alvorens hy al sy geld verloor het nie. Die waarde daarvan was dat hy daardeur kon boete doen, sy skuld as't ware gedeelte= lik kon afbetaal en daardeur tydelike verligting vir sy geweldige gewetenswroeging kon vind.

## 6.2 Kritiek

Die interpretasie van die lewensprobleme van Dostojewski pas op merkwaardige wyse in die teorie van Freud in.

Die vraag kan egter gestel word of dié uitleg nie ook maar 'n produk van Freud se neiging tot veralgemening is nie.

Indien epileptiese toevalle soms verbind kan word aan selfstraf as gevolg van skuldgevoelens, is dit immers nog nie te sê dat dit in hierdie geval ook so moet wees nie. Hierbenewens is die organiese basis van epilepsie ook gevestig.

Die vraag kan verder gestel word of die behoefte aan selfstraf, soos dit in die dobbelmanie gemanifesteer is, nie verbind kan word aan egte skuld nie.

Hoewel die geval van Dostojewski dus na 'n algehele bevestiging van Freud se skuldteorie lyk, is dit nie moontlik om vanuit 'n nie-Freudiaanse verwysingsraam te aanvaar dat genoemde lewensprobleme op dié wyse korrek geïnterpreteer is nie.

## 7. Samevatting

. Skuld is vir Freud 'n intrapsigiese realiteit wat gefundeer is in die oermoord. Laasgenoemde verteen= woordig die objektiewe (solidêre) skuld waaraan die mensdom as geheel deel het.

. Hierdie oerskuld herleef in die vorm van die oedi= puskompleks in elke individu en word die basis vir alle latere skuldervaringe.

. Skuldervaringe word patologies of neuroties as dit deel vorm van die angsreaksie wat die resultaat is van

ondoelmatige egofunksionering. Laasgenoemde toestand tree in wanneer verdronge instinktiewe kragte die egobeheer bedreig en uiteindelik oorweldig.

. Vanweë die irrasionele, onrealistiese aard van neurotiese skuldgevoelens is psigoterapie ingestel op eliminasie van die skuld deur middel van bewusmaking van die verdronge basis van die skuld en tempering van die oordrewe superegofunksionering.

HOOFSTUK III

# Mowrer se skuldteorie

## 1. Inleiding

Uit die vorige hoofstuk het geblyk dat Freud se skuld=teorie gebore is uit sy natuurwetenskaplike instelling en sy hantering van kliënte in die terapeutiese situasie. Om dus 'n beeld van die historiese ontwikkeling van sy skuld=teorie te kon saamstel, was dit noodsaaklik om te verwys na toepaslike publikasies waarin aspekte van die skuld=problematiek bespreek is.

Wanneer mens egter die werk van Mowrer bestudeer, blyk dit dat sy skuldteorie nie primêr uit kliniese waar=neming gegroei het nie, maar eerder gesien moet word as neerslag van sy persoonlike stryd teen persoonlik=heidsdesintegrasie.

Gevolglik kan die historiese ontwikkeling van sy skuld=model slegs gevolg word deur na sy persoonlike onder=vindinge in verband met die skuldproblematiek te verwys. In dié kort oorsig oor sy persoonlike skuldervaringe sal telkens kommentaar gelewer word om aan te toon in watter opsig 'n bepaalde ervaring 'n neerslag gevind het in sy uiteindelike skuldteorie.

Soos met die bespreking van Freud se skuldteorie sal die oorsig oor die historiese agtergrond opgevolg word deur 'n bespreking van sy siening van die ontwikkeling van skuld; die implikasies daarvan vir versteurde ge= drag; sy beskouinge in verband met skuldterapie en ten slotte 'n gevallestudie ter illustrasie van die Mowreri= aanse benadering tot die skuldproblematiek.

## 2. Historiese agtergrond van Mowrer se skuldteorie

Histories is Mowrer se skuldteorie hoofsaaklik op drie faktore gebou, naamlik sy reeds genoemde stryd teen persoonlikheidsdesintegrasie, sy belewing van godsdiens as instrument om die skuldproblematiek te hanteer, en sy beïnvloeding deur ander psigoloë, veral Sullivan. Omdat die faktore moeilik skeibaar is, word al drie gesamentlik bespreek.

Essensieel bestaan die historiese agtergrond daarin dat Mowrer oor 'n tydperk van jare met persoonlike skuld geworstel het, dit aanvanklik met behulp van 'n gods= dienstige benadering probeer oplos het, bykans 700 ure onder psigoanalitiese behandeling deurgebring het, en uiteindelik, onder invloed van die leerstellinge van Sullivan besef het dat sy genesing slegs binne die raamwerk van interpersoonlike verhoudinge bewerkstellig kon word.

Hieruit het hy tot die konklusie gekom dat skuld, spesi= fiek egte skuld, die grondslag vorm van enige vorm van neurose of versteurde gedrag in die algemeen, en dat dit slegs op een manier reggestel kan word, naamlik

deur die skuldervaring te bely in teenwoordigheid van die sogenaamde „betekenisvolle" ander en dit te probeer ver= goed deur bepaalde regstellingspatrone, waardeur sosiale integrasie opnuut bereik kan word.

Die eerste aanduidinge van persoonlikheidsprobleme was dat die jong Mowrer, na die dood van sy vader, 'n ge= voel van depersonalisasie begin ervaar het. Dit het gelei tot verdere probleme wat so ernstig was dat hy na skool besluit het om verder te gaan studeer in die psigologie, hopende dat dit hom 'n insig in sy eie probleme sou gee.

In die stadium was dit vir hom reeds 'n uitgemaakte saak dat teologie ook geen oplossing gebied het nie. Soos hy dit stel was hy gedurende sy skooljare 'n ingeskrewe lid van die kerk en het hy dikwels oor sy probleme gebid, maar dit was alles tevergeefs ...

„... a good deal of subsequent prayer had not saved me from the very personal Hell into which I had soon thereafter descended" (Mowrer, 1969, p. 8).

Ofskoon die voorgraadse studietydperk relatief simptoom= vry geëindig het, is Mowrer se nagraadse studie erg bemoeilik deur aanvalle van akute depressie wat as „konstitusioneel-bepaald" gediagnoseer is. Die gevolg was dat hy gedurende 1929 by 'n psigoanalis om hulp aangeklop het.

In die verband meld Mowrer 'n betekenisvolle feit, naamlik dat hy in daardie stadium die ware aard van sy probleem verberg het deur voor te gee dat hy

„hartmoeilikheid" ondervind het. (Die geheimhouding, en spesifiek die geheimhouding van 'n skuldhandeling, sou natuur=lik later die belangrikste voorwaarde word vir simptoom=vorming, aldus Mowrer se teorie).

By twee latere geleenthede moes Mowrer weer psigoana=lities behandel word, maar na sowat 700 uur onder analise het hy dit uit wanhoop gestaak. Intussen het hy ook bekend geraak met Sullivan se teorie van interper=soonlike verhoudinge - veral die feit dat laasgenoemde angs en depressie aan versteurde interpersoonlike ver=houdinge toegeskryf het, eerder as aan verdronge sek=sualiteit of aggressie, soos die psigoanalitiese leerstel=linge doen.

In sy worsteling met depressie-aanvalle het Mowrer homself al meer begin ondersoek in die lig van Sullivan se teorie en het hy begin insien dat die waarheid daar=van ook vir hom gegeld het. Sy insigte in dié verband stel hy soos volg:

„In short, I began to see myself - as a hypocrite, pretender, faker, 'phoney' " (ibid.).

'n Verdere insiggewende feit was dat Sullivan geleer het dat die angs wat kenmerkend is van neurose, nie ont=staan as gevolg van 'n vrees vir die terugkeer van die verdronge id-impulse nie, maar dat dit spruit uit 'n vrees dat die eie dekmantels met betrekking tot ander persone ontdek sal word. Vir Mowrer was dié gegewens uiters betekenisvol, aangesien hy besef het dat sy eie lewe ook van versteurde interpersoonlike verhoudinge en dekman=tels getuig het.

Die gevolg hiervan was dat hy in April 1945 'n belydenis aan sy vrou gedoen het in verband met 'n kwellende ervaring wat sedert sy skooljare geheim gehou is, naamlik 'n seksuele perversie, wat as gevolg van die geheimhou= ding daarvan tot destruktiewe skuldgevoelens aanleiding gegee het en vergestalt is in die ernstige depressies wat hy van tyd tot tyd ondervind het.

Teen die agtergrond van die verberging van dié sosiaal-onaanvaarbare daad, stel Mowrer sy groot kritiek jeens die kerk. Hy skryf dat hy van kleins af geleer is dat enige sonde uitsluitlik in gebed voor God bely moes word, op grond waarvan dit vergewe sou word. Sy benadering van die perversie was ook op dié lees geskoei, en volgens hom was dit onsuksesvol.

Volgens Mowrer se interpretasie het die geheimhouding van dié anti-sosiale daad gelei tot 'n intensifikasie van die gewetensfunksionering en moes die stem van die ge= wete gesien word agter die knellende depressies wat hom gehinder het tot op die oomblik van belydenis aan sy vrou.

(Soos later verduidelik sal word, was die fokus op die belangrikheid van die belydenis van skuld later 'n kern= moment in Mowrer se Integriteitsterapie.)

Hoewel daar 'n merkwaardige verbetering in sy toestand ingetree het na die belydenis, moes die finale ineen= storting nog plaasvind alvorens algehele genesing Mowrer te beurt kon val. Dié fase is bereik gedurende 1953 toe

hy die presidentskap van die Amerikaanse Psigologiese Vereniging moes aanvaar. Sy gestel het heeltemal ingegee, sodat hy selfs selfmoord wou pleeg en vir 'n paar maande gehospitaliseer moes word.

Na sy ontslag het hy geleidelik verbeter en uiteindelik sy volle persoonlikheidsintegrasie teruggewin. Die les wat hieruit geleer is, het die ander belangrike terapeu= tiese oorweging gekonstitueer, naamlik die belangrikheid van boetedoening vir 'n skuldhandeling wat verborge ge= bly het. Mowrer het naamlik tot die besef gekom dat die hospitalisering gedurende 'n geleentheid wat vir hom groot eer sou bring, die voorwaarde was vir sy genesing. In sy opvattinge van terapie het hierdie aspek gevolglik 'n belangrike neerslag gehad, aangesien hy in sy latere formuleringe van skuldterapie 'n groot rol sou toeken aan boetedoening en regstelling van 'n skuldhandeling.

Met bogenoemde oorsig is 'n beeld verskaf van Mowrer se eie ervaringe in verband met skuld. Uit die res van die uiteensetting sal telkens blyk dat dié persoonlike ervaringe die grondslae gevorm het van alle aspekte van sy skuldbeskouing.

## 3. Die ontwikkeling van skuld en skuldgevoelens

### 3.1 Objektiewe skuld

Waar Freud uitvoerig geskryf het oor die probleem van oerskuld wat universeel is en wat as 'n objektiewe vorm van skuld die diepste grondslag vorm van subjektiewe

skuld, maak Mowrer geen eksplisiete uitlatings in verband met objektiewe skuld nie.

Hy onderskei hoogstens tussen algemene en private skuld (1962, p. 16). Myns insiens is „private skuld" die bena= ming wat Mowrer toeken aan geheimgehoude individuele skuld - dit wil sê dié skuld van die individu wat kan uitloop op neurose, aldus Mowrer se teorie. Hierdie skuldvorm (private skuld) is uiteraard streng persoonlik, maar soos hy dit stel:

„... this is not to say that there are no corporate sins, that is, follies and 'immoralities' which we are all more or less involved in"(ibid ).

Dié algemene skuld kan vanweë die algemene karakter daarvan, beskou word as 'n heenwysing na objektiewe skuld. Vanweë die skamele gegewens wat oor die onder= werp verskaf word, moet die afleiding egter gemaak word dat objektiewe skuld as diepste grondslag van sub= jektiewe of individuele (private, aldus Mowrer) skuld nie prominent in Mowrer se denke figureer nie. Uit genoem= de publikasie kan hoogstens afgelei word dat hy bewus is van die bestaan van 'n algemene skuldbelewing. Weens sy fokus op die belangrikheid van die private (subjek= tiewe) skuld en skuldgevoelens kwel hy hom egter nie oor die betekenis van „algemene" skuld nie.

## 3.2 Die ontwikkeling van subjektiewe skuld en skuldge= voelens

Hierdie aspek voer ons, soos in die geval van Freud, na

die ontwikkeling van die individu. Waar Freud die ontstaan van subjektiewe skuld gesoek het in die sfeer van psigo=seksuele ontwikkeling, is dit opvallend dat Mowrer die ontwikkeling van skuld teen die agtergrond van psigososiale ontwikkeling verklaar. Dit is natuurlik in ooreenstemming met sy mensbeskouing waarvolgens die mens primêr 'n sosiale wese is.

### 3.2.1 Psigososiale ontwikkeling

Dit behels hoofsaaklik die groeiproses waardeur die indi=vidu tot sosiale aanpassing en verantwoordelikheid jeens die sosiale omgewing kan ontwikkel. As einddoel van psigososiale ontwikkeling geld 'n optimale graad van so=siale integrasie, aldus Mowrer (1950, p. 108).

(Sosiale aanpassing en sosiale verantwoordelikheid speel deurgaans in Mowrer se skuldteorie 'n belangrike rol: die oomblik wanneer die sosiale verpligtinge nie nagekom word nie, kla die individu se gewete hom aan en ervaar hy die aanklag as 'n skuldgevoel, waardeur hy die poten=siaal of aansporing het om die onderliggende oortreding teen die sosiale samelewing reg te stel, sodat die skuld opgelos kan word.)

Die essensies van psigososiale ontwikkeling is volgens Mowrer dat die kind aanvanklik gekenmerk word deur selfgesentreerdheid. Namate hy egter opgroei, word in toenemende mate 'n beroep gedoen op sy verantwoordelik=heid. Behoeftes word nie meer onvoorwaardelik bevredig soos vroeër nie, en verder is dit die doel van opvoeding

om die kind te leer om met sy infantiele vorme van lus=bevrediging te breek, ten gunste van gehoorsaamheid en verantwoordelikheid (1948, p. 602).

Volgens Mowrer is dié fase die aanvang van die sosiali=seringsproses. Dit verteenwoordig die eerste pogings om die kind doelbewus te kondisioneer, dit is die aktivering van sosiale houdings en emosies. Dit word gedoen in die verwagting dat dié houdings 'n goeie grondslag sal lê vir die verdere ontwikkeling van die persoonlikheid.

Binne die raamwerk van die sosialiseringsproses moet die aandag, wat die ontwikkeling van skuld aanbetref, veral op die volgende aspekte gevestig word:

. die ontstaan van die gewete;
. die verband tussen skuld en sosiale verantwoordelik=heid;
. differensiasie tussen skuld en skaamte;
. funksies van skuld

3.2.1.1 Ontstaan van die gewete

Wanneer Mowrer se publikasies in die verband bestudeer word, val die ooreenkoms tussen sy begrippe en die tra=disionele Freudiaanse terminologie op. Net soos Freud beweer hy dat die eerste lewensjare van die baba geken=merk word deur 'n dominansie van die kragte van die "id".

Wanneer die ego ontwikkel, is dit nog steeds volgens Mowrer 'n lus-ego of 'n id-ego, dit wil sê die ego staan aanvanklik ook in diens van die lusbeginsel wat kenmerk=end is van die id (1948, p. 598). Tussen die jare twee tot ses, wanneer die kind in die fase van intensiewe sosialisering verkeer, ontstaan daar telkens konflikte tussen hom en al sy sosialiseerders, dit wil sê die ouers, opvoeders en eksterne gesagsfigure. Die oorsaak hiervan skryf Mowrer toe aan die feit dat die kind gedurende hierdie fase sogenaamde „negatiwistiese" neigings open=baar.

Indien die sosialiseringsproses egter suksesvol verloop, bewerkstellig dit die vorming van die gewete. Gewetens=vorming beteken dat die opstandigheid wat die belangrikste kenmerk van die negatiewe fase is, afgesluit is, en dat daar nou 'n harmonieuse sintese van id, ego en superego gevorm is (ibid, p. 599).

(Mowrer gebruik alternerend die begrippe gewete en superego. Die afleiding kan dus gemaak word dat die begrippe vir hom sinoniem is. In die res van die uit=eensetting sal egter slegs van „gewete" gepraat word.)

Indien die sosialiseringsproses egter nie so suksesvol deurloop word nie, word die gewete nogtans gevorm, maar, so beweer Mowrer, word dit nie <u>aanvaar</u> deur die individu nie. Dit beteken dat die stryd tussen laasge=noemde en sy sosialiseerders (ouers, eksterne gesags=figure, ens.) onopgelos bly en dat hy in werklikheid in konflik met sy sosiale omgewing bly. Die resultaat hiervan

sal dus wees: onvolwassenheid, beide wat betref morele en sosiale gedrag (ibid.).

Die gewete spruit dus uit die sosialiseringsproses en in=dien die proses volledig deurloop is, stel die gewete die individu in staat tot selfbeheer, aangesien dit as die verinnerlikte en geassimileerde stem van die gemeenskap, die nodige riglyne bied vir morele en sosiale gedrag.

### 3.2.1.2 Die verband tussen skuld en sosiale verant=woordelikheid

'n Belangrike feit wat voortvloei uit normale sosialise=ring is dat die individu homself volledig moet neerlê by die eise van sy sosiale gemeenskap waarby hy ingeskakel is. Die belangrikste eis wat hier geld is dié van ver=antwoordelikheid. Een van die sentrale motiewe van Mowrer se skuldteorie is dat die mens ten volle verant=woordelik is vir alles wat hy doen of in gebreke bly om te doen (1966, p. 448).

Uit bogenoemde volg dat enige afwyking van 'n bepaalde gemeenskapsnorm noodwendig op skuld moet uitloop. Dit beteken naamlik dat die individu 'n „kontrak", dit wil sê 'n ooreenkoms, met sy sosiale groep verbreek het en omdat hy 'n sosiale wese is, impliseer dit dat sy gewete hom daarvoor sal aankla in die vorm van 'n skuldbewussyn.

Omdat Mowrer se skuldteorie volledig op 'n sosiale grond=slag gebou is, beteken dit dat hy skuld op 'n sosiale

basis plaas, deurdat hy dit as sosiale oortredinge beskou. Dit gaan vir hom in sy skuldbeskouing dus nie primêr om dinge wat reg of verkeerd is nie, maar om ooreenkomste, oftewel kontrakte, na aanleiding van die sogenaamde Kon=traktepsigologie van Pratt en Tooley (1966).

Betreffende die aard van 'n sosiale oortreding beklemtoon Mowrer dat daar van 'n sodanige oortreding sprake is, sodra die individu 'n diskrepans beleef tussen sy standaarde van gedrag en sy werklike gedrag (Conflict, Contract, Conscience and Confession - ongepubliseerde artikel, p. 4).

Indien die gewete nie slegs verinnerlik is nie maar ook volledig geassimileer is, sal dit 'n diskrepans as skuld=gevoel registreer en die individu aanspoor om dit uit te skakel deur die skulddaad reg te stel en daarvoor te probeer vergoed.

### 3.2.1.3 Differensiasie tussen skuld en skaamte

Omdat skuld en skaamte nou verwant is, is dit noodsaak=lik om tussen beide te onderskei. Skaamte is volgens Mowrer die eerste soort gewaarwording wat deur die ont=wikkelende gewete geregistreer word. Sodra die gewete egter, onder invloed van die sosialiseringsproses, fyner begin funksioneer, sluit dit later ook skuld by die regi=strasieproses in, afgesien van die intrede van skaamte.

Binne dié konteks ontstaan skaamte dus wanneer 'n persoon „gevang" is gedurende 'n oortreding of verbreking van 'n

ooreenkoms, of slegs kort daarna. Die verbreking kan volgens Mowrer van 'n morele of 'n daadwerklike aard wees (ibid., p. 11).

Hierteenoor definieer hy skuld as die kognitiewe en emo= sionele toestand waarin 'n persoon verkeer na 'n oortre= ding, met dien verstande dat niemand kennis dra van die oortreding nie. Dit is dus duidelik dat skuld baie sterk met geheimhouding geassosieer word. Die skuldbelewing kom dan ook volgens Mowrer daarop neer dat die indi= vidu vrees dat sy skuldhandelinge bekend gaan word.

3.2.1.4 Funksies van skuld

Mowrer onderskei twee basiese funksies: enersyds voor= kom dit oortredinge en andersyds skep dit die skuldbesef na die oortreding van 'n verbod of sosiale norm, waar= deur druk op die individu uitgeoefen word om die skuld= handeling reg te stel (ibid., p. 12).

Beide funksies staan dus in diens van die sosiale ge= meenskap, in dié sin dat dit interpersoonlike konflik of onenigheid verminder. Dit impliseer verder dat sosiale integrasie daardeur bevorder sal word.

Die voorkomende funksie van skuld is volgens Mowrer bloot die gedagte dat die oortreding of verbreking van 'n ooreenkoms alreeds soveel skuld ontlok dat dit die persoon daarvan weerhou om die daad uit te voer. Die persoon voer die skulddaad dus nie uit nie, omdat hy 'n groot konflik as gevolg van die voorkomende funksie van die skuld ervaar.

In die opsig is die skuldreaksie dus veralgemeen van die situasie waarin 'n bepaalde oortreding vantevore deur straf gevolg is na alle situasies waarin die gedagte aan 'n oortreding bestaan. Hierdie veralgemeende funksie van skuld vorm dan die sogenaamde „weerstand teen versoe= king".

Die tweede funksie van skuld is dat dit die individu kwel na verrigting van 'n oortreding of kontrakbreuk. Volgens Mowrer konstitueer dit die sogenaamde „skuld na oorgawe aan 'n skuldhandeling".

Samevatting: Oor objektiewe skuld is Mowrer vaag en onvolledig. Subjektiewe skuld berus op gewetensfunksio= nering en laasgenoemde is weer die resultaat van die sosialiseringsproses. Indien dié proses sodanig verloop het dat die individu as volledige sosiale wese by sy sosiale groep ingeskakel is, sal die gewete sterk genoeg wees om oortredings ten opsigte van kontrakte of ooreenkom= ste in die vorm van skuldgevoelens te registreer.

Die belangrikste feit is egter dat die persoon as gevolg van sy gewetensfunksionering 'n sodanige graad van self= beheer sal hê dat sy gewete hom telkens deur potensiële skuldhandelinge heen sal lei sonder dat hy oortredinge begaan.

Die gewete is dus die belangrikste gids vir alle gedrag en die riglyne vir die gewete word afgelei uit die be= staande sosiale kodes en gemeenskapswaardes.

## 4. Skuld en skuldgevoelens as komponent van versteurde gedrag


Om aan te toon watter rol skuld in die sogenaamde neurotiese toestande speel, is dit nodig om eers 'n beeld te vorm van wat Mowrer onder neurose verstaan. Sy

neuroseleer verskil radikaal van dié van Freud. Waar laasgenoemde die oorsaak van skuld tot infantiele gebeur= tenisse gereduseer het wat in die neurotiese toestand weer na vore getree het in die vorm van 'n onbewuste behoefte aan straf, benadruk Mowrer die realiteit van skuld. Vir hom is dit nie 'n herlewing van infantiele be= wussynsinhoude nie maar die konsekwensie van 'n konkre= te skuldhandeling.


Die belangrikheid van skuld in enige neurotiese toestand kan afgelei word van Mowrer se definisie van neurose. In 'n sekere publikasie omskryf hy neurose as 'n mediese eufemisme vir 'n toestand van nie-erkende en nie-opgeloste skuld (1961, p. 161). By 'n ander geleentheid maak hy die volgende bewering:

„A neurosis, it seems, is nothing but a state of guilt that has been neither admitted nor atoned for"(1964, pp. 226 - 227).

Om skematies te kan aantoon langs watter weg Mowrer op hierdie neurosesiening afgekom het, word vervolgens 'n diagram verskaf, waardeur Mowrer self die verskil tussen sy en Freud se neurosesieninge aantoon.




Die dinamika van neurose volgens Freud




Die dinamika van neurose volgens Mowrer

Mowrer se interpretasie van die gegewens is dat die Freudiaanse model neerkom op 'n verdringing van die id ten koste van die superego. Die kern van die neurotiese toestand is geleë in die angsbelewing, dit is die „onbe= wuste" gevaar dat die kragte van die id die muur tussen die ego en id sal deurbreek en die ego sal oorweldig.

Volgens sy eie oortuiging word die ego nie deur die superego gedomineer nie, maar deur die id. Omdat die ego geabsorbeer is en gedomineer word deur die id, impliseer dit 'n verwerping en dissosiasie van die stem van die gewete. Die angstoestand, wat die kern is van die neurose, spruit dus nie uit die vrees dat die ver= dronge kragte van die id na die bewussyn sal gaan nie, maar dit word veroorsaak deur die onderdrukte gewete wat nie die geleentheid gegun is om sy funksies te ver= vul nie (1967b, p. 110).

Om 'n geheelbeeld te vorm van die rol wat skuld in neurotiese toestande speel, kan die werk van Mowrer aan die hand van enkele stellinge bespreek word. Hier= die stellinge kan as volg geformuleer word:

. skuld is die kern van neurotiese - en funksioneel- psigotiese toestande;
. die manifestasies van skuld is op 'n werklikheids= basis gegrond;
. in neurotiese toestande word skuld nie noodwendig as „skuldgevoelens" gemanifesteer nie;
. geheimgehoude skuld lei tot persoonlikheidsdesinte= grasie.

### 4.1 Stellinge en bespreking

#### 4.1.1 Skuld is die kern van neurotiese en funksioneel-psigotiese toestande

Die sosialiseringsproses speel in Mowrer se denke so 'n belangrike rol dat die bewering gemaak kan word dat hy geestesgesondheid vertolk in terme van die graad van sosialisering wat 'n persoon bereik het. Gevolglik ver= klaar hy bogenoemde psigopatologiese toestande in terme van gebrekkige sosialisering. Laasgenoemde proses defi= nieer hy as die graad van sosiale bevoegdheid, aanvaar= baarheid, verantwoordelikheid en pligsgetrouheid wat 'n persoon op 'n gegewe tydstip in sy lewe bereik het (New evidence concerning the nature of psychopathology - onge= publiseerde artikel, p. 30).

Teen hierdie agtergrond dui gebrekkige sosialisering op sosiale onbevoegdheid, onverantwoordelikheid, onvolwas= senheid, en ook op egte skuld.

Mowrer skryf dat dié gebrekkige sosialiseringshipotese in 'n sterk of swak vorm gestel kan word. In die sterk vorm word aanvaar dat alle gevalle van neurose en funksionele psigose op onvolledige sosialisering berus. (Dié persone is dus bloot onverantwoordelik, oneg en skuldig.) Die swak vorm van die hipotese veronderstel dat neurote in sekere gevalle as gevolg van oormatige sosialisering die pad byster geraak het. Hierdie aspek (oorsosialisering) kom neer op 'n oorweldiging van die individu deur hiperstrenge sosiale kodes en maatreëls,

waardeur die gewete buitengewoon streng funksioneer en die persoon met allerlei irrasionele skuldgevoelens kasty.

Op grond van empiriese gegewens konkludeer Mowrer dat gevalle van neurose as gevolg van oormatige sosialisering, gering is. Dit dui daarop dat die swak vorm van die so= sialiseringshipotese nie algemeen bruikbaar is nie. Gevolg= lik staan hy die sterk vorm voor, waarvolgens neurose en skuld verband hou met gebrekkige sosialisering.

### 4.1.2 Die manifestasies van skuld is op 'n werklik= heidsbasis gegrond

Omdat Mowrer die sterk vorm van die sosialiseringshipo= tese as kliniese instrument gebruik, beteken dit dat hy die skuldreaksies in neurose oorwegend na egte, daadwerklike oortredinge van 'n morele of interpersoonlike aard herlei.

As rede waarom Mowrer soveel klem op die egtheid van skuld lê, kan sekerlik nie net sy kliniese ervaring aan= gevoer word nie. 'n Faktor wat beslis in dié verband 'n rol speel, is sy persoonlike ervaring op die gebied van geestesiekte, en sy daaruitspruitende weersin in psigo= analise as stelsel waarin die egtheid van skuld nie vol= doende aandag ontvang nie.

Mowrer se persoonlike skuld het, as gevolg van die be= dekking daarvan met konstitusioneel-bepaalde depressies, hartmoeilikheid, ens., kumulatief toegeneem. Onder psigo= analitiese terapie is die skuld verder verdoesel deur die

neurotiese toestand en angsaanvalle toe te skryf aan 'n versteurde moeder-kindverhouding. Omdat hierdie waninter= pretasie die probleme slegs verder laat intensiveer het, het Mowrer na sy herstel van 'n psigotiese ineenstorting alle vertroue in psigoanalise verloor, spesifiek wat die interpretasie van persoonlike skuld aanbetref.

As verklaring vir die beweerde werklikheidsbasis van alle skuld, moet in gedagte gehou word dat Mowrer die determinisme waarop die Freudiaanse leerstellinge berus, verwerp en in die plek daarvan poneer dat die mens te alle tye verantwoordelik is vir homself en sy gedrag, aldus Drakeford (1967, p. 305).

Wanneer 'n persoon dus 'n oortreding teen sy sosiale omgewing begaan deurdat hy een van sy „kontrakte" nie nakom nie, beteken dit dat hy 'n eis van sy gewete, naamlik die eis tot egtheid, verantwoordelikheid en vol= wasse optrede, nie nagekom het nie. 'n Sodanige oortre= ding van die gewete het skuld tot gevolg.

Word die onderliggende oortreding bely en reggestel, het die skuld geen verdere desintegratiewe implikasies nie, maar sodra dit verberg word (en die gewete dus volgens die diagram onderdruk word), neem die skuld kumulatief toe en gee dit aanleiding tot die sogenaamde neurotiese toestande, waarin angs, depressie en spanning oorwel= digende proporsies aanneem.

Die essensie is dus dat die normale individuele (subjek= tiewe) skuld wat aan die werklikheid gekoppel is, nie

kwalitatief verskil van dié skuldbelewinge wat met psigo= patologiese toestande gepaard gaan nie. Die feit dat 'n verborge skuldhandeling in neurose agter 'n akute depres= sie of 'n buitengewone angstigheid verskuil mag wees, impliseer nog nie dat die angs of depressie die gevolg van infantiele ervaringe is nie. Die skuldproblematiek in psigopatologiese toestande kan dus na 'n konkrete skuld= handeling, of 'n reeks skuldhandelinge, herlei word.

### 4.1.3 In neurotiese toestande word skuld nie noodwendig as skuldgevoelens beleef nie

Die normale skuldreaksie is 'n bewustheid van strafskul= digheid. Indien die skuldige volgens Mowrer se sosiali= seringshipotese 'n voldoende graad van sosialisering deur= loop het, sal sy gewete sodanig ontwikkel wees dat dit (die gewete) die individu sal aanspoor tot regstelling van die knellende skuldgevoel- wat die resultaat is van die belewing van 'n diskrepans tussen die subjektiewe standaarde van gedrag en die objektiewe gedrag.

Besluit die individu egter om willens en wetens met sy skuldgedrag te volhard, beteken dit dat hy die stem van sy gewete verwerp en 'n beeld van homself probeer voor= hou wat hy in werklikheid nie is nie.

Onder dié omstandighede word die gewete gedwing om van allerlei ongewone belewinge (simptome) gebruik te maak ten einde die individu te „bereik", soos Mowrer dit stel.

Verwerping van die stem van die gewete asook die inhoud daarvan (dit wil sê die skuldgevoelens) beteken dan dat die toestand van emosionele ongemaklikheid, wat intree so= dra 'n skuldhandeling begaan is, geleidelik 'n spesifieke vorm aanneem, wat Mowrer 'n tipe I-simptoom noem (1967b, p. 121). Hierdie simptome is die regstreekse gevolg van afwykende gedrag, dit wil sê oortredings van die sosiale kodes of interpersoonlike onegtheid en oneerlikheid, waar= deur sekere „kontrakte" geskend word. Die bronne waar= uit hierdie simptome ontstaan is tweeledig: enersyds spruit dit uit die objektiewe vrees dat die self in al sy dubbel= hartigheid en onegtheid deur ander ontdek sal word; en andersyds is dit die gevolg van die subjektiewe gevaar dat die self gepla sal word deur die verdronge gewete ...

„... which as the agent of the external community, already 'knows' what the individual has done, and is perhaps still doing, of an anti-social, abnormal dupli= citous nature" (ibid.).

Tipe I-simptome staan onder beheer van die outonome senu= sisteem en tree dus onwillekeurig in. Voorbeelde van dié groep kan 'n wye omvang aanneem, naamlik angs, span= ning, depressie, gebrekkige konsentrasie, besluiteloosheid, of 'n vrees vir die dood.

'n Baie belangrike aspek van die soort simptome is dat hulle potensieel positiewe waarde vir die individu kan inhou, indien hulle hom kan motiveer om sy basiese lewen= styl te verander, waardeur hy meer verantwoordelik, volwasse en pligsgetrou sal word en ook sy skuldgedrag sal regstel.

Word so 'n besluit egter nie geneem nie, beteken dit dat die verskillende vorme van emosionele ongemaklikheid sal voortduur en dat die persoon dit op een of ander wyse sal probeer hanteer. Die resultaat van die verwerking van die emosionele ongemaklikheid is dan die sogenaamde tipe II-simptome. Hierdie groep staan onder leiding van die sentrale senusisteem en tree willekeurig in. Voorbeelde hiervan is onder andere die neiging tot ontvlugting, self=moord, rasionalisasie, kompulsies, ooreet en rituele (ibid., pp. 122 - 123).

(Die vraag ontstaan dadelik of 'n simptoom soos „ooreet" altyd 'n willekeurige handeling is. Uit Mowrer se gege=wens moet afgelei word dat dit wel die geval is, in dié sin dat die persoon die nodige aksies uitvoer, selfs al sou hy nie besef dat hy te veel eet nie.)

Solank die onderliggende skuld geheim gehou word en die tipe II-simptome voortduur, oefen hulle 'n selfvernietigende invloed uit, aangesien hulle geen konstruktiewe oplossing bewerkstellig nie.

### 4.1.4 Geheimgehoude skuld lei uiteindelik tot persoonlik=heidsdesintegrasie

Uit die wyse waarop geheimgehoude skuld verwerk word, kan afgelei word dat die neurotiese persoon, dit wil sê die individu wat 'n skuldervaring probeer verberg, ver=skeie pogings aanwend om homself te midde van die skuld=situasie te handhaaf.

Vanuit die oogpunt van die individu lyk dit asof in die doel geslaag word, maar vanuit 'n objektiewe standpunt is dit duidelik dat, ofskoon verborge skuld tot 'n oënskyn=like intrapsigiese integrasie lei, dit tot interpsigiese desintegrasie aanleiding gee.

Waarskynlik ook op grond van sy eie ervaringe op die terrein van skuld, beklemtoon Mowrer herhaaldelik dat veral die interpersoonlike verhoudinge van die individu met verborge skuld, grootliks afgebreek word. Hy skryf:

„And because superego or conscience is the connecting link between the individual and his reference group or community ('significant others'), any internal process which fissions off the superego from the rest of the personality will, of necessity, tend to disconnect the id-ego system from the surrounding life of the community" (ibid., p.114).

Hierdie ontkoppeling tussen die individu en sy gemeenskap loop uit op sosiale isolasie en volgens Mowrer is dit een van die belangrikste aanduidings van 'n skuldprobleem.

Binne die raamwerk van die sosiale aliënasie van die individu vervul simptome twee basiese funksies. In die eerste plek verskaf hulle volgens Mowrer 'n aanduiding dat daar iets „verkeerd" is met 'n persoon, en in dié sin dien hulle reeds as 'n vorm van onregstreekse belydenis van die veronderstelde onderliggende skuldprobleem.

Tweedens dien simptome as bron van lyding en belemme=ring vir die individu wat hulle vertoon, en in dié opsig funksioneer hulle as 'n onbewuste vorm van boetedoening en motivering vir 'n verandering van die basiese lewenstyl (Conflict, Contract ..., p. 13).

In verband met die persoonlikheidsdesintegrasie moet opgemerk word dat die wyse waarop die simptome na vore tree in hul hoedanigheid as 'n vorm van lyding of belemmering, altyd so georganiseer is dat hulle die individu aantas waar hy psigies die kwesbaarste is.

Mowrer skryf dat die gewete die simptome só „kies" dat die aandag van die individu die maklikste getrek kan word en hy op die mees effektiewe wyse deur die simptome ontstel gaan word. So sal 'n student byvoorbeeld die meeste in sy studies aangetas word, omdat dit die aspek van sy lewe is waar hy in daardie stadium die kwesbaarste is en dus die maklikste tot psigologiese stilstand gedwing kan word.

Samevattend huldig Mowrer dus 'n siening van versteurde gedrag wat radikaal verskil van dié van Freud. Versteurde gedrag is hier nie 'n funksie van die invloed van oorerwing en omgewing nie maar van onvolwassenheid, onverantwoordelikheid en onegtheid, en die skuld wat hieruit spruit,is oorwegend op 'n werklikheidsbasis gegrond.

## 4.2 Kritiek teen die beskouing van skuld en versteurde gedrag

Mowrer se perspektief op versteurde gedrag bevat uiters positiewe momente. Sy beklemtoning van die realiteit van skuld in 'n tyd waarin normloosheid, waardenegering en beginselloosheid voorop staan, is noodsaaklik vir psigologiese werk. Die feit dat hy skuld telkens aan verantwoordelikheid (of die gebrek daaraan) koppel, en homself daarmee as voorstander van volledige aanspreeklikheid teenoor skuld uitgee, verhoog die betekenisvolheid van sy werk verder.

Kritiek teen die beskouing is egter dat die waarde of potensiële waarde daarvan beperk word, omdat daar soveel op die skuldfaktor gefokus word dat die invloed van ander determinante van versteurde gedrag genegeer word. In= middels word daar ook nie voldoende voorsiening gemaak vir die invloed van ondoelmatige opvoedkundige faktore nie. Dit beteken dat Mowrer se stelsel 'n ewe groot re= duksie is as dié van Freud.

Spesifieke kritiekpunte is:

. kritiek teen die skuldbegrip;
. kritiek teen die beskouing wat gebou is op dié begrip;
. kritiek teen die introspektiewe grondslag van die beskouing.

4.2.1 Kritiek teen die skuldbegrip: ontologies gesien

Ofskoon Mowrer radikaal van Freud verskil wat betref die oorsprong en implikasies van skuld, trap hy nogtans in dieselfde slaggat as Freud vir sover dit die differen= siasie tussen skuld en angs betref. Oden (1969, p. 51) wys naamlik daarop dat Mowrer net soos Freud be= weer dat skuld slegs 'n vorm van angs is. Hy definieer skuld as 'n vrees wat ervaar word na die verrigting van 'n verkeerde daad waarvan niemand kennis dra nie. Skuld is vir hom dan die vrees dat mens „uitgevang" en gestraf gaan word.

Die korrekte siening is volgens Oden dat skuld as feno= meen fundamenteel van angs verskil. Sy argument is dat skuld altyd via herinnering terugverwys na 'n daad uit die verlede, terwyl angs via die verbeelding na die teen= oorgestelde kant, dit wil sê na die toekoms verwys en betrekking het op bedreiging van 'n kernwaarde. Hieraan voeg hy toe:

„It is a wholly inadequate observation to see one as absorbed by another or to reduce guilt merely to a form of anxiety" (ibid.).

Die rede hiervoor is dat die ontologiese grense vir beide skuld en angs in die hede geleë is. Skuld kan dus slegs onregstreekse implikasies vir die toekoms hê, terwyl angs eweneens slegs op onregstreekse wyse die verlede kan binnedring. Skuld en angs funksioneer derhalwe in direk parallelle, analoë, dialekties teenoorgestelde rigtings, aldus Oden.

'n Mens mag die indruk kry dat dié kritiekpunt nie bete= kenisvolle implikasies vir psigoterapie mag hê nie, maar dit is wel duidelik dat hierdie eng siening van skuld meebring dat Mowrer in sy beskouing van terapie baie eensydig ontwikkel. Omdat hy naamlik as 'n voorveronder= stelling aanvaar dat skuld altyd met 'n vrees vir ontmas= kering van eie onegtheid geassosieer word, is hy essen= sieel in terapie ingestel op die blootlegging van die veronderstelde onegtheid en dubbelhartigheid as primêre en uitsluitlike oorsaak van die toestand van versteurde gedrag.

Die eerste kritiekpunt is dus dat Mowrer gefikseer is op skuld as deel van angs, want aangesien die angs volgens hom die vrees vir ontdekking van eie moraliteit impliseer, stel hy homself slegs in op die daadwerklike oopvlekking van die gevreesde immoraliteit.

### 4.2.2 Kritiek teen die skuldbeskouing spruitende uit die skuldbegrip

Die wese van die saak is dat Mowrer geen onderskeid maak tussen egte en onegte skuld nie ( Kyk die "sterk" hipotese op p. 105). Vir hom is skuld oorwegend eg en kan die oorsaak telkens teruggevoer word na 'n objek=tiewe skuldhandeling. Enkele skrywers wat hierteen be=swaar maak is die volgende:

Stein (1969, p. 143) is sterk gekant teen dié verabsolu=tering van egte skuld en benadruk dat skuld altyd gesien moet word as 'n interaksie tussen egte en neurotiese (dit is valse) skuld. Trouens, hy beskuldig Mowrer daarvan dat hy 'n moralistiese siening van neurose huldig, omdat hy alle neuroses en neurotiese probleme aan egte skuld wil toeskryf.

Jourard (in Mowrer, 1961, p. 27) beskuldig Mowrer eweneens daarvan dat hy geen onderskeid tref tussen individuele gewetensfunksionering nie. Hy wys egter daar=op dat die kliniese situasie aantoon dat die gewete van individu tot individu verskil. (Verder moet ook onthou word dat die gewete van 'n bepaalde mens nie presies dieselfde funksioneer ten opsigte van alle lewensfasette

nie. Dieselfde persoon kan byvoorbeeld skuldig voel as hy die Sondagoggend nie kerk toe gaan nie, maar weinig leed ervaar, indien enige, as hy 'n ander persoon finan= sieel kort doen.) Dit bring volgens hom mee dat sommige persone aan 'n strenger gewetensfunksionering onderworpe is as andere - 'n faktor wat volgens Mowrer feitlik geen gewig dra nie.

'n Derde kritikus, Ausubel, (in Rosenhan en London, reds., 1969, p. 199) is gekant teen die opvatting dat geeste= siekte deur Mowrer vertolk word as 'n gevolg van sonde en immoraliteit. Hy skryf dat dit in die meeste gevalle moont= lik is om te differensieer tussen geestesiekte en gewone gevalle van immoraliteit. Dit bring mee dat skuld nie summier as hoofoorsaak van 'n geestesiekte aanvaar kan word, soos Mowrer inderdaad beweer nie.

Verder stel hy dit duidelik dat skuld, na sy mening, nie die primêre oorsaak van geestesiekte is nie, ofskoon dit 'n bydraende faktor kan wees. Hy stel dit soos volg:

„Feelings of guilt may give rise to anxiety and depres= sion; but in the absence of catastrophic impairment of self-esteem induced by other factors, these symptoms tend to be transitory and peripheral in nature" (ibid.).

### 4.2.3 Kritiek teen die introspektiewe grondslag van die beskouing

Ofskoon hierdie kritiekpunt uiters spekulatief is, is dit tog 'n opvallende feit dat Mowrer se teorie van versteur= de gedrag volkome ooreenstem met sy eie ervaringe. Daar

moet toegegee word dat 'n teorie wat gebaseer is op eie ervaringe op die werklikheid gegrond is, maar die vraag is of dit verteenwoordigend is van die algemene aard van versteurde gedrag.

In die praktyk kom hierdie benadering in elk geval neer op 'n veralgemening van eie bevindinge, en dit sluit in=dividualisering uit. Op grond hiervan moet Mowrer ge=kritiseer word omdat sy benadering nie voorsiening maak vir die moontlike rol van onegte skuldgevoelens, as ge=volg van verkeerde opvoedingsmetodes nie. (Hy veralge=meen die bestaan van egte skuld tot 'n universele oorsaak van neurose en funksionele psigose, terwyl die praktyk leer dat dit nie altyd so is nie.)

## 5. Die terapeutiese aspek van skuld en skuldgevoelens

Mowrer se opvattinge in verband met die terapeutiese hantering van die skuldproblematiek berus grootliks op sy eie ervaringe met skuld, asook die invloed van Sullivan - veral betreffende die belangrikheid van ge=sonde interpersoonlike verhoudinge. Die kern van sy terapie is dat die skuld, meer bepaald individuele of private skuld, as oorsaak van persoonlikheidsprobleme, slegs opgelos kan word indien die verborge skuld bely en reggestel word, deur wysiging van die basiese lewenstyl.

Om die terapeutiese benadering te verduidelik formuleer skrywer 'n aantal uitgangspunte.

## 5.1 Uitgangspunte vir terapie

### 5.1.1 Uitgangspunt in verband met die terapeutiese aanslag: die fokus op die veronderstelde egte skuld

Waar Freud die probleem van versteurde gedrag benader vanuit die infantiele ervaringe, veral infantiele seksualiteit, en die invloed daarvan op die persoonlikheid, spits Mowrer hom regstreeks toe op die manifestasies van skuld, wat hy as die grondliggende oorsaak van versteurde gedrag beskou.

Hierdie benadering bring mee dat die diagnostiese sy van die terapeutiese proses in werklikheid onvolledig is - daar word eenvoudig aanvaar dat gevalle van neurose en funksionele psigose volgens die „sterk hipotese" aan skuld te wyte is. (Die vraag kan ook gevra word of daar 'n suiwer funksionele psigose bestaan.) Die intense skuldgerigtheid en skuldbewustheid van die terapeut blyk ook uit die feit dat Mowrer alle simptome vertolk in terme van die taal van die gewete. Drakeford, 'n belangrike navolger van Mowrer, noem byvoorbeeld dat die gewete gebruik kan maak van „orgaantaal" (byvoorbeeld hoofpyne, hartkloppings of maagsere); „affektiewe taal" (byvoorbeeld depressies, angs en vrees); of „aksietaal", byvoorbeeld sinlose kompulsies, (1967, pp. 23 - 26).

### 5.1.2 Uitgangspunte in verband met die verloop van die terapeutiese proses

Om 'n doelmatige verloop van die terapeutiese proses te

verseker word van 'n aantal konfrontasies gebruik gemaak. Die drie belangrikste soorte konfrontasies, wat verder toegelig sal word, is:

. konfrontasie met die realiteit van skuld ten einde belydenis en regstelling af te dwing;
. konfrontasie met gewetensfunksionering ten einde persoonlike verantwoordelikheid te verhoog;
. konfrontasie met religieuse konsepte ten einde bogenoemde doelwitte te bereik

5.1.2.1 Omdat skuld 'n kloof stel tussen die individu en sy sosiale omgewing, kan dit slegs op een wyse oorbrug word en dis deur die skuld te bely en daardeur die isolasie van geheimhouding en onegtheid te deurbreek.

Oor die belangrikheid hiervan skryf Mowrer die volgende:

„Here, in honest self-revelation and authentication, is the royal road to psychological freedom and personal wholeness, and our attempts to prevent others from traversing it has been sheer professional chauvinism" (1964, p. 225).

5.1.2.2 Die gewete speel 'n belangrike rol in Mowrer se benadering. Teenoor Freud wat in terapie ingestel was op 'n tempering van gewetensfunksionering, glo Mowrer dat die gewete eerder versterk moet word sodat die integriteit van die persoon kan verhoog.

Die beklemtoning word gekoppel aan die gedagte dat 'n versterking van die gewete die individu ook verantwoordeliker en pligsgetrouer sal maak en sy sosiale funksionering aanvaarbaarder sal stem.

5.1.2.3 Om deur te dring tot die wortel van die pro= bleem, naamlik die skuld, en te verseker dat die doel= stellinge van belydenis en regstelling bereik word, ge= bruik Mowrer ook religieuse konsepte. Daar word byvoor= beeld herhaaldelik van Bybeltekste gebruik gemaak om terapeutiese opvattinge tuis te bring, byvoorbeeld Spreuke 28 : 13: "Hy wat sy sondes bely en laat staan, sal barmhartigheid vind".

### 5.1.3 Uitgangspunt in verband met die uiteindelike doelwit van terapie: sosiale reïntegrasie

Mowrer interpreteer Freud se neuroseleer in terme van 'n oorsosialisering. Volgens sy beskouing is dit egter die teenoorgestelde: omdat die neuroot slegs gedeeltelik gesosialiseer is, is hy nog nie volwasse en verantwoor= delik genoeg om bevredigend in die sosiale sfeer in te pas nie. Dit moet dus die doel van terapie wees om sy sosialisering te verhoog (1967 a, p. 50) sodat hy sosiaal nuttig en bruikbaar kan wees. Dit alles kom neer op groter sosiale integrasie, waardeur Mowrer meen dat die individu ook tot 'n groter persoonlikheidsintegrasie sal groei.

## 5.2 Die terapeutiese proses

Uit die voorgaande kon reeds afgelei word dat die ver= skillende aspekte bereken is op 'n verhoging van die integriteit van die individu. Omdat die terapie ingestel is op blootlegging en oorkoming van onegtheid, dubbel=

hartigheid en geheimgehoude skuld, is dit ook nie verras=
send dat die naam Integriteitsterapie daaraan toegeken is
nie.

Om Mowrer se beskouing nader toe te lig, kan drie
stappe geformuleer word, naamlik:

- skepping van 'n vertrouensverhouding;
- belydenis;
- regstelling van die skuldhandeling.

Vir die uiteensetting wat volg, word hoofsaaklik gebruik
gemaak van die publikasie van Drakeford, wat reeds
aangedui is as 'n belangrike mondstuk van Mowrer.

### 5.2.1 Skepping van 'n vertrouensverhouding

In Integriteitsterapie word nie veel klem gelê op die
aanvaarding van die kliënt nie. In teenstelling met ander
psigoloë wat hierdie aspek in die geval van skuldterapie
baie sterk beklemtoon, verklaar Drakeford slegs dat die
terapeutiese verhouding nog vinniger gevestig kan word
indien die terapeut self 'n ervaring in verband met per=
soonlike onverantwoordelikheid, geheimhouding en sosiale
isolasie aan die kliënt meedeel (a.w., p. 85).

In 'n ander artikel verklaar Mowrer dat die terapeut
beswaarlik 'n belydenis van die kliënt kan verwag indien
hy nie self 'n toonbeeld van openheid en interpersoonlike
egtheid is nie. Gevolglik is dit noodsaaklik dat die tera=
peut die kliënt in dit wat hy van hom verwag (die bely=

denis) sal moet voorgaan. Sodra dit gebeur, is dit volgens Mowrer vir die kliënt makliker om homself met die terapeut te identifiseer en is dit ook bevorderlik vir die realisering van die terapeutiese doelstellings.

### 5.2.2 Die belydenis van die kliënt

Die kern van die terapeutiese proses is volgens die be= ginsels van Integriteitsterapie die belydenis waarin die kliënt die veronderstelde egte skuldhandeling wat sy probleem ten grondslag lê, aan die terapeut meedeel.

Om aan te dui wat met die begrip „belydenis" bedoel word, onderskei Drakeford tussen verskillende vorme van belydenis. Eerstens noem hy die geheime belydenis voor God, dan die private belydenis teenoor die persoon teen wie 'n oortreding begaan is, asook 'n openbare belydenis teenoor die gemeenskap of groep teen wie oortree is.

Teenoor dié vorme van belydenis stel Integriteitsterapie die sogenaamde <u>terapeutiese belydenis</u>. Dit behels 'n be= lydenis aan die terapeut en dan aan die sogenaamde „betekenisvolle ander" in die lewe van die kliënt, gevolg deur die toepaslike aktiwiteite om die skuldgedrag te probeer vergoed.

Die essensies van die terapeutiese belydenis is soos volg deur Drakeford opgesom:

- dis nie 'n gekla nie;
- dit mag nie 'n projeksie van persoonlike blaam op

ander wees nie;

. dit fokus nie op voortreflikhede nie, maar op persoon=like swakhede;

. dit geskied nie namens ander nie;

. dit geskied altyd aan die sogenaamde betekenisvolle ander;

. dit impliseer die bereidheid om onder die medemens=like oordeel te staan (ibid., p. 100).

Uit bogenoemde fasette van die belydenis straal een sentrale gedagte, naamlik dat die probleem wat 'n kloof tussen individu en sosiale omgewing geskep het, slegs verwyder kan word deur persoonlike verantwoordelikheid vir die skuld te aanvaar, dit te bely en die self daar=deur ontvanklik te maak vir kritiek of verwerping deur die sosiale omgewing.

### 5.2.3 Regstelling van die skuldhandeling

Volgens Drakeford kan die verbale gedeelte van die be=lydenis (dit wil sê die bekendmaking van die onegtheid en onverantwoordelikheid) gesien word as die negatiewe aspek van die belydenis.

Die positiewe aspek, naamlik die regstelling van die skuldgedrag, vorm die laaste faset van skuldterapie, en as dit afgehandel is, word gemeen dat die kliënt sosiaal beter geïntegreerd sal wees.

Regstelling is dringend noodsaaklik en mag nie eers plaasvind as die kliënt daarna voel nie. 'n Gevoel van

tevredenheid word eers verkry na 'n daad van regstelling. In dié verband stel Drakeford (in Belgum, red., 1967, p.307) die volgende slagspreuk:

„Effort comes before comfort".

Betreffende die aard van die regstelling skryf Mowrer dat dit daarin bestaan dat die kontraktuele ooreenkoms (ver=standhouding) wat daar tussen die kliënt en sy betekenis=volle ander bestaan, en wat geraak is deur sy skuld=handeling, òf herbevestig, òf opnuut aangeknoop, òf heeltemal verbreek moet word, sodat elke persoon volkome duidelikheid het oor sy verhouding tot ander.

'n Laaste aspek wat 'n integrale deel is van die regstel=ling en belydenis, is dat die kliënt na die verlossing van sy probleme onder die morele verpligting staan om die blye boodskap van egtheid en openheid jeens ander, deur middel van sy gedrag en voorbeeld aan ander moet uitdra. In sy optrede moet hy as't ware „profeet" wees en daar=deur as toonbeeld van sosiale integrasie optree.

Die gedagte van 'n profetiese instelling ten opsigte van die gevaar van geestesiekte en die belangrikheid van sosiale eerlikheid en openheid as voorwaarde vir sosiale integrasie word op 'n besondere manier deur Mowrer ge=stel as hy skryf dat die wese van die profetiese boodskap daarin geleë moet wees dat elke individu wat alreeds deur die worstelstryd van neurotiese desintegrasie gegaan het, opnuut 'n vertroue in die verlossende krag van menslike kameraadskap moet bekom en dat hy moet sidder by die aanskoue van afwykings van integriteit en openheid (1962, p.13).

## 5.3 Kritiek teen Mowrer se siening van terapie

As 'n oorkoepelende kritiekpunt kan genoem word dat Mowrer se terapie in sommige gevalle uitstekend gaan werk maar dat dit beperk word deurdat hy alle kliënte onvoorwaardelik in sy teoretiese sisteem probeer indruk, sonder om elke geval op eie meriete te evalueer.

Hierdie eensydigheid kan myns insiens verdeel word in die volgende aspekte:

. Integriteitsterapie getuig van 'n fiksasie op egte skuld;
. belydenis en regstelling kan nie universeel-geldige terapeutiese maatreëls wees nie;
. die kortpadmetode van belydenis en regstelling mag die skuldsituasie vererger;
. sosiale reïntegrasie as einddoel van terapie mag skyn=oplossings bewerkstellig.

### 5.3.1 Integriteitsterapie getuig van 'n fiksasie op egte skuld

Omdat Mowrer die bestaan en praktiese implikasies van onegte „valse" skuld afwys, is hy in terapie op egte skuld toegespits. Dit impliseer dat hy in terapie 'n ge=slotenheid handhaaf vir die gevolge van 'n ondoelmatige opvoeding wat moontlik, volgens Stein (1969, p. 147) ook tot oormatige skuldgevoelens aanleiding mag gee.

Stein beweer dat 'n terapeutiese benadering wat gebou is op die veronderstelling dat alle skuld op 'n werklik=

heidsbasis berus, sal misluk indien die kliënt inderdaad ook aan valse skuld, as gevolg van 'n skeefgetrekte ge= wete, sou ly, omdat die konfrontasie met die veronder= stelde egte skuld die situasie net nog ondraagliker sal maak.

### 5.3.2 Belydenis en regstelling is nie universeel-geldige terapeutiese maatreëls nie

Omdat Mowrer van mening is dat alle persoonlikheids= probleme na onverantwoordelikheid, onvolwassenheid en anti-sosialiteit herlei kan word, en dus 'n skuldbasis het, glo hy dat belydenis en regstelling van die ver= onderstelde skuldsituasie 'n oplossing van die probleem teweeg sal bring.

Hierteenoor skryf May (1967b, p. 106) dat die konflik wat onderliggend is aan die skuldproblematiek nooit slegs herlei kan word na enkelvoudige konflikte, waarin die individu teenoor die sosiale groep staan nie. Hy beklem= toon dat dié konflikte, sodra die selfbewussyn gevestig is, 'n simboliese betekenis aanneem en dat hieraan baie meer aandag bestee moet word.

May se kritiek kan dus vertolk word as 'n aanduiding dat Mowrer se hantering van skuld deur middel van be= lydenis en regstelling 'n oorvereenvoudiging van die aard van persoonlikheidsprobleme en die dinamika van skuld verteenwoordig.

### 5.3.3 Die kortpadmetode van belydenis en berou vlek die skuldsituasie nie altyd volledig oop nie.

Die voorgaande kritiekpunt is dat bogenoemde metodes nie vir die terapie van alle vorme van persoonlikheidsprobleme aangewend kan word nie. Die huidige kritiekpunt is dat belydenis en regstelling selfs in die geval van 'n skuld= situasie destruktiewe gevolge kan hê indien daar nie rekening gehou word met die persoonlikheidstruktuur van die kliënt nie. Die probleem is egter dat Mowrer so sterk glo aan die veronderstelde universele geldigheid van sy skuldteorie dat hy 'n kliënt in die praktyk tromp= op met sy vermeende skuldsituasie konfronteer ten einde die individu tot 'n belydenis te dwing.

Indien die oorsaak van die neurotiese stoornis wel op immoraliteit en dus op egte skuld berus, sal hierdie kortpadmetode moontlik uitstekend werk. Die gevaar is egter dat die skuldsituasie in baie gevalle 'n traumatiese gebeurtenis vir die kliënt kan wees, en dus nie die ge= wenste uitwerking sal hê indien so 'n persoon summier met sy skuld gekonfronteer word nie.

May (1970, p. 231) skryf dat die kliënt homself in terapie oor die algemeen nie sal toelaat om 'n trauma korrek waar te neem indien hy nie gereed is om 'n standpunt daarteenoor in te neem nie. Dat dit 'n trauma is as 'n mens skielik in 'n angstoestand, of in 'n uiter= ste depressie, of toestand van twyfel, met skuld, on= verantwoordelikheid, en onvolwassenheid gekonfronteer word, en feitlik gedwing word om met 'n belydenis van

persoonlike onegtheid en dubbelhartigheid voor 'n dag te kom, staan vas.

Indien die onderliggende probleem nie slegs op immoraliteit gegrond is nie, maar byvoorbeeld ook teweeggebring is deur 'n skeefgetrekte gewete (as gevolg van 'n ondoelmatige opvoeding), sal die skok te groot wees en sal dit dus 'n negatiewe terapeutiese reaksie tot gevolg hê.

Wanneer Mowrer gekritiseer word dat hy 'n kortpad-metode volg, koppel mens dit onmiddellik aan Bugental se waarskuwing teen „die behoefte om te genees" (1965, p. 111). Hierdie outeur bring sy stelling nie in verband met Mowrer se werk nie, maar laasgenoemde se intense fokus op skuld, die egtheid daarvan en die gedrongenheid om dit deur middel van belydenis en regstelling uit die weg te ruim, dra tog implisiet die gedagte van „genesing" in die sin van probleemoplossing.

In gevalle waar die wortels van die neurotiese steuring dieper geleë is as immoraliteit en interpersoonlike ver=steuringe, kan die drang om te „genees" nie 'n oplossing in die ware sin van die woord bewerkstellig nie, omdat dit nie die wortel van die probleem sal aanraak nie.

Die gevolgtrekking is dan dat die aandringende benade=ring waarin belydenis voorop staan, soms kan slaag, maar gevaarlik is as dit as standaardbenadering gebruik word.

### 5.3.4 Sosiale reïntegrasie as einddoel van terapie mag moontlik skynoplossings in die hand werk

In die uitgangspunte met betrekking tot terapie is gewys op Mowrer se motief om die sosialiseringspeil van sy kliënte te verhoog. Die gedagte is dat die kliënt deur middel van belydenis en regstelling 'n toenemende open=heid jeens ander moet ontwikkel en dus voortdurend nader aan sy verwysingsgroep moet beweeg.

Die kritiek hierteen is dat die oormatige klem op die belangrikheid van sosiale kodes en waardes as grondslag vir individuele selfvervulling neerkom op 'n ontkenning en afwysing van individualiteit en persoonlike vryheid. Hieroor skryf May soos volg:

„For the therapist to reinforce the mores of society as a 'solving' of the problem of guilt feeling is to make the patient less autonomous and responsible in the long run with respect to himself and the conflicts which underlie his guilt feeling" (1967b, p. 106).

Hieraan voeg hy toe dat indien die hoofdoel van terapie daarin bestaan dat die sosiale kodes versterk moet word, dit die klimaat skep vir 'n latere herlewing van neuro=tiese skuldgevoelens. Ofskoon dit dus positief is dat Mowrer die belangrike gemeenskapswaardes in terapie beklemtoon, is dit gevaarlik, aangesien hy die heil en bestemming van die individu sien as volledig opgesluit in die sosiale groep. (Hy verwaarloos dus die indivi=dualiteit en die gevaar van 'n blinde konformisme word hierdeur vergroot.)

Dis nie net verkeerd om skuld te probeer oplos deur afdwinging van die maatskaplike kodes en sanksies nie. Ook uit die oogpunt van die nuttigheid en navolgenswaar=digheid van die sosiale sanksies en kodes moet die oor=matige toespitsing daarop verwerp word. Vergelyk in dié verband Horney se beweringe in verband met die teen=stellings in die westerse kultuur:

. naasteliefde teenoor mededinging;
. stimulering van behoeftebevrediging teenoor frustrasie van die aangewakkerde behoeftes;
. vryheid teenoor ingeperktheid in 'n onwrikbare maat=skaplike patroon (1937, pp. 288 - 289).

Benewens hierdie inherente gebreke in die maatskaplike kodes word die beklemtoning van die belangrikheid van gehoorsaming en aanpassing daaraan gedra deur 'n karakter van konformisme. Teen hierdie aspek maak veral Lindner beswaar. Al gebruik Mowrer slegs die begrip „aanpas=sing", geld Lindner se kritiek ten volle, omdat laasge=noemde die begrippe aanpassing en konformisme as ekwi=valente beskou (1956, p. 167).

Lindner meen dat die mens, kragtens sy biologiese struk=tuur, spesifiek sy „instink om te rebelleer", nie gemaak is om blindweg aan te pas en te konformeer nie.

Hieruit moet die afleiding gemaak word dat konformisme nooit 'n oplossing vir persoonlikheidsprobleme kan wees nie, omdat dit die individu net aan groter en meer ver=strengelende bande onderwerp, waardeur sy individualiteit,

kreatiwiteit en uniekheid in die slag bly. Die gehoorsaam=heid en blindelinge navolging van sosiale kodes verseker wel 'n spanninglose lewe, maar soos Lindner dit stel:

"... the untense mind, the unconcerned mind, the dulled, relaxed, uncaring mind is a travesty of human nature" (pp. 208 - 209).

## 6. Illustrasie van Mowrer se skuldbeskouing: die „neurose", belydenis en genesing van 'n protes=tantse predikant

Hierdie gevallestudie (in Mowrer, 1964) is opgeteken deur die betrokke predikant self nadat hy sy persoonlikheids=integrasie herwin het na 'n lang stryd teen angs, de=pressietoestande en innerlike desekwilibrium. As gevolg van die tipiese (volgens Mowrer) bedekking van anti-sosiale gedrag en onderdrukte skuld, het sy integriteit progressief gedesintegreer, totdat hy na etlike pogings om hulp te bekom, by 'n Mowreriaanse terapeut beland het. Laasgenoemde het hom oorreed om vir die eerste keer in sy lewe oop en eerlik te wees en persoonlike verantwoordelikheid vir sy skuldgedrag te aanvaar en te openbaar. Na die belydenis het daar 'n merkwaardige verandering ingetree en het die neurotiese simptome van angs en depressie plek gemaak vir algehele herstel.

### 6.1 Uiteensetting

Die eerste tekens van 'n persoonlikheidsprobleem het ingetree 'n jaar na die predikant die kansel bestyg het.

Onderwyl hy 'n pastorale beradingsessie met 'n voornemen=de huwelikspaar gevoer het, het hy meteens kortasem en skaam geword - so erg dat hy nie kon voortgaan nie en die sessie met die verskoning van „siekte" moes beëindig.

Tydens die mediese ondersoek wat hierop gevolg het, is die predikant aangeraai om nie so hard te werk nie, en bed toe gestuur met 'n kalmeermiddel. Aangesien die uit=koms van die voorval egter baie onbevredigend was vir die jong predikant, het hy in verbinding getree met sy superintendent. Laasgenoemde het aanbeveel dat hy sy probleem in die gebed aan God moes opdra.

Sowat twee jaar hierna het die probleem weer akuut ge=word en 'n krisispunt is bereik. Die oorsaak was dat die predikant 'n aantreklike jong (getroude) gemeentelid probeer soen het tydens 'n besoek waarin sy besonder depressief voorgekom het. Die insident is voorafgegaan deur 'n reeks kontakte tussen die leraar en die vrou, as gevolg waar=van sy baie afhanklik van hom geword het. Die poging tot toenadering is gevolg deur 'n houding van ontsteltenis van die kant van die vrou, en binne 'n maand het haar eggenoot die predikant pertinent gevra of hy toenadering gesoek het.

Ofskoon die predikant weens sy ontsteltenis hierdie insi=dent aan sy vrou vertel het, het hy sy geweldige skuld=gevoel verswyg. Hierby voeg hy:

„Whatever chances I had had for redemption up to this point I had muffed every time, and the game was drawing nearer and nearer the finish" (a.w. p. 75).

Na die kritieke insident het die predikant se geestestoe=stand merkbaar verswak. Sy eerste angsaanval het inge=tree toe hy homself aan 'n nuwe kollega moes voorstel, en het daarna so toegeneem dat dit naderhand deel van sy daaglikse lewenspatroon geword het. Sy hele lewens=beplanning, sy produktiwiteit en persoonlikheidsintegrasie is hierdeur ontwrig.

Die intrede van depressie as verdere neurotiese steurnis het gelei tot 'n toevlug na ander kollegas. Dit het nie veel gehelp nie, en selfs na 'n sessie by 'n ervare pas=torale berader, was die predikant nog nie van sy angs gevrywaar nie. Die ergste aanval het plaasgevind toe hy tydens 'n begrafnisrede beswaarlik genoeg asem gehad het om die seremonie af te handel.

Dié voorval het gelei tot verdere beradingsessies by 'n ander predikant. Intussen het hy egter eenkeer na Nieu-York gegaan waar hy 'n verdere daad van onreg jeens homself en die samelewing gepleeg het. Op die stadium het hy 'n vroeëre aksie herhaal deur 'n twyfelagtige nagklub te besoek - waar hy 'n aansienlike graad van seksuele prikkeling kon bekom - onder die voorwendsel dat hy 'n bietjie meer menslik moes wees en homself 'n paar „plesiertjies" moes gun.

Omdat die predikant-berader hierna met vakansie vertrek het, is hy verwys na 'n geestesgesondheidskliniek. Die nuwe terapeut het 'n Mowreriaanse oriëntasie gehad en 'n totaal ander benadering gebruik. Hy het deurentyd ge=praat van die leraar se verantwoordelikheid jeens sy ge=

meente, sý skuld en sý woede. In 'n droominterpretasie het hy aangetoon dat hy in werklikheid talle skuldgevoelens gehad het, en dat hy inderwaarheid 'n egte verhouding met mense en God begeer het.

Die hoogtepunt van die terapeutiese verhouding was die oorhandiging van 'n artikel „You are your secrets" deur Mowrer. Die inhoud hiervan het so dramaties ooreenge= stem met die predikant se eie geskiedenis, dat hy vir die eerste keer agtergekom het dat hy 'n lewe van dubbel= hartigheid, bedrog en sonde gelei het. In die laaste sessie het hy gevolglik al sy boesemsondes bely, vanaf sy masturbasieprobleem tot sy belangstelling in pornogra= fiese leesstof en naakte foto's waarmee hy homself telkens seksueel so geprikkel het dat hy kon masturbeer en God dan weer om vergewing kon smeek.

Die belydenis is gevolg deur 'n openhartige gesprek met sy vrou. Dit het die deur na gemeenskap geopen en meegebring dat hy volkome herstel het.

## 6.2 Kritiek

### 6.2.1 Besware teen die interpretasie van die „neurose"

Alhoewel die predikant in alle opsigte die klassieke neu= rotiese simptome vertoon, kan die vraag nogtans gestel word of dit werklik verteenwoordigend is van neurose as sodanig. Een opvallende aspek is dat sy probleem in werklikheid 'n kwessie van immoraliteit was en dat daar nie soseer tekens van ondoelmatige kinderopvoedingspraktyke teenwoordig was nie.

Alle gevalle van neurose vertoon egter nie hierdie dinamika nie en op grond van dié feit is dit nie moontlik om so 'n geval as toonbeeld van neurose voor te hou nie.

### 6.2.2 Besware teen die terapeutiese benadering

Die kernbeswaar is dat hierdie geval nie verteenwoor= digend is van die Mowreriaanse benadering tot terapie nie. Die predikant is wel deur middel van die tegnieke van Mowrer tot insig en oortuiging van sy skuld gebring, maar hierdie horisontale dimensie van die terapeutiese proses (wat die totaliteit van Mowrer se benadering kon= stitueer) is in sy geval aangevul met 'n persoonlike reoriëntasie jeens God, dit wil sê die horisontale dimen= sie van terapie is deur homself gekombineer met die vertikale dimensie, wat andersyds by Mowrer se bena= dering ontbreek.

Die bewering kan dus gemaak word dat die uiteindelike oplossing van sy egte, verdronge skuld nie soseer geleë is in die herstel van sy verbroke interpersoonlike ver= houdinge nie, maar in sy herstel van sy God-mensrelasie.

Sy herstel kan dus nie net in psigologiese terme weerge= gee word nie. Die kern is dalk juis geleë in sy oor= tuiging van sonde jeens God en nie jeens sy medemens nie. Die eksplisiete psigologiese benadering kan dus nie as volledige verklaring vir die herstel dien nie. Dit moet ook gekoppel word aan 'n teologiese proses wat langs implisiete lyne plaasgevind het.

## 7. Samevatting

- Mowrer verwerp die psigoanalitiese beskouing waarin die skuldproblematiek oorwegend 'n intrapsigiese realiteit is.

- In die plek hiervan stel hy die skuldproblematiek as interpsigiese realiteit. Skuld is vir hom die resultaat van 'n egte, daadwerklike oortreding waardeur 'n interpersoon=like (interpsigiese) relasie geskend word.

- Wanneer skuld geheim gehou word, en die gewete onderdruk word, ontwikkel ~~die sogenaamde~~ ~~tipe I-~~ simptome soos spanning, slapeloosheid, ens., en om hierdie toe=stand die hoof te bied word 'n tweede groep „simptome" ontwikkel, ~~naamlik~~ die tipe II-simptome, byvoorbeeld die neiging tot ontvlugting, ensovoorts.

- Omdat skuld vir Mowrer op 'n werklikheidsbasis berus, word dit ook in terapie op 'n konstruktiewe wyse gehanteer. Die geheimhouding word gebreek deur die be=lydenis van die kliënt en daarna volg regstelling van die skuldhandeling, waardeur die verbroke interpsigiese re=lasies herstel word.

HOOFSTUK IV

# Evaluering van die skuldbeskouinge van Freud en Mowrer vanuit prinsipiële grondslag

## 1. Inleidende opmerkings

### 1.1 Ten aansien van die maatstaf van evaluering

Die Christelike beskouing sal deurgaans dien as meet=snoer vir die waardebepaling. As kern van die beskouing word die Christelik-gefundeerde formulering van De Klerk (1971, pp. 5 - 7) gebruik. Aanvullend hierby word van 'n aantal toepaslike, Christelik-versoenbare standpunte in verband met die rol van skuld in patologiese toestande, asook die terapie van skuld, gebruik gemaak.

As sodanig is dié verwysingsraam (die Christelike be=skouinge) ingebed in die behoeftes en eise van die twintigste-eeuse kulturele omstandighede, soos vervat in dié Christelike beskouinge en belig vanuit die perspek=tief van die psigologie. Die implikasies van hierdie kulturele verweefdheid van die evalueringsmaatstaf sal aanstons blyk.

### 1.2 Ten aansien van die metode van evaluering

Die metode van evaluering word afgelei uit die fundering

van die skuldbeskouinge en hieroor moet die volgende verhelderende opmerkings gemaak word:

. 'n Psigologiese skuldbeskouing (dit wil sê die per= spektief op skuld en skuldgevoelens vanuit die psigologie) is ingebed in die psigologiese stelsel waarbinne dit figureer.

. Implikasies hiervan is dat 'n skuldbeskouing slegs geëvalueer kan word deur inagneming van die geheel van die stelsel waarin dit veranker is.

. Elke psigologiese stelsel het sy diepste grond in die mensbeskouing waaromheen dit ontwerp is (De Klerk, 1971, p. 2).

. As vertrekpunt vir die evaluering sal die onder= hawige mensbeskouing dus ontleed moet word. Hierdeur kan aangetoon word hoe die skuldbeskouing daaruit ont= wikkel het, asook die implikasies wat dit vir die tera= peutiese proses het, met inbegrip van die deurwerking van die mensbeskouing as diepste grond van die skuld= beskouing.

. 'n Psigologiese stelsel (dit wil sê ook die mens= beskouing en skuldbeskouing) is kultureel gewortel, (ver= gelyk May, 1970, p. 183; Pervin, 1970, p. 64; en Shakow en Rappaport, 1968, p. 95), omdat dit bepaal word deur heersende kulturele probleme en behoeftes en terselfdertyd ook 'n weerspieëling is van heersende kul= turele tendense.

Enige psigologiese stelsel besit dus kulturele relevansie wat slegs begryp kan word deur inagneming van die kul= turele gebondenheid.

. Freud se stelsel en skuldbeskouing is ontleen aan die behoeftes en omstandighede van die negentiende-eeuse Victoriaanse kultuur. As sodanig het dit primêr betekenis gehad vir dáárdie tydperk.

. Evaluering van Freud, vanuit die twintigste-eeuse omstandighede, soos gereflekteer in die Christelike mens= beskouing en verwante argumente, kan dus nie ewewigtig geskied, indien Freud se skuldbeskouing van die vorige eeu en ander kulturele omstandighede nie stap vir stap in die konteks van daardie kulturele milieu geplaas word nie. Indien dit nie gedoen word nie, word sy skuldbe= skouing geïsoleer, verloor dit alle kulturele relevansie en bly slegs dié aspekte oor wat in die lig van die twintigste-eeuse omstandighede negatiewe betekenis het.

. Mowrer se psigologiese stelsel, daarenteen, is kontemporêr, omdat dit binne die raamwerk van die huidige Westerse kultuur ontwikkel is.

. Omdat die maatstaf van evaluasie uit dieselfde kulturele omstandighede spruit, kan Mowrer se skuldbe= skouing dus regstreeks geëvalueer word, deur analise van sy mensbeskouing en die afleidings wat met betrekking tot skuld daaruit gemaak word.

## 2. Evaluering van die skuldbeskouing van Freud

### 2.1 Psigoanalise binne die konteks van die Victoriaanse kultuur

Om die psigoanalitiese gebondenheid aan die heersende kulturele omstandighede aan te toon, moet daar aandag aan twee aspekte gegee word, naamlik die inhoud van Freud se stelsel (idees) en die gestaltegewing van dié idees.

Daar moet dus aangetoon word dat Freud se opvattinge, inhoudelik gesien, ontleen is aan die kulturele milieu waarin hy geleef en gewerk het. Wat die gestaltegewing van sy werk betref, moet gewys word op die feit dat die heersende wetenskapsbeskouing van sy tyd die raam=werk gevorm het, waarbinne hy sy idees moes giet, ten einde erkenning daarvoor te kry, en ander van sy stand=punt te kon oortuig. Dus, sy gestaltegewing was weer 'n funksie van die heersende (naturalistiese) wetenskapsbe=skouing van sy tyd.

#### 2.1.1 Die kulturele milieu van die negentiende eeu

##### 2.1.1.1 Algemene karakteristiek

Die belangrikste kenmerk van die kultuur waarin Freud gewerk het, is (vir die doel van sy opvattinge) die feit dat dit getipeer kan word as 'n tydperk van aliënasie en kompartementalisasie ten opsigte van die individu, asook 'n tyd van moralisme en rasionalisme ten aansien van die enkeling (May, 1970, p. 182).

Oorsake hiervan was die opkoms van die kapitalisme wat 'n suinigheid laat ontstaan het - ook ten aansien van enige vorm van lewensgenieting (Fromm, 1971a, p. 182) - en die oorheersing van die wil en wilskrag, wat voortdurend onder die dwingende eis van selfdissipline 'n toewyding aan plig vereis het. Alle menslike aktiwiteite was gesen= treer rondom moralistiese ideale en motiewe. Psigologies gesien kan die tydperk as 'n tweede middeleeu getipeer word.

Die belangrikste neerslag hiervan is dat die liggaamlike drifte en begeertes verdring is - dit was die diepste grond van die psigologiese kompartementalisasie en aliënasie.

Dat Freud teen hierdie agtergrond 'n beskouing opgebou het wat essensieel deur May as 'n anti-wil-beskouing ge= tipeer word (1970, p. 207), is beswaarlik vreemd. As psigoloog wat self in die branding van sy tyd gestaan het, moes dit dus te wagte wees dat hy hierdie aliënasie en kompartementalisasie van sy tyd sou reflekteer en kon= kretiseer in 'n mensbeskouing waarin die irrasionele die rasionele (dit wat oënskynlik hoogty gevier het in die kultuur) verreweg oorskadu het.

Net so is die dominering van seksualiteit in die Freudi= aanse stelsel nie eienaardig as dit geplaas word teen die agtergrond van 'n moralistiese negering van enige vorm of beduidenis daarvan nie.

Dus: Freud se stelsel waarin die wil (die ego) 'n relatief minderwaardige rol speel en die mens 'n gedrewe wese is vanuit die onbewuste, is niks anders nie as 'n reaksie op die verabsolutering van die teenoorgestelde tendense in sy kultuur. May skryf:

„It must not be forgotten that Freud spoke out of and reflected an objectivistic, alienated, market-place culture" (1970, pp. 207 - 208).

Herhaaldelik beklemtoon May dat Freud se beskouinge nie 'n poging was om <u>wil</u> of <u>persoonlike verantwoordelikheid</u> te ontken nie, maar bloot die resultaat was van wat hy in sy kultuur waargeneem het. Hierdie waarneminge is eers ge= reflekteer, daarna geïnterpreteer en in verwerkte vorm weergegee.

### 2.1.1.2 Tipering van die spesifiek Weense Victoriaanse kultuur

Waar die dominansie van die irrasionele kragte en dryf= vere in Freud se stelsel en mensbeskouing 'n regstreekse uitvloeisel was van die feit dat die Victoriaanse kultuur in die algemeen 'n geringe plek aan hierdie aspekte toegeken het, moet die ander invloede wat op Freud in= gewerk en ook in die inhoud van sy werk weerspieël is, toegeskryf word aan die spesifieke kulturele atmosfeer van die stad Wenen, waar Freud gewoon en gewerk het.

Slegs een aspek word in dié verband uitgesonder en dit is die besonder intellektuele atmosfeer wat in die stad geheers het. Allers skryf dat die algemene publiek bewus

was van alle nuwe wysgerige en wetenskaplike bevindinge (1948, p. 256). Ofskoon Freud volgens dieselfde outeur ontken het dat hy ooit die werk van filosowe soos Nietzsche en Schopenhauer gelees het, is dit egter on= denkbaar dat hy nie onder die invloed van die belangrike figure van sy tyd sou kom nie (a.w., p. 257).

Veral met betrekking tot sy skuldbeskouing sal aanstons getrag word om aan te toon dat dit juis ten nouste be= ïnvloed is deur die filosoof Kant, en dus ook in dié opsig 'n neerslag van die kulturele patroon van die tyd was.

### 2.1.2 Die heersende wetenskapsbeskouing

Die wesenskenmerk van Freud se gestaltegewing aan die inhoud van sy werk is die naturalisme. Die gestalte van Freud se werk dra onmiskenbaar die stempel van die naturalisme, wat indertyd die heersende invloed in die wetenskappe gehad het (vergelyk May, 1967b, p. 188; en Allers, 1948, p. 250) en dus logieserwyse ook sy invloed op die psigologie sou uitoefen.

Binne die raamwerk van die natuurwetenskaplike oriën= tasie van die negentiende-eeuse wetenskap kan 'n paar kenmerke uitgesonder word, omdat dit ook groot invloed (wat rigtinggewing betref) op Freud se denke uitgeoefen het.

. die determinisme - die feit dat die natuurwetenskap uitgaan van die veronderstelling dat alle fenomene kousaal

gedetermineer is.

. meganisme - die invloed van die fisika wat alle ver=skynsels in terme van werkende meganismes verklaar het.

. ewolusionisme - die oordra van die sogenaamde kon=tinuïteitsbegrip op die biologie, wat in daardie stadium hoog aangeslaan is in die wetenskap (Allers, a.w., p. 251).

Omdat Freud sy vorming as bioloog en neuroloog binne hierdie natuurwetenskaplike denkkring gekry het, is dit te verstane dat hy sy beskouinge in verband met die mens in 'n natuurwetenskaplike vorm sou giet. Die feit dat die wetenskap en spesifiek die natuurwetenskap in daardie tyd (die negentiende eeu) so hoog aangeskrewe was, het 'n baie belangrike konsekwensie gehad. Freud het nie maar net sy idees in die taal en gietvorm van die natuurwetenskap oorgedra omdat hy weens sy vorming natuurwetenskaplike was nie, maar ook omdat dit slegs erkenning en aanvaarding sou verseker, indien dit in daardie vorm oorgedra en bekendgemaak sou word.

Hierdie feit is die belangrikste rede waarom hy 'n kwan=titatiewe oorsaak- en gevolgbeskouing ontwerp het, aldus die karakterisering van May (1970, p. 208).

Teen hierdie agtergrond word nou oorgegaan tot die analise van Freud se mensbeskouing, sy skuldbeskouing en die implikasies wat dit vir neurose en terapie het. Telkens sal ook aangetoon word hoe bogenoemde kultu=rele geworteldheid deurwerk na die skuldbeskouing in sy verskillende aspekte.

## 2.2 Die psigoanalitiese mensbeskouing

Vir die doel van 'n waardebepaling moet twee aspekte uitgesonder word wat die kernmomente van sy mensbe= skouing vorm. Dit is die persoonlikheidstruktuur en die drifstruktuur.

### 2.2.1 Die persoonlikheidstruktuur

Die volledige uiteensetting van die persoonlikheidstruk= tuur is verskaf in hoofstuk twee. Daarin is aangetoon dat die persoonlikheid bestaan uit die id, ego en super= ego. Vir die doel van die huidige evaluering is dit voldoende om te wys op twee beklemtoninge binne die raamwerk van die persoonlikheidstruktuur.

#### 2.2.1.1 Die id

As oerbron van lewensenergie is die id reeds met ge= boorte aanwesig en is dit die kern van menswees, aldus Freud (1949b, p. 136 en 1949a, p. 2). As entiteit is die id so belangrik dat selfs die ego en superego daar= uit differensieer (Freud, 1962, p. 38). Aangesien die id die eerste beginsel is in alle mense, kan dit ver= tolk word as die belangrikste oorerflikheidskomponent. Gevolglik oefen dit 'n belangrike invloed uit op die latere persoonlikheid.

„This oldest portion of the mental apparatus remains the most important throughout life" (Freud, 1949a, p. 2).

### 2.2.1.2 Die superego

Uit Freud se teorie is dit duidelik dat hierdie aspek ook groot invloed op die persoonlikheid uitoefen. Die superego ontwikkel sodra die oedipuskompleks verdring is. Freud sien die superego as die geïnternaliseerde stem van die gemeenskap, dit wil sê dit is die neerslag van die be= sondere opvoeding van die individu, en bestaan dus uit die verinnerlikte reëls en regulasies waarmee die kind deur sy ouers gesosialiseer is (1949a, p. 4).

Waar die ego die instansie is wat die impulse van die id moet beheer, is die superego weer besig met die kontrole= ring van die handelinge van die ego, en indien nodig, die bestrawwing van die ego deur middel van skuldgevoelens.

Afleidinge wat hieruit gemaak kan word, is die volgende:

- Omdat die id en superego kernstrukture in die per= soonlikheid is, vorm hulle die belangrikste determinante van die persoonlikheid. Waar die id die belangrikste <u>oorerflikheidsdeterminant</u> is, is die superego weer die belangrikste <u>omgewingsdeterminant</u>, aangesien dit die re= sultaat is van die omgewingseise wat via die opvoeding op die individu afgedwing is.

- 'n Tweede betekenisvolle feit is dat die ego nie veel „speelruimte" besit nie, aangesien dit vanuit twee pole beheer word deur die id en die superego. Dit bring in werklikheid mee dat die persoonlikheid volledig gedeter= mineer word deur die faktore oorerwing en omgewing.

(Freud se mensbeskouing omvat veel meer as bloot hier=die fragmentariese gedagtes, maar in die kritiese be=spreking wat volg sal telkens verdere aspekte van sy mensbeskouing aangeraak word om herhaling te voorkom.)

### 2.2.2 Die drifstruktuur

Die persoonlikheidstruktuur rus op 'n dieperliggende laag, naamlik die drifstruktuur, wat vergestalt is in die libido-teorie. Vir die doel van evaluering is dit voldoende om te noem dat Freud dié drifstruktuur gebaseer het op twee afsonderlike drifte, naamlik die lewensdrif (eros) en die doodsdrif (thanatos). Persoonlikheidsfunksionering word bepaal deur die interaksie tussen dié drifte. Omdat die twee drifte egter teenoor mekaar staan, verkeer hulle in konflik. Die intrede van die dood dui aan dat die doodsdrif uiteindelik geseëvier het (Freud, 1962, p. 30).

### 2.2.3 Kritiek teen Freud se mensbeskouing

Vanuit prinsipiële standpunt is die naturalisme die oor=heersende kritiekpunt teen Freud. Vervolgens sal aan=gedui word hoe die naturalisme gemanifesteer word in die mensbeskouing en daarna word gewys op die vier belang=rikste konsekwensies daarvan, naamlik reduksionisme, determinisme, ewolusionisme en hedonisme.

#### 2.2.3.1 Naturalisme as grondgedagte in die mensbeskou=ing van Freud

Om die naturalistiese grondmotief te motiveer word twee

beweringe gemaak, naamlik:

. menswees is ingesluit in 'n geslote stelsel; en
. persoonlikheidsfunksionering word natuurwetenskaplik verklaar.

Die stellinge word as volg ontwikkel:

2.2.3.1.1 Die mens is 'n geslote „stelsel" bepaal deur oorerwing en omgewing

Omdat die faktore oorerwing en omgewing in die natuur=wetenskaplike denke van die negentiende eeu 'n groot rol gespeel het, het Freud dit in só 'n mate in sy mensbe=skouing geïnkorporeer dat sy mensbeeld op die ou end neergekom het op die som van die oorerwings- en omgewingsfaktore.

Eersgenoemde faktor dui op die drifte, drange en sek=suele begeertes waarmee die mens kragtens sy geboorte bedeel is, terwyl die omgewingsfaktore weer beliggaam is in die superego wat voortdurend gerig is op die verwerp=ing van dié sosiaal-onaanvaarbare drifte.

Die natuurwetenskaplike instelling blyk baie duidelik uit hierdie siening van menswees, omdat dit die mens voor=hou as 'n volledig-gedetermineerde wese. Daar word nie ontken dat bogenoemde faktore 'n belangrike rol speel as persoonlikheidsdeterminante nie, maar die oorbeklemtoning daarvan bring mee dat alle menslike reaksies voorgehou word asof dit volledig bepaal word deur oorerwing en

omgewing. Dié standpunt ontken die vryheid van die mens, vandaar dat dit as natuurwetenskaplik gekarakteriseer kan word (vergelyk Mowrer: Conflict, Contract, Conscience and Confession, pp. 3 - 4).

2.2.3.1.2 Persoonlikheidsfunksionering kan volledig op natuurwetenskaplike wyse verklaar word

Hierdie stelling vloei voort uit die vorige. Omdat die mens gesien word as volledig gedetermineer deur oorer= wing en omgewing, beteken dit dat menslike funksionering op alle vlakke ook in ooreenstemming met die wette van die natuurwetenskap verklaar kan word.

Drie argumente om die geldigheid hiervan aan te toon is volgens Allers (1948, pp. 70, 75 en 81) die volgende:

. Die toekenning van 'n dinamiese verloop aan alle bewussynsverskynsels

Dit impliseer dat Freud menslike gedrag probeer verklaar het vanuit die wette van die fisici. As voor= beeld noem Allers dat die libido-teorie grootliks ooreen= stem met die beskouing dat fisiese prosesse volgens 'n wysiging in 'n energieverdeling verloop. 'n Bewussyns= verskynsel verloop dus volgens dieselfde patroon as 'n fisiese (natuurwetenskaplike) proses.

. Die fundering van bewussynsverskynsels in die wette van kousaliteit

Toegepas op Freud se skuldbeskouing beteken hierdie

bewering dat skuld herlei kan word na die verdringing van die oedipuskompleks, as gevolg waarvan die verdronge, konstitusioneel-bepaalde drifte in die onbewuste bewaar word. Hiervandaan bedreig dit dan die ego.

. Die verklaring van bewussynsverskynsels in terme van refleksbeweginge

'n Illustrasie hiervan is dat die drifte slegs die allesoor= heersende rol kon bekom, deurdat die geestesprosesse gelykgestel is aan die reflekswerking van die senusisteem. In aansluiting by dié argument kan genoem word dat die fundering van alle psigiese verskynsels in fisiologiese prosesse, 'n uitvloeisel is van Freud se betrokkenheid op natuurwetenskaplikes soos die fisioloog, Von Brücke, wat een van die belangrikste verteenwoordigers van die mega= nistiese materialisme was, aldus Fromm (1971a, p. 44). Vergelyk ook Shakow en Rapaport (1968, p. 42).

2.2.3.2 Konsekwensies van die natuurwetenskaplik-gefundeerde mensbeskouing

2.2.3.2.1 Reduksionisme

Kragtens sy skoling en kulturele milieu kyk Freud oor= wegend deur die bril van 'n natuurwetenskaplike na die mens. Dit het noodwendig 'n reduksie van menswees mee= gebring, aangesien slegs enkele aspekte in hierdie ver= wysingsraam belig kan word.

Die reduksie van die totaliteit van menswees het twee implikasies:

- ontkenning van die wese van menswees; en
- reduksie van die mens tot 'n drifwese.

Uit Freud se beskouing is dit duidelik dat hy die mens beskou as die som van die id, ego en superego. As sodanig is hierdie beskouing 'n weerspieëling van die denke van sy tyd. Mazlish, (1971, p. 27) skryf:

"Nineteenth-century psychology conceived of the nature of man in terms of a summation of compartmentalized faculties, accessible in 'natural science' experiments in terms of the model of mechanical reactions".

In wese is hierdie reduksie egter 'n ontkenning van die essensies van menswees, aangesien die mens prinsipieel „meer" is as die som van sy funksies en modaliteite. Prinsipieel gesien is die mens naamlik nie net gerig op behoeftebevrediging of versekering van eie voortbestaan nie, maar is hy buite homself gerig op God, sy medemens en die wêreld.

Verder verlaag die oormatige klem op die drifstruktuur die totaliteit van menswees tot die seksuele. Dit is 'n verabsolutering van 'n relatiewe waarde, ten koste van verskeie ander waardes, byvoorbeeld die sosiale gerigt= heid. Dit is opvallend dat Freud die mens as geïsoleerde wese teken, wat slegs gefokus is op intrapsigiese proses= se en wat slegs op ander individue betrokke is, in soverre ander mense noodsaaklik is vir die bevredig= ing van die fisiologies-gewortelde drifte (vergelyk ook Fromm, a.w., p. 43, en Binswanger, in May, e.a., 1958, pp. 63 - 64).

Binswanger kritiseer Freud veral omdat hy soveel aandag aan die Umwelt, dit is die wêreld van drifte, instinkte en biologiese determinisme, skenk, dat hy die Mitwelt, dit is die wêreld van interpersoonlike verhoudinge, skaars daarby betrek en die Eigenwelt, naamlik die wêreld van selfbe=wustheid en subjektiewe ervaringe, feitlik heeltemal igno=reer.

Hierdie toespitsing op die subjektiewe en die enkeling is natuurlik 'n bewys van die aliënasie en kompartementalisa=sie van die Victoriaanse kultuur wat Freud op dié wyse vergestalt het (May, 1967b, p. 188).

2.2.3.2.2 Determinisme

Op p. 146 is aangetoon dat die belangrikheid van die oor=erflikheids- en omgewingsdeterminante so omvattend is dat die persoonlikheid volledig daardeur bepaal word. Die invloed van dié determinerende faktore is sodanig dat die individu geen vryheid besit nie. Daar bestaan naamlik so 'n groot konflik tussen die oorerwingsfaktore (die drifge=drewenheid wat strewe na lusbevrediging) en die omge=wingsinvloede (die geïnternaliseerde stem van die gemeen=skap oftewel die bestrawwende superego) dat dit volgens Mowrer tot verdringing aanleiding gee. Gevolglik veroor=saak dit onbewustheid van 'n aansienlike gedeelte van die persoonlikheid (Conflict, Contract, Conscience and Confes=sion, p. 4).

Stel mens Freud egter self aan die woord, tree die absolute determinisme in sy mensbeskouing nog duideliker

na vore. Hy skryf:

„The deeply rooted belief in psychic freedom and choice ... is quite unscientific and must give ground before the claims of a determinism which governs mental life" (1938, p. 95).

Hierdie uitbeelding van die mens as 'n onvrye wese is ook 'n teken van Freud se afkeer in die Victoriaanse geloof in die wil, wilsvryheid en wilsbesluite, waardeur die irrasionele verwerp is. Freud het ingesien dat die wil nie werklik oorheers nie, en om dit te bewys het hy die irrasionele, die onvrye, dit wil sê die determi=nistiese elemente, beklemtoon.

Prinsipiële besware teen dié determinisme is dat die mens meer is as die som van oorerwing en omgewing, ofskoon daar 'n bepalende invloed van hierdie faktore uitgaan. Hierdie argument kan as volg ontwikkel word:

. Die mens is nie 'n op-homself-gerigte, afgeslote wese nie maar behoort aan 'n orde wat hoër is as hyself

Die wyse waarop Freud die mens voorstel, skep die indruk dat die mens volkome ingesluit word deur sy drifte en omgewingseise. Prinsipieel gesien is die mens egter deel van 'n veel groter belewingswêreld as net die wêreld van sy drifte. In dié sin is die beswaar dus dat Freud die mens geskei het van die res van die werklik=heid, naamlik die teologie en die metafisika.

Die oomblik wanneer die mens egter van hierdie hoëre ordes losgemaak word, word hy slegs deur sy drifte, dit is die biologiese wêreld, bepaal. Binding aan 'n hoër orde verseker dat die mens in staat is om homself bo sy situasie van gedrewenheid te transendeer en dus as't ware buite sy drifstruktuur stelling in te neem, aldus Caruso (1964, p. 106). Die mens kan dus ook op 'n hoër vlak funksioneer as bloot op grond van sy drifte en drange.

. Die vermoë tot selftransendering dui op 'n vermoë om 'n standpunt in te neem jeens die gedetermineerde aard

Die mens is nie net aangewys op sy oorerflikheids- en omgewingsbepaaldhede nie maar word in die laaste analise gelei deur sy keuses en beslissinge. Hy kan dus 'n standpunt inneem jeens sy verlede, sy beperkinge en sy drifte. Prinsipieel gesien het die mens voortdurend 'n opdrag waarin hy bepaalde keuses het, maar die <u>vryheid</u> wat hierin opgesluit is, noodsaak dat hy 'n beslissing moet neem, en dit is dus 'n funksie van sy <u>verantwoordelikheid</u> (vergelyk May, 1969, p. 269; en De Klerk, 1971, p. 11).

Die Freudiaanse aanname van gedrewenheid en gedetermineerdheid is dus nie as sodanig verwerplik nie. Die verabsolutering daarvan is egter prinsipieel verwerplik, aangesien dit die mens van alle vryheid en verantwoordelikheid ontneem, wat hom kragtens sy geskapenheid as beelddraer van God toegevoeg is (McKenzie, 1962, p. 178).

2.2.3.2.3 Ewolusionisme

Dit word in tweërlei opsigte gemanifesteer.

. Freud gaan so ver as om die ontstaan van religie, morele beperkinge en die sosiale organisasies terug te voer na die sogenaamde oermoord waarvan verslag ge=doen is in hoofstuk twee. Die kritiekpunt is dat die ewolusiegedagte die grondslag van Freud se mensbeskou=ing vorm, en onder andere meebring dat religie geen plek in die lewe van die mens kry nie; dit word bloot voorgehou as uitvloeisel van die oermoord.

Religie is dus geen oorspronklike gegewe nie - dis 'n afgeleide werklikheid en daarby het Freud dit selfs as 'n vorm van neurose vertolk (Freud, 1907 - kyk Collected Papers Bd. 2, 1957b, p. 34).

. Die persoonlikheidstruktuur is opgebou uit gedifferen=sieerde gedeeltes van die id (bespreek in hoofstuk twee). Dit beteken dat die ego of selfbeeld asook die gewete (superego) verdere verfynings van die id as lusbeginsel is. Hierbenewens berus die persoonlikheidstruktuur nog op 'n dieper struktuur, naamlik die drifstruktuur.

Alvorens die ewolusiegedagte weerlê word, moet aangedui word dat ook dié faset van Freud se beskouing 'n funksie is van sy besondere kulturele omstandighede. Die konti=nuïteitsgedagte was gedurende die negentiende eeu baie belangrik vir die wetenskap - so belangrik dat dit selfs via die ewolusieteorie na die biologie oorgedra is (Allers, 1948, p. 249).

Omdat Freud gebonde was aan sy kultuur, is hy dus ge= noodsaak om ook sy beskouinge in verband te bring met die kontinuïteitsgedagte en dit moet volgens skrywer ver= tolk word as die belangrikste motivering waarom hy soveel klem op ewolusie gelê het dat dit selfs die grondtoon van sy id-ego-superegobeskouing gevorm het.

Mens moet in gedagte hou dat Freud as natuurwetenskap= like voortdurend gestrewe het na die wetenskaplike „Welt= anschauung" en om hieraan te voldoen moes hy die bio= logiese denke van sy tyd ook in sy stelsel inkorporeer.

Die besware teen die ewolusiegedagte is dat dit te radi= kaal vergestalt is in Freud se beskouing omtrent ontwik= keling en religie. Ons kan dit nie ontken dat die laere (of 'n fase) wel sy verbande met die hoëre (op 'n vol= gende ontwikkelingsfase) het nie. Dit blyk duidelik as mens die ontwikkelingspsigologie bestudeer. Die hoëre kan, prinsipieel gesien, egter nie uit die laere verklaar word nie. Die bewering dat die ego en superego fynere diffe= rensiasies van die id (die laere) is, moet dus bevraag= teken word.

In dié verband skryf Kuipers:

„Er zijn van huis uit niet alleen levensinstincten, biotische krachten, maar evenzeer morele en religieuze instanties, behoeften, gevoelens, waarden" (1963, p. 337).

Omdat die hoëre, wat menslike ontwikkeling betref nie uit die laere verklaar kan word nie, kan religie dus ook nie aan 'n ewolusieproses toegeskryf word nie.

2.2.3.2.4 Hedonisme

Hieronder word verstaan dat Freud die lusbeginsel verab=soluteer het. Die verklaring daarvoor is opgesluit in die reeds bespreekte determinisme. Omdat die mens losgemaak is van sy binding aan 'n hoër orde, staan hy alleen en kan hy slegs leiding put uit sy innerlike belewinge - in dié geval sy drifte en drange.

Prinsipiële besware teen die hedonisme is dat dit uitloop op 'n negering van die religieuse dimensie van menswees, en in dié opsig 'n skeefgetrekte voorstelling van die mens skep.

Reeds so vroeg as 1907 het Freud 'n band tussen religie en obsessionele neurose geponeer. Dit het hy as volg gestel:

"... one might venture to regard the obsessional neurosis as a pathological counterpart to the formation of a religion, to describe this neurosis as a private religious system, and religion as a universal obsessional neurosis" (Freud, 1907, kyk Collected Papers Bd. 2; 1957b, p. 34).

In Die Zukunft einer Illusion (1927) noem Freud religie selfs 'n vorm van wensvervulling en dui hy aan dat dit niks anders is nie as 'n manifestasie van 'n infantiele vaderbinding.

Teenargument: Oorbeklemtoning van die lusbeginsel is wel sigbaar by sommige kinders en volwassenes, maar dit mag nie veralgemeen word nie, aangesien die mens vanuit sy geskapenheid op God gerig is. Prinsipieel ge=

sien is die essensies van menswees nie opgesluit in drif= gedrewenheid nie maar in die mens se gespletenheid en sy betrokkenheid op God. Die gerigtheid op God as die Absolute is die gevolg van die mens se geskapenheid as beelddraer van God. Omdat die mens voortdurend onder= geskik is aan God as die Absolute, is die lusbeginsel - en ander waardes - relatief (vergelyk De Klerk, 1971, p. 5).

Om Freud se oorspanning van die lusbeginsel egter in perspektief te plaas, moet in gedagte gehou word dat hy met hierdie stelling waarskynlik gemotiveer is deur sy kritiese instelling jeens die Victoriaanse tydperk, toe alle vorme van luservaringe verdoem is en die samele= wing as geheel om moralistiese pligsvervullingsmotiewe gesentreer het (vergelyk Fromm, 1971a, p. 184).

'n Ander faktor wat verantwoordelik kon wees vir Freud se bevraagtekening van religie is die gees van liberale vrysinnigheid wat kenmerkend was van die Weense Vic= toriaanse kultuur (Allers, a.w., p. 257). Dié vrysinnige, grotendeels anti-religieuse tydsgees moet dus in gedagte gehou word as determinant van Freud se anti-religieuse benadering van menswees.

Samevattend huldig Freud dus 'n mensbeskouing wat as gevolg van sy naturalistiese grondslag mank gaan aan 'n determinisme, 'n reduksionisme, 'n hedonisme en 'n ewo= lusionisme.

Vervolgens word gelet op die siening van skuld, soos afgelei uit die mensbeskouing.

## 2.3 Die psigoanalitiese skuldbeskouing

### 2.3.1 Uiteensetting volgens Freud se publikasies

Vir die doel van die evaluering kan die skuldbeskouing in terme van twee aspekte verduidelik word, naamlik die dinamika van skuld en die manifestasies van skuld.

#### 2.3.1.1 Die dinamika van skuld

Die belangrikste aspekte word puntsgewys aangedui.

. Freud praat van 'n normale skuldbelewing - dit is 'n skuldhandeling wat berus op 'n oortreding van 'n eis van die ego-ideaal. Dit word gevolg deur 'n skuldreaksie („a sense of guilt"). Belangrik is egter dat Freud die bewuste skuldgevoel gelykstel aan berou (1957a, p. 129).

. Daar is ook sprake van 'n neurotiese skuldgevoel. Dit tree altyd op in samehang met neurotiese simptome en volgens Freud ressorteer dit onder die angsreaksie.

Let op dat Freud nie van neurotiese skuld as sodanig praat nie maar slegs van neurotiese skuldgevoelens wat nie op 'n werklikheidsbasis berus nie. Dit word alleenlik veroorsaak deur die oorstrenge superego wat selfs onbe=wuste impulse tot aggressie registreer asof dit voltooide skuldhandelinge sou wees.

"... the omniscience of the super-ego robbed the dis=tinction between intended aggressions and aggressions

committed of its significance; a mere intention to commit an act of violence could then evoke a sense of guilt" (1957a, p. 129).

#### 2.3.1.2 Manifestasies van skuld

Die vorming van die superego verander die manifestasie van skuld. Voor die vorming daarvan is skuld bekend as sosiale angs, dit wil sê vrees vir die moontlike verlies van ouerliefde, oftewel vrees vir eksterne outoriteite (Freud, 1957a, pp. 127 - 128).

Na die vorming van die superego verander die sosiale angs na skuldgevoelens. Dan eers kan met reg gepraat word van „skuldgevoelens" (ibid.). Die skuldreaksie is nou nie meer 'n vrees vir sosiale verwerping nie maar 'n vrees vir die superego self, aangesien die superego slegs die verinnerlikte outoriteite verteenwoordig. Alvorens die superego tot stand kom, word die verrigting van 'n daad van aggressie (oortreding) opgevolg deur berou, maar na vorming van die superego kan die begrip berou nie meer gebruik word nie, omdat daar nou nie van 'n werklike oortreding sprake hoef te wees vir die veroor= saking van 'n skuldreaksie nie (Freud, a.w., p. 129).

### 2.3.2 Kritiek teen die skuldbeskouing

Vanuit prinsipiële grondslag kan veral twee aspekte vir bespreking uitgesonder word, naamlik determinisme en reduksionisme. Dit is te verstane dat die skuldbeskouing, wat 'n afleiding van die mensbeskouing is, ooreenstemmende gebreke sal vertoon.

2.3.2.1 Determinisme

Dit spreek uit die feit dat die skuldbeskouing gewortel is in die drifteorie. Freud noem skuld immers die uitdruk= king van die konflik van ambivalensie, die ewige stryd tussen die lewens-(eros) en doodsinstink (1957a, p. 121).

Besware teen die determinisme: Die mens kan nie vol= ledig verklaar word uit sy drifte nie, gevolglik kan laasgenoemde ook nie 'n volledige (of die enigste) verkla= ring vir skuld wees nie. Dus: dié deterministiese ver= klaringswyse ten opsigte van skuld is onaanvaarbaar, aangesien die spektrum van skuldervaringe daardeur tot 'n eng perspektief verklein word, wat hoogs onrealisties is. 'n Tweede beswaar is dat hierdie deterministiese benadering die skuldproblematiek voorstel as 'n noodwen= digheid ten opsigte waarvan die mens geen aanspreek= likheid kan hê nie. Die mens is immers volgens Freud se mensbeeld 'n gedrewe wese sonder enige vryheid of verantwoordelikheid.

Omdat determinisme 'n volledige begrip van die mens onmoontlik maak, is dit volgens May te verstane dat Freud die rol van vryheid, outonomie en verantwoor= delikheid ook nie kon begryp nie, vandaar dat hy ook nie die aard van normale skuld kon insien nie. Hy stel dit so:

„His naturalism confines him to the existential level; and hence no genuine guilt feeling, such as leads to religious tension, is admissible" (May, 1967a, p. 234).

Volgens die mensbeskouing op prinsipiële grondslag beskik die mens egter oor vryheid van keuse, asook die poten= siaal om self verantwoordelikheid vir sy beslissings te aanvaar. Ontologies is hy dus skuldig sedert geboorte maar speel hy 'n aktiewe rol in die verrigting van skuld= handelinge wat tot skuldgevoelens aanleiding gee. Hy staan dus nie passief teenoor sy skuldervaringe soos in Freud se beskouing geïmpliseer word nie.

2.3.2.2 Reduksionisme

Die feit dat Freud getrag het om volgens sy geloof in determinisme die ontstaan van skuld volgens vaste kousale wette van die natuurwetenskap te verklaar, dui onmiddel= lik ook op 'n reduksie van die omvang van die skuldpro= blematiek. Dié reduksie kan verduidelik word aan die hand van drie aspekte:

2.3.2.2.1 Reduksie van die omvang van skuld tot intra= psigiese konflik

Vanweë sy toespitsing op die innerlike realiteite, naamlik die intrapsigiese verhoudinge, het Freud die skuldproble= matiek probeer verklaar asof dit volkome ingeslote sou wees binne die intrapsigiese verhoudinge. Daarom is skuld vir hom die resultaat van 'n spanningstoestand tussen die ego en superego (sien hoofstuk twee).

<u>Teenargument</u>: Prinsipieel gesien is die mens ook 'n ver= houdingswese, wat nie net op homself gerig is nie maar ook in verhouding tot ander individue staan. Dit beteken

dat die realiteite van die eksterne wêreld, dit is die interpsigiese relasies, ook in aanmerking geneem moet word by die studie van skuld.

In dié verband verskaf Tournier (1969, p. 67) 'n goeie beeld van die onskeidbaarheid van die intrapsigiese en interpsigiese relasies met betrekking tot skuld. Hy skryf:

". . . the guilt towards oneself of the Jung School is indeed at the same time a guilt towards God, since it is a refusal to accept oneself as God wishes us to be; and the guilt towards others of Martin Buber is also a guilt towards God since it is a refusal of the divine order of human relationships".

Reduksie van skuld tot 'n intrapsigiese saak is dus 'n skending van die totaliteit van die mens en daarom is dit onaanvaarbaar.

2.3.2.2.2 Reduksie en skuld as sodanig tot valse, onegte skuldgevoelens

Freud glo wel aan die egtheid van solidêre skuld, dit is die oerskuld wat verwerf is tydens die oermoord en wat deur middel van die oedipuskompleks herleef in elke individu. Die egtheid van dié oerskuld is egter ontleen aan die feit dat die superego op daardie stadium nog nie bestaan het nie. Trouens, dit was juis die oermoord (dit is die werklik, uitgevoerde aggressie) wat dit laat ontstaan het.

Skuldreaksies wat egter in die individu ná die vorming van die superego ontstaan, kan op grond van die argument

van Freud nie as egte skuld bestempel word nie. Drie redes kan hiervoor aangevoer word:

. Skuldervaringe wat deur die superego as skuldgevoelens of 'n behoefte aan straf geregistreer word, berus nie op 'n daadwerklike skuldhandeling nie. Freud skryf self dat dit neerkom op impulse tot aggressie, wat, voordat dit uitgevoer is, deur die hiperstrenge superego geregistreer word, asof dit reeds uitgevoer is (vergelyk die aanhaling in die verband in hoofstuk twee, p. 31). Omdat hierdie „skuldhandelinge" nie op 'n werklikheidsbasis gegrond is nie, kan dit nie as egte skuldgevoelens beskou word nie.

. Soos reeds aangedui kan daar slegs van 'n egte skuld=handeling en egte skuldgevoel sprake wees indien dit in vryheid uitgevoer is - dit wil sê indien 'n persoon die vryheid van keuse en die verantwoordelikheid tot 'n be=slissing gehad het. Onder Freud se voorwaardes, naam=lik die determinisme en gedrewenheid van die mens, is vryheid en verantwoordelikheid onmoontlik en is skulder=varinge dus onwerklik en vals.

. Wanneer 'n skuldhandeling as 'n egte skuldgevoel ge=registreer word, veronderstel dit gesonde gewetensfunk=sionering. Freud se weergawe van die gewete as 'n superego kan egter nie as 'n „gesonde" gewete beskou word nie. Zilboorg (1962, p. 187) wys byvoorbeeld daar=op dat die normaal-funksionerende gewete gekenmerk word deur 'n aantal fasette wat lynreg staan teenoor Freud se weergawe van die superego. So reageer die gewete byvoor=beeld met „spyt" na 'n verkeerde handeling, terwyl die super=ego nie vergewensgesind of simpatiek is nie.

2.3.2.2.3 Reduksie van skuld tot 'n variëteit van angs

In hoofstuk twee is skuld omskryf as <u>morele angs.</u> Freud is ook aangehaal waar hy skuld as variant van angs ge= tipeer het (1957a, p. 125). Hierdie oorkoepeling van skuld deur angs kom neer op 'n reduksie van die skuldproblema= tiek. Die begrippe skuld en angs is, psigologies gesproke, beslis nou verwant, maar prinsipieel mag skuld nie vanuit angs verklaar word nie. Die skeiding tussen skuld en angs, vanuit prinsipiële grondslag, sal in hoofstuk vyf gedoen word. In die evaluering van Freud se perspektief op die terapie van skuld sal egter gewys word op die konsekwensies van die gebrekkige differensiasie tussen skuld en angs.

Besware teen bogenoemde reduksies:

. Skuldgevoelens kan nie gedichotomiseer word as egte - of onegte skuldgevoelens nie

Dit is prinsipieel moontlik om te onderskei tussen egte en onegte skuld, maar dis onmoontlik om as 'n voorwe= tenskaplike uitgangspunt aan te neem dat skuldgevoelens oorwegend eg of oneg, soos by Freud, sal wees.
Wanneer die mens volgens Christelike beskouing as 'n gebroke, gesplete wese gesien word, beteken dit onmid= dellik dat ook sy gewetensfunksionering nie onaangetas sal wees nie.

Die gewete vertoon dieselfde gebrokenheid as die mens as totaliteit, omdat dit ook deel van die wesensgebro=

kenheid is. Gevolglik sal die gewete ook nie suiwer en foutloos registreer nie. Dit bring mee dat egte skuldhan= delinge op 'n swak manier (gebrekkig) bewus kan word, terwyl fantasie-skuldhandelinge weer op oordrewe wyse deur die gewete geregistreer kan word.

Die konklusie is dan dat elke skuldgevoel deels op egte en deels op onegte basis berus, omdat dit komponente van beide bevat. Uit hierdie argument is dit dus onmoont= lik om soos Freud 'n saak uit te maak dat die skulderva= ringe van die neuroot noodwendig oneg is.

. Manifestasies van sogenaamde neurotiese skuldgevoelens impliseer nog nie dat dit werklik oneg, vals of „neuroties" is nie

In hoofstuk twee is aangetoon dat Freud die skuldgevoel in terapie altyd uitgeken het aan die manifestasie daarvan as 'n „onbewuste behoefte aan straf" wat hy as 'n „nega= tiewe terapeutiese reaksie" bestempel het. Hierdie nega= tiewe reaksie, oftewel volgehoue weerstand teen verbete= ring in terapie, is deur Freud geïnterpreteer as teken van 'n onderliggende patologiese toestand, en omdat die kliënt die verklaring vir die toestand (interpretasie van die negatiewe terapeutiese reaksie as 'n onbewuste be= hoefte aan straf) nie wou aanvaar nie, is dit begryplik dat Freud geredeneer het dat die onderliggende skuld uiters irrasioneel en dus onwerklik moes wees.

Vanuit prinsipiële standpunt kan die vraag egter gevra word of dié weerstand nie juis op egte, onderliggende skuld geslaan het nie. Veral as mens dink aan Belgum

se opvatting dat simptome van versteurde gedrag gesien moet word as die „amplified and distorted voice of con= science" (1963, p. 49), wonder 'n mens of die negatiewe terapeutiese reaksie nie die teken was van 'n egte onder= liggende skuldtoestand wat homself slegs op daardie wyse kon openbaar nie.

. Oormatige gewetensfunksionering kan nie as verklaring vir alle skuldsituasies dien nie

Daar is aangedui dat Freud skuldervaringe toeskryf aan oormatige superegofunksionering en nie soseer aan skuld= handelinge nie. Besware hierteen is dat die uitbeelding van die superego nie 'n realistiese weergawe van die ge= wete is nie. Prinsipieel beskou moet die negatiewe be= strawwende superego van Freud verwerp word. In die plek daarvan moet die gewete voorgehou word as 'n po= sitiewe funksie. Tkacik (1964, p. 76) noem dit die praktiese intellek, en Heidegger (in Oden, 1969, p. 67) bestempel dit as die wekroep tot egtheid.

Indien die gewete normaal kan funksioneer, is dit redelik om aan te neem dat minstens sommige gevalle van skuld op 'n werklikheidsbasis gebou kan wees. (Met hierdie standpunt word ook nie ontken dat die gewete soms wel as gevolg van ondoelmatige opvoeding, negatief en be= strawwend kan funksioneer, soos Freud aangedui het nie).

Omdat die isolasie van Freud se skuldbeskouing egter net negatiewe aspekte na vore laat tree, is dit noodsaak= lik om dit in perspektief te plaas.

### 2.3.3 Die skuldbeskouing in kulturele konteks

Wanneer Freud se skuldbeskouing ingepas word in die ge= heel van sy stelsel en ook in die tyd waarin hy geleef het, kan mens sien dat ook dié faset 'n weerspieëling was van die Victoriaanse „Zeitgeist". Twee aspekte word belig, naamlik die rede waarom hy die gewete so hiperstreng voorgestel het, en die rede waarom hy die skuldfenomeen slegs as 'n ongesonde verskynsel kon uitbeeld.

#### 2.3.3.1 Die agtergrond van die negatiewe gewetensbe= skouing

Gewete is die resultaat van morele opvoeding. Omdat die moraliteitsbeskouing van die Victoriaanse tydvak deur 'n besondere strengheid en nougesetheid gekenmerk is, is dit te verstane dat die gewete vergestalt is as 'n oordrewe, bestrawwende, alwetende instansie wat daarop uit was om die individu se lewe te versuur.

By geleentheid het Freud self geskryf:

„But even ordinary normal morality has a harshly restrain- ing, cruelly prohibiting quality" (1962, p. 44).

Afgesien van die kulturele tendense is Freud ook beïnvloed deur die filosoof Kant. As agtiende-eeuse wysgeer het Kant ingesien dat moraliteit verband hou met wat hy genoem het „kategoriale imperatiewe". Tesame met die invloed van Rousseau en Descartes het die beskouing van Kant uitge= loop op 'n reduksie van die gewete tot 'n bundel katego=

riale imperatiewe, aldus Curran (in Arbuckle, 1967, p. 65). Hierdie imperatiewe word via die ouers, kultuur en gemeenskap van buite op die individu afgedwing in die vorm van 'n reeks reëls en regulasies.

Verder skyn Kant die eerste persoon te wees wat gedurende die agtiende eeu die begrippe skuld en gewe= tenswroeging gelykgestel het (Lowe, 1970, p. 8). Hier= die gelykstelling moes vir Freud op die spoor van dié wysgeer gebring het. Verder moes dit gelei het tot die formulering van die Freudiaanse weergawe van die gewete as 'n superego wat as 'n bestrawwende agent van buite af, via die opvoeding op die individu afgedwing is en wat die oorsaak van skuldervaringe is.

Die duidelike tekens van beïnvloeding deur Kant spreek uit Freud se werk self. Hy praat naamlik van die ego se ondergeskiktheid aan die „kategoriale imperatiewe van die superego" (Freud, 1962, p. 38).

2.3.3.2 Die agtergrond van die intieme band tussen skuld en seksualiteit

Die skuldbeskouing is geleidelik nouer aan aggressie ge= koppel. Tog het Freud deurgaans beklemtoon dat die aan= vang van die skuldproblematiek in die oedipussituasie gesetel is, wat essensieel 'n seksuele vraagstuk was, selfs al het hy dit later in terme van seksuele aggres= sie vertolk. Die skuld wat met die instinktiewe aggres= sie verbind is, is altyd negatief geëvalueer deur Freud. vandaar dat skuld vir hom 'n irrasionele, infantiele belewing was.

Die kulturele agtergronde van hierdie standpunt blyk duide= lik as mens die volgende aanhaling van May bestudeer:

„It is quite understandable that Freud, specializing in sexual phenomena, should treat guilt feeling as unhealthy, because the nineteenth century had attached a tremendous amount of morbid guilt to sexual phenomena" (1967a, p. 70).

Hierdie toedrag van sake word nog duideliker as mens in gedagte hou dat seksualiteit as „groep van liggaamlik-seksuele relasies", soos Van den Berg dit noem, uit die geheel van die Victoriaanse samelewing geëlimineer is (1970b, p. 140). Veral die vrou moes in 'n toestand van seksuele onbewustheid verkeer tot die voltrekking van haar huwelik. Dit het meegebring dat geslagtelike ver= houdinge vir die Victoriaanse vrou 'n traumatiese (en skuldbelade) ervaring gewees het.

Samevattend huldig Freud dus 'n skuldbeskouing wat geti= peer kan word as 'n deterministiese, reduksionistiese per= spektief wat as sodanig nie verteenwoordigend van die totale skuldspektrum kan wees nie.

Soos in die geval van sy mensbeskouing is die onderlig= gende fout die swaar klem op natuurwetenskaplike feite en aannames waardeur die wese van die skuldproblematiek misgetas word en die siening dus uit verband geruk word.

## 2.4 Die psigoanalitiese benadering tot skuldterapie

### 2.4.1 Psigoterapie: deurwerking van die wortels van die mensbeskouing

As aanknopingspunt vir evaluering moet gewys word op die breë raamwerk van die terapeutiese proses, soos dit beïn= vloed word deur die mensbeskouing.

Omdat die mens 'n drifwese is, behels versteurde gedrag of neurose die omverwerping van egobeheer deur die be= dreiging van die verdronge drifte, en bestaan terapie daarin dat die magsewewig tussen id, ego en superego so verander word dat die ego andermaal die beheer van die persoonlikheid kan behartig. Die proses geskied deur bewusmaking van die verdronge kragte en versterking van die ego deur tempering van die superego wat spesifiek vir die oormatige skuldgevoelens verantwoordelik is.

### 2.4.2 Evaluering van die terapeutiese proses met toe= spitsing op die benadering tot neurotiese skuld= gevoelens

Een deurlopende stelling kan gemaak word naamlik dat die terapeutiese proses 'n reduksie is wat aan die hand van die volgende aspekte bespreek kan word:

. reduksie van die terapeutiese doelstellings ten opsigte van skuld;
. reduksie van die taak van die terapeut;
. reduksie van die taak van die kliënt;
. reduksie van die terapeutiese proses tot bewus= making.

#### 2.4.2.1 Reduksie van die doelstellings van terapie, in soverre dit skuld aanbetref, tot simptoomver= ligting

Soos die opskrif aandui, hou hierdie stelling slegs ver= band met die skuldkomponent van die neurotiese probleem.

Freud het self geen eksplisiete stelling hieroor gemaak nie. Indien die psigoanalitiese terapie egter vanuit prin= sipiële standpunt benader word, moet die afleiding ge= maak word dat Freud, wat skuld betref, ingestel was op verligting van simptome verwant aan skuld.

Om hierdie afleiding te verduidelik, moet 'n verdere stelling gemaak word, naamlik dat Freud se hantering van skuld 'n funksie was van sy mensbeskouing (aange= sien die mensbeskouing die grondslag van die skuldbe= skouing vorm) (vergelyk p. 138).

Gedagtig daaraan dat Freud menswees verklaar het in terme van die naturalistiese grondbegrippe, te wete ewo= lusionisme, hedonisme, determinisme en reduksionisme, vertoon sy skuldbeskouing dieselfde grondstrukture, veral die determinisme, (die fundering van neurotiese skuld en skuldgevoelens in die oedipuskompleks wat as universele verskynsel voorgestel word), en reduksionisme (die fun= damentele verklaring van onbewuste, neurotiese skuldge= voelens in terme van 'n konflik tussen enkeling en samelewing op die terrein van seksuele moraliteit).

Met die begronding van neurotiese skuldgevoelens in die oedipuskompleks, plaas Freud die skuldproblematiek dus in die sfeer van die onafwendbare. Kragtens sy seksuele predisposisie kan die individu egter nie aanspreeklik ge= hou word vir hierdie skuldervaringe nie. Dit beteken dat die manifestasies van skuld in neurotiese toestande ook verklaar word in terme van onvolwasse, irrasionele „skuldhandelinge", naamlik die aggressie teen die vader

tydens die oedipussituasie. Omdat skuld op dié wyse na die vlak van die irrasionele en onwerklike herlei word, beteken dit dat die terapeutiese proses ook oorwegend ingestel sal wees op die hantering van dié irrasionele, onegte komponente van skuld.

Geredelik moet toegegee word dat Freud hierdie benade= ring ontwikkel het in ooreenstemming met die nood van sy tyd, naamlik die feit dat daar vanweë die skeefge= trekte seksuele moraliteit van die Victoriaanse tydperk, fel gely is onder onegte skuldgevoelens.

'n Terapeutiese benadering wat op die onegte (valse) komponente van skuldbelewinge afgestem is, kan egter nie as veralgemeende benadering gebruik word nie. In= dien die skuldproblematiek vanuit prinsipiële standpunt as 'n versmelting van egte, sowel as onegte komponente vertolk word, is dit duidelik dat 'n terapeutiese bena= dering wat nie ook voorsiening maak vir die egte, ver= dronge komponente van skuld nie, nie alle moontlike fasette van die skuldproblematiek in ag neem nie. Van= uit 'n standpunt waarin die vermenging van egte en onegte skuld en skuldgevoelens erken word, kan psigo= analise, wat oorwegend op onegte skuldgevoelens ingestel is, hoogstens afgestem wees op simptoomverligting in soverre dat die onnodige lyding as gevolg van onegte skuldgevoelens terapeuties uit die weg geruim kan word.

Vanweë die voorveronderstellinge in verband met skuld en die algemene opset van die terapie, kan dus beweer word dat die psigoanalitiese doelstelling, vir sover dit skuld aanbetref, hoogstens simptoomverligting kan wees.

Kritiek:

'n Skuldterapie gebaseer op simptoomverligting is onaan=vaarbaar omdat dit die kern van die skuldprobleem nie volledig aanraak nie en daarom nie 'n bevredigende han=tering van die skuld bewerkstellig nie. Vanweë die reeds genoemde samestelling van skuld uit egte en onegte kom=ponente is dit duidelik dat 'n benadering wat slegs op een komponent toegespits is, nie die wortels van die probleem volledig sal ontbloot nie. Alle aspekte wat belangrik is, kan dus nie in gelyke mate in terapie betrek word nie.

Prinsipieel gesien kan skuld, wat deel is van die mens se bestaan, ook nie weggeanaliseer word om daardeur 'n skynverligting teweeg te bring nie. Die kliënt kan hoogstens met sy skuld gekonfronteer word, geleer word om dit konstruktief te verwerk, die realiteit daarvan te aanvaar, en dit as deel van menslike gebrokenheid te aanvaar, maar ook aktief te bestry (vergelyk De Klerk, 1971, p. 12).

Vanuit eksistensieanalitiese oogpunt is simptoomverligting ook onwenslik, aangesien dit sal misluk indien die tera=pie nie in die eerste plek op die onderliggende eksis=tensiële konflik fokus nie (Caruso, 1964, p. 108).

2.4.2.2 Reduksie van die taak van die psigoanalis tot 'n waardevrye analise van die probleem

Freud het dikwels geskryf oor objektiwiteit as eis van wetenskaplikheid. In sy terapie het die strewe na objek=

tiwiteit gevolglik ook 'n rol gespeel. Volgens Van den Berg se interpretasie moes die objektiewe psigoanalis homself met die inhoude van die onbewuste identifiseer, ten einde die inhoude daarvan in terapie aan die pasiënt te kon openbaar (1970b, p. 22). Dit beteken dat Freud die onbewuste met sy irrasionele drifte en drange van 'n seksuele en aggressiewe aard moes vergestalt. Hier=uit kan die bewering gemaak word dat bogenoemde eis van objektiwiteit op 'n neutrale oriëntasie jeens waardes moes uitloop.

Al was Freud inderdaad nie neutraal nie, sou sy be=nadering tot die skuldproblematiek egter op 'n vaag omlynde oriëntasie jeens waardes berus. Die resultaat hiervan sou ongetwyfeld 'n verwarringsproses wees, omdat die pasiënt nooit die belangrikheid van morele waardes ten opsigte van geestesgesondheid en psigopa=tologiese toestande sou kon begryp nie. Onder andere word hierdie standpunt ook deur Shaw (1961, p. 64) gehuldig.

Stel mens Freud egter self aan die woord, kan 'n beeld gevorm word van die verwarring wat daar by homself geheers het ten opsigte van waardes.

Hy skryf as volg:

„If anyone were inclined to put forward the paradoxical proposition that the normal man is not only far more immoral than he believes but also far more moral than he knows, psycho-analysis, on whose findings the first half of the assertion rests, would have no objection to raise against the second half" (1962, p. 42).

Szasz (in Rosenhan, et el, 1969, pp. 191 - 192) lig hierdie posisie verder toe met sy bewering dat Freud nie net 'n dichotomie getref het tussen egte en neuro= tiese skuld nie, maar ook tussen vraagstukke wat betrek= king het op etiek en dié wat losstaan daarvan.

Uit bogenoemde gegewens kan die gevolgtrekking gemaak word dat Freud die taak van die terapeut gesien het as beperk tot die bewusmaking van die onbewuste, sonder om enigsins moreel betrokke te raak by die probleem.

Zilboorg (1962, p. 179) praat in dié verband van Freud se onwilligheid om die waarde-arena te betree, maar wys terselfdertyd daarop dat Freud as streng positiwis dit nie kon bekostig om moraliteit en waardes by sy stelsel in te sleep nie. Dit was volgens hom egter ook nie nodig nie. Freud se streng kwantitatiewe beskouing van skuld het totaal buite die sfeer van waardes gelê en dit hoef dus nie daarin betrek te word nie.

Prinsipieel gesien is die standpunt bedenklik, aangesien die terapeut wanneer hy met skuld te doen het, nooit moreel neutraal kan wees nie. In hoofstuk vyf sal aan= getoon word dat skuld verband hou met die negering van lewenswette, wat dit absoluut noodsaaklik maak om die kliënt in skuldterapie met sy waardes en gebrekkige ver= vulling van sy lewensopdrag te konfronteer in stede van slegs op infantiele, onbewuste konflikte in te gaan, soos Freud voorgestel het.

Objektiwiteit en 'n waardevrye oriëntasie is dus, vir sover dit die hantering van skuld aanbetref, ontoereikend,

omdat die mens nie daardeur in sy totaliteit geraak kan word nie. Dit veroorsaak weer dat die hart van die skuldprobleem ook nie aangeraak sal word nie (vergelyk Caruso, 1964, p. 149; en Curran, 1965, p. 109).

2.4.2.3 Reduksie van die taak van die kliënt tot kompromievorming

Omdat die mens volgens Freud 'n drifwese is wat voortdurend in konflik verkeer tussen sy drifgedrewenheid en die eise van sy omgewing, wat drifbevrediging belemmer, kan hy hoogstens probeer om 'n kompromie te vorm tussen hierdie twee teenstellende kragte in sy lewe. Dit beteken dat die drifte sover moontlik op sosiaal-aanvaarbare wyse uitgeleef moet word binne die kultuurverband.

Die wyse waarop hierdie standpunt in terapie na vore kom, stel Freud as volg:

„We analysts ... have found it impossible to give our support to conventional morality (which) demands more sacrifices than it is worth. We do not absolve our patients from listening to these criticisms ... and if after they have become independent by the effects of the treatment they choose some intermediate course our conscience is not burdened whatever the outcome" (in Mowrer, New Evidence concerning the nature of psychopathology, p. 37e).

Hierdie aanhaling spreek in die eerste plek van 'n teenstrydigheid in die werk van Freud. Die gedagte van ego-vryheid wat daarin uitgedruk word, staan lynreg teenoor Freud se leer van absolute determinisme, maar wat vir ons doel belangriker is, is dat 'n skuldpro=

bleem prinsipieel nie by wyse van kompromie opgelos kan word nie.

Motivering

. Kompromievorming dui op 'n wyse van kapitulasie, waardeur die skuld, indien dit op 'n werklikheidsbasis berus, steeds sal toeneem en ondraagliker sal word, omdat dit nie daadwerklik gekonfronteer en opgelos is nie (Oden, 1969, p. 67).

. Omdat die mens vryheid van keuse het, hoef hy nie op kompromieë en intermediêre keuses aangewys te wees nie. Hy beskik oor die vermoë om beslissinge te neem wat die band met die skuld kan breek, en as hierdie kapasiteit nie in terapie benut word nie, impliseer dit ook 'n reduksie van die totaliteit van menswees en 'n reduksie van dié faset van psigoterapie.

2.4.2.4 Reduksie van die terapeutiese proses tot bewus=making

Freud meen dat dit voldoende is om die kliënt deur middel van vrye assosiasie aan te moedig om te praat en daardeur insig te bekom in die aard en oorsake van die probleem. Die einddoel van die terapeutiese proses stel hy as volg:

"... to strengthen the ego, to make it more independent of the super-ego, to widen its field of vision, and so to extend its organization that it can take over new portions of the id. Where id was, there shall ego be" (1949b, p. 106).

Die reduksie wat hierdeur aangedui word, kan gemotiveer word met verwysing na die volgende bewerings:

. dis gebaseer op die veronderstelde onegtheid van die skuld;
. dit berus uitsluitlik op 'n analise van die skuldsituasie;
. dit eindig in 'n weganalisering van die skuld; en
. dit sentreer slegs om intrapsigiese prosesse.

2.4.2.4.1 Bewusmaking is gebaseer op die veronder= stelde onegtheid van skuld

Die prinsipiële onmoontlikheid van 'n dichotomisering van egte en onegte skuld is reeds bespreek. Wat tans be= langrik is, is dat die terapeutiese proses, prinsipieel gesien, nie doelmatig kan verloop indien daar nie geïn= dividualiseer word om vas te stel of die skuldsituasie by 'n spesifieke kliënt eg of oorwegend vals is nie. Dit is noodsaaklik, omdat dit die gang van terapie bepaal.

Die kritiekpunt wat hier uitkristalliseer, is dát Freud geen objektiewe skulddiagnose gemaak het as aanloop tot terapie nie, en die oorsaak hiervan is sy onwil tot individualisering.

2.4.2.4.2 Bewusmaking geskied slegs deur analise van die verdronge materiaal

Uit hoofstuk twee het geblyk dat Freud se geloof in die sintetiese kapasiteite van die ego hom laat dink het dat die terapeutiese proses slegs op 'n basis van analise

deurgevoer kon word. Die ego sou self die nodige sinte= tisering doen, aldus Freud.

Dit was waarskynlik die aspekte wat Rieff in gedagte gehad het toe hy die psigoanalitiese psigoterapie gekarak= teriseer het as:

„... informative and neutral, rather than transformative and committed..." (in Belgum, 1963, p. 41).

Op prinsipiële grondslag moet die volgende standpunt in= geneem word: die voorwaarde vir die hantering van 'n skuldprobleem is individualisering ten opsigte van die egtheid of onegtheid van die skuld. Waar die probleem inderdaad op 'n nie-werklikheidsgrondslag berus, geld Freud se benadering dus wel. Indien die egtheidskompo= nente van 'n gegewe skuldprobleem egter domineer, kan dié passiewe Freudiaanse metode nie slaag nie.

Analise kan hoogstens lei tot 'n insig in die skulddina= mika, maar vanweë die passiwiteit kan dit nie 'n kon= struktiewe verwerking en integrasie daarvan in die bewussyn bewerkstellig nie. Daarvoor is intellektuele en emosionele insig onvoldoende (vergelyk De Haan, 1935, p. 217).

Wanneer Freud gekritiseer word omdat hy te veel waarde aan die analitiese aspek van terapie wy, moet onmiddel= lik ter verdediging van dié standpunt toegegee word dat <u>analise</u> die standaardmetode van die medici van Freud se dag was. Dit was dus ondenkbaar dat hy ander me= todes sou aanwend. Allers (1948, p. 263) herinner daar=

aan dat Freud medikus was en dat die negentiende-eeuse medici analities georiënteerd was. Ook in dié opsig was Freud dus gebonde aan die stelsel en benadering van sy era.

### 2.4.2.4.3 Bewusmaking veronderstel uiteindelik die weg= analisering van skuld

Hierdie aspek is die belangrikste konsekwensie van die gebrekkige differensiasie tussen skuld en angs. Omdat skuld vir Freud opgesluit lê in angs, en angs volgens sy verklaring verband hou met 'n vrees vir die terug= keer van verdronge id-impulse, is skuld ook in die vreeskategorie geplaas. Omdat angs onder neurotiese toestande tot persoonlikheidsdesintegrasie gelei het, moes dit in terapie uitgeskakel word, en gevolglik moes skuld ook terapeuties „afgewerk" word.

In die praktyk het hierdie benadering neergekom op 'n weganalisering van skuld, deur die pasiënt te wys op die irrasionele aard daarvan. Vir alle praktiese doel= eindes moes die onbewuste skuldgevoel, wat gemanifes= teer word as 'n „negatiewe terapeutiese reaksie", dus bewus gemaak word, sodat dit na verkryging van insig, uit die belewingswêreld van die persoon kon verdwyn. Die begrip „weganalisering" word veral deur Caruso (1964, p. 108) gebruik.

**Kritiek:**

Bewusmaking van onbewuste skuld is noodsaaklik vir die doelmatige hantering daarvan, maar eliminasie van skuld is

prinsipieel onmoontlik, aangesien die mens 'n skuldbestaan voer.

Skuldterapie kan dus nie gevoer word langs die weg van analise en pogings tot eliminasie van skuld en skuldge= voelens nie. Verwydering van die neurotiese, dit is valse elemente in die skuldbesef, is slegs sinvol as die kliënt gehelp word om sy skuldbesef daarna konstruktief te ver= werk.

2.4.2.4.4 Bewusmaking geskied in die kader van die intrapsigiese relasies en voorkom 'n totali= teitsbenadering

Uit die aanhaling in verband met die doelstellings van terapie is dit duidelik dat Freud primêr en alleenlik op die relasie tussen id, ego en superego fokus in sy ana= lise. Vanuit 'n twintigste-eeuse perspektief kom dié eensydige benadering vreemd voor, maar Benda herinner daaraan dat Freud meganis en naturalis was wat die hart van die mens in sy intrapsigiese „apparaat" ge= lokaliseer het (1967, p. 437) en gevolglik ook die spek= trum van die skuldproblematiek tot dié sfeer van die intrapsigiese relasies beperk het. Om dié rede is dit verstaanbaar dat Freud nie primêr op die interpersoon= like relasies ingestel was nie.

Toegepas op die hantering van skuld is dit duidelik dat Freud die skuldproblematiek in terme van 'n dominering van die superego oor die ego verklaar het en dat hy dit wou regstel deur tempering van die superego. As hierdie beskouing vergelyk word met dié van Mowrer,

wat 'n tipies twintigste-eeuse stelsel verteenwoordig, lyk Freud se benadering tot skuld oneffektief. Plaas mens sy beskouing in verband met die belangrikheid van die intrapsigiese relasies egter in 'n kulturele perspektief, word die toepaslikheid en betekenis daarvan duidelik. Die negentiende-eeuse kompartementalisasie en aliënasie wat reeds herhaaldelik aangeraak is, was wesenlik 'n intrapsigiese probleem, omdat dit veroorsaak is deur 'n oorheersing van die wil (die ego) oor die irrasionele aspekte (noem dit die id-kragte).

Hierdie konflik was bepaald intrapsigies en gevolglik moes die oplossing ook op die intrapsigiese dimensies gerig wees. Die waarheid hiervan verwoord May as volg:

„In its simplest form psychoanalysis is a method for bringing the irrational and rational, the 'object' and 'subject', back into unity, a method for making man whole again" (1967b, p. 188).

'n Tweede rede vir Freud se intensiewe gerigtheid op die intrapsigiese relasies is die feit dat hy as liberale kritikus van die burgerlike Victoriaanse kultuur, gekant was teen die samelewing, aldus Fromm (1971a, p. 42). Omdat Freud gesien het dat die buitengewone streng=heid wat veral ten opsigte van die seksuele moraliteit geheers het, tot neurotiese probleme kon lei, was hy afkerig van die samelewing. Gevolglik het hy ook nie in sy terapie primêr gefokus op moontlike positiewe elemente in die interpsigiese verhoudinge nie (in teen=stelling met Mowrer wat glo dat skuld sy oorsprong en oplossing in dié relasies het).

Prinsipieel beskou moet Freud se interpretasie en han= tering van skuld as 'n intrapsigiese vraagstuk bevraag= teken word, vanweë die eensydigheid van die benadering. Die interpsigiese relasies waarin die mens staan, kan immers nie negeer word in skuldterapie nie, dit wil sê die relasies van die mens tot sy God, medemens en wêreld moet in terapie betrek word, omdat die mens ook verhoudingswese is (De Klerk, 1971, p.7).

In skuldterapie is dit dus noodsaaklik om die sosiale dimensie ook te betrek, deurdat die kliënt sy skuld moet bely aan diegene jeens wie hy skuldig staan.

'n Laaste aspek is dat die fokus op intrapsigiese dimen= sies, wat essensieel deur die verlede gedetermineer word, eensydig is, omdat dit 'n te groot klem ('n fiksasie) op die gebeure van die verlede meebring.

Die totaliteit van menswees veronderstel dat ook die ervaringe van die hede en toekoms in aanmerking geneem moet word indien die skuldproblematiek in sy volheid aan= geraak wil word.

Soos sy mensbeskouing en siening van versteurde gedrag is Freud se perspektief op skuldterapie dus ook 'n funksie van sy kulturele milieu en wetenskapsbeskouing. In die lig van die Christelike mensbeskouing is hierdie benade= ring egter onaanvaarbaar, omdat dit die terapeutiese proses reduseer tot 'n eensydigheid waarmee die eksis= tensiële konflikte wat onderliggend is aan die skuldpro= blematiek, nie opgelos kan word nie.

## 3. Evaluering van die skuldbeskouing van Mowrer

### 3.1 Inleiding

Uit die analise van Mowrer se skuldbeskouing in hoof= stuk drie kon afgelei word dat sy werk in baie opsigte die teenoorgestelde eienskappe vertoon as dié van Freud. In die evaluering sal dit duidelik word dat sy beskou= inge as gevolg van sy mensbeskoulike grondslag telkens 'n radikalisme na die teenoorgestelde rigting vertoon as dié van Freud.

### 3.2 Mowrer se mensbeskouing

#### 3.2.1 Uiteensetting volgens Mowrer se geskrifte

Op grond van sy publikasies kan Mowrer se mensbe= skouing aan die hand van die volgende stellinge ver= duidelik word.

##### 3.2.1.1 Menswees beteken 'n geworteldheid in 'n sosiale verbondenheid

Dwarsdeur sy geskrifte straal die klem op die sosiale sfeer waarin die mens verkeer. Dit is opvallend dat Mowrer die mens vierkantig plaas in die sosiale omge= wing waarin hy leef, in teenstelling met Freud wat die sosiale omgewing eintlik met weersin bejeën het, vanweë die kulturele beperkinge wat dit op drifuitlewing ge= plaas het.

Mowrer se belangrikste uitspraak in verband met die sosiale aard van die mens is waarskynlik die volgende:

"... man is a social animal and ... prospers or perish= es, as a function of how well he manages to fulfill himself in this regard, i.e. whether he achieves an integrated, harmonious, productive life with others or becomes alienated, useless, antisocial" (Conflict, Contract, Conscience and Confession, p. 4).

Uit die aanhaling is dit duidelik dat menswees vir Mowrer rondom die sosiale sentreer en dat wat die mens is en word, bepaal word deur sy sosiale gerigt= heid en oorgawe aan die sosiale groep waarin hy be= weeg.

3.2.1.2 Die mens is vry en verantwoordelik vir hom= self

Mowrer spreek homself baie sterk uit oor die vryheid van die mens. In teenstelling met Freud verwerp hy die determinisme deur oorerwing en omgewing, en in die plek daarvan beklemtoon hy dat die toekoms en be= stemming van die mens volkome by homself berus. Wat hy met sy lewe doen, is dus in sy eie hande. Omdat hy volledige verantwoordelikheid vir homself kan aanvaar, kan hy dus sy eie lewe en toekoms beplan (vergelyk Drakeford, wat 'n uiteensetting gee van Mowrer se be= skouinge, (in Belgum, red., 1967, p. 305).

3.2.1.3 Die bestemming en selfvervulling van die mens is 'n funksie van sy sosiale verantwoordelikheid en oorgawe aan sy sosiale verwysingsgroep

In hoofstuk drie is aangetoon dat die mens volgens Mowrer slegs vervulling van sy bestaan kan vind, indien hy tot oorgawe aan die sosiale groep kan kom en die waardes van die groep ten volle kan uitleef. Die bogenoemde aan=haling toon ook sy opvattinge in dié verband duidelik aan. Omdat die mens nie losstaan van sy sosiale groep nie, kan hy nooit buite die groep om leef nie. Tewens, hoe goed hy gaan lewe, en hoe gelukkig hy gaan wees, word uitsluitlik bepaal deur sy sosiale integrasie. Na gelang hy bruikbaarder word vir sy sosiale groep, vervul hy homself steeds meer en word hy dus gelukkiger.

Samevattend is die mens dan primêr 'n sosiale wese wat nie aan sy menswees, uitdrukking kan gee indien hy nie op die sosiale groep gerig is nie. Hy is volledig vry om sy eie beslissinge te neem en lewer dus 'n persoon=like bydrae tot sy eie menswees. Konstruktiewe of de=struktiewe ontwikkelinge in die menslike persoonlikheid word dus bepaal deur die persoonlike beslissinge binne die gemeenskapsverband.

### 3.2.2 Kritiek teen Mowrer se mensbeskouing

Ofskoon Mowrer se beklemtoning van die sosiale sfeer en sosiale verbondenheid van die mens 'n positiewe by=drae is, aangesien die Freudiaanse mensbeeld die mens tot drifwese gereduseer het, is dit onvolledig, omdat alle ander aspekte van menswees totaal oorskadu word deur dié klem op die sosiale. Die elemente van reduk=sionisme is veral in die volgende aspekte te sien:

. die vernouing van die totaliteit van menswees tot 'n sosiale betrokkenheid;

. reduksie van individualiteit tot 'n afskynsel van die kulturele omgewing;

. dogmatiese, semi-kwantifisering van die verband tussen persoonlikheidsintegrasie en sosiale integrasie;

. slaafse konformisme as voorwaarde vir selfvervulling; en

. devaluering van die religieuse gerigtheid tot interper= soonlike ervaringe.

3.2.2.1 Vernouing van die totaliteit van menswees tot 'n sosiale betrokkenheid

Mowrer se stelling dat die mens 'n „social animal" is, (p. 186) onderstreep die feit dat die sosiale die oorkoe= pelende faset van menswees is. Prinsipieel gesien kan die belangrikheid van die sosiale invloede nie ontken word nie. Dit is baie belangrik, maar die beswaar is dat alle ander funksies en samehange van die menslike per= soonlikheid onderhorig gemaak word aan die sosiale. In beginsel is dit 'n wanopvatting, aangesien die mens meer is as net 'n sosiale wese. Sy totaliteit lê dus nie net opgesluit in sy betrokkenheid op 'n sosiale groep nie maar ook in sy besondere persoonlikheidsamestelling.

3.2.2.2 Verlaging van individualiteit tot 'n afskynsel van die kulturele groep waarvan 'n persoon deel is

Soos wat Freud individualiteit verwaarloos het, deur die totaliteit van die persoonlikheid tot 'n bundel drifte te reduseer, is Mowrer se oormatige klem op die so= siale betrokkenheid 'n dominering van die persoonlikheid,

in dié opsig dat dit lyk asof die mens net 'n sosiale wese is.

Prinsipieel gesien impliseer dit 'n ontkenning van die uniekheid en individualiteit van elke afsonderlike per=soonlikheid.

### 3.2.2.3 Dogmatiese, semi-kwantifisering van die ver=band tussen persoonlikheidsintegrasie en sosiale verbondenheid

Uit die aanhaling op bladsy 186 blyk dit dat daar 'n sterk verband bestaan tussen persoonlikheidsintegrasie en die mate van gerigtheid op die sosiale groep. Dié band skyn so sterk te wees dat dit byna gesien kan word as voorwaarde vir persoonlikheidsintegrasie.

Hierdie stelling besit waarheidsmomente maar is prinsi=pieel onaanvaarbaar, aangesien selfvervulling en persoon=likheidsintegrasie nie slegs 'n funksie is van die doel=treffendheid waarmee 'n persoon sy rol in die sosiale omgewing vervul nie.

In dié verband skryf Krill (1965, p. 31) die volgende:

„Man's ultimate goal should not be socialization by conformity to a reference group or society at large. Individual values always have the possibility of sur=passing the values of an existing society. Man's ulti=mate goal should rather be to live out the authentic uniqueness which is his whole person."

Die prinsipiële teenargument is dus dat die mens se sosiale integrasie nie die enigste voorwaarde is vir persoonlikheidsintegrasie nie. Horisontaal vind hy wel sy bestemming in sy interpersoonlike verhoudinge, maar vertikaal moet hy ook 'n religieuse integrasie bereik alvorens hy in sy totaliteit 'n geïntegreerde mens kan wees.

### 3.2.2.4 Devaluering van religieuse gerigtheid tot 'n interpersoonlike ervaring

Religie is nie enigsins vir Mowrer 'n bo-persoonlike grootheid nie. Hy skryf as volg daaroor:

„God, we have been told, is something out there: and we have forgotten that there is excellent precedence for thinking of God also as something in here; a part of our own selves and innermost experience" (1961, p. 37).

In hierdie aanhaling bespeur ons twee neigings naamlik:

. 'n Horisontalisering van die Godsbegrip
Dit verswak religie as ingrypende krag in die menslike persoonlikheid en is 'n verdraaiing van die realiteit van religie. In die evaluering van Freud is reeds gewys op die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, en dus transendentaal op Hom gerig is. Dit bring mee dat hy God nie as „iets" in homself kan beleef nie.

. Die plasing van religie in diens van sosiale integrasie
In werklikheid word religie vir Mowrer 'n instrument om sosiale integrasie te bevorder. Hy begaan die flater om hom te laat lei deur die grondbetekenis van die woord

„religie". Omdat dit binding beteken, glo hy dat die mens sy „religie" kan uitleef mits hy sosiaal-geïntegreerd is. Met hierdie siening is dit duidelik dat Mowrer die tota= liteit van menswees reduseer, omdat hy nie die sektor religie tot sy reg laat kom in sy beskouing van die mens nie.

Uit die voorgaande kan Mowrer se siening van religie dus gekarakteriseer word as pragmaties, aangesien hy, soos Krill (1965, p. 32) dit formuleer, eerder op soek is na 'n stel reëls en regulasies as na die onsekerheid wat gebaseer is op vertroue en moed. Hierdie pragma= tisme is ook te sien in sy opvattinge van versteurde gedrag, die rol van skuld en die terapeutiese hantering daarvan.

3.2.2.5 Slaafse konformisme is nie 'n teken van per= soonlikheidsintegrasie nie en verseker juis nie selfvervulling nie

Uit die noue band tussen selfvervulling en sosiale inte= grasie kry mens die indruk dat Mowrer die belangrikste opdrag in die lewe van die mens sien as oorgawe aan die gemeenskap en uitlewing van die vereistes van sy verwysingsgroep. Die wyse waarop hy dit stel skep die indruk van 'n slaafse konformisme.

Mowrer skryf byvoorbeeld dat persoonlikheidsfunksionering en -vooruitgang 'n funksie is van die mate waarin die mens 'n geïntegreerde, produktiewe lewe saam met ander lei al dan nie (kyk die aanhaling op p. 186). Prinsipieel

moet hierdie standpunt afgewys word, omdat die mens juis nie vervulling kan beleef as hy sy uniekheid opgee en sy persoonlikheid in die gemeenskap verlore laat raak nie. (Vergelyk ook die standpunt van Lindner in hoofstuk drie en dié van Krill, a.w. p. 31, soos aangehaal op p. 189)

Die motivering vir die argument is dat die mens se op= drag in terme van waarderealisering nie net op gemeen= skapswaardes berus nie maar op sy persoonlike waardes, en in sekere opsigte kan dit juis teen dié van die ge= meenskap ingaan.

Die analise bring ons by Mowrer se siening van ver= steurde gedrag.

### 3.3 Die siening van skuld en versteurde gedrag

#### 3.3.1 Kort samevatting van Mowrer se siening

Uit hoofstuk drie het dit geblyk dat Mowrer 'n besonder konkrete beskouing huldig in verband met versteurde ge= drag en skuld. Wanneer 'n persoon 'n oortreding begaan en dit word geheim gehou, verkeer hy kognitief en emo= sioneel in 'n toestand van skuld. Indien hy egter nie die skuldhandeling regstel nie, neem die skuld kumulatief toe en gee dit aanleiding tot 'n verskeidenheid van simptome.

#### 3.3.2 Kritiek

Die skuldproblematiek word, as gevolg van die klem op die sosiale dimensie van menswees, gereduseer tot 'n

sosiaal-gefundeerde verskynsel en dit impliseer die volg=ende reduksies:

. reduksie van skuld tot die wêreld van interpersoonlike verhoudinge;
. reduksie van skuld tot een skuldvlak, naamlik dié van egte skuld.

### 3.3.2.1 Reduksie van skuld tot die wêreld van inter=persoonlike verhoudinge

Omdat die mens vir Mowrer primêr in sy interpersoon=like verhoudinge bestaan, interpreteer hy die skuldpro=blematiek ook teen die agtergrond van dié verhoudinge. In 'n tyd wat gekenmerk word deur dubbelhartigheid en interpersoonlike onegtheid, spreek dit vanself dat ge=brekkige realisering van verhoudinge tot skuld aanleiding moet gee, selfs al word dit nie as skuldgevoelens be=leef nie.

Die gevaar is egter dat Mowrer skuld uitsluitlik aan die sosiale sfeer en interpersoonlike verhoudinge wil toedig. Prinsipieel gesien is daar ook ander lewens=wette benewens dié wat die verhouding met ander re=guleer, en die oortreding van dié wette kan ook op skuldgevoelens uitloop (vergelyk De Klerk, 1971, p.14).

Om slegs een voorbeeld te noem: gebrekkige selfaan=vaarding kan ook tot skuld en skuldgevoelens aanleiding gee, omdat dit 'n negering is van die lewenswet wat die verhouding van die individu tot homself beheer (ver=gelyk Tournier, 1969, p. 67).

### 3.3.2.2 Reduksie van alle skuld tot een skuldvlak, naamlik dié van egte skuld

Reeds is aangetoon dat Mowrer skuld op 'n werklikheids=basis probeer verklaar, aangesien alle skuldhandelinge vir hom sinoniem met objektiewe oortredinge van 'n morele aard is.

Prinsipieel gesien is dit egter ewe onmoontlik om skuld tot valse skuld en skuldgevoelens te reduseer (soos in die geval van Freud) as wat dit is om skuld tot egte skuld te reduseer. Weer eens word beklemtoon dat skuld, objektief beskou, eg of vals kan wees, maar sodra dit subjektief deur die gewete geregistreer word, word dit 'n vermenging van egte en neurotiese komponente, omdat ook die gewete in ooreenstemming met die gebrokenheid van menswees funksioneer.

### 3.3.2.3 Reduksie van skuld tot 'n variëteit van angs

Soos in die geval van Freud berus Mowrer se skuldbe=skouing ook op 'n eensydigheid, te wyte aan sy verwar=ring tussen skuld en angs. Soos Freud maak hy ook die bewering dat skuld deel is van angs (1964, p. 226). Hy identifiseer skuld dus met 'n vrees vir die ontdekking van interpersoonlike oneerlikheid, dubbelhartigheid, ensovoorts.

Daar bestaan 'n verband tussen skuld en angs, maar dié verband is nie so sterk dat skuld met angs vereensel=wig kan word op die wyse waarop Mowrer dit doen nie.

By die evaluering van die terapeutiese proses sal ook gewys word op die konsekwensies van die gebrekkige differensiasie tussen skuld en angs.

## 3.4 Die siening van skuldterapie

### 3.4.1 Kort opsomming van Mowrer se beskouing

In 'n neutedop saamgevat kom dit neer op die belydenis van die veronderstelde egte skuld en die regstelling daarvan deur die skuldgedrag as't ware te probeer goed maak deur beter gedrag.

### 3.4.2 Kritiek

Soos by Freud is die kritiek hier dat Mowrer die te= rapeutiese proses met al sy onderdele tot 'n reeks fragmente reduseer en daardeur afbreuk doen aan die wese van die proses.

Spesifieke areas van reduksie is die volgende:

. reduksie van die doelwitte van terapie tot sosiale reïntegrasie;
. reduksie van die taak van die terapeut tot oopvlek= king van die veronderstelde egte skuld;
. reduksie van die taak van die kliënt tot belydenis en regstelling;
. reduksie van die terapeutiese proses tot moralisering oor skuld.

### 3.4.2.1 Reduksie van die terapeutiese doelwitte tot sosiale reïntegrasie

Omdat die kliënt as gevolg van sy veronderstelde egte skuld wat geheimgehou is, geleidelik sosiaal-gealiëneerd geraak het, is dit die belangrikste taak van terapie om hom sy verlore sosiale integrasie terug te gee.

As sosiale aliënasie aan die wortel van die persoonlikheidsprobleem lê, is dit wenslik dat sosiale reïntegrasie die belangrikste doelstelling van terapie moet wees, maar die feit dat hierdie doelwit Mowrer se belangrikste uitgangspunt vir terapie is, maak dit prinsipieel onaanvaarbaar. Sosiale integrasie kan immers nie as norm vir persoonlikheidsintegrasie gebruik word nie. Dit impliseer dat Mowrer se terapeutiese doelstellings te rigied is.

Binne die algemene terapeutiese doelstellings is dit steeds noodsaaklik om die doelstellings aan te pas by die spesifieke probleme van die kliënt. Dit impliseer <u>individualisering</u> waardeur die fokus geplaas word op die eie unieke persoonlikheid. Die doelstellings behoort dus eerder die integrasie van die persoonlikheid te wees, met inagneming van die feit dat sosiale integrasie 'n neweproduk van persoonlikheidsintegrasie kan wees.

### 3.4.2.2 Reduksie van die taak van die terapeut tot oopvlekking van die veronderstelde egte skuld

In 'n sekere sin was die taak van die terapeut volgens Freud se stelsel daarop gemik om die kliënt bewus te

maak van die irrasionele aard van sy skuld - hy moes dus leer hoe onskuldig hy in werklikheid is. By Mowrer geld presies die teenoorgestelde - die terapeut is van meet af aan ingestel op die oopvlekking van skuld sodat die kliënt kan sien hoe skuldig hy in werklikheid is.

Afgesien van die positiewe elemente in die benadering wat gemik is op 'n konfrontasie van egte skuld, hou dit egter die gevaar van 'n outoritêre benadering in, waar= deur die terapeut sy wil op die kliënt probeer afdwing en die ontmoeting tussen die twee dus nie realiseer nie.

### 3.4.2.3 Reduksie van die taak van die kliënt tot be= lydenis en regstelling

Waar die kliënt in die Freudiaanse psigoanalise 'n rela= tief minder belangrike rol gespeel het, rus die onus in verband met die uitkoms van terapie in Mowrer se stelsel feitlik volledig op die kliënt. Die terapeut is slegs veronderstel om die bal psigologies aan die rol te sit deur self van sy oneerlikhede en geheimhouding te vertel ( kyk hoofstuk drie).

Die positiewe hierin is dat Mowrer die kliënt dwing om eerlik te wees ten opsigte van verborge oortredinge en volhardende patrone van dubbelhartigheid. Die onaan= vaarbare is egter dat hy die kliënt sonder individuali= sering in hierdie patroon van belydenis en regstelling van veronderstelde egte skuld indwing. Die taak van die kliënt word dus verminder na konformisme, beide in terapie en in die sosiale sfeer waarin hy leef.

Met hierdie verskraling van die taak van die kliënt be= staan die gevaar dat hy alle skuld aan konkrete hande= linge en dade van belydenis en regstelling gaan koppel, sonder om in te sien dat die fundamentele verandering wat noodsaaklik is vir konstruktiewe hantering van skuld aan 'n <u>oriëntasie</u> ten opsigte van skuld gekoppel is.

3..4.2.4 Reduksie van die terapeutiese proses tot mora= lisering oor skuld

Moralisme is tot 'n groot mate die resultaat van Mowrer se koppeling van skuld aan angs. Nes Freud verklaar hy skuld ook uit angs. Omdat laasgenoemde begrip volgens hom die vrees vir ontdekking van interpersoonlike onegt= heid, oneerlikheid, dubbelhartigheid, ens., konstitueer, is sy terapie gemik op die oorkoming van die angs. Dit geskied deur belydenis van die verborge skuld en reg= stelling daarvan.

As gevolg van die moralistiese benadering word die te= rapeutiese proses gekortwiek deur 'n aantal skeeftrekkings. Die volgende aspekte kan genoem word:

3.4.2.4.1 Geen individualisering ten opsigte van die aard van skuld en die kliënt

Die egtheid van die skuld wat onderliggend aan die pro= bleem is, word as uitgangspunt vir terapie aanvaar, sonder om by wyse van individualisering seker te maak of dit inderdaad die geval is. Prinsipieel gesien is dit nie die aangewese aanloop tot die terapeutiese proses

nie, omdat dit tot talle mislukkings in terapie aanleiding kan gee, indien die terapeut nie ontvanklik is vir al die vorme en dimensies van die skuldproblematiek nie.

3.4.2.4.2 Verbreking van die totaliteitsperspektief

Dit is die resultaat van Mowrer se verabsolutering van die sosiale faset. Die totale mens is volgens hom in sy verhoudingsdimensie aanwesig, maar dit bring 'n skeef= trekking mee, aangesien die skuldproblematiek nou net op 'n sosiale en nie meer op 'n individuele basis aan= gepak word nie.

3.4.2.4.3 Verengde visie op die opdrag van die kliënt

Streng gesproke word die terapeutiese proses 'n aan= sporing tot sosiale konformisme, aangesien die kliënt aan= gemoedig word om sy sosiale verantwoordelikheid in 'n groter mate na te kom, ten einde groter sosiale integra= sie te bereik.

Prinsipieel gesien is die beswaar dat Mowrer skuld as paaiboelie gebruik om individue tot groter sosiale konfor= misme te dwing. Dit bring mee dat terapie nie 'n be= vryding is nie, maar eerder 'n groter binding aan 'n toe= stand van onvryheid as gevolg van onderdrukking van individualiteit ten koste van die waardes van die sosiale groep waaraan gekonformeer word.

3.4.2.4.4 Negering van die religieuse gerigtheid impli= seer 'n horisontalisering van die benadering tot skuld

Selfs die gebruik van teologiese konsepte en Bybeltekste sentreer om die sosiale dimensie en is dus bloot middele tot die doel, naamlik sosiale reïntegrasie.

Die beswaar hierteen is dat religie, wat 'n integrale deel van die persoonlikheid is, ondergeskik gemaak word aan die sosiale gerigtheid en dat die mens as religieuse wese dus in terapie nie ter sprake kom nie. (Vergelyk vir die belangrikheid van bogenoemde vier aspekte die werk van De Klerk, 1971, p. 8).

Mowrer se skuldbeskouing is dus 'n goeie korrektief op dié van Freud maar omdat dit 'n uitvloeisel is van 'n mensbeskouing wat ook reduksionisties is, is dit slegs in beperkte sin aanvaarbaar.

## 4. Samevattende gevolgtrekkings

Die beskouinge van beide Mowrer en Freud is gewortel in reduksionistiese mensbeskouinge. Gevolglik kan die skuldbeskouinge ook as reduksionisties getipeer word. Die belangrikste leemtes in die beskouinge behels die fokus op die volgende:

- skuld as verbandhoudende fenomeen;
- skuld as selfstandige fenomeen;
- skuld as terapeuties-konfronteerbare fenomeen.

### 4.1 Skuld as verbandhoudende fenomeen

Beide Freud en Mowrer reduseer die skuldproblematiek tot 'n aspek van angs. Die rede hiervoor is dat hulle

slegs 'n psigologiese kriterium gebruik in hul pogings om te differensieer. Met dié benadering is dit te verstane dat skuld en angs byna as gelykluidende fenomene geïn= terpreteer kan word. Soos aangetoon is die onderskeie terapeutiese benaderings grootliks gebou op die gebrek= kige differensiasie. In albei gevalle word skuld vanuit angs verklaar en dien die beskouing in verband met angs verder as riglyn vir terapie. Die gebrekkige differensi= asie hou dus belangrike konsekwensies in vir die tera= peutiese proses.

## 4.2 Skuld as selfstandige fenomeen

Vanweë die verwarring tussen skuld en angs word talle aspekte van die skuldproblematiek as selfstandige fenomeen ook versluier. Die bewys hiervan is die onvermoë om 'n meervlakkige skuldbeskouing daar te stel. Freud werk slegs met die patologiese vlak, terwyl Mowrer vir alle praktiese doeleindes die konstruktiewe vlak oorbeklemtoon. Omdat die konstruktiewe en destruktiewe elemente van skuld nie so radikaal geskei kan word nie, kan beide skuldbeskouinge nie sonder meer aanvaar word nie.

## 4.3 Skuld as terapeuties-konfronteerbare fenomeen

Ook in dié opsig is eensydigheid die belangrikste ken= merk van beide benaderings. Freud probeer om skuld te minimaliseer vanweë die veronderstelde onegtheid daarvan, terwyl Mowrer te veel aandag aan egte skuld gee, op grond van die veronderstelde objektiewe skuld= handelinge wat dit ten grondslag lê.

HOOFSTUK V

# 'n Geïntegreerde skuldbeskouing

## 1. Inleiding

Uit die konklusies van die vorige hoofstuk het geblyk dat nòg Freud nòg Mowrer 'n ewewigtige mensbeskouing huldig, en as gevolg daarvan ook nie 'n ewewigtige skuld=beskouing uitgebou het nie. In die lig hiervan is dit die doel om in die huidige hoofstuk 'n geïntegreerde skuldbeskou=ing saam te stel, waardeur die leemtes in die stelsels van Mowrer en Freud aangevul kan word. Terselfdertyd sal getrag word om die opvattinge van genoemde outeurs ook in die beskouing in te werk, ten einde in die nuwe per=spektief 'n plek daaraan toe te ken.

Die ontwerp van die hoofstuk is ontleen aan die leemte-kategorieë in die werk van Mowrer en Freud. As ver=trekpunt word skuld as verbandhoudende fenomeen onder=soek. Hiermee word veral gepoog om die verband tussen skuld en angs te ondersoek. Aandag sal egter ook gegee word aan die verband tussen skuld, skaamte en minderwaardigheid.

As tweede fokuspunt word aandag gegee aan skuld as selfstandige fenomeen. Met die oorsig word getrag om die verskillende skuldvlakke, naamlik ontologiese, egte en neurotiese skuld en skuldgevoelens duidelik te formuleer en te integreer, ten einde die kategoriese uitsprake van Freud en Mowrer aan te vul.

Derdens word aandag gegee aan skuld as terapeuties-kon= fronteerbare fenomeen. Vanuit prinsipiële grondslag sal gewys word op die noodsaaklikheid van 'n geïntegreerde benadering waarin die twee skuldvlakke, te wete onegte en egte skuld, soos onderskeidelik weerspieël in die be= skouinge van Freud en Mowrer, ook geïntegreer moet word met ontologiese skuld, daar laasgenoemde die beslis= sende skuldvlak is, vir sover dit die terapeutiese faset van skuld aanbetref.

## 2. Skuld as verbandhoudende fenomeen

### 2.1 Differensiasie tussen skuld en verbandhoudende fenomene

#### 2.1.1 Differensiasie tussen skuld en angs

##### 2.1.1.1 Volgens Freud en Mowrer

As aanknopingspunt kan herinner word aan die gebrekkige differensiasie tussen skuld en angs by beide outeurs. Freud het gepoog om op grond van sy mensbeskouing van drifgedrewenheid alle skuld terug te voer na infantiele seksuele konflikte, waarin sosiale angs 'n groot rol ge= speel het. Omdat die eerste manifestasies van skuld vir hom met angs gepaard gegaan het, het hy deurentyd vol= gehou om skuld as morele angs voor te stel.

Mowrer het dieselfde flater begaan. Omdat hy die mens primêr as 'n sosiale wese voorstel, sien hy skuld as die resultaat van 'n bedreiging of 'n oortreding (skending) van

die mees wesenlike waarde (die sosiale integrasie). Gevolg=lik is skuld vir hom ook 'n aspek van angs.

Om die probleem uit ander gesigspunte te belig, word enkele menings gegee.

2.1.1.2 Volgens die Leerteorie

Buss (1966, p. 140) sien skuld as 'n vorm van vyandig=heid teen die self, en dit kan net soos skaamte, via die kondisioneringsproses aan 'n verskeidenheid situasies ge=koppel word. Die belangrikste hiervan is oortredings van 'n veralgemeende morele kode.

Ten opsigte van angs meen Levitt (1967, p. 33) dat dit 'n aangeleerde dryfveer is, wat ingestel is op die ver=myding van pyn. Dit tree in sodra daar by wyse van kon=disionering 'n band ontstaan tussen pyn en 'n bepaalde stimulus. Indien die vreesreaksie intens genoeg is, mag dit veralgemeen word na situasies wat ooreenstem met die oorspronklike vreeswekkende stimulus. Indien die individu reeds op vroeë leeftyd aan intense vreessituasies blootge=stel is, sal hy waarskynlik in die latere lewe 'n hoë predisposisie tot angs ervaar.

Kritiek

. Reduksie van beide skuld en angs tot 'n veralgemeende respons wat die gevolg is van kondisionering. Hiermee word die beginsel van veralgemening nie ontken nie. In die geval van neurotiese skuldgevoelens wat op oordrewe

gewetensfunksionering berus, is daar wel sprake van ver= algemening, omdat die skuldgevoelens die persoon tot in sy kern verkanker, indien dit nie konstruktief gehanteer word nie. As sodanig moet skuld egter aan onverantwoor= delikheid gekoppel word - 'n faktor wat nie dieselfde is as kondisionering nie.

. Ofskoon daar dus onderskei word tussen skuld en angs, is dit nie 'n bruikbare differensiasie nie, omdat menslike reaksies nie net in terme van stimulus en respons ver= klaar kan word nie.

2.1.1.3 Volgens die Fenomenologie/Eksistensieanalise

'n Verteenwoordigende opvatting van die benaderings is die van Oden. Hy sien skuld as die bewustheid van onverant= woordelike waardenegering (1969, p. 47). Hierteenoor definieer hy angs as die respons van die self op 'n geestesbeeld van 'n bepaalde toekomsmoontlikheid, wat ge= simboliseer word as 'n bedreiging van 'n waarde wat as essensieel vir die eie voortbestaan beskou word.

Met hierdie onderskeid raak Oden die hart van die skuld-angsrelasie aan. Sy uiteensetting is verder soos volg: waar skuld die herinnering is aan 'n aksie uit die ver= lede, wat nie met die huidige selfbeeld strook nie, is angs die imaginêre beeld van bepaalde toekomsaksies wat nie met die huidige selfbeeld ooreenstem nie.

Uit die verwantskap lei hy dan af dat skuld en angs analoog tot mekaar bestaan. Verder is skuld ook die

bewustheid van onverantwoordelike (dit is onresponsiewe) waardenegering, terwyl angs die oorresponsiwiteit is ten opsigte van potensiële bedreiginge van waardes wat met die selfbeeld geassosieer word. Anders gestel: skuld wys heen na 'n gebrek aan sensitiwiteit met betrekking tot 'n bepaalde vorige situasie van waardeverlies, terwyl angs heenwys na 'n oordrewe sensitiwiteit met betrekking tot toekomstige situasies van potensiële waardebedreiging.

Die analogie tussen skuld en angs word verder verduide=lik deurdat die grens tussen die twee volgens Oden geleë is in die hede. 'n Toekomstige aksie kan dus nooit as sodanig skuld ontlok nie, terwyl 'n daad uit die verlede ook nie regstreeks tot angs aanleiding kan gee nie. 'n Reeds afgehandelde daad kan net tot skuld lei, en hoogs=tens as 'n onregstreekse gevolg, tot angs.

Uit die bogenoemde fenomenologiese differensiasie tussen skuld en angs is dit duidelik dat dié begrippe psigologies parallel tot mekaar kan bestaan en op 'n gegewe oomblik beide in die bewussyn teenwoordig kan wees as komponente van die skuldbewussyn.

Ontologies is beide egter duidelik onderskeibaar, in terme van 'n heenwysing na die verlede en toekoms onderskeide=lik. Baie belangrik is ook die feit dat skuld nooit 'n variant van angs is nie (ontologies gesien), al is hierdie beskouing deur beide Freud en Mowrer gehuldig.

Kritiek

Oden slaag daarin om te onderskei tussen skuld en angs,

sonder om die intieme verband tussen die twee begrippe te verbreek. Sy standpunt dat beide fenomene gesien moet word in terme van <u>subjektiewe waardes</u>, vernou die spek= trum van die skuld- en angsproblematiek, omdat nie een daarvan ten volle in terme van 'n oriëntasie ten opsigte van subjektiewe waardes verklaar kan word nie.

Aansluitend by Caruso (1964, p. 112) moet verklaar word dat die mens nie só vry is dat hyself ten volle verant= woordelik gehou kan word vir sy skuld nie, en ook is hy nie só selfgenoegsaam dat sy ervaringe van skuld en angs ten volle deur homself bepaal kan word, soos bogenoemde omskrywing suggereer nie.

Hoewel Oden se differensiasie bevredigend en aanvaarbaar is, vir sover dit skuld en angs betref, is die onder= liggende mensbeskouing op grond waarvan die differensiasie geformuleer is, nie aanvaarbaar nie.

2.1.1.4 Gevolgtrekkings

<u>Psigologies</u> is skuld en angs intiem vervleg. Dit blyk duidelik uit die beskouinge van Freud en Mowrer.

<u>Ontologies</u> is beide egter parallelle fenomene en nie die een by die ander ingeskakel nie.

<u>Prinsipieel</u> kan skuld en angs ook van mekaar geskei word. Vir die doel hiervan moet die differensiasie van die eksistensieanalitici egter verder gevoer word as die bewustheid van waardenegering in die geval van skuld en

waardebedreiging in die geval van angs. Vir die Christen is skuld en skuldgevoelens naamlik die resultaat van sonde uit die verlede. Hierdie interpretasie van skuld staan teenoor die vertolking van angs as die bewustheid van die bedreiging deur die aftakelende magte van die duiwel.

Psigologies is hierdie differensiasie van weinig betekenis, maar soos uit die werk van Mowrer en Freud geblyk het, oefen die differensiasie rigtinggewende invloed uit op die verloop van die terapeutiese proses.

### 2.1.2 Differensiasie tussen skuld en skaamte

Om tussen dié begrippe te differensieer is dit nodig om ook die betrokke outeurs se skuldbeskouinge weer te gee. Die bykomstige omskrywinge van skuld is egter waarde=vol, aangesien dit meer lig werp op die skuldproblema=tiek en al die gegewens ten slotte gebruik kan word om 'n eie formulering van skuld en skuldgevoelens daar te stel.

#### 2.1.2.1 Die siening van Piers

Hierdie skrywer is oorwegend psigoanalities georiënteer en op 'n stadium was sy standpunt baie populêr. Vir hom is daar in die eerste plek 'n groot ooreenkoms tussen skuld en skaamte, aangesien beide 'n vorm van spanning is, waarvan die oorsake en uitwerking egter radikaal verskil.

Skuld is vir Piers die pynlike innerlike spanning wat opgewek word deurdat die emosioneel-gelade grens wat deur die superego tot stand gebring is, betree of oortree word deur die aggressiewe en destruktiewe impulse van die id (1953, p. 6).

Skaamte, aan die ander kant, omskryf Piers as 'n spanning tussen ego en ego-ideaal. Skuld word opgewek deur 'n daadwerklike oortreding of begeerte tot oortreding van die eise van die superego, terwyl skaamte die gevolg is van nie-bereiking van 'n doelstelling wat voorgestel word deur die ego-ideaal. Die reaksie wat volg op mislukking noem Piers skuldangs en dié wat volg op 'n reële tekortkoming of mislukking is dan skaamte.

Die straf verbonde aan oortredings is volgens Piers dié van uitwissing en dit word gemanifesteer in kastrasie-angs. In die geval van skaamte is die ekwivalente bedreiging 'n onbewuste, irrasionele vrees vir isolasie, aangesien die ouerliefde onttrek kan word.

Kritiek:

. Gemeet aan die maatstawwe van die eksistensieanalise huldig Piers as 'n psigoanalities-georiënteerde teoretikus 'n onheldere differensiasie aangesien hy skuld ook aan 'n begeerte tot oortreding koppel en die daaruitspruitende reaksie as skuldangs tipeer - 'n standpunt wat lynreg teenoor dié van Oden staan.

. 'n Tweede kritiekpunt is dat skuld en skaamte gedicho=

tomiseer word. Uit persoonlike ervaring weet mens dat skaamte byvoorbeeld sal intree na nie-bereiking van 'n doelstelling, maar as die oorsaak van dié nie-bereiking op onverantwoordelikheid berus, spreek dit vanself dat die skaamtereaksie deel van 'n omvattender skuldgevoel sal wees.

2.1.2.2 Lewin se beskouing

Hierdie standpunt is gebou op die gebreke in dié van die vorige outeur. Die eerste opvallende verskil is dat skuld en skaamte nie dichotomies verklaar kan word nie, omdat eersgenoemde dikwels gepaard gaan met laasge= noemde. Nietemin word as volg gedifferensieer: skuld spruit uit oortredings van die superego, terwyl skaamte veroorsaak word deur blootstelling van die self, hetsy in situasies uit die verlede, hede of toekoms (Lewin, 1967, p. 268).

Met selfblootstelling word bedoel dat die individu nie net deur ander waargeneem word nie, maar dat hy bewus is dat hy waargeneem word. Dit gaan gepaard met die bewustheid dat hy met 'n negatiewe reaksie waar= geneem word, dit is met 'n reaksie wat as verwerping geïnterpreteer kan word.

'n Belangrike byvoeging is dat die kapasiteit vir skaamte, nes dié vir skuld, geïnternaliseer word, en dat dit mee= bring dat selfs 'n gedagte of fantasie van selfblootstel= ling, na voltooiing van die internaliseringsproses tot skaamte aanleiding kan gee.

Kritiek:

. Die afbakening is wel duideliker as dié van Piers, maar dis nog te dichotomies. Enige skuldhandeling dui immers op 'n daad of gedagte wat geheimgehou word, en die vrees vir die ontdekking daarvan impliseer onmiddel=lik 'n potensiële selfblootstelling, dit wil sê bewus of onbewus moet dit met skaamte gepaard gaan.

2.1.2.3 Die siening van Lynd

Basies stem haar differensiasie ooreen met die van Lewin. Belangrike byvoegings is egter dat een situasie tot skuld of skaamte aanleiding kan gee en dat hierdie toestande mekaar soms selfs kan afwissel of mekaar wedersyds kan versterk (Lynd, 1958, p. 64).

Hieruit kan afgelei word dat skuld en skaamte nie anti=teses is nie, hoewel elk sy eie fokuspunte en beklem=toninge het. Oorvleueling kom ook dikwels voor.

Betreffende die uitwerking van skuld en skaamte tref Lynd egter 'n duidelike onderskeid. Waar skuld byvoor=beeld soms 'n aanduiding van kommunikasie kan wees (byvoorbeeld straf as teken van die verbondenheid aan die medemens) is die belewing van skaamte isolerend, ver=vreemdend en onkommunikeerbaar.

Kritiek:

Die positiewe element is die herkenning van die onwens=

likheid van 'n dichotomie, maar die negatiewe is die reduksie van skaamte tot 'n onkommunikeerbare proses. Net soos in die geval van skuld en angs moet beklem= toon word dat skaamte ook positiewe elemente bevat.

2.1.2.4 Die siening van Ausubel

Hy verwerp ook 'n suiwer onderskeid tussen skuld en skaamte. In die plek daarvan stel hy dat dié begrippe onderskeibaar is maar nie volkome dichotomieë of eks= klusiewe entiteite nie.

Op 'n meer fundamentele vlak beskou Ausubel (1955, p. 379) hierdie begrippe as twee vorme van selfevaluering. In eersgenoemde geval (skuld) is dit 'n negatiewe self= evaluering op grond van die bewustheid van oortredings van persoonlike waardes. Skaamte, daarenteen, is die on= aangename emosionele reaksie op die werklike of ver= onderstelde negatiewe oordeel van die self deur ander, en dit lei tot selfveragting.

Skaamte kan verder onderverdeel word in morele en nie-morele skaamte. Laasgenoemde is weer verdeelbaar in geïnternaliseerde en nie-geïnternaliseerde skaamte. Die vorm van skaamte wat verwant is aan skuld moet volgens Ausubel beskou word as 'n spesiale geval van morele skaamte, omdat daar benewens die geïnternali= seerde morele waarde ook sprake is van 'n persoonlike verpligting om te hou by die waarde wat op die spel is.

Dis belangrik om daarop te let dat Ausubel skaamte slegs sien as komponent van skuld, naamlik die komponent wat verband hou met eksterne oordeel en sanksie. (Dit bevat dus nie 'n innerlike oordeel soos Piers beweer het nie.)

Verder sluit skuld altyd, volgens dié outeur, ander self= reaksies in wat onafhanklik is van die oordeel van ander, naamlik selfverwyt, selfmisnoë, selfminagting, berou, ver= laging van die selfwaardegevoel, angs, asook viscerale en vasomotoriese response. Ook hang skaamte slegs af van eksterne sanksies, terwyl skuld op beide interne en eks= terne sanksies berus.

Beide bevat egter selfstraf in die gevoelsmatige sfeer. Volgens Wallace (1963, p. 83) is hierdie gemeenskaplike element in die geval van skuld gemik op goedkeuring deur die superego, en by skaamte op goedkeuring deur die eksterne objek, byvoorbeeld die ouer.

Uit die differensiasies tussen skuld en skaamte kan afge= lei word dat Ausubel die bruikbaarste onderskeid gefor= muleer het, aangesien hy die intieme band tussen die fenomene aangedui het en eerder op gemeenskaplike ele= mente klem lê as op die verskille tussen die twee. Met hierdie gedagte kan die skuld-skaamterelasie voorlopig gelaat word.

### 2.1.3 Differensiasie tussen skuld en minderwaardigheid

Veral onder Adleriaans-georiënteerde teoretici word gemeen dat die begrip „skuldgevoelens" onnodig is, aangesien die

term „minderwaardigheid" luidens hulle 'n meer beskrywen= de term is (vergelyk Bruck, 1950, p. 47). Om dié wan= interpretasie die nek in te slaan word van twee sieninge gebruik gemaak.

2.1.3.1 Die standpunt van Alexander

Hy beklemtoon vanuit psigoanalitiese standpunt dat daar 'n groot ooreenkoms tussen beide fenomene is, aangesien albei struktureel met dieselfde formule beskryf kan word, naamlik as spanning tussen ego en ego-ideaal. Op 'n meer fundamentele vlak is daar egter aanmerklike ver= skille. Die dinamiese uitwerking wat beide skuld en minderwaardigheid op gedrag het, staan presies teenoor mekaar - gevolglik kan beide beskou word as dinamiese antagoniste wat vergelyk kan word met die simpatiese en parasimpatiese senusisteme (1938, p. 41).

Hierdie verskil kom daarop neer dat skuld volgens Alexander 'n inhiberende effek het, terwyl minderwaardig= heidsgevoelens 'n stimulerende uitwerking het. Omdat skuld tot die vreeskategorie behoort, lei dit tot inhibisie. Die assosiasie tussen skuld en oortreding bring mee dat daar verwagtinge van straf ontstaan, en dit veroorsaak 'n konstriksie in die persoonlikheid wat gemanifesteer word in 'n vreesbevange afwagting van straf.

In teenstelling met die gedragsverarming as gevolg van skuld, word minderwaardigheidsgevoelens gekenmerk deur die afwesigheid van die vreeskomponent en deur die stimu= lerende uitwerking wat dit op vyandigheidsgevoelens het.

Laasgenoemde word nie ontleen aan aggressie nie maar gee aanleiding tot aggressie.

Kritiek

Die eensydigheid van die psigoanalitiese beskouinge in die algemeen is ook aanwesig in die differensiasie van Alexander. Hy dichotomiseer nie net die begrippe skuld en minderwaardigheid nie maar reduseer hulle ook tot die neurotiese manifestasies daarvan. Maslow (1968, p. 217) se bewering dat dichotomisering in die weg staan van integrasie is in dié verband van groot betekenis, aangesien dit dui op die betekenisloosheid van 'n dicho= tomie tussen skuld en minderwaardigheid. Uitgaande van die veronderstelling dat die mens 'n eenheid, 'n totali= teit is, is dit duidelik dat sy belewinge nooit eksklu= siewe entiteite kan wees nie. Dus kan skuld ook nie algeheel van minderwaardigheid geskei word nie. Die begrippe kan hoogstens <u>onderskei</u> word.

2.1.3.2 Die standpunt van Annemarie Häberlin

Haar bydrae is besonder betekenisvol, aangesien die noue band en positiewe betekenis van beide begrippe benadruk word, in teenstelling met die voorgaande be= skouing.

Die kern van dié differensiasie is dat minderwaardigheids= gevoelens gesien moet word as chronies-geworde skuld= gevoelens (1960, p. 207). Volgens haar ontstaan skuld= gevoelens wanneer 'n intrapsigiese vergelyking getref

word en die besef ontstaan dat daar nie aan die eise van die ego-ideaal voldoen is nie, dit wil sê wanneer daar 'n diskrepans is tussen dit wat 'n persoon bereik het en dit wat hy kan bereik.

Die punt wat hier gemaak word is dat alle minderwaar=digheidsgevoelens, op grond van gebrekkige selfrealisering, essensieel skuldgevoelens is. (Hierdie standpunt stem ooreen met dié van die fenomenoloë en eksistensieanalitici.)

Die grootste skuldgevoel is volgens Häberlin nie die gevolg van herhaaldelike mislukkings ten opsigte van selfrealisering nie maar die toenemende verlies van ini=siatief - die gelatenheid en berusting - omdat dit 'n bose kringloop is wat altyd vererger en uiteindelik as dit chronies geword het, as minderwaardigheidsgevoelens beleef word.

Betreffende die invloed van skuld en minderwaardigheid word 'n onderskeid getref tussen die regstreekse en onregstreekse implikasies van minderwaardigheidsgevoelens (dit wil sê die chronies-geworde skuld). Regstreeks gee dit aanleiding tot depressie, gevoelens van onwaardigheid, en ingrypende gemoedswisselinge.

Onregstreeks lei dit tot verdringing, verdraaiing, waar=deur die persoonlike skuld religieus verdraai word, om as vorm van straf beleef te word; ontvlugting van ver=antwoordelikheid; 'n vlug in die siektetoestand; projeksie; kompensasie, of die soeke na sekuriteit in kompulsies.

Kritiek:

. Die positiewe in die werk van Häberlin is dat sy die konstruktiewe funksie van minderwaardigheidsgevoelens uitbeeld: solank die minderwaardige individu na groter selfrealisering strewe, sal sy toestand naamlik verbeter, en die minderwaardigheidsgevoelens verdwyn. Eers as hy kapituleer word die gevoelens chronies en gee dit aan= leiding tot persoonlikheidsdesintegrasie.

. Haar perspektief is egter veels te dichotomies, aan= gesien selfs eie ervaring aandui dat minderwaardigheids= gevoelens deel kan wees van 'n akute skuldbelewing. Dit is dus nie noodwendig 'n jarelange proses wat eers na etlike skuldbelewinge uitkristalliseer nie. Minderwaardig= heidsgevoelens is dus 'n meeganger van skuld en nie die uiteindelike resultaat van onopgeloste skuld nie. Daar is met ander woorde ook sprake van normale en neurotiese minderwaardigheidsgevoelens. Indien die normale, egte minderwaardigheidsgevoelens nie kreatief aangewend word nie, kan dit intensiveer en uiteindelik destruktief ontwik= kel tot neurotiese of patologiese minderwaardigheidsge= voelens.

### 2.1.3.3 Gevolgtrekkings

. Die uiteenlopende sieninge van skuld, skaamte, en minderwaardigheid is te wyte aan verskillende uitgangs= punte omtrent die skuldproblematiek. Piers en Alexander praat byvoorbeeld slegs van neurotiese skuld.

. Die feit dat skuld 'n verwantskap toon met angs, skaamte en minderwaardigheid, toon hoe 'n omvattende belewing hierdeur aangedui word. Dit lei tot die kon= klusie dat skuld nie geïsoleer kan word van die ver= wante belewinge nie.

. Die feit dat skuld voorgehou word as destruktief (byvoorbeeld deur Piers en Alexander) of konstruktief (Lynd) bring mee dat daar eers tussen die verskillende skuldvlakke gedifferensieer moet word, alvorens 'n omvat= tende omskrywing verskaf kan word.

. Angs, skaamte en minderwaardigheid kan onderskei word maar nie heeltemal van mekaar geskei word nie. So kan mens byvoorbeeld met Morano (1970, p. 124) saamstem dat daar van skaamte gepraat kan word wan= neer daardie eienskappe van die belewing wat skaamte ontlok, beklemtoon word hoewel dieselfde ervaring altyd ook resessiewe kenmerke van skuld en verleent= heid bevat.

3. Die skuldproblematiek as selfstandige fenomeen

Om tussen verskillende skuldvakke te onderskei beteken nie dat die eenheidskarakter van skuld verbreek word nie. Uit die werk van Mowrer en Freud het dit egter duidelik geword dat die skuldvraagstuk nie na wense gehanteer kan word indien daar nie gedifferensieer word tussen drie skuldvlakke, naamlik ontologiese, egte en neurotiese skuld en skuldgevoelens nie.

### 3.1 Ontologiese skuld

In verband met hierdie skuldvlak bestaan daar twee stelle menings: die eksistensieanalitici wat ontologiese skuld gelykstel aan egte, normale skuld; en 'n tweede groep outeurs wat tussen egte en ontologiese skuld onderskei. Beide word kortliks bespreek.

#### 3.1.1 Die Eksistensieanalitiese benadering

Na aanleiding van 'n studie van die werk van Boss, May, Caruso, Morano en Bugental, kan die volgende stellinge geformuleer word om die beskouing van die eksistensieanalitici ten opsigte van ontologiese skuld te verduidelik.

3.1.1.1 Ontologiese skuld is 'n universele, fundamentele kenmerk van menslike bestaan, omdat dit spruit uit die besondere aard van menswees

Volgens die Eksistensieanalitici is niks so kenmerkend van die mens as juis sy skuld nie. Hierdie skuld sny deur alle vlakke van menswees, bepaal of beïnvloed alle menslike reaksies en bly die mens by dwarsdeur sy lewe, vanaf geboorte tot die dood (vergelyk Boss, 1963, p. 270, May, et el, 1958, p. 55, Janse de Jonge, 1948, p. 198, en Bugental, 1965, p. 164).

3.1.1.2 Ontologiese skuld is gefundeer in die beperktheid van die menslike vermoëns en beslissingskapasiteite

Die kernoorsaak van hierdie vorm van skuld is geleë in

die menslike onvolkomenheid. Omdat sy bewustheid slegs tydelik is en hy altyd ingeperk word deur grense, in terme van beperkte vermoëns, kan die mens homself nooit in alle opsigte volmaak vervul nie.

As gevolg van die onvolkome keuses en beslissinge loop die menslike handelinge uit op drie vorme van ontologiese (volgens dié beskouing egte) skuld: skuld teen die naaste as gevolg van onbevredigende, konflikvolle interpersoon=like verhoudinge; skuld teen die self, as gevolg van selfverwerping of opgawe of ontkenning van eie potensia=liteite; en derdens, skuld wat herlei kan word na 'n breuk met die natuur as geheel, aldus May, et el (1958, pp. 54 - 55).

### 3.1.1.3 Ontologiese skuld kan positiewe implikasies vir persoonlikheidsgroei inhou

May (1958, p. 55) en Morano (1970, p. 141) is die twee outeurs wat die meeste klem lê op die positiewe waarde van ontologiese skuld. Volgens hul beskouing kan ontolo=giese skuld gelykgestel word aan egte skuld, maar mag dit nie verwar word met neurotiese skuld nie. Dit lei naamlik nie tot simptoomvorming nie, en gee selfs aan=leiding tot persoonlikheidsgroei in terme van 'n groter mate van sensitiwiteit, nederigheid en kreatiwiteit.

Hierdie besinning oor die positiewe waarde van skuld laat mens onwillekeurig dink aan die woorde van die koning in <u>Hamlet</u>:

"My stronger guilt defeats my strong intent;
And, like a man to double business bound,
I stand in pause where I shall first begin,
And both neglect .... "
(derde bedryf, tweede toneel).

Kritiek

Ontologiese skuld spruit wel uit die diepste kern van menswees, maar volgens dié uiteensetting waarin dit met egte skuld vereenselwig word, kan die beskouing nie as sodanig aanvaar word nie, omdat dit verwarrend is. Ontologiese skuld is wel eg, en alle egte skuld spruit uit die besondere aard van menswees, maar psigo=logies gesien is die skuldreaksie wat volg na 'n daad van oortreding nie dieselfde as die gevoel van onvol=komenheid wat spruit uit die ontologiese skuldsituasie waarin die mens verkeer nie.

Op grond van hierdie verwarring moet dus 'n tweede mening verskaf word en dit is die een waarin onderskei word tussen egte en ontologiese skuld.

3.1.2 Die sieninge van Knight en Becker

Myns insiens huldig hierdie outeurs 'n bruikbare stand=punt. Vir hulle is ontologiese skuld die probleem van vryheid en verantwoordelikheid. Sodra die mens sy situasie in terme van vryheid en verantwoordelikheid in oënskou neem, word hy bewus van sy beperkinge, en dit is hierdie bewustheid wat die kern van ontologiese skuld konstitueer.

Becker stel dit so:

„Whatever we do, we are responsible agents, but we never fulfil the whole of the possibilities which a fecund Creator sets before us".
en verder

„We are at once free to sin and bound to sin" (in Belgum, red., 1967, p. 240).

Ontologiese skuld kan dus gekarakteriseer word as die bewustheid van die beperkinge ten opsigte van situasie en beperkinge ten opsigte van die self (ontoereikende beslissings en onverantwoordelike keuses).

Die waarde van die beskouing van Becker en Knight lê daarin dat hulle ontologiese skuld nie vereenselwig met egte, normale skuld nie en dus nie in dieselfde slaggat as die eksistensieanalitici trap nie. Dit moet beklemtoon word dat egte, normale skuld eers volg op 'n verwerk= liking of vergestalting van die ontologiese skuldsituasie. Ontologiese skuld is dus die grondslag van egte en neurotiese skuld, luidens die standpunte van Knight (1969, p. 91) en Becker (in Belgum, red., 1969, pp. 240 - 241).

3.1.3 Ontologiese skuld volgens prinsipiële grondslag

Kragtens die sondeval waardeur die menslike natuur bedorwe geraak het, verkeer die mens in 'n skuldbe= staan, dit wil sê ontologies is hy skuldig. Anders ge= stel is ontologiese skuld die objektiewe, universele skuldaanleg wat met geboorte ontvang word. As sodanig vorm dit die onderlaag van alle egte en neurotiese skuld (vergelyk De Klerk, 1970, p. 76).

Samevattend kan dus genoem word dat ontologiese skuld die gevolg is van die sondeval, waardeur die menslike bestaan in sy totaliteit bedorwe is, en die mens voort=durend in die skaduwee van sy skuldsituasie leef. Dis altyd teenwoordig in egte, normale skuld, maar dit is nie dieselfde nie, indien mens egte skuld sien as daad=skuld, dit wil sê dis die gevolg van 'n oortreding of negering, waardeur ontologiese skuld tot 'n dieper niveau intensiveer.

## 3.2 Egte, normale skuld en skuldgevoelens

Om die bespreking so sistematies en sinvol moontlik te maak is dit noodsaaklik om die gegewens in verband met dié aspek in vier kategorieë te verdeel, aangesien dit volgens die literatuurstudie geblyk het dat die vier fasette die belangrikste fokuspunte is waaromheen die be=sprekings van egte skuld en skuldgevoelens gesentreer is.

Die vier momente is die volgende:

- die beklemtoning van die skuldhandeling as fundering van egte skuld;
- die toespitsing op gewetensfunksionering as bepalende moment vir egte skuld;
- die siening van egte skuld as 'n vermenging van egte en neurotiese komponente; en
- die totaliteitsbeskouing waarin die oriëntasie van die individu jeens die skuld voorop staan.

(Die bedoeling met hierdie indeling is nie om in 'n ske=matisme te verval nie maar om die beklemtoninge van elke standpunt wat genoem sal word te laat uitstaan, ten opsigte van ander menings.)

### 3.2.1 Die skuldhandeling as uitgangspunt vir egte skuld

Beklemtoninge wat hieronder aangedui kan word, is die volgende:

#### 3.2.1.1 Die skuldhandeling as 'n oortreding of skending

Sommige ondersteuners van hierdie standpunt ken 'n baie letterlike betekenis toe aan die skuldhandeling. Die opvatting word byvoorbeeld gehuldig dat skuld herlei kan word na 'n objektiewe, daadwerklike oortreding van 'n morele aard. Mowrer se siening van skuld pas goed in hierdie kategorie.

Die oortreding is egter nie altyd so konkreet as wat sommige outeurs meen nie. Fingarette (1962b, pp. 150 - 151) wys byvoorbeeld daarop dat skuld in baie gevalle teruggevoer kan word na 'n irrasionele, infantiele betrokkenheid op grond waarvan die self nie ten volle gerealiseer kan word nie.

Die skendingsaspek kom ter sprake wanneer Büber se interpretasie van die egte skuldhandeling nagegaan word. Hy beweer dat elke skuldhandeling vertolk moet word as 'n verbreking van 'n fundamentele orde ...

„Existential guilt (bedoelende egte skuld) occurs when someone injures an order of the human world whose foundations he knows and recognizes as those of his own existence and of all common human existence" (1957, p. 117).

3.2.1.2 Die skuldhandeling as 'n negering of 'n versuim

In dié geval is die skuldhandeling nie aan 'n isoleerbare daad of dade gebonde nie. Pattison meen byvoorbeeld dat skuld gekoppel kan word aan die ontwrigting van inter= persoonlike verhoudinge, op grond van 'n onwil tot reali= sering van bepaalde interpersoonlike verbondenhede (1969, p. 21).

Aan die ander kant sien Uleyn die versuim as 'n ver= keerde handeling waardeur skuld opgewek is maar wat nie opgevolg is deur 'n korrigerende handeling nie (1964, p. 44).

Uit die oogpunt van selfrealisering kan 'n versuim egter ook gekonstitueer word deur 'n verwaarlosing van per= soonlike talente of innerlike moontlikhede, op grond waar= van die selfrealisering slegs gebrekkig plaasvind, aldus Rümke (1958, p. 140).

Ofskoon bogenoemde standpunte die indruk van 'n uiteen= lopende stel oorsake van egte skuld mag skep, word dit saamgebundel tot 'n eenheid, deurdat die begrip „verant= woordelikheid" ten grondslag lê van oortredinge, nege= ringe of handelinge van versuim. In die verband noem Rümke (1958, p. 140) die onverantwoordelikheid 'n tekort in die gee van liefde. Ander outeurs wat ook die verband tussen verantwoordelikheid en skuld aan= raak, is onder andere May, 1967b, p. 180; Oden, 1969, p. 47 ; en Caruso, 1964, p. 28.

Dit bring ons by die tweede groep standpunte ten opsigte van egte skuld.

### 3.2.2 Gewetensfunksionering as faktor in die ontstaan van egte skuldgevoelens

'n Skuldhandeling kan objektief gesien, eg wees, maar as sodanig is dit nog geen skuldgevoel alvorens dit nie eers deur die gewete as skuldgevoel geregistreer is nie - vandaar die belangrikheid van hierdie aspek by die bespreking van egte skuld.

Die grondslag vir die studie van die gewete in dié ver= band is gelê deur Freud met sy beklemtoning van die patologiese funksionering van die gewete of superego.

Om die rol van die gewete te verduidelik moet kortliks by die ontwikkeling daarvan stilgestaan word. Twee fases kan volgens Allport hierin onderskei word, naam= lik die van die „moet"-gewete, en die van die „behoort"-gewete (Allport, 1968, p. 72).

Met geboorte het die mens 'n predisposisie tot gewetens= vorming en in die ontwikkeling van die gewete vorm die „moet"-gewete die grondslag vir die latere volwasse gewete.

Allport (p. 72) skryf dat die eerste fase van gewetens= vorming uit 'n reeks moets en moenies bestaan wat via die opvoeding as ouerlike reëls en regulasies op die kind afgedwing word. In dié fase word „skuld" dus slegs

as sosiale angs beleef, dit is die vrees dat die sekuriteit van ouerliefde verloor kan word tydens ongehoorsaamheid en oortredinge. (Vergelyk ook Freud se konsep van sosiale angs, asook McKenzie, 1962, p. 34.)

Die „behoort"-gewete is die uiteindelike fase van gewe= tensontwikkeling waartydens die eksterne ouerlike kontroles geïnternaliseer en geassimileer word deur die ontwikke= lende individu.

Omdat die gewete aanvanklik die stem van die ouers was en nou die stem van die individu self geword het, bete= ken dit dat die persoon nie meer gemotiveer word deur vrees vir straf soos dit aanvanklik was nie, maar eerder deur gevoelens van persoonlike verpligting jeens die ver= innerlikte waardes. In hierdie argument van Allport (1968, p. 72) word hy ook ondersteun deur Oden (1969, p. 39).

Die implikasie van die normale gewetensontwikkeling vir skuld is dat dit 'n voorwaarde is vir die registrasie van 'n skuldhandeling as egte, normale skuldgevoel.

### 3.2.3 Egte skuld en skuldgevoelens as vermenging van egte en neurotiese komponente

Volgens hierdie standpunt kan egte skuld en skuldgevoel= ens nie as geslote entiteit beskou word nie, aangesien 'n skuldhandeling of skuldgevoel uit beide egte en onegte komponente saamgestel is. Voorstanders van die standpunt is onder andere Stein (1969, p. 144), Haigh (1961, p. 127), Tournier (1969, p. 127), Becker (in Belgum, red., 1967, p. 241) en Rümke (1958, p. 139).

Die vermenging van egte en onegte skuldhandelinge en die gepaardgaande registrasie van skuldgevoelens wat oneg mag voorkom, maar inderdaad op egte oortredinge of waardenegerende oriëntasies mag berus, word goed geïllus= treer in die volgende opmerking van Oden. Hy skryf dat 'n nietige gebeurtenis dikwels tot die felste denkbare skuldgevoelens aanleiding gee (die standpunt berus op die veronderstelde doelmatige funksionering van die gewete).

In so 'n geval skryf Oden ( a.w., p. 59), verkry die relatief onbeduidende „skuldhandeling", byvoorbeeld laat wees vir 'n afspraak, simboliese waarde, omdat dit heenwys na ander dieperliggende vorme van oortreding of onverantwoordelike waardenegering. Laasgenoemde hoef geen direkte verband te hou met die insident of daad wat die oordrewe skuldgevoel geaktiveer het nie. Hoewel die skuldgevoel dus as oneg geïnterpreteer mag word, is dit simbolies van 'n dieperliggende, volgehoue onvermoë of onwil om belangriker waardes te realiseer of te hand= haaf. Vanweë die versluiering van die wesenlike oortre= dinge of ondoelmatige oriëntasies, word die skuldgevoel wat daaraan gekoppel behoort te wees, maar wat nie besef word nie, uitgeleef in die onbeduidende insidente wat as simbool daarvan funksioneer.

Oden maak verder die veelseggende bewering dat die oordrewe skuldgevoel, op grond van 'n onbelangrike voor= val, gewoonlik met wanhoop gepaard gaan, omdat die per= soon besef dat die spesifieke vorm van oortreding waarna dit heenwys, waarskynlik altyd volgehou sal word.

### 3.2.4 Die totaliteitsbeskouing waarin die oriëntasie jeens die voorgaande prosesse beklemtoon word

Die literatuuroorsig oor die begrip "egte skuld" sal nie afgerond wees indien daar nie ook verwys word na bo= genoemde aspek nie. Afgesien van die egtheid van die skuldhandeling en die suiwerheid van die gewetensregi= strasie, word die skuldbelewing uiteindelik bepaal deur die houding of oriëntasie daarteenoor. Feichtinger (1950, p. 41) skryf byvoorbeeld dat skuldgevoel 'n manifestasie is van die totale oriëntasie jeens die self.

In dié totaliteitsoriëntasie jeens die skuldhandeling en die registrasie daarvan in die gewete, kan hoofsaaklik twee rigtings ingeslaan word: erkenning van die skuld na registrasie daarvan in die gewete, of ontvlugting of verwerping daarvan.

#### 3.2.4.1 Erkenning en konfrontasie van die skuld

Indien die individu rasioneel en emosioneel insien dat hy skuldig is en dus aandag gee aan die stem van sy gewete, word die skuldbelewing toegelaat om vanaf 'n pynlike, skuldgevoel te verdiep tot 'n meer opvattende skuldbesef, waarin verskeie ander elemente teenwoordig is. Hieronder kan genoem word: die skuld as kern van die belewing, asook angs, skaamte, minderwaardigheids= gevoelens, 'n verantwoordelikheidsgevoel en 'n gevoel van strafskuldigheid, aldus Snoeck (1948, pp. 216 - 227) en Rümke (1958, p. 142).

### 3.2.4.2 Ontvlugting, onderdrukking of negering van skuld

Word die oriëntasie jeens skuld gekenmerk deur een van bogenoemde faktore, verflou die skuldgevoel oënskynlik, omdat die individu geen aandag daaraan gee nie. Kumula= tief neem dit egter toe totdat dit later as „neurotiese" skuld in 'n verskeidenheid simptome na vore tree. Wan= neer hierdie reaksie plaasvind, kan dit volgens etlike outeurs gebeur dat die egte skuld getransformeer word na neurotiese skuld.

Dit is egter baie belangrik om te onthou dat volgens hierdie argument slegs die gedaante waarin die getrans= formeerde skuld verskyn, „neuroties" is - die onderlig= gende oorsaak van die simptome is nog steeds egte skuld.

Betreffende die ontsnappingsmeganismes ten opsigte van skuld beweer Houselander dat die realiteit van die skuldsituasie eers ontken word, waarna verdere pogings aangewend word om van die misplaaste skuldgevoelens ontslae te raak. Dit word byvoorbeeld gedoen deur alle vorme van selfkennis, waardeur die realiteit van die onderliggende skuld vergroot sal word, te ontduik (1952, p. 29).

In dieselfde trant as bogenoemde outeur verskaf Uleyn (1969) ook 'n uitvoerige analise van verskillende verde= digingsmeganismes teen skuld, onder andere verdringing, rasionalisasie, projeksie, kompensasie, verplasing en minimalisering.

Caruso (1964, p. 38) beklemtoon weer die feit dat ver=dringing van skuld gepaard gaan met die opbou van 'n sondebokkompleks, dit is 'n soeke na 'n sondebok (persoon of objek) wat as oorsaak van die misplaaste skuld kan dien.

### 3.2.5 Egte skuld en skuldgevoelens op prinsipiële grondslag

Op bladsy 222 is genoem dat ontologiese skuld die objek=tiewe, universele skuldaanleg is wat met geboorte ont=vang word. Sodra die individu nou tot sy wêreld toetree, en op dié wyse sy skuldaanleg implimenteer, kan daar eers van egte, werklike, normale subjektiewe skuld en skuldgevoelens sprake wees.

Die afleiding hieruit is dus dat egte skuld die gevolg is van oortreding of negering van lewenswaardes of lewens=wette (De Klerk, 1971, p. 14) rakende die self, die ver=houding met die medemens, God, of die natuur. Registra=sie hiervan in die gewete gee aanleiding tot skuldgevoelens, en 'n positiewe oriëntasie jeens dié skuldgevoel kan dit laat verdiep tot 'n omvattende skuldbesef.

### 3.3 Neurotiese skuld en skuldgevoelens

Uit die literatuurstudie kan vir hierdie bespreking van dieselfde vier kategorieë gebruik gemaak word as tydens die analise van egte skuld en skuldgevoelens. Aangesien twee van dié standpunte egter hier gekombineer word, word slegs drie kategorieë vermeld, naamlik dat neurotiese skuld en skuldgevoelens:

. die resultaat is van egte ongekonfronteerde skuld (dit wil sê die skuld is eg maar het as gevolg van 'n ondoel= matige oriëntasie destruktiewe of „neurotiese" afmetings aangeneem;

. primêr aan ondoelmatige gewetensfunksionering toege= skryf moet word; en

. 'n samestelling van onegte en egte skuld en skuldge= voelens is.

### 3.3.1 Neurotiese skuld en skuldgevoelens as resultaat van ongekonfronteerde, egte skuld en skuldge= voelens

Dié aspek bou voort op paragraaf 3.2.4.2. 'n Mens kan die bewering maak dat hierdie skuldbeskouing 'n reaksie is teen die Freudiaanse beskouing as sou alle „neuro= tiese" skuld oorwegend op 'n onwerklikheidsbasis berus. As neerslag van die studie van Oden, May, Fingarette, en Caruso - almal voorstanders van bogenoemde stand= punt, kan die volgende stellinge neergelê word vir die uiteensetting van hierdie perspektief op neurotiese skuld.

#### 3.3.1.1 „Neurotiese" skuld ontstaan op dieselfde wyse as egte skuld

Volgens die argument is daar geen fundamentele of kwa= litatiewe verskille tussen egte en neurotiese skuld nie. Dit kom daarop neer dat neurotiese skuld ook ten volle op 'n werklikheidsbasis gegrond is (dit wil sê op egte skuldhandelinge berus), ook deur die gewete as skuldge= voelens geregistreer is, maar in die oriëntasie van die

individu genegeer of verwerp is, en as gevolg daarvan in geïntensiveerde vorm weer tot die bewussyn toegetree het.

Oor die egtheid van dié oënskynlik valse (dit is neuro= tiese) skuld is veral Fingarette baie uitgesproke. Hy ver= klaar onomwonde:

„The distinctive characteristic of the neurotic's guilt is not its unreality but, briefly put, its unacknowledged source in infantile, irrational, immoral commitments which are deeply but surreptitiously at the roots of his being" (1962a, p. 97).

'n Baie belangrike onderskeid is dus dat die neurotiese siekte-element in die skuldvorm níe in die skuldsituasie as sodanig geleë is nie (dit berus immers ten volle op 'n werklikheidsbasis) maar wel in die individu wat sy skuldervaringe heimlik laat akkumuleer het vanweë die nie-konfrontasie en nie-regstelling daarvan.

Betreffende die aard van dié skulderváringe verklaar beide Oden (1969, p. 67) en Caruso (1964, p. 33) dat dit neer= kom op verabsolutering van relatiewe waardes en dat die intensiteit van die skuldbesef 'n funksie is van die mate van waardeverabsolutering.

### 3.3.1.2 Nie-konfrontasie van egte skuld verander die oogmerke van die skuld

Verwerping van skuld op die reeds genoemde wyse ver= seker die voortbestaan van die onopgeloste skuld. Waar

die egte skuld egter via gewetensfunksionering 'n positiewe regstellende funksie het (vergelyk Oden, 1969, p. 67; Feichtinger, 1950, p. 41 en Tkacik, 1964, pp. 76 - 77), verloor genegeerde skuld hierdie funksie.

Gevolglik dien dit nie meer as 'n aansporing tot verbeterde selfrealisering en waarderealisering nie maar verander dit na 'n destruktiewe mag wat tot persoonlikheidsdesintegrasie lei. Oden ( a.w., p. 69) stel dit as volg:

„Thus what was intended to be a constructive force (egte skuld) comes to exert compulsive, tyrannical power within the self, racking us with inner torment, keeping us from actualizing the very values we idolatrize, depressing us with the unrelieved burden of unresolved guilt. Neurotic guilt is just this destructive form of guilt which has finally manifested itself in symptoms which curb normal functioning, attacking at subversive levels of distorted awareness, crippling rather than improving value actualization".

3.3.1.3 Die individu is ten volle aanspreeklik vir die skuldsituasie

Hoewel sommige outeurs meen dat neurotiese skuld gedeeltelik aan ondoelmatige gewetensfunksionering toe te skryf is, stel hierdie argument dat doelmatige gewetensfunsionering juis die uitgangspunt van die perspektief op neurotiese skuld is. Omdat die stem van die gewete nie gehoorsaam word nie, moet die individu beskou word as onverantwoordelik. Verskeie outeurs beklemtoon die onverantwoordelikheid, byvoorbeeld Salzman (1957, p. 17). Onverantwoordelikheid dui dus op volle aanspreeklikheid ten opsigte van die skuldsituasie.

### 3.3.1.4 Onverwerkte, verwerpte of genegeerde skuld en skuldgevoelens word nie na hul terugkeer tot die bewussyn as skuldgevoel beleef nie

Etlike outeurs beklemtoon dat die terugkeer van onver= werkte, ongekonfronteerde skuld langs die weg van mas= kering geskied, dit wil sê die verrese skuldbelewing verskil van die oorspronklike skuldbelewing.

Ten opsigte van die wyse waarop die skuldgevoel gemas= ker en gemanifesteer word, bestaan daar twee opvattinge of moontlikhede.

Enersyds kan die skuld, soos Oden dit stel, in die vorm van destruktiewe patrone via die agterdeur van neurotiese simptome soos migraine, asma en ander psigosomatiese toestande na die bewussyn terugkeer (a.w., p. 73).

Hierdie standpunt word ook gehuldig deur Belgum. Hy gaan selfs so ver as om te skryf dat talle simptome van versteurde gedrag vertolk moet word as die ver= sterkte en uit verband-gerukte stem van die gewete (as gevolg van die negering van die stem van die gewete) (1963, p. 5).

Tkacik skryf in dieselfde trant oor die terugkeer van verborge skuld. Hy is selfs oortuig dat angs en de= pressie bloot die verlenging is van die gewete na die emosionele komponente van die persoonlikheid, en dat psi= gosomatiese toestande soos maagswere weer op 'n ver= lenging van die gewete na die vegetatiewe komponent dui (1964, pp. 81 - 82).

Die tweede vorm waarin onverwerkte skuld na die bewus=syn kan terugkeer, is nie aan sulke dramatiese simptome gekoppel as bogenoemde nie. In dié geval neem die skuld=belewing die vorm aan van 'n vae, diffuse soort onlusge=voel. Oden karakteriseer dié belewing uitstekend as hy dit omskryf as 'n

"... vague and diffuse sense of value loss, without being tied to identifiable times and places" (a.w., p. 74).

3.3.2 Neurotiese skuld en skuldgevoelens as resultaat van ondoelmatige gewetensfunksionering

Hierdie standpunt vorm die presiese teenoorgestelde as die vorige. Die twee aannames waarop dit berus, is:

. geen werklikheidsbasis is vir neurotiese skuld te vinde nie; en
. die bron van die skuld is patologiese gewetensfunk=sionering.

Ten opsigte van gewetensfunksionering geld twee stand=punte, naamlik die identifikasie van neurotiese skuld met oormatige streng gewetensfunksionering; en koppeling van neurotiese skuld aan swak, ondoeltreffende gewetensfunk=sionering.

3.3.2.1 Identifikasie van neurotiese skuld met oormatige streng gewetensfunksionering

Volgens die standpunt is die oorsaak van neurotiese skuld geleë in 'n ontwikkelingsfiksasie wat op grond van ouer-kindkonflikte tot 'n gebrekkige gewetensontwikkeling gelei

het. Die gevolg is dat die gewete slegs tot die „moet"-stadium ontwikkel het. Dit bring mee dat alle skulderva=ringe met 'n buitengewone intensiteit beleef word, en dat alle sodanige ervaringe met 'n vrees vir straf gepaard gaan. Die positiewe aspekte van die belewing is met ander woorde verlore, omdat die gewete slegs ingestel is op kastyding van die persoon.

Aangesien hierdie argument volkome in harmonie is met Freud se leerstellinge, kan hyself aan die woord gestel word ter illustrasie van die dinamika van die patologiese gewetensfunksionering. Hy skryf:

„.... the severity of the superego, the rigour of con=science ... (wat gelykgestel word aan die skuldgevoel) ... simply carries on the severity of external authority which it has succeeded and to some extent replaced" (1957a, p. 111).

Ander ondersteuners van die standpunt is onder andere Zilboorg (1950a, p. 226); Allport (1968, p. 74); Boss (1962, pp. 193 - 194) en Lewin (1970, p. 21). In een van sy besprekings van neurotiese skuld en skuldge=voelens praat Boss nie eksplisiet van oormatige streng gewetensfunksionering as oorsaak van die neurotiese skuld nie, maar uit sy standpunt in verband met eng morele kodes wat as gevolg van 'n onrealisties-strenge opvoeding tot gedragsverarming aanleiding kan gee (by=voorbeeld 'n negering van heteroseksuele verhoudinge uit vrees vir seksuele skuld), kan die afleiding gemaak word dat „neurotiese skuld" vir hom in oorstrenge gewetens=eise geleë is, omdat dié eise die volle ontplooiing van

die potensialiteite van die individu verhoed en dus nie toelaat dat hy homself in alle opsigte kan verwesenlik nie.

Lewin (1970, p. 21) suggereer dat die gewete by die geringste moontlikheid van 'n oortreding tot pynigende skuldgevoelens aanleiding gee en 'n bose kringloop vorm wat tot steeds groter gedragsverarming en steeds toe= nemende skuldgevoelens lei.

Verder suggereer hy ook iets van die bose kringloop as hy skryf dat die oorspronklike (neurotiese) skuldge= voelens wat veroorsaak is deur 'n gedagte, 'n wens of 'n gevoel, die bestaande skuldgevoel kan versterk deur verbode handelinge uit te lok, wat vanself verdere straf vereis en toenemende verlies van die selfwaardegevoel meebring.

3.3.2.2 Identifikasie van neurotiese skuld en skuldge= voelens met swak gewetensfunksionering

Hierdie standpunt staan lynreg teenoor die van Freud. Waar hy die neurotiese skuldgevoelens wat met obsessiewe gedrag gepaard gaan, teruggevoer het na 'n oormatige sterk gewetensfunksionering, op grond van 'n identifikasie met 'n kragtige vaderfiguur, stel Clemens Benda presies die teenoorgestelde verklaring vir neurotiese skuld.

Sy skryf dat dit essensieel die gevolg is van 'n swak ge= wetensfunksionering wat herlei kan word na die afwesig= heid van 'n sterk vaderfiguur (Benda, 1967, p. 426).

Die afwesigheid van 'n sterk vaderfiguur kan volgens Benda veral in die geval van 'n vrou meebring dat die ontwikkeling van die selfbeeld sodanig gestrem word dat die selfbeeld altyd as gebrekkig getipeer kan word. Hier=mee saam sal 'n gebrek aan selfvertroue en 'n voortdu=rende afhanklikheid van die dominante ouerfiguur ken=merkend wees.

Omdat die gewetensontwikkeling ook gestrem sal wees, registreer dit skuld nie op 'n realistiese wyse nie en word die gebrek aan selfvertroue voortdurend beleef as 'n skuldgevoel wat nie gewortel is in voltooide hande=linge nie maar in die onvoltooide dade. Sy skryf:

„The constant guilt feelings of an obsessive neurotic do not derive from a strong superego but from not living up to expectations ..." (1967, p. 437).

3.3.3 Neurotiese skuld en skuldgevoelens as 'n same=stelling van egte en neurotiese skuld en skuld=gevoelens

Hierdie standpunt hang saam met paragraaf 3.2.3. Ge=volglik is die standpunte van die outeurs waarna in daardie paragraaf verwys is, ook hier van toepassing. Indien beweer word dat egte en onegte skuldgevoelens vermeng is met valse skuld en skuldgevoelens, moet die omge=keerde daarvan ook geld, naamlik dat valse, neurotiese skuld en skuldgevoelens ook nie 'n geslote entiteit is nie, daar dit ook gedeeltelik egtheidskomponente sal bevat (vergelyk pp. 227 - 228).

### 3.3.4 Neurotiese skuld en skuldgevoelens op prinsipiële grondslag

Menslike gebrokenheid impliseer ook gebrokenheid ten opsigte van gewetensfunksionering as onderdeel van per= soonlikheidsfunksionering. Dit beteken dat 'n skuldhande= ling objektief gesien, wel volkome eg of oneg kan wees, maar subjektief gesien, gedeeltelik deur die positiewe en negatiewe kragte bepaal sal word. Op grond hiervan sal enige skuldervaring dus altyd elemente van egtheid en onegtheid (valsheid of neurotiese trekke) bevat.

Die neerslag hiervan is dat 'n kategoriese stelling nie gemaak kan word met betrekking tot neurotiese of egte skuld nie, omrede 'n dichotomiese onderskeid nie daar= tussen getref kan word nie. 'n Egte skuldbelewing kan telkens ook elemente van 'n irrasionele aard bevat, en omgekeerd. Om verder tussen egte en neurotiese skuld en skuldgevoelens te onderskei moet by die diagnose van skuld van individualisering gebruik gemaak word.

## 4. Skuld as terapeuties-konfronteerbare fenomeen

Met hierdie gedeelte word die geïntegreerde skuldbeskou= ing afgesluit. Enkele gedagtes wat deel van die tera= peutiese proses behoort te wees, indien dit vanuit prin= sipiële standpunt onderneem word, word bespreek. Ter wille van kontinuïteit moet egter na die voorgaande hoof= stukke verwys word.

In die studie is aangetoon dat Freud skuld terapeuties gekonfronteer het deur bewusmaking van die verdronge

(intrapsigiese) konflikte van die oedipusfase. Mowrer streef weer om langs die weg van 'n terapeutiese belydenis en herstellingspatrone 'n oplossing vir (hoofsaaklik interpsigiese) skuldprobleme te vind. Verder is aangetoon dat die tera= peutiese benaderinge van genoemde outeurs 'n funksie was van hul skuldbeskouinge. Freud was oorwegend ingestel op die sogenaamde „neurotiese skuldgevoelens", terwyl Mowrer weer op die veronderstelde egtheid van skuld gekonsentreer het.

Daar die skuldproblematiek vanuit prinsipiële standpunt ook vertolk moet word in terme van 'n derde skuldvlak, te wete ontologiese skuld, sal dit vir die Christen-psigoloog dus noodsaaklik wees om die strydperk nie net te beperk tot die vlak van die onegte of egte skuld nie. In psigo= terapie moet skuld ook gevoer word na die vlak van ontologiese skuld, aangesien die aanslae van opgehoopte skuld op hierdie skuldvlak op beslissende wyse „afgeslaan" kan word.

Dit beteken dat skuldterapie nie net behoort te bestaan uit elemente soos aanvaarding van die self (aldus Cline= bell, 1969, p. 232), aanvaarding van persoonlike verant= woordelikheid (Rümke, 1958, p. 142) of belydenis van skuld nie (Jung, 1966, p. 41; Belgum, 1963, p. 29 en Breucha, in Bitter, red., 1967, pp. 99 - 106). Die kliënt moet in terapie ook tot die besef kom dat sy skuld nie net 'n liefdeloosheid jeens sy medemens of 'n onverantwoor= delike waardenegering ten opsigte van aspekte van sy eie persoonlikheid is nie. Hy moet ook tot die besef gebring word dat die diepste grond van sy skuld 'n oortreding

teen God is en dat dit dus heenwys na 'n verbreking van sy verhouding tot God (vergelyk Tournier, 1969, p. 67 en Curran, in Arbuckle, 1967, p. 61). Die kliënt moet dus leer dat hy nie slegs in 'n toestand van skuld verkeer nie - hy is skuldig omdat hy 'n skuldbestaan voer (ontologiese skuld). Die diepste grond van sy skuld is dus skuld voor God.

Hierdie aspek impliseer nie dat die skuldbelewing wat deur die terapeutiese proses nog feller na vore gebring is, verder geïntensiveer moet word nie. Dis noodsaaklik dat skuld in 'n diepteperspektief gestel moet word, omdat dit tot geweldige intrapsigiese spanning lei, soos Freud aan=getoon het. Die horisontale perspektief waarop Mowrer soveel klem gelê het, is eweneens essensieel omdat skuld desintegrerend inwerk op interpsigiese relasies. Nog nood=saakliker vir die gelowige is egter die feit dat die skuld=belewing ook in 'n hoogteperspektief of vertikale perspek=tief gestel moet word, deur die kliënt van sy skuldbestaan bewus te maak, en aan te toon dat sy spesifieke skuld=handeling of ondoelmatige, onvolwasse oriëntasie wat op 'n skuldtoestand uitgeloop het, in werklikheid beeld is van sy inherente „haat" jeens God en medemens. Deur die kliënt bewus te maak van die ontologiese grond van sy skuld, betree die terapie 'n ander niveau, omdat die terapeutiese proses nou nie meer net 'n kliënt-terapeutrelasie is nie. Wanneer skuld in hierdie perspektief gestel word, word die skuld simbool van menslike haat - teenoor die Godde=like genade en die vergewende liefde van God.

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat skuldterapie vanuit prinsipiële perspektief onvolledig is indien dit nie

al drie skuldvlakke, dit wil sê egte, onegte en ontologiese skuld inkorporeer nie. Benewens die implikasies van egte en onegte skuld moet die ontologiese wortels van skuld dus ook belig word as skuld teenoor God. Hierdeur word die sfeer van die moontlikhede tot herstel van die skeefgetrek= te waardehiërargie, of die verbroke interpersoonlike rela= sie, uitgebrei na die vertikale sfeer, by name die Christelike liefde. Indien die kliënt bewus kan word van die skuldvergewende genade van God, skryf Brillenburg Wurth (a.w., p. 134) sal sy oë ook oopgaan vir sy skuld teenoor God en sy naaste, en sal hy kan kom tot egte skulderkentnis en opregte berou. Hierdie integrasie van die vertikale dimensie in die terapie van skuld sal dus meebring dat die kliënt se sielswroeging nie slegs ver= minder omdat hy deur sy terapeut aanvaar word nie, maar omdat hy ook die werklikheid van die Christelike liefde wat „alles" bedek (1 Kor. 13) ten opsigte van sy skuld sal ervaar.

'n Ander faset van die vertikale pool van skuldterapie is opgesluit in die woorde van Jonker. Hy skryf:

„Schlechts enige verruiming ontvang een mens, wanneer de schuld uitgesproken wordt tegenover de medemens, volle bevrijding ontvangt hij, wanneer de schuld wordt beleden voor het aangezicht van God" (Jonker, ongeda= teerd, p. 44).

As dit so is dat skuld, soos bogenoemde outeur dit stel, 'n grenssituasie is, omdat dit mens op die grens tussen hoop en wanhoop plaas, kan die grens na hoop slegs oor= gesteek word indien daar verwagtinge by die wanhopige op= gewek kan word. In dié opsig kan die verlossende genade

van God 'n beslissende faktor in die terapeutiese proses wees.

Aangesien die moontlikhede tot verlossing egter nie los= staan van menslike verantwoordelikheid nie, moet die kliënt ook opgewek word tot stryd teen skuld. Die geesteskrag van die kliënt moet dus gemobiliseer word tot stryd teen die inherente „haat" jeens God en medemens, omdat dit die grondslag van sy skuldbelewinge konstitueer. In ver= band met die spanningselement van menslike bestaan skryf Van Dyk die volgende:

„Gesien in die kader van die refleksiewe gedrag van die mens, is en bly die stryd een van sy wesensken= merke. Ook volgens die Skrif is hierdie spanningsele= ment onvermydelik deel van ons menswees tot die laaste einde toe" (1971, p. 11).

Prinsipieel beskou moet skuldterapie dus sy beslag kry binne die raamwerk van díe <u>skuldbestaan</u> en die daaruit= spruitende <u>strydbestaan</u> van die mens.

5. Samevatting van die hoofstuk

Uit die geïntegreerde skuldbeskouing het drie aspekte uit= gekristalliseer, naamlik:

- Psigologies gesien hou die skuldproblematiek verband met talle fenomene, byvoorbeeld angs, skaamte en minder= waardigheidsgevoelens. Vanweë hierdie verband kan skuld slegs ten dele onderskei word van bogenoemde fenomene. Soos skuld en skuldgevoelens kan elk van die fenomene òf positief, òf negatief wees, en konstruktief of destruktief ver= werk word.

. Die omvangrykheid van die skuldproblematiek kan nie gepeil word indien die drie skuldvlakke, te wete egte skuld, onegte skuld en ontologiese skuld, nie met mekaar in verband gebring word wanneer die skuldvraagstuk as selfstandige fenomeen bestudeer word nie. Prinsipieel be= skou lei 'n oordrywing van een skuldvlak tot 'n negering van 'n ander, en versper dit die insig in die wese van skuld.

. Die skuldproblematiek as terapeuties-konfronteerbare fenomeen kan nie met vrug aangepak word deur gebruik te maak van 'n standaardmetode nie. Indien dit vanuit prinsipiële standpunt benader word, moet die drie skuld= vlakke almal in die benadering geïntegreer word. Slegs op die wyse kan die skuldvraagstuk tot op die wortel oopgevlek word, die verbroke God-mensrelasie wat die skuld ten grondslag lê, aangetoon word, en die kliënt vanaf die isolerende effek van skuld gelei word na die vergewende genade van God.

HOOFSTUK VI

# Finale integrasie

In hierdie studie is getrag om die skuldproblematiek uit 'n psigologiese, spesifiek teoreties-psigologiese oogpunt te belig. Die hoofmomente van die studie sentreer om die volgende:

. differensiasie van die begrippe skuld en skuldge=voelens, ter wille van afbakening van die studieterrein en verduideliking van bogenoemde begrippe;
. analise van twee skuldteorieë ten einde die spektrum van die psigologiese perspektief op skuld aan te dui;
. evaluering van die teorieë op prinsipiële grondslag, sodat die implikasies van die onderliggende mensbeskou=inge duidelik kon blyk; en
. uitbouing van 'n geïntegreerde skuldbeskouing waarin ook die voorgaande binne die struktuur van die eie ont=werp geïnkorporeer is.

Vir die doel van samevatting word kortliks na die hoof=momente teruggekyk.

## 1. Differensiasie tussen „skuld" en „skuldgevoelens"

Omdat die skuldproblematiek vanuit psigologiese perspek=tief nie net in terme van skuld of skuldgevoelens benader kan word nie, was dit nodig om te onderskei tussen die begrippe. Skuld is vertolk in terme van 'n toestand wat

die bestaan van 'n skuldhandeling, 'n negering, of 'n oriën= tasie aandui waardeur 'n persoonlike waarde geskend is. As sodanig vorm skuld die grondslag vir die belewing van skuldgevoelens. Laasgenoemde dui dan op die affektiewe belewing van skuld. Die gewete is die instansie wat ver= antwoordelik is vir die registrasie van skuld as skuldge= voelens. Die skuldgevoel word egter nie suiwer as 'n bewustheid van skuld beleef nie. Dit ondergaan vermeng= ing met ander gevoelens soos byvoorbeeld skaamte, angs of minderwaardigheidsgevoelens.

Dit spreek egter vanself dat hierdie onderskeid wat ge= maak is in hoofstuk een slegs in belang is van 'n teore= tiese uiteensetting. „Skuld" en „skuldgevoelens" is nie skeibare entiteite nie en in die literatuur omvat eersge= noemde begrip dikwels ook laasgenoemde. Op dieselfde wyse dui skuldgevoelens dikwels ook by implikasie op die onderliggende toestand van skuld.

2. Die teorieë van Freud en Mowrer

In hoofstukke twee en drie is die skuldbeskouinge van Freud en Mowrer ontleed na aanleiding van drie be= langrike aspekte te wete:

. die ontwikkeling van normale skuld en skuldgevoelens;
. die rol van skuld en skuldgevoelens in psigopatologiese toestande;
. die psigoterapie van die skuldproblematiek.

Uit hierdie analises het geblyk dat Freud veral op die sogenaamde neurotiese skuldgevoelens klem gelê het, terwyl

Mowrer, in teenstelling met Freud, uitgaan van die egtheid van skuld as oorsaak van skuldgevoelens.

### 3. Prinsipiële evaluasie

Om beide teorieë vanuit 'n sentrale uitgangspunt te kon evalueer is die Christelike beskouing gebruik. Uit die waardebepaling (hoofstuk vier) het geblyk dat beide outeurs waardevolle perspektiewe geopen het ten opsigte van skuld, maar dat hul teorieë gefundeer is in reduksionistiese mensbeskouinge, waardeur ook die betekenis van die skuldbeskouinge beperk word.

Die implikasies van 'n mensbeskouing as grondslag van 'n skuldbeskouing het veral in bogenoemde evaluasies na vore getree. In Freud se beskouing is die mens gereduseer tot 'n bundel drifte. Hierdie naturalistiese mensbeskouing het 'n bepalende invloed op die skuldteorie gehad, omdat dit die realiteit van egte normale skuld en die implikasies daarvan vir versteurde gedrag verdof het en die Freudiaanse denke gevolglik op skuldgevoelens gefikseer het.

In die geval van Mowrer word die mens weer tot 'n sosiale wese gereduseer. Gevolglik word die skuldproblematiek ook vernou tot die vlak van interpersoonlike verhoudinge. Die resultaat hiervan is dat skuldervaringe gekoppel word aan konkrete dade van oortreding - 'n beskouing wat ten dele geld maar nie in veralgemeende vorm toegepas kan word op die volle spektrum van skuld nie.

## 4. Geïntegreerde skuldbeskouing

Waar hierdie gedeelte (hoofstuk vyf) die hoogtepunt en die neerslag van die studie verteenwoordig, sal die be= langrikste aspekte daarvan saamgevat word. Die struk= tuur van die geïntegreerde skuldbeskouing is ontleen aan die belangrikste leemte-kategorieë in die skuldteorieë van genoemde outeurs, naamlik:

- die relasionele;
- die selfstandige; en
- die terapeuties-konfronteerbare fasette van die skuld= problematiek.

### 4.1 Skuld as verbandhoudende fenomeen

Sodra skuld as intrapsigiese fenomeen (dit wil sê as skuldgevoelens) beskou word, word dit duidelik dat dit (skuld) intiem vervleg is met verskynsels soos byvoor= beeld skaamte, angs en minderwaardigheidsgevoelens. Ook elk hiervan 'n paar samevattende gedagtes:

#### 4.1.1 Skuld en angs

Beide Freud en Mowrer maak die fout om skuld met angs te verwar, omdat skuld in sy kliniese beeld ook elemente van angs mag vertoon. Die gevaar is egter dat ander oogpunte, veral die ontologiese, op die wyse genegeer kan word. Ofskoon die skuld-angsrelasie feit= lik geen onderskeid regverdig indien mens dit vanuit kliniese oogpunt beskou nie, bring die ontologiese visie

ingrypende verskille wat in aanmerking geneem moet word by die blootlegging van die juiste verband tussen skuld en angs.

Vanuit ontologiese standpunt blyk dat skuld slegs beleef kan word indien dit verband hou met die verlede, soos gefundeer in 'n spesifieke skuldhandeling, die opvoeding, die invloed van die kleinkinderjare en die invloed van die omgewing. Angs is hierteenoor slegs teenwoordig wanneer die toekoms op een of ander wyse 'n bedreig= ing konstitueer. Hoewel skuld en angs in die sin paral= lel teenoor mekaar staan, het beide 'n knooppunt in die hede. Albei word beleef in die teenswoordige, dit wil sê die hier en nou, en daarom smelt hulle dikwels saam tot een belewing wat as angs getipeer kan word. Dit gebeur wanneer skuld ook tot angs aanleiding gee, indien die skuldige, as uitvloeisel van sy skuld, 'n bedreiging vanuit die toekoms ervaar.

### 4.1.2 Skuld en skaamte

Hierdie relasie is minder prominent maar nogtans be= langrik. In Mowrer se teorie is skaamte die inset van skuldreaksies, maar met hierdie standpunt mag daar onduidelikhede ontstaan. Skaamte gaan skuld wel in die ontwikkeling daarvan vooraf, maar dis te betwyfel of dit eksklusiewe entiteite is. Eerder moet verklaar word dat hierdie fenomene mekaar kan omvat en mekaar kan insluit. Wanneer skuld gemanifesteer word, kan skaamte 'n meeganger wees. As sodanig het laasgenoemde dan betrekking op die uitwendige implikasies van die skuld= toestand.

### 4.1.3 Skuld en minderwaardigheid

Ook hier is daar nie sprake van eksklusiewe entiteite nie. Wanneer 'n skuldhandeling begaan is en die individu daar=oor nadink, word minderwaardigheidsgevoelens geaktiveer. Die verklaring hiervoor is opgesluit in die etimologiese betekenis van skuld. Omdat dit op 'n verlaging van die selfwaardegevoel dui, is dit vanselfsprekend dat „minder=waardigheidsgevoelens" ervaar sal word. Hiermee word nie beweer dat alle minderwaardigheidsgevoelens aan 'n spesifieke skuldhandeling gekoppel sal wees nie. Omdat die mens vanuit prinsipiële standpunt 'n skuldbestaan voer, is hy in 'n minderwaardige toestand en daarom sal min=derwaardigheidsgevoelens meegangers van skuldgevoelens wees. Indien 'n skuldtoestand nie gekonfronteer en kon=struktief verwerk word nie, kan dit uiteindelik tot 'n toestand van chroniese minderwaardigheidsgevoelens aan=leiding gee.

Samevattend impliseer 'n skuldgevoel dus ook angs, skaamte en minderwaardigheidsgevoelens. Die patroon waarvolgens skuldhandelinge verwerk word, volg egter geen standaard=skema nie.

## 4.2 Skuld as selfstandige fenomeen

Die gevaar van 'n psigologiese benadering tot skuld waar=in slegs die kliniese manifestasies daarvan as uitgangs=punt gebruik word, is dat die beskouing kan fikseer op die verbande tussen skuld en ander fenomene soos angs. Die feit dat skuld as intrapsigiese belewing so intiem ver=vleg is met angs, skep ook maklik die indruk dat dit wesenlik 'n relasionele fenomeen is.

Die kern van skuld lê egter nie in die verbande met ander fenomene nie maar in die selfstandigheid daarvan. Laasgenoemde faset is egter slegs sigbaar indien skuld ook vanuit die ontologie benader word. Gesien uit hierdie oogpunt is drie skuldvlakke in die studie geloka= liseer, naamlik:

- ontologiese skuld;
- egte of normale skuld en skuldgevoelens; en
- neurotiese skuld en skuldgevoelens.

### 4.2.1 Ontologiese skuld

Vanuit prinsipiële grondslag word die oorsprong van alle skuldervaringe gesoek in die paradyssonde waardeur alle mense in skuld gedompel is. Op grond hiervan voer die mens 'n skuldbestaan, wat beteken dat alles wat hy doen, deurdronge is van skuld. Ontologiese skuld mag egter nie verwar word met die skuldvlak wat die literatuur as „egte" of „normale" skuld en skuldgevoelens omskryf nie. Die onderskeid lê daarin dat die bestaanskuld vanuit on= tologiese perspektief die diepste laag van alle skulder= varinge vorm, terwyl dit vanuit psigologiese oogpunt slegs 'n predisposisie tot skuldhandelinge vorm. Anders gestel: 'n skuldrespons in die sin van 'n woord, daad of gedagte wat tot skuld en skuldgevoelens aanleiding gee, berus op die bestaanskuld maar mag nie daaraan gelykgestel word nie.

### 4.2.2 Egte of normale skuld en skuldgevoelens

Vir 'n oorsigtelike beeld hiervan moet vier gedagterigtings geïntegreer word, naamlik:

- die skuldhandeling;
- gewetensfunksionering;
- vermenging; en
- verwerking as gevolg van die oriëntasie ten opsigte van die skuld.

Die handelingsaspek verteenwoordig die woord, gedagte of daad waardeur 'n individu sy waardes verraai, of nie in staat is om dit te handhaaf nie.

Gewetensfunksionering verteenwoordig die affektiewe ver= werking van die skuldhandeling tot 'n skuldgevoel. As sodanig kan die gewete die skuld onsuiwer registreer, indien dit onder invloed van opvoedkundige faktore defek= tief ontwikkel en gebrekkig of oordrewe streng funksio= neer.

Vermenging impliseer dat egte skuld en skuldgevoelens enersyds en „neurotiese" skuld en skuldgevoelens ander= syds, nie eksklusief eg of oneg is nie, aangesien beide komponente met mekaar vervleg is. Òf die skuldhandeling is dus oneg in die sin van 'n nie-werklike oortreding van waardes, òf die skuldgevoel is oordrewe intens, op grond van defektiewe gewetensfunksionering.

Indien 'n felle (egte) skuldbesef intree op grond van 'n relatief onbeduidende skuldhandeling en daar is geen rede

om te vermoed dat die gewete op oordrewe streng wyse funksioneer nie, is die „skuldhandeling" 'n simbool van 'n dieperliggende vorm van waardenegering. Die onbeduidende voorval waardeur die intense skuldbewustheid geaktiveer is, wys met ander woorde heen na 'n meer wesenlike vorm van waardenegering wat verskuil word deur die oën=skynlike onegte skuldhandeling.

Verwerking as gevolg van die oriëntasie ten opsigte van skuld vorm die deurslaggewende faset wat egte skuld betref. Die feit dat die gewete skuld tot skuldgevoel ver=werk het, verseker nog nie dat die individu die skuldge=voel met erns bejeën of dit sal probeer regstel nie. Slegs as hy hom nie daarvan distansieer nie, kan die volle omvang van sy onverantwoordelikheid en skending van 'n lewenswaarde duidelik word, asook die moontlik=heid om langs die weg van belydenis en berou verlossing van die skuldsituasie te verkry.

Omdat die mens egter onder invloed van die opbouende kragte van Gods genade, sowel as die aftakelende magte van die bose staan, is elke skuldhandeling ook gedeelte=lik 'n funksie van die invloed van die aftakelende magte. Dit beteken dus dat 'n skuldhandeling nooit uitsluitlik eg of oneg kan wees nie. Dit kan hoogstens oorwegend eg of oneg wees maar sal altyd elemente van die teenpool ook bevat.

Vir die evaluering van 'n skuldhandeling en skuldgevoel moet dus van twee maatstawwe gebruik gemaak word: die objektiewe lewenswaardes of lewenswette wat geskend

kan word, sowel as die subjektiewe belewing van die skending. In die verband moet onthou word dat die wyse waarop 'n skuldhandeling verwerk word, gekleur word deur opvoeding, gewetensterkte, selektiwiteit van die ge=wete, persoonlikheidstruktuur, lewensfase en die heer=sende omgewingsinvloede.

### 4.2.3 Neurotiese skuld en skuldgevoelens

Ook hierdie - die mees omstrede skuldvlak - kan be=spreek word aan die hand van dieselfde vier aspekte as die vorige. Die handelingsaspek is ook hier teenwoordig, hetsy as egte oortreding of as fantasieoortreding van eie waardes. Wanneer die skuld eg is en dit uiteindelik as deel van 'n neurotiese simptoompatroon gemanifesteer word, dui dit daarop dat die oriëntasie van die individu nie konstruktief was nie. Egte skuld wat verwerp word, asof daar geen werklikheidsbasis voor bestaan nie, word in die onbewuste gehandhaaf. Hieruit val dit die individu aan in die vorm van 'n soort intrapsigiese terrorisme. In sulke omstandighede kan 'n wye verskeidenheid simp=tome gemanifesteer word, byvoorbeeld konsentrasiesteur=inge, slaapsteuringe, ensovoorts - dit wil sê simptome wat oënskynlik geen verband met skuld of skuldgevoelens hou nie. In hierdie gevalle is dit dus nie die skuld wat neuroties, dit wil sê vals en onwerklik is nie maar die individu, omdat laasgenoemde weier om sy skuld te kon=fronteer en oortredinge reg te stel of irrasionele, on=volwasse oriëntasies te wysig.

Gewetensfunksionering speel in die geval van die tra=disionele "neurotiese skuld" gewoonlik 'n betekenisvolle

rol. In Freud se skuldbeskouing is die rol van die defek= tiewe gewete treffend uitgebeeld. Waar dit blyk dat 'n intense skuldbelewing nie op 'n daad of oriëntasie van oortreding berus nie, kan oordrewe gewetensfunksionering vermoed word. Vanuit Freud se standpunt is patologiese gewetensfunksionering te wyte aan 'n oormatige streng op= voeding, waardeur die gewete as verinnerlikte stem van die ouers ook oormatig streng funksioneer. Resultaat hiervan is dat selfs intensies tot skuldhandelinge as vol= tooide dade van aggressie verwerk en as skuldgevoelens geregistreer word.

Die ander beskouing benadruk die gebrek aan 'n geïnte= greerde gewete en skryf dit toe aan volgehoue afhanklik= heid van die ouers. Omdat die individu voortdurend beangs is dat dié verhouding waaruit sekuriteit afkomstig is, be= dreig kan word, word enige gebeurtenis wat die geringste moontlikheid van bedreiging ontlok, as daadwerklike oor= tredinge geïnterpreteer en as pynlike skuldgevoelens be= leef.

Die vermengingsaspek speel uit die aard van die saak 'n belangrike rol in neurotiese skuld en skuldgevoelens, want soos gesê is in die geval van egte skuld, is daar altyd wisselwerking tussen die egte en onegte komponente van skuld en skuldgevoelens. Die probleem is net dat dít wat dikwels vir onegte, onrealistiese skuldgevoelens aangesien word, in werklikheid die oppervlakkige manifestasies is van 'n veel dieperliggende egte skuld as gevolg van daad= werklike oortredinge of onvolwasse oriëntasies, waardeur belangrike waardes genegeer is. Vanuit prinsipiële grond= slag moet die bestaan van 'n vorm van skuld of skuldge=

voelens wat in alle opsigte onwerklik is, bevraagteken word. Die diepste grond vir dié argument is die skuldbe= staan van die mens - 'n faktor wat noodwendig skuldhande= linge en skuldgevoelens tot gevolg moet hê.

Samevattend kan die probleem van egte en neurotiese skuld en skuldgevoelens dus nie as enkelvoudige fenomeen beskou word nie. Indien dit slegs vanuit die werking van die ge= wete benader word, soos deur Freud, of net vanuit die skuldhandeling, soos deur Mowrer, word ander relevante aspekte genegeer en fikseer die beskouing op aspekte van die totale terrein van die skuldproblematiek.

## 4.3 Skuld as terapeuties-konfronteerbare fenomeen

Die feit dat die skuldproblematiek 'n belangrike rol speel in neurotiese toestande toon dat dit ook nie in terapie oor die hoof gesien mag word nie. Selfs al sou daar dus geen letterlike tekens van skuldprobleme wees nie, moet in die diagnose voorsiening gemaak word vir die moontlike invloed van skuld. Hiervoor moet in gedagte gehou word dat die egte skuld verberg kan word agter 'n verskeidenheid simptome soos maagkwale, hartkwale, migraine, neurotiese minderwaardigheidsgevoelens, angs of gevoelens van ongenoegsaamheid - dit wil sê simptome wat oënskynlik geen verband met skuld vertoon nie.

Na aanleiding van die beskouing van Freud en Mowrer is dit verder belangrik om in die diagnose te let op die oorwegende egtheid of onegtheid van die skuldbelewinge. Vir die doel moet ook aandag gegee word aan faktore soos opvoedingspatrone, die lewensbeskouing, persoonlik= heidstruktuur, en die lewensfase van die individu, aange= sien elk van bogenoemde 'n invloed op die skuldbelewing

kan uitoefen.

In die terapeutiese proses mag ook nie gestrewe word na klinkklare oplossings, indien daar wel 'n skuldprobleem teenwoordig is nie. Omdat skuld deel vorm van die lewens= las, kan hoogstens getrag word om die destruktiewe effek van onkonstruktiewe of verwronge oriëntasies ten opsigte van die skuld te verander, sodat die skuld op 'n meer positiewe wyse in die persoonlikheid geïntegreer kan word.

Die kliënt moet bewus gemaak word van sy bestaan as 'n skuldbestaan, waarin daar op grond van die Christelike liefde vergewing vir skuld gevind kan word, maar waarin vergewing ook gepaard moet gaan met die hernude aan= knoop van die stryd teen skuld, omdat die menslike be= staan ook as 'n strydbestaan getipeer kan word.

## 5. Slot

Omdat oortredinge, oftewel onverantwoordelike waardene= gering in die mens se bestaanskuld gefundeer is, bly dit 'n realiteit wat alle menslike handelinge en belewinge deursuur. Uit die oogpunt van die psigologie moet dus gewaak word teen 'n minimalisering van die invloed daar= van in die daaglikse lewe, of in psigopatologiese toestande. Om die skuldproblematiek ewewigtig te kan benader, moet egter onthou word dat daar 'n komplekse wisselwerking be= staan tussen skuld en skuldgevoelens, en dat die vier as= pekte wat hiermee verband hou, te wete die skuldhandeling, gewetensfunksionering, vermenging en die oriëntasie van die individu, tot 'n geheel geïntegreer moet word, voordat die probleem aangepak kan word in diagnose en terapie.

# Opsomming

In hierdie studie word die skuldproblematiek uit 'n teore= ties-psigologiese oogpunt benader. In hoofstuk een word onderskei tussen skuld en skuldgevoelens. Ook word die skuldvraagstuk omlyn in terme van drie skuldvlakke, naam= lik: ontologiese skuld, toepaslike of egte skuld en skuld= gevoelens en ontoepaslike of „neurotiese" skuld en skuld= gevoelens. Verder word die studieterrein afgebaken in terme van twee skuldteorieë, naamlik die van Freud en Mowrer.

In die volgende twee hoofstukke word bogenoemde skuld= teorieë ontleed. Daar word aangetoon dat Freud die so= genaamde „oermoord" as grondslag van die skuld van die mensdom beskou. Neurotiese skuldgevoelens skryf hy toe aan die oormatige streng funksionering van die super= ego. Die terapeutiese proses bestaan uit die analise van die verdronge oedipuskompleks, omdat dit as die kern van die skuldproblematiek beskou word.

Mowrer benader skuld uit 'n teenoorgestelde oogpunt, aangesien hy benadruk dat skuld vertolk moet word as egte oortredinge wat berus op onverantwoordelike inter= persoonlike optrede. Psigoterapie bestaan gevolglik uit die belydenis van die veronderstelde egte skuld, asook stappe om vir die skuldgedrag te vergoed.

In hoofstuk vier word beide teorieë uit 'n Christelike standpunt geëvalueer. Deur die analise van die mensbe= skouinge waarop hierdie teorieë gebaseer is, word aan=

getoon dat psigoanalise gefundeer is in 'n naturalistiese mensbeskouing, omdat die mens as 'n fisies-psigies-geeste= like wese gereduseer word tot 'n materialistiese, mega= nistiese wese, wie se gedrag volledig bepaal word deur oorerwing en omgewing.

In Mowrer se teorie word die mens weer gereduseer tot 'n „sosiale dier". Dit bring mee dat die perspektief van beide skuldbeskouinge vernou word. Reduksionisme blyk uit die feit dat Freud hoofsaaklik op oordrewe superegofunksionering toegespits is (hoewel sy beskouinge 'n weerspieëling van die kulturele tendense van sy tyd is), terwyl Mowrer weer gepreokkupeer is met egte oor= tredinge en gevolglik die moontlike rol van patologiese gewetensfunksionering negeer.

Vanweë die oordrywing van sekere aspekte van die skuld= problematiek loop beide benaderinge tot die psigoterapie van skuld uit op reduksies.

In die lig van die leemtes in die skuldteorieë van Freud en Mowrer word die volgende hoofstuk gewy aan die same= stelling van 'n geïntegreerde skuldbeskouing. Die benadering word gebaseer op drie aspekte, naamlik die relasionele, selfstandige en terapeutieskonfronteerbare fasette van skuld. Die toepaslike literatuur in verband met elke aspek word aangevul met 'n perspektief op skuld wat ontleen is aan 'n Christelik-gefundeerde formulering van 'n mensbeskouing.

Die slotgedeelte bevat 'n finale integrasie.

# Summary

In this study the psychology of guilt and guilt feelings is approached from a theoretical point of view. In chapter one guilt is differentiated from guilt feelings. Then the problem of guilt is outlined in terms of three levels: ontological guilt, appropriate or real guilt and guilt feelings, and inappropriate or "neurotic" guilt and guilt feelings. Furthermore the field of study is out=lined in terms of two psychological theories of guilt, namely those of Freud and Mowrer.

The next two chapters cover the analyses of the above mentioned guilt theories. It is pointed out that Freud considered the guilt of mankind to be rooted in the so-called father murder of ancient times. Neurotic guilt feelings were attributed to the omniscience and harshness of the superego and Freud conducted the psychotherapeutic process by analysing the repressed oedipus complex which constituted the core of the guilt problem. Mowrer's guilt theory contains exactly the opposite view, since he emphatically insists that guilt should be regarded as real transgressions based on irresponsible interpersonal behaviour. Psychotherapy consists of confessing the suppressed guilt and making amendments.

In chapter four both theories are evaluated from the Christian point of view. By exploring their anthropolo=gical foundations it is shown that, compared to the

Christian view of man as a physical-psychical-spiritual being, Psychoanalysis is founded on a naturalistic basis, since it reduces man to a materialistic, mechanistic crea=ture, determined by environmental and hereditary forces. In Mowrer's theory man is reduced to a "social animal". Consequently the scope of both conceptions of guilt is also reduced, since Freud mainly focused on excessive superego functioning (although his ideas merely reflected the cultural patterns of his day), while Mowrer predomi=nantly emphasizes real transgressions, thereby neglecting the possible role of pathological functioning of conscience. On account of these exaggerations of aspects of guilt, both approaches to the psychotherapeutic handling of guilt also suffer reductionistic tendencies.

In the light of these inadequacies in the guilt theories of Mowrer and Freud, the following chapter is devoted to the construction of an integrated view of guilt. The approach is based on three aspects, namely the rela=tional and independent aspects, as well as the psychothe=rapeutic significance of guilt. The relevant literature on each aspect is supplemented by a view of guilt, derived from a Christian formulation of a view of man.

In the last chapter an overview is presented.

# Bibliografie


ABRAMS, Ruth, D, & FINESINGER, J.E. Guilt reactions in patients with cancer. Cancer, 1953, 6(3): 474 - 482.

ADLER, A. Superiority and social interest; a collection of later writings. Ansbacher, H.L. & Ansbacher, Rowena R., reds., Evanston, Northwestern University Press, 1964. 432 p.

ALEXANDER, F. Remarks about the relation of inferiority feelings to guilt feelings. International Journal of Psycho=analysis, 1938, 19: 41 - 49.

ALLERS, R. Psychoanalyse; het success van een dwaling. Tilburg, Nederlands Boekhuis, 1948. 296 p.

ALLPORT, G.W. Becoming; basic considerations for a psychology of personality. New Haven, Yale University Press, 1968. 106 p.

AUSUBEL, D.P. Ego development and the personality disorders. New York, Grune & Stratton, 1952.

__________ Relationships between shame and guilt in the socializing process. Psychological Review, 1955, 62(5): 378 - 390.

BELGUM, D. (red.) Religion and medicine. Ames, lowa State University Press, 1967. 345 p.

__________ Guilt; where psychology and religion meet. Englewood Cliffs, Prentice Hall, 1963. 148 p.

BENDA, Clemens E. Motivation and conscience. Humanitas, 1968, 3(3): 241 - 258.

__________ Neuroses of conscience. Journal of Existentialism, 1967, 7(28): 425 - 442.

BITTER, W. (red.) Angst und Schuld in theologischer und psychotherapeutischer Sicht. Stuttgart, Ernst Klett Verlag, 1967. 186 p.

BOSS, M. Anxiety, guilt and psychotherapeutic liberation. Review of existential psychology and psychiatry, 1962, 2: 173 - 195.

————— Psychoanalysis and Daseinsanalysis. New York, Basic Books, 1963.

BRILLENBURG WURTH, G. Schuld en straf in het licht van de Bijbelse verkondiging. Baarn, Bosch & Keuning, 1963, 160 p.

BRUCK, M.A. Do we need the concept of 'guilt feelings'? Individual Psychological Bulletin, 1950, 8: 44 - 48.

BÜBER, M. Guilt and guilt feelings. Psychiatry, 1957, 20: 114 - 129.

BUGENTAL, J.F.T. The search for authenticity. New York, Rinehart & Winston, 1965. 437 p.

BUSS, A.H. Psychopathology. New York, Wiley & Sons, 1966. 483 p.

CARUSO, I.A. Existential Psychology; from analysis to synthesis. London, Darton, Longman & Todd, 1964. 227 p.

CLINEBELL, H.J. Basic types of pastoral counseling. Nashville, Abingdon Press, 1966. 318 p.

CURRAN, C.A. in Arbuckle, D.S. Counseling and Psycho= therapy; an overview. New York, McGraw Hill, 1967. 231 p.

————— Counseling, psychotherapy and the unified person. Journal of Religion and Health, 1965, 4 (3): 95 - 111.

DE HAAN, W.J. Psychoanalyse; ontwikkeling van Freud's leer en critische beschouingen. Amsterdam, Paris, 1935. 232 p.

DE KLERK, W.J. Die antropologie se funksionering in die psigoterapie. Ongepubliseerde referaat, 1971.

————— Antropo-psigologie-aantekeninge (onge= publiseer) 1970.

DRAKEFORD, J.W. Integrity Therapy. Nashville, Broad= man Press, 1967. 153 p.

FEICHTINGER, F. The psychology of guilt feelings. Individual Psychological Bulletin, 1950, 8: 39 - 43.

FINGARETTE, H. On the relation between moral guilt and guilt in neurosis. Journal of Humanistic Psychology, 1962a, 2 (2): 96 - 100.

——————— Real guilt and neurotic guilt. Existential Psychiatry, 1962b, 3: 145 - 158.

FREUD, S. Civilization and its discontents. London, Hogarth Press, 1957a, 144 p.

——————— Civilized sexuality and modern nervousness (1908), in Collected Papers, Bd. 2, London, Hogarth Press, 1957b. 404 p.

——————— The defense neuro-psychosis (1894) in Col= lected Papers, Bd. 1, London, Hogarth Press, 1940, 359 p.

——————— Dostoevsky and Parricide (1928) in Collected Papers, Bd. 5, London, Hogarth Press, 1950. 396 p.

——————— The economic problem of masochism (1924) in Collected Papers, Bd. 2.

——————— The Ego and the id (1923) London, Hogarth Press, red. John D. Sutherland, 1962. 67 p.

——————— Further recommendations in the technique of psychoanalysis (1913) in Collected Papers, Bd. 2.

——————— Further remarks on the defense neuro-psychosis (1896) in Collected Papers, Bd. 1.

——————— A general introduction to psychoanalysis. New York, Garden City Publishing Co., 1938, 412 p.

——————— Inhibitions, symptoms and anxiety, (vert. deur A. Strachey) London, Hogarth Press, 1961, 102 p.

——————— New introductory lectures on psychoanalysis. London, Hogarth Press, 1949b, 240 p.

FREUD, S. Obsessive acts and religious practices (1907) in Collected Papers, Bd. 2.

———— On Narcissism (1914) in Collected Papers, Bd. 4, London, Hogarth Press, 1946, 508 p.

———— The origins of psychoanalysis. New York, Doubleday, 1957c, 486 p.

———— An outline of psychoanalysis. London, Hogarth Press, 1949a, 84 p.

———— The problem of anxiety. New York, Psycho=analytic Quarterly Press, 1936.

———— Some character-types met with in psycho=analytic work (1915) in Collected Papers, Bd. 4, New York, Basic Books, 1959.

———— Totem and taboo (1913) London, Routledge & Kegan Paul, 1965. 172 p.

———— Turnings in the ways of psychoanalytic therapy (1919) in Collected Papers, Bd. 2, 1957

———— Die Zukunft einer Illusion. Leipzig, Inter=nationaler psychoanalytischer Verlag. 1927. 91 p.

FROMM, E. The crisis of psychoanalysis. London, Jonathan Cape, 1971a, 192 p.

———— Man for himself; an inquiry into the psycho=logy of ethics. London, Routledge & Kegan Paul, 1971b, 254 p.

GARDNER, R.A. The guilt reaction of parents of children with severe physical disease. American Journal of Psychiatry, 1969, 126: 636 - 644.

GILEN, L. Das Gewissen bei Fünfzehnjährigen. Münster, Aschendorfsche Verlangsbuchhandlung, Band 7, 1965. 251 p.

HÄBERLIN, Annemarie. Minderwertigkeitsgefühle. Heilpäda=gogische Werkblätter, 1960, 29: 206 - 214.

HÄFNER, H. Schulderleben und Gewissen. Stuttgart, Klett, 1956.

HAIGH, G. Existential guilt: neurotic and real. Review of existential psychology and psychiatry, 1961, 1: 120 - 130.

HART, H. Displacement guilt and pain. The psychoanalytic Review, 1947, 34 (3); 259 - 273.

HILTON, R.M. A comparative analysis of the meaning and function of guilt in current psychological theory and contemporary formulations of preaching. Ann Arbor, Uni= versity Microfilms, 1970. 246 p.

HORNEY, Karen. Neurosis and human growth; the struggle toward self-realization. New York, Norton, 1950. 391 p.

__________ The neurotic personality of our time. New York, Norton, 1937. 299 p.

__________ New ways in psychoanalysis. London, Kegan Paul, Trench, Trubner & Co., 1947. 313 p.

HOUSELANDER, Caryll. Guilt. London, Sheed & Ward, 1952. 268 p.

JANSE DE JONGE, A.L. Onechte schuldgevoelens. Dux, 1961: 135 - 147.

__________ De psychologie van het schuld= bewustzijn. Het spectrum, 1948. 194 - 199.

JENKINS, R.L. The sense of guilt in its relation to treat= ment word with offenders. Mental Hygiene, 1942, 26: 568 - 582.

JOKL, R.H. The mobilizing of the sense of guilt. International Journal of Psychoanalysis, 1927, 8: 479 - 485.

JONKER, H. De mens in grenssituatie. Wageningen, Zomer & Keunings. (ongedateerd).

JUNG, C.G. Modern man in search of a soul. London, Routledge & Kegan Paul, 1966. 282 p.

KEEN, E. Three faces of being; toward an existential clinical psychology. New York, Appleton-Century-Crofts, 1970. 367 p.

KLEIN, Melanie. Early stages of the oedipus conflict, International Journal of Psychoanalysis, 1928, 9: 167 - 180.

KNIGHT, J.A. Conscience and guilt. New York, Appleton-Century-Crofts, 1969. 189 p.

KRILL, D.F. Psychoanalysts, Mowrer and the Existentialists. Pastoral Psychology, 1965. 16(157): 27 - 36.

KUIPERS, A. Inleiding in de Zielkunde. Kampen, Kok, 1963. 440 p.

LEVIN, S. Some metapsychological considerations on the differentiation between shame and guilt. International Journal of Psychoanalysis, 1967. 48 (2): 267 - 276.

LEVITT, E.E. The psychology of anxiety. Indianapolis, The Bobbs-Merrill Co., 1967. 223 p.

LINDNER, R. Must you conform? New York, Rinehart & Co., 1956. 210 p.

———————— A study of the nature of guilt in psycho= pathology. Ann Arbor, University Microfilms, 1970. 76 p.

LYND, Helen M. On shame and the search for identity. New York, Harcourt, Brace & Co., 1958. 318 p.

MAIRET, P. (red.) Christian essays in psychiatry. London, Camelot Press, 1956. 187 p.

MASLOW, A. Toward a psychology of being. Princeton, Van Nostrand, 1968. 240 p.

MAY, R. The art of counseling. Nashville, Abingdon Press. 1967a. 246 p.

———————— e.a. Existence; a new dimension in psychiatry and psychology. New York, Basic Books, 1958. 445 p.

———————— Love and Will. London, Souvenir Press, 1970. 352 p.

———————— Psychology and the human dilemma. Princeton, Van Nostrand., 1967b. 221 p.

MAZLISH, B. (red.) Psychoanalysis and history. New York, Grosset & Dunlap, 1971. 217 p.

McKENZIE, J.G. Guilt; its meaning and significance. New York, Abingdon Press, 1962. 192 p.

MEEHL, P.E. e.a. What then is man? St. Louis, Concordia Publishing House, 1958. 356 p.

MONSOUR, K.J. Migraine; dynamics and choice of symptom. Psychoanalytic Quarterly, 1957. 26: 476 - 493.

MORANO, D.V. A phenomenology of guilt. Ann Arbor, University Microfilms, 1970. 141 p.

MOSHER, D.L. The development and validation of a sentence completion measure of guilt. Ann Arbor, Uni= versity Microfilms, 1970. 198 p.

MOWRER, O.H. Abnormal reactions or actions (an auto= biographical answer). Dubuque, Brown Co., Publishers, 1969. 42 p.

__________ The behavior therapies with special reference to modeling and imitation. American Journal of psychotherapy, 1966. 20: 439 - 461.

__________ Civilization and its malcontents. Psycho= logy Today, 1967a, 1: 49 - 52.

__________ Communication, conscience and the uncon= scious. Journal of Communication Disorders, 1967b, 1: 109 - 135.

__________ Conflict, contract, conscience and con= fession, (ongepubliseerde artikel).

__________ The crisis in psychiatry and religion. Princeton, Van Nostrand, 1961. 264 p.

__________ Even there, Thy Hand. The Chicago Theological Seminary Register, 1962, 52 (1): 1 - 17.

__________ Learning theory and the neurotic paradox. American Journal of Orthopsychiatry, 1948. 18: 571 - 610.

MOWRER, O.H. (red.) Morality and Mental Health. Chicago, Rand McNally & Co., 1967c. 669 p.

____________ New evidence concerning the nature of psychopathology. (ongepubliseerde artikel).

____________ The new group therapy. London, Van Nostrand, 1964. 262 p.

NUNBERG, H. The feeling of guilt. Psychoanalytic Quarterly, 1934, 3 (4): 589 - 604.

ODEN, T.C. The structure of awareness. Nashville, Abingdon Press, 1969. 283 p.

PATTISON, E.M. The development of moral values in children. Pastoral Psychology, 1969, 20 (191): 14 - 30.

PERVIN, L.A. Persónality; theory, assessment, and research. New York, Wiley, 1970. 632 p.

PIERS, G. & SINGER, M.B. Shame and guilt. Spring= field, Thomas, 1953. 86 p.

PRATT, S. & TOOLEY, J. Human actualization teams: the perspective of contract psychology. American Journal of Orthopsychiatry, 1966. 36: 881 - 895.

PROGOFF, Ira. The death and rebirth of psychology. New York, Julian Press, 1956. 275 p.

REICH, W. The sources of neurotic anxiety; a contribu= tion to the theory of psychoanalytic therapy. International Journal of Psychoanalysis, 1926, 7: 381 - 391.

ROSENHAN, D. & LONDON, P. (reds.) Theory and research in abnormal psychology. New York, Holt. Rinehart & Winston, 1969. 552 p.

ROSENMAN, S. The paradox of guilt in disaster victim populations, Psychiatric Quarterly Supplement, 1956, 30 : 181 - 221.

RÜMKE, H.C. Nieuwe studies en voordrachten over de psychiatrie. Amsterdam, Scheltema & Holkema, 1958. 272 p.

SALZMAN, L. Observations on dr. Tillich's views on guilt, sin and reconciliation. Journal of Pastoral Care, 1957, 11: 14 - 19.

SHAKOW, D. & RAPAPORT, D. The influence of Freud on American psychology. Cleveland, The World Publishing Co., 1968. 243 p.

SHAVE, D.W. Guilt in schizophrenia. International Journal of Neuropsychiatry, 1967, 3 (1): 1 - 9.

SHAW, F.J. The problem of acting and the problem of becoming. Journal of Humanistic Psychology, 1969, 1: 64 - 69.

SHEEHAN, J.G. e.a. Guilt, shame and tension in graphic projections of stuttering. Journal of speech and hearing disorders, 1962, 27 (2): 129 - 139.

SNOECK, A. De psychologie van het schuldbewustzijn. Utrecht, Het Spectrum, 1948. 281 p.

STEIN, A. Guilt as a composite emotion: the relationship of child-rearing variables to superego response. Ann Arbor, University Microfilms, 1970. 151 p.

STEIN, E.V. Guilt; theory and therapy. Philadelphia, Westminster Press, 1969. 238 p.

TIEBOUT, H.M. Freud and existentialism. Journal of Nervous and Mental Disease, 1958, 126: 341 - 352.

TKACIK, A. Conscience; conscious and unconscious. Journal of Religion and Health, 1964, 4: 75 - 85.

TOURNIER, P. Guilt and grace. London, Hodder & Stoughton, 1962. 224 p.

TURIELL, E. An historical analysis of the freudian conception of the superego. Psychoanalytic Review, 1967, 54 (1): 118 - 140.

ULEYN, A. Is it I, Lord? Pastoral psychology and the recognition of guilt. New York, Rinehart & Winston, 1969. 240 p.

ULEYN, A. Pastorale psychologie en schuldervaring. Brugge, De Brouwer, 1964. 338 p.

VAN DEN BERG, J.H. Dieptepsychologie. Nijkerk, Callen=bach, 1970a. 359 p.

———————— Wat is psỳchoterapie? Nijkerk, Callenbach, 1970b. 52 p.

VAN DYK, T.A. Homoseksualiteit (I.B.C.-studiestuk Nr. 56), Potchefstroom I.B.C., 1971.

WALLACE, L. The mechanism of shame. Archives of general psychiatry, 1963, 8(11): 80 - 85.

WEISNER, W.M. & RIFFEL, P.A. Scrupulosity; religion and obsessive compulsive behavior in children. American Journal of Psychiatry, 1960, 117: 314 - 318.

WEISS, A.J. Illness guilt, inadequacy guilt and rehabili=tation therapy. Psychoanalytic Review, 1968, 55 (1): 121 - 127.

WIJNGAARDEN, H.R. Hoofdproblemen der volwassenheid, Utrecht, Bijleveld, 1969. 231 p.

ZILBOORG, G. Clinical variants of moral values. Ameri=can Journal of psychiatry, 1950a, 106: 744 - 747.

———————— The sense of guilt and reality. Digest of neurology, psychiatry, 1950b, 18: 226.

———————— Psychoanalysis and religion. New York, Farrar, Strauss & Cudahy, 1962. 243 p.